BENUTTING VAN SANDSPEL IN DIE EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN ADOLESSENTE VOLGENS DIE GESTALTBENADERING IN MAATSKAPLIKE WERK

Deur

MARTHA FRANCINA ROTTIER

November 2008

Benutting van Sandspel in die Eksplorering van die Leefwêreld van Adolessente volgens die Gestaltbenadering in Maatskaplike Werk

deur

Martha Francina Rottier

Tesis aangebied ter voldoening aan die vereistes vir die

Meestersgraad in Maatskaplike Werk aan die

Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof. S. Green

November 2008

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk vervat in hierdie tesis my eie werk is, dat al die bronne wat gebruik is aangedui en in ‘n volledige bibliografie erken is. Ek verklaar ook dat die inhoud van hierdie tesis nie voorheen in geheel of gedeeltelik by enige universiteit aangebied is ter verwerwing van ‘n graad nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die doel van die studie is om volgens die Gestaltbenadering te eksploreer met sandspel en te beskryf wat waargeneem word oor die leefwêreld van die adolessente kliënt om sodoende die maatskaplike werker te lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die adolessente kliënt.

Die belangstelling in die studie het ontstaan toe die navorser waargeneem het dat sandspel ‘n positiewe uitwerking gehad het op kinders, adolessente en volwassenes. Die motivering was om aan die praktyk van maatskaplike werk aanbevelings te kan maak oor die gebruik van sandspel in die eksplorering van die leefwêreld van die adolessent.

In die literatuurstudie is daar gefokus op die adolessente lewensfase om die ontwikkelingsaspekte en kenmerke van die adolessent te bepaal, om die moontlikhede wat sandspel as medium vir eksplorasie bied te identifiseer en om die geskiktheid van die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie en as ‘n teorie vir die praktyk met sandspel te bepaal.

In die ondersoek word ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering gevolg en ‘n gevallestudie as navorsingsontwerp gebruik. Sandspel as medium vir eksplorasie word gebruik met drie adolessente deelnemers wat geselekteer is deur middel van ‘n niewaarskynlike doelbewuste steekproeftrekking. Die navorser gebruik gedetailleerde en in diepte dataversamelingsmetodes wat ses meetinstrumente insluit, naamlik ‘n gestandaardiseerde vraelys om ‘n aanduiding te kry van die persoonlikheidseienskappe van deelnemers, vraelyste om gedrag, denkwyses en gesinsomstandighede van deelnemers te bepaal, semigestruktureerde onderhoudskedules om deelnemers se sandbakke te eksploreer, foto’s as akkurate rekord van die sandbakke en waarnemings oor deelnemers se gedrag en nieverbale kommunikasie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met hierdie studie het die navorser bevind dat eksplorasie met sandspel volgens die Gestaltbenadering ‘n effektiewe metode is om die leefwêreld van die adolessent te eksploreer. Dit gee voldoende inligting aan die maatskaplike werker om die leefwêreld van die adolessente kliënt te begryp. Die waarde wat sandspel volgens die Gestaltbenadering vir die maatskaplike werkpraktyk het, is dat dit eksplorasie en intervensies meer effektief kan maak, aangesien sandspel meer inligting oor die adolessent gee en die adolessent se kernprobleem gou uitwys. Sandspel betrek ook die adolessent sensories, kognitief en emosioneel, wat daartoe bydra dat meer inligting na vore kom waarmee doeltreffende intervensies vir die adolessent beplan kan word. Die metode is ook vir die adolessent en die maatskaplike werker nuut, interessant en ‘n uitdaging.

Die navorser beveel aan dat sandspel gebruik word vir eksplorasie van die leefwêreld van die adolessent volgens die Gestaltbenadering deur eerstens die vestiging van ‘n terapeutiese verhouding met die adolessent, waarna sandbakke gebou en deeglik geëksploreer kan word. Daar word ook aanbeveel dat die eerste sandbak niedirektief sal wees, waarna direktiewe sandbakke gebruik kan word om die adolessent se kwessies en/of traumas te eksploreer en te hanteer. Daar word ook aanbeveel dat die maatskaplike werker gebruik maak van hipoteses wat gevorm kan word vanuit simboliese betekenisse van miniature en interpretasies vanuit sandspelnavorsing in sy/haar eksplorasie van die sandbakke.

Die maatskaplike werker wat sandspel gebruik om die leefwêreld van die adolessent te eksploreer volgens die Gestaltbenadering, moet ‘n deeglike kennis hê van sandspel, simboliese betekenisse van miniature, sandspelnavorsing en die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie en as praktykteorie.

Hierdie studie is op drie Afrikaanse adolessente pleegkinders gedoen en kan dus nie veralgemeen word nie. Verdere navorsing is nodig met ander adolessente sowel as adolessente van ander kulture en taalgroepe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

Goal: The aim of this study is to use the Gestalt approach to explore, and to make use of sandplay to describe and observe the world of the adolescent client, in order to lead the social worker to gain insight and understanding to the world of the adolescent.

This study was done because the researcher observed that sandplay achieved very positive effects with children, adolescents and adults. This study was motivated by the desire to provide recommendations to the social workers in practice about the value and use of sandplay in the exploration of the world of the adolescent

The literature study focussed on a) the adolescent life-phase in order to determine the specific developmental aspects and characteristics of the adolescent, b) to define the possibilities of sandplay as an exploration medium, as well as c) assessing the Gestalt approach as orientation theory and as practice theory with sandplay.

In this research, a qualitative methodology was used combined with a case-study research design. Sandplay was used as a medium for exploration with three adolescent participants. They were selected by means of a non-probability sampling. The researcher used detailed, in-depth, data gathering methods which included six measuring instruments. These instruments included: a standardised questionnaire to give an indication of personality-traits of the participants; two questionnaires to determine the behaviour, thought patterns and domestic circumstances of the participants; semi-structured interview-schedules to explore the sandtrays of the participants; photographs to accurately capture and record the sandtrays; as well as observations recording the behaviour and non-verbal communication of the participants.

The researcher concludes that, according to the Gestalt-approach, exploration with sandplay is an effective method to explore the world of the adolescent. This method provides adequate information to the social worker to understand the world of the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

adolescent client. Sandplay, according to the Gestalt approach, contributes value to social work practice, because it enhances the effectiveness of exploration and intervention. Sandplay provides the social worker with comprehensive information about the adolescent, and enables the social worker to identify the core problem of the adolescent expeditiously. Sandplay involves the adolescent in a sensory, cognitive and emotional manner, which contributes to more information being exposed that leads to more effective interventions. This method is also novel, interesting and challenging to the social worker and the adolescent.

The researcher recommends sandplay for the exploration of the world of the adolescent be preceded by establishing a therapeutic relationship with the adolescent. Once a relationship is established a number of sandtrays can be built, and thoroughly explored. The first sandtray should be non-directive. Directive sandtrays are subsequently recommended to explore specific themes and to handle trauma and/or issues which the adolescent may experience. It is also recommended that the social worker utilizes hypotheses, which can be postulated from the symbolic meanings of miniatures, as well as interpretations from other sandplay research in his/her exploration of sandtrays.

The social worker, who uses sandplay to explore the world of the adolescent according to the Gestalt approach, should be knowledgeable about sandplay, the symbolic meaning of miniatures, sandplay research and the Gestalt approach as orientation theory and practice theory.

This study was done with three Afrikaans-speaking adolescent foster children, and the findings may not apply to other populations. Additional research needs to be done with a wider sample of adolescents, that covers different cultures, language and domestic backgrounds.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ERKENNINGS

Hiermee wil ek graag die volgende instansies en persone bedank:

- Die Universiteit van Stellenbosch vir die nagraadse merietebeurs vir my verdere studie in maatskaplike werk.
- My studieleier Prof. Green.
- My man Johan en dogter Wya vir hulle gebede, ondersteuning en aanmoediging.
- Marietta vir die taalversorging.
- Estelle vir haar raad en gebede.
- My Hemelse Vader vir die krag en vermoë.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

1.1	**Inleiding**	1
1.2	**Motivering vir die studie**	**3**
1.3	**Probleemformulering**	4
1.4	**Doelstellings en doelwitte**	5
1.5	**Navorsingsvraag**	6
1.6	**Navorsingsmetodologie**	6
1.6.1	Navorsingsbenadering	6
1.6.2	Navorsingsontwerp	7
1.7	**Navorsingsprosedure**	**8**
1.7.1	Literatuurstudie	8
1.7.2	Konsultasie met kundiges	9
1.7.3	Populasie en steekproefneming	9
1.7.4	Data-insameling	10
1.7.4.1	Voorbereiding vir data-insameling	10
1.7.4.2	Meetinstrumente	11
1.7.5	Data-ontleding en interpretasie	12
1.8	**Etiese aspekte**	**12**
1.9	**Sleutelkonsepte**	**13**
1.10	**Beperkinge van die ondersoek**	**15**
1.11	**Aanbieding van die studie**	**16**

HOOFSTUK 2

ADOLESSENSIE AS LEWENSFASE

2.1	**Inleiding**	**18**
2.2	**Definiëring van adolessensie**	**18**
2.3	**Teorieë oor ontwikkeling**	**20**
2.4	**Ontwikkelingstake van die adolessent**	**23**
2.5	**Kognitiewe ontwikkeling**	**26**
2.5.1	Stadiums van kognitiewe ontwikkeling	28
2.5.2	Egosentrisme	29
2.5.3	Sosiale kognitiewe ontwikkeling	31
2.6	**Morele ontwikkeling**	**32**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7 Sosiale ontwikkeling 33
2.7.1 Portuurgroepverhoudings 33
2.7.2 Die adolessent en sy gesin 36
2.7.3 Die sosiale wêreld van die adolessent 38
2.8 Identiteitsontwikkeling by die adolessent 39
2.8.1 Identiteitsontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling 43
2.8.2 Adolessente selfbeeld 44
2.9 Samevatting 46

HOOFSTUK 3

SANDSPEL AS MEDIUM VIR EKSPLORASIE

3.1 Inleiding 49
3.2 Definiëring van sandspel 50
3.3 Ontstaan en agtergrond van sandspel 51
3.4 Materiale wat vir sandspel gebruik word 56
3.4.1 Sand 57
3.4.2 Sandbakke 57
3.4.3 Water 59
3.4.4 Miniatuurobjekte 59
3.5 Prosedures en werkswyses met sandspel 63
3.5.1 Spontane sandbakke 64
3.5.1.1 Skep van die sandwêreld 65
3.5.1.2 Ervaring en herrangskikking van die wêreld 67
3.5.1.3 Terapiefase 67
3.5.1.4 Dokumentasie 68
3.5.1.5 Oorgang 68
3.5.1.6 Opbreek van die wêreld 69
3.5.2 Direktiewe sandbakke 69
3.6 Navorsing en bevindinge in sandspel 71
3.6.1 Klassifikasie van sandbakke 71
3.6.1.1 Sandbakke wat dui op emosionele probleme 71
3.6.1.2 Sandbakke wat aandui dat terapie benodig word 72
3.6.1.3 Sandbakke wat dui op trauma 74
3.6.1.4 Sandbakke van seksuele en fisiese misbruik 76
3.6.1.5 Sandbakke as nieverbale diagnostiese toets 78
3.6.1.6 Aanduiding van intelligensie in sandbakke 79
3.7 **Samevatting** 79

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

GESTALTBENADERING AS ORIËNTERINGSTEORIE EN AS PRAKTYKTEORIE VIR DIE GEBRUIK MET SANDSPEL

4.1	**Inleiding**	**81**
4.2	**Gestaltbenadering oor die mens en sy funksionering (oriënteringsteorie)**	**82**
4.2.1	Teoretiese konsepte van die Gestaltbenadering	83
4.2.1.1	Holisme	84
4.2.1.2	Bewustheid	84
4.2.1.3	Die *hier en nou* konsep	86
4.2.1.4	Veld	86
4.2.1.5	Homeostase en organismiese selfregulering	87
4.2.1.6	Gestaltvorming en destruksie	88
4.2.2	Die maak van kontak	91
4.2.2.1	Kontakgrensversteuring	93
4.2.2.1.1	Introjeksie	93
4.2.2.1.2	Projeksie	94
4.2.2.1.3	Samevloeiing	95
4.2.2.1.4	Retrofleksie	96
4.2.2.1.5	Defleksie	96
4.2.2.1.6	Desensitasie	97
4.2.2.1.7	Egotisme	97
4.2.2.2	Die invloed van kontakgrensversteuring in adolessente ontwikkeling	98
4.2.3	Polariteite	99
4.2.4	Die struktuur van persoonlikheid	100
4.2.4.1	Vals laag	100
4.2.4.2	Fobiese laag	101
4.2.4.3	Weerstandslaag	101
4.2.4.4	Imploffingslaag	101
4.2.4.5	Ontploffingslaag	103
4.2.5	Die paradoksale teorie van verandering	103
4.2.5.1	Fenomenologie	104
4.2.5.2	Veldteorie	104
4.2.5.3	Dialoog	105
4.3	**Terapie volgens die Gestaltbenadering as praktykteorie**	**106**
4.3.1	*Hier-en-nou*	107
4.3.2	Bewustheid	107
4.3.3	Ervaring en ontdekking	107

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.4	Verhouding	108
4.3.5	Dialoog	109
4.3.6	Verantwoordelikheid en keuse	109
4.3.7	Verandering en persepsie	109
4.4	**Samevatting**	**109**
4.5	**"Schoeman werkmodel" as praktykteorie**	**111**
4.5.1	Bou van verhouding	111
4.5.2	Sensoriese modaliteite	113
4.5.3	*Proses* van kliënt	114
4.5.4	Projeksie	115
4.5.5	Alternatiewe vir die voorgrondprobleem	118
4.5.6	Bemagtiging	119
4.5.7	Evaluasie	119
4.5.8	Selfvertroeteling of selfbeloning	119
4.5.9	Samevatting	120
4.6	**Eksplorasie as tegniek in maatskaplike werk**	**121**
4.6.1	Samevatting	123

HOOFSTUK 5

DIE BENUTTING VAN SANDSPEL IN DIE EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DIE ADOLESSENT

5.1	**Inleiding**	**125**
5.2	**Empiriese studie**	**125**
5.2.1	Navorsingsmetodologie	126
5.2.1.1	Navorsingsbenadering	126
5.2.1.2	Navorsingsontwerp	126
5.3	**Navorsingsprosedure**	**127**
5.3.1	Literatuurstudie	127
5.3.2	Universum en steekproefneming	127
5.3.2.1	Profiele van deelnemers	128
5.3.3	Data-insameling	128
5.3.3.1	Voorbereiding vir data-insameling	128
5.3.3.2	Meetinstrumente	129
5.3.4	Data-ontleding en interpretasie	131
5.4	**Die verloop van die empiriese ondersoek**	132
5.5	**Samevatting**	**134**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

RESULTATE, BEVINDINGE EN INTERPRETASIES

6.1	**Inleiding**	**135**
6.2	**Deelnemer 1**	**135**
6.1.1	**Sessie 1**: Inleiding van navorsingsessies	**136**
(a)	Afsluiting	138
(b)	Waarnemings deur die navorser gedurende die sessie	139
6.1.1.1	Interpretasie van sessie 1	139
(a)	Leefwêreld van deelnemer 1 soos geïdentifiseer	139
(b)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 volgens die Gestaltbenadering	139
(c)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	140
6.1.2	**Sessie 2**: Eksplorering van die leefwêreld van deelnemer 1 met sandbak 1	**140**
6.1.2.1	Terugvoer tydens die onderhoud	141
(a)	Eksplorering	142
(b)	Eksplorering met polariteite	142
(c)	Identifisering en besitneming	143
(d)	Eksploreer alternatiewe vir die deelnemer se voorgrond probleem	143
(e)	Afsluiting	144
(f)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	144
6.1.2.2	Interpretasie van sessie 2	144
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 1 soos sy dit identifiseer in die sandbak	144
(b)	Items van deelnemer 1 se sandbak wat sy nie geïdentifiseer het nie	145
(c)	Hipoteses gemaak uit simboliese betekenisse van miniature en Sandspelnavorsing	145
(d)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 volgens die Gestaltbenadering	146
(e)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	147
(f)	Temas wat waargeneem is en vrae wat in die sessie ontstaan het	148
6.1.3	**Sessie 3**: Eksplorering van die leefwêreld van deelnemer 1 met sandbak 2	**148**
6.1.3.1	Terugvoer tydens die onderhoud	149
(a)	Eksploreer, eksploreer met polariteite, identifisering en	149

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	besitneming	
(b)	Eksploreer alternatiewe vir die deelnemer se voorgrondprobleem	152
(c)	Afsluiting	152
(d)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	152
6.1.3.2	Interpretasie van sessie 3	153
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 1 soos sy dit identifiseer in die sandbak	153
(b)	Items van deelnemer 1 se sandbak wat sy nie geidentifiseer het nie	153
(c)	Hipoteses gemaak uit simboliese betekenisse van miniature en sandspelnavorsing	153
(d)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 volgens die Gestaltbenadering	155
(e)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	156
6.1.4	**Sessie 4**: Eksplorering van die leefwêreld van deelnemer 1 met sandbak 3	**156**
6.1.4.1	Terugvoer tydens die onderhoud	158
(a)	Eksploreer, eksploreer met polariteite, identifisering en besitneming	158
(b)	Eksploreer alternatiewe vir die deelnemer se voorgrondprobleem	159
(c)	Afsluiting	159
(d)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	159
6.1.4.2	Interpretasie van sessie 4	159
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 1 soos sy dit identifiseer in die sandbak	159
(b)	Items van deelnemer 1 se sandbak wat sy nie geïdentifiseer het nie	160
(c)	Hipoteses gemaak uit simboliese betekenisse van miniature en sandspelnavorsing	160
(d)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 volgens die Gestaltbenadering	160
(e)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	161
6.1.5	Samevattende bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 met sandspel volgens die Gestaltbenadering	161
6.2	**Deelnemer 2**	**163**
6.2.1	**Sessie 1**: Inleiding van die navorsing sessies	**163**
(a)	Afsluiting	165
(b)	Waarneming deur die navorser tydens die sessie	166
6.2.1.1	Interpretasie van sessie 1	166
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 2 soos geïdentifiseer	166
(b)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 volgens die	166

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	Gestaltbenadering	
(c)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 volgens adolessente ontwikkelingstadium	167
6.2.2	**Sessie 2**: Eksplorering van die leefwêreld van deelnemer 2 met sandbak 1	**167**
6.2.2.1	Terugvoer tydens die onderhoud	168
(a)	Eksplorering	169
(b)	Eksplorering met polariteite	169
(c)	Identifisering en besitneming	169
(d)	Eksploreer alternatiewe vir die deelnemer se voorgrondprobleem	170
(e)	Afsluiting	171
(f)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	171
6.2.2.2	Interpretasie van sessie 2	171
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 2 soos hy dit identifiseer in die sandbak	171
(b)	Items van deelnemer 2 se sandbak wat hy nie geïdentifiseer het nie	172
(c)	Hipoteses gemaak uit simboliese betekenisse van miniature en sandspelnavorsing	172
(d)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 volgens die Gestaltbenadering	173
(e)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	174
(f)	Temas wat waargeneem is en vrae wat in die sessie ontstaan het	174
6.2.3	**Sessie 3**: Eksplorering van die leefwêreld van deelnemer 2 met sandbak 2	**174**
6.2.3.1	Terugvoer tydens die onderhoud	175
(a)	Eksploreer, eksploreer met polariteite, identifisering en besitneming	177
(b)	Eksploreer alternatiewe vir die deelnemer se voorgrondprobleem	177
(c)	Afsluiting	178
(d)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	178
6.2.3.2	Interpretasie van sessie	178
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 2 soos hy dit identifiseer in die sandbak	178
(b)	Items van deelnemer 2 se sandbak wat hy nie geïdentifiseer het nie	179
(c)	Hipoteses gemaak uit simboliese betekenisse van miniature en sandspelnavorsing	179
(d)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 volgens die Gestaltbenadering	179
(e)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 volgens die	180

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	adolessente ontwikkelingstadium	
6.2.4	**Sessie 4**:	**180**
6.2.5	Samevattende bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 met sandspel volgens die Gestaltbenadering	181
6.3	**Deelnemer 3**	**183**
6.3.1	**Sessie 1**: Inleiding van die navorsingsessies	**183**
(a)	Afsluiting	185
(b)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	185
6.3.1.1	Interpretasie van sessie 1	186
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 3 soos geïdentifiseer	186
(b)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 volgens die Gestaltbenadering	186
(c)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	186
6.3.2	**Sessie 2**: Eksplorering van die leefwêreld van deelnemer 3 met sandbak 1	**187**
6.3.2.1	Terugvoer tydens die onderhoud	187
(a)	Eksplorering	188
(b)	Eksplorering met polariteite	189
(c)	Identifisering en besitneming	189
(d)	Eksploreer alternatiewe vir die deelnemer se voorgrondprobleem	190
(e)	Afsluiting	190
(f)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	190
6.3.2.2	Interpretasie van sessie 2	191
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 3 soos sy dit identifiseer in die sandbak	191
(b)	Items van deelnemer 3 se sandbak wat sy nie geïdentifiseer het nie	191
(c)	Hipoteses gemaak uit simboliese betekenisse van miniature en sandspelnavorsing	191
(d)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 volgens die Gestaltbenadering	193
(e)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	193
(f)	Temas wat waargeneem is en vrae wat in die sessie ontstaan het	194
6.3.3	**Sessie 3**: Eksplorering van die leefwêreld van deelnemer 3 met sandbak 2	**194**
6.3.3.1	Terugvoer tydens die onderhoud	195
(a)	Eksploreer, eksploreer met polariteite, identifisering en besitneming	195
(b)	Eksploreer alternatiewe vir die deelnemer se voorgrondprobleem	197
(c)	Afsluiting	197

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(d)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	197
6.3.3.2	Interpretasie van sessie 3	198
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 3 soos sy dit identifiseer in die sandbak	198
(b)	Items van deelnemer 3 se sandbak wat sy nie geïdentifiseer het nie	198
(c)	Hipoteses gemaak uit simboliese betekenisse van miniature en sandspelnavorsing	198
(d)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 volgens die Gestaltbenadering	199
(e)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	199
(f)	Temas wat waargeneem word en vrae wat in die sessie ontstaan het	200
6.3.4	**Sessie 4**: Eksplorering van die leefwêreld van deelnemer 3 met sandbak 3	**200**
6.3.4.1	Terugvoer tydens die onderhoud	201
(a)	Eksploreer	202
(b)	Eksploreer met polariteite	202
(c)	Identifisering en besitneming	202
(d)	Eksploreer alternatiewe vir deelnemer se voorgrondprobleem	203
(e)	Afsluiting	203
(f)	Waarnemings deur die navorser tydens die sessie	203
6.3.4.2	Interpretasie van sessie 4	203
(a)	Die leefwêreld van deelnemer 3 soos sy dit identifiseer in die sandbak	203
(b)	Items van deelnemer 3 se sandbak wat sy nie geïdentifiseer het nie	204
(c)	Hipoteses gemaak uit simboliese betekenisse van miniature en sandspelnavorsing	204
(d)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 volgens die Gestaltbenadering	205
(e)	Bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 volgens die adolessente ontwikkelingstadium	205
6.3.5	Samevattende bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 met sandspel volgens die Gestaltbenadering	205

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	**Inleiding**	**207**
7.2	**Bevinding oor die eksplorasie met sandspel volgens die Gestaltbenadering**	**207**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.2.1	Gevolgtrekking oor deelnemer 1	208
7.2.1.1	Aanbevelings oor deelnemer 1	210
7.2.2	Gevolgtrekking oor deelnemer 2	211
7.2.2.1	Aanbevelings oor deelnemer 2	211
7.2.3	Gevolgtrekking oor deelnemer 3	212
7.2.3.1	Aanbevelings oor deelnemer 3	212
7.3	**Algemene bevindinge en gevolgtrekkings ten opsigte van sandspel**	**213**
7.4	**Algemene aanbevelings ten opsigte van die gebruik van sandspel**	**215**
7.4.1	Teoretiese aanbevelings	215
7.4.2	Praktiese aanbevelings	216
7.5	**Waarde van sandspel vir die maatskaplike werker**	**216**
7.5.1	Implikasies vir die maatskaplike werker	217
7.5.2	Implikasies vir die kliënt	218
7.6	**Slotopmerking**	**218**

BIBLIOGRAFIE **219**

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1	Kategorieë van miniature	60
Tabel 4.1	Oaklander werkmodel vir die eksplorasie van ‘n projeksie	117
Tabel 4.2	Opsomming van eksplorasie inligting	123
Tabel 5.1	Deelnemer kontakskedule	131
Tabel 6.1	Vrae en antwoorde oor deelnemer 1 se leefwêreld	136
Tabel 6.2	Vrae en antwoorde oor deelnemer 1 se gesinsomstandighede	137
Tabel 6.3	Samevattende bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 met sandspel volgens die Gestaltbenadering	160
Tabel 6.4	Vrae en antwoorde oor deelnemer 2 se leefwêreld	163
Tabel 6.5	Vrae en antwoorde oor deelnemer 2 se gesinsomstandighede	164
Tabel 6.6	Samevattende bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 met sandspel volgens die Gestaltbenadering	182
Tabel 6.7	Vrae en antwoorde oor deelnemer 3 se leefwêreld	183
Tabel 6.8	Vrae en antwoorde oor deelnemer 3 se gesinsomstandighede	184
Tabel 6.9	Samevattende bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 met sandspel volgens die Gestaltbenadering	206
Tabel 7.1	Eksplorasie resultate verkry uit sandspel	209

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1	Identiteitstatusse	42
Figuur 4.1	Konseptuele raamwerk	82
Figuur 4.2	Siklus van ervaring	92
Figuur 4.3	Struktuur van persoonlikheid	102
Figuur 6.1	Foto van deelnemer 1 se sandbak 1	141
Figuur 6.2	Foto's van deelnemer 1 se sandbak 2	150
Figuur 6.3	Foto van deelnemer 1 se sandbak 3	157
Figuur 6.4	Foto's van deelnemer 2 se sandbak 1	168
Figuur 6.5	Foto van deelnemer 2 se sandbak 2	176
Figuur 6.6	Foto van deelnemer 3 se sandbak 1	188
Figuur 6.7	Foto van deelnemer 3 se sandbak 2	195
Figuur 6.8	Foto van deelnemer 3 se sandbak 3	201

LYS VAN BYLAES

Bylae 1a	Toestemmingsbriewe aan welsynsorganisasie	225
Bylae 1b	Toestemmingsbriewe aan ouers van deelnemers	227
Bylae 1c	Vrae en antwoorde oor die deelnemer se leefwêreld	229
Bylae 1d	Vrae en antwoorde oor die deelnemer se gesinsomstandighede	231
Bylae 1e	Temperamentvraelys en –diagram	232
Bylae 2a	Ontspanningsoefening	236
Bylae 2b	Semigestruktureerde onderhoudskedule	237
Bylae 2c	Lys van die miniature van deelnemer 1 in sessie 2	239
Bylae 2d	Lys van die miniature van deelnemer 2 in sessie 2	241
Bylae 2e	Lys van die miniature van deelnemer 3 in sessie 2	242
Bylae 3a	Lys van die miniature van deelnemer 1 in sessie 3	243
Bylae 3b	Lys van die miniature van deelnemer 2 in sessie 3	244
Bylae 3c	Lys van die miniature van deelnemer 3 in sessie 3	245
Bylae 4a	Lys van die miniature van deelnemer 1 in sessie 4	246
Bylae 4b	Lys van die miniature van deelnemer 3 in sessie 4	247

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

In Suid-Afrika is daar gedurig in die nuusmedia berigte oor trauma, toenemende misdaad en gesinsverbrokkeling (Finweek, 2008:63; Hayward, 2008:4; Rademeyer, 2008:6). Enersyds is daar ook die gewone lewenstraumas soos siekte, dood, ongelukke, kinderverwaarlosing en andersyds die talle kinders en volwassenes wat met emosionele en ander probleme saamleef as gevolg van verkeerde opvoedingsmetodes, onkundige ouers en onderwysers en verkeerde lewenswyses. Volgens die Gestaltbenadering veroorsaak hierdie lewens-traumas onvoltooidhede in die mens (Schoeman, 2006:70; Blom, 2004: 37; Lobb, 2005:33; O'Leary en Nieuwstraten, 1999:395) wat die mens se normale funksionering beïnvloed, ontwikkeling strem en die mens strem in sy/haar bevredigende en kreatiewe bestaan.

Maatskaplike werk is gemoeid met die gesonde maatskaplike funksionering van die individu in die gemeenskap. Indien probleme voorkom in die funksionering word intervensie gedoen om die ekwilibrium te herstel en om verdere probleme en toekomstige patologie te voorkom.

Alvorens die maatskaplike werker die kliënt in staat kan stel om sy/haar probleem of saak te hanteer, is dit enersyds vir die maatskaplike werker nodig om kennis te neem van die kliënt se wyse waarop hy/sy, hom/haarself aan die wêreld voorstel en sy/haar behoeftes bevredig en andersyds vir die kliënt om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

insig te kry in sy/haar eie funksionering vanuit sy/haar bewuste en onderbewuste denkprosesse.

Sandspel is volgens Homeyer en Sweeney (1998:3) ‘n sinvolle, nie bedreigende, kreatiewe tegniek vir kommunikasie in ‘n terapeutiese situasie. Dit stel die kliënt in staat om inligting te gee oor sy/haar leefwêreld, gevestigde patrone, geloof-sisteme of trauma. Hierdie inligting kan dan verder geëksploreer word om sodoende die kliënt se leefwêreld te verstaan. Homeyer en Sweeney (1998:3) wys daarop dat veral trauma sensories gebaseer is en dat dit daarom sin maak om terapie in sulke gevalle sensories gebaseer te maak vir kinders, adolessente en volwassenes. Volgens Enns en Kasai (2003:109) is een van sandspel se beste eienskappe dat nieverbale kommunikasie gebruik word om selfbewustheid en verandering teweeg te bring. Volgens Zinni (1997:657) is nieverbale metodes van uitdrukking essensieel vir kinders en veral vir getraumatiseerde kinders. Hierdie kinders vind dit moeilik om gedagtes en gevoelens rondom trauma te artikuleer, veral kinders wat slagoffers was van misbruik en meestal geïntimideer is om stil te bly.

In die adolessent se ontwikkelingsfase word hy/sy gekonfronteer met die take om vir homself/haarself sin te maak in die lewe en te besluit wie hy/sy is, aan watter groep hy/sy behoort en waarheen hy/sy op pad is (Louw, Van Ede en Louw, 1998:55). Die adolessente ontwikkelingstadium word verder gekompliseer deur sy/haar omgewing en die ervaringe en traumas wat hy/sy tot dusver gehad het (Louw et al, 1998:391). Volgens Wagner (2003:372) is die betekenis wat ‘n persoon aan gebeure in sy/haar lewe gee bepalend in sy/haar interpretasie en reaksie daarop. Sandspel is volgens Bradway en McCoard (1997:37) ‘n betekenisvolle medium vir die uitdrukking van dit wat nie op ‘n ander wyse gekommunikeer kan word nie weens die emosionele impak daarvan. Bradway en McCoard (1997:16,17) wys daarop dat sandspel vir die kliënt heling, groei en verandering in wêreldbeskouing kan meebring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk word die navorsing ingelei met ‘n oorsig waaroor die studie gaan. Die volgende word bespreek: die motivering vir die studie, probleem-formulering, doelstelling en doelwitte, die navorsingsvraag, navorsings-metodologie, etiese aspekte van die studie, sleutelkonsepte, beperkings van die ondersoek en aanbieding van die studie.

1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Die navorser het as maatskaplike werker by ‘n plek van veiligheid vir getraumatiseerde kinders en adolessente sandspel gebruik as intervensie-metode. Daar is waargeneem dat sandspel ‘n positiewe uitwerking op die kinders en adolessente gehad het. Dit het party kinders gekalmeer en ander kinders se gedrag verbeter. Dit sluit aan by die mening van Oaklander (1988:168) en Bradway en McCoard (1997:6) dat selfs een sandbaksessie ‘n kind se emosies konstruktief kan kanaliseer.

Sandspel is ook met vrug gebruik in groepwerk met volwassenes, waar die klem geval het op insigontwikkeling en bewuswording van groeplede se voorgrond-behoefte. Die miniature wat die groeplede gebruik het om hul sandbakke te bou, is gesien as metafore of simbole van die persoon se leefwêreld, wat gedrag, gevoelens, gedagtes en ervarings van die persoon insluit (Boik en Goodwin, 2000). Die betekenis van hierdie metafore of simbole is die betekenis wat deur elke persoon self daaraan gegee word om dit wat hy/sy ervaar het uit te beeld. Hierdie waarnemings en gebruike het die navorser se belangstelling en nuuskierigheid geprikkel om die gebruike van sandspel in maatskaplike werk wetenskaplik te ondersoek.

Sandspel as medium het ook die effek om oud en jonk aan te trek, wat dit dus ‘n ideale medium vir terapie maak. Zinni (1997:657) bevestig die navorser se waarneming en is van mening dat van al die nieverbale soorte terapie, kinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die meeste aangetrokke is tot sandspel, wat die gebruik van die miniatuur-objekte om hul wêreld in die sandbak te bou behels.

In ‘n voorlopige ondersoek het die navorser beperkte navorsingstudies in Suid-Afrika teëgekom oor die gebruik van sandspel met die adolessent volgens die Gestalt- benadering. Daar is navorsing teëgekom wat sandspel met ‘n vroeë adolessent volgens die Ericksoniaanse benadering gebruik (De Villiers, 2006) en sandspel met kleuters volgens die Gestaltbenadering (Lotz, 2003). Die navorser is van mening dat die adolessente kliënt verder by navorsing oor sandspel as intervensievorm kan baat vind.

Die motivering vir die studie is dus om aan die praktyk van maatskaplike werk aanbevelings te kan maak oor die gebruik van sandspel in die eksplorering van die leefwêreld van die adolessent volgens die Gestaltbenadering in maatskaplike werk.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Probleemformulering word as die eerste stap in die navorsingsproses beskou (Neuman, 1997:11; Bailey, 1994:13). Smit (1985:15-16) is van mening dat die probleem akkuraat en volledig omskryf moet word. Creswelll (1994:49) meen dat probleme in toegepaste navorsing verrys vanuit probleme en moeilikhede wat in die praktyk ondervind word.

Volgens die media is trauma en nood onder ons adolessente groot (Frank, Esterhuizen, Jinabhai, 2008:394; Blaine, 2008:4). Dit het gevolge soos vroeë skoolverlating, werkloosheid, rondlêery, bedelary, dwelm- en alkoholmisbruik, armoede en uiteindelik toetrede tot misdaad. Om hierdie rede is adolessente volgens die Witskrif van Maatskaplike Welsyn, 1108 van 1997 (Republiek van Suid-Afrika, 1997:58) ‘n teikengroep vir dienslewering.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens die navorser se ondervinding, insette van kollegas in die veld en literatuur (Toman en Bauer, 2005:180) word die adolessent as kliënt in die maatskaplike werkomgewing beskou as ‘n uitdaging vir enige maatskaplike werker. Die term *adolessensie* beteken om te groei na volwassenheid (Jaffe, 1998:19; Kimmel en Weiner, 1995:2). Volwassenheid impliseer dat so ‘n persoon die sosiale, kognitiewe en emosionele hulpbronne kan hê van ‘n volwasse persoon. Die adolessent het dus baie eienskappe van die volwassene, maar is ook in baie opsigte nog kind, wat in ag geneem moet word in die terapie situasie.

Om die adolessent in sy trauma en nood te kan help, het die maatskaplike werker nodig om die leefwêreld van die adolessent te begryp, sodat toepaslike intervensies gedoen kan word. Die eerste stap in die hulpverlening aan die adolessent is eksplorering van sy/haar leefwêreld. Sandspel volgens die Gestaltbenadering word ondersoek as wyse om deeglike en effektiewe eksplorasie te doen.

1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

Die doelstelling van hierdie navorsing is om volgens die Gestaltbenadering te eksploreer met sandspel en te beskryf wat waargeneem word oor die leefwêreld van die adolessente kliënt om sodoende die maatskaplike werker te lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die adolessente kliënt.

Die doelwitte in die studie is

- om ‘n oorsig te gee van die adolessente lewensfase en om die ontwikkelingsaspekte en kenmerke van die adolessent te bepaal,
- om die moontlikhede wat sandspel as medium vir eksplorasie bied te identifiseer,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- om die geskiktheid van die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie en as ‘n teorie vir die praktyk met sandspel te bepaal en
- om die gebruik van sandspel as medium vir eksplorasie met adolessente te ondersoek.

1.5 NAVORSINGSVRAAG

Creswell (1994:70) meen dat kwalitatiewe navorsing navorsingsvrae vereis. Hierdie vrae word onderwerpe wat geëksploreer word tydens onderhoude, observasies en in vraelyste. Hierdie vrae word met ander woorde riglyne vir die studie.

Die navorsingsvraag wat in hierdie studie gevra word is: verskaf die eksplorering met sandspel volgens die Gestaltbenadering genoeg inligting oor die leefwêreld van die adolessente kliënt om die maatskaplike werker te kan lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die adolessente kliënt?

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.6.1 NAVORSINGSBENADERING

Die aard van die studie bepaal die navorsingsbenadering wat gevolg gaan word (De Vos,1998:80). Die navorsingsbenadering wat in hierdie studie gevolg gaan word, is kwalitatiewe navorsing aangesien dit gebruik maak van ‘n natuurlike opset. Die fokus is op die proses en die kliënt se perspektief is van primêre belang in die beskrywing en verstaan van wat daar gebeur (Babbie en Mouton, 2001:270). In hierdie studie is volgens die Gestaltbenadering met sandspel geëksploreer en beskryf wat waargeneem is in die sandbak, om sodoende die maatskaplike werker te lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

adolessente kliënt. Die studie is in ‘n natuurlike omgewing van ‘n terapiekamer op die terrein van ‘n kantoor van die Christelike Maatskaplike Raad gedoen.

1.6.2 NAVORSINGSONTWERP

Volgens Babbie en Mouton (2001:73-76) en Fouché (2005:268) word op die navorsingsontwerp besluit na aanleiding van die doel van die navorsing en word dit gelei deur die navorsingsvraag en die vaardighede en die hulpbronne waaroor die navorser beskik. Fouché (2005:269) is van mening dat die navorser in kwalitatiewe navorsing ‘n wye keuse van navorsingsontwerpe het wat gebruik kan word tydens die navorsingsproses.

Volgens Fouché (2005:272) kan die gevallestudie verwys na die ondersoek van ‘n geselekteerde individu met die uitsluitlike doel om meer van die bepaalde individu te kan leer. Die skrywers is verder van mening dat eksplorasie en beskrywing van die geselekteerde gevalle plaasvind deur gedetailleerde en in diepte dataversamelingsmetodes, wat verskeie bronne van inligting insluit. Dit behels onderhoude, vraelyste en waarnemings. Die navorser benodig ook volgens die skrywers toegang tot deelnemers en hul vertroue. Die produk van die navorsing is die in diepte beskrywing van die gevalle.

In hierdie studie dien die gevallestudie as navorsingsontwerp. Die navorser eksploreer met sandspel volgens die Gestaltbenadering en beskryf wat waargeneem word oor die leefwêreld van die adolessente kliënt. Die gevalle word in diepte beskryf met die oogmerk om die adolessent se leefwêreld te verstaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.7 NAVORSINGSPROSEDURE

1.7.1 LITERATUURSTUDIE

Volgens Creswell (1994:23) word literatuur in ‘n kwalitatiewe studie gebruik om die studie af te baken, die onderwerp toe te lig met bestaande en relevante kennis en om die navorsingsbevindinge te vergelyk. Neuman (1997:89) voeg hierby “to integrate and summarize what is known, to learn from others and to stimulate new ideas”. Fouché (2005:272) meen dat die navorser vir gevallestudies die navorsing moet betree met grondige kennis van die literatuur in die betrokke veld.

Uit die literatuuroorsig het dit geblyk dat daar reeds wyd geskryf is oor sandspel. Daar bestaan Oosterse, Amerikaanse en Europese literatuur daaroor. Sandspel in die Ooste word verbind met die Oosterse kultuur en godsdienste en ‘n skrywer is byvoorbeeld Kasai (2003). In Europa en Amerika is baie van die sandspel-skrywers Jungiaans opgelei, wat veral hulle interpretasies van sandbakke beïnvloed. Jungiaanse skrywers is Carey (1999), Bradway (1997), Ryce-Menuhin (1992) en Kalff (1980). Ander Westerse skrywers is Boik en Goodwin (2000) en Homeyer en Sweeney (1998) wat sandspel as ’n medium beskryf wat met verskillende benaderings gebruik kan word. Die navorser gebruik veral Boik en Goodwin (2000) en Homeyer en Sweeney (1998) in die studie, aangesien dié skrywers se metodes prakties is, wat aansluit by die riglyne vir intervensie van die praktykteorie volgens die Gestaltbenadering.

In Suid-Afrika is daar ook reeds navorsingsprojekte oor sandspel gedoen. Op “Google Scholar” is twee meestersgraadtesisse deur Lotz (2003) en De Villiers (2007) gevind. Lotz (2003) se navorsing is die naaste aan hierdie studie, aangesien sy sandspel volgens die Gestaltbenadering met die kind in die middel kinderjare beskryf. De Villiers (2007) gebruik sandspel volgens die Ericksoniaanse benadering met ‘n vroeë adolessent. Die navorser se fokus is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

anders en is gerig op eksplorasie met sandspel volgens die Gestaltbenadering met die adolessent.

1.7.2 KONSULTASIE MET KUNDIGES

Kundiges is tydens die ondersoek gekonsulteer. Die navorser het in 2007 en 2008 twee Gestaltspelterapie kursusse by die Sentrum vir Spelterapie en Opleiding in Gansbaai bygewoon. Die aanbieder in beide gevalle was dr J.P. Schoeman (Gestaltterapeut en dosent by die Universiteit van Suid-Afrika).

1.7.3 POPULASIE EN STEEKPROEFNEMING

Volgens Mouton (2000:135) word populasie beskou as entiteite binne die konteks van ‘n spesifieke navorsingsprojek. Die populasie word beskou as die omvattende aantal individue wat voldoen aan spesifieke kriteria vir die ondersoek waaruit waarnemings gedoen gaan word. (Bless en Higson-Smith, 1995:85).

Die populasie van hierdie studie is adolessente pleegkinders in Tshwane wie se plasings onder die toesig is van die Christelike Maatskaplike Raad. Pleegkinders is kinders wat deur ‘n hof sorgbehoewend bevind word volgens die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 (Republiek van Suid-Afrika, 1983:19) en in die sorg geplaas word van ‘n pleegouer. Die hof bepaal dat ‘n maatskaplike werker by ‘n welsynsorganisasie toesig moet hou oor die pleegplasing.

Vir kwalitatiewe navorsing word ‘n niewaarskynlikheid steekproeftrekking gebruik (Neuman, 2003:211). Dit bepaal dat die steekproef getrek word op grond van bepalings wat vir die studie van belang is en daarom het al die individue in die populasie nie ‘n gelyke kans om geselekteer te word vir die studie nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Steekproeftrekking waarin die deelnemers gekies word op grond van sekere kriteria word doelbewuste steekproeftrekking genoem (Neuman, 2003:213).

In hierdie studie gebruik die navorser ‘n niewaarskynlike doelbewuste steekproef-trekking om drie deelnemers te selekteer, met die volgende kriteria vir insluiting:

- Adolessente pleegkinders tussen ouderdomme 13 en 16 jaar.
- Die adolessente moet dogters en seuns insluit.
- Die adolessente moet geselekteer word op grond daarvan dat hulle weens hul omstandighede by intervensie kan baat.
- Die pleegouers van die adolessente moet toestemming vir deelname aan die navorsing gee.
- Die geselekteerde deelnemers moet gewillig wees om deel te neem aan die navorsing.

1.7.4 DATA-INSAMELING

1.7.4.1 Voorbereiding vir data-insameling

Voorbereiding vir die navorsing is begin met die aankoop en versameling van die miniature (sien 1.9). Rakke is aangekoop vir die uitstal van die miniature, sowel as sandbakke en geskikte sand. Daar is ook reëlings getref vir die beskikbaarheid van ‘n digitale kamera en stemopnametoerusting vir die vaslegging van die sessies.

Voorbereiding vir data-insameling is gedoen deur eerstens die navorsing skriftelik te verduidelik aan die bestuurder van die welsynskantoor en sy toestemming is verkry. Daarna is kontak gemaak met die pleegouers van die geselekteerde deelnemers. Die navorsing en die etiese aspekte is aan die pleegouers en die deelnemers verduidelik en skriftelike toestemming is van hulle verkry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.7.4.2 Meetinstrumente

Die navorser gebruik in hierdie studie ‘n gevallestudie as navorsingsontwerp. Gevallestudies maak gebruik van gedetailleerde en in diepte data versamelings-metodes wat verskeie bronne van inligting insluit en ryk is in inhoud (Fouché, 2005:272). Die meetinstrumente in die studie is:

- ‘n Gestandaardiseerde vraelys (Mol, 1988) om ‘n aanduiding te kry oor die deelnemers se persoonlikheidseienskappe (bylae 1e).
- Vraelyste met oop vrae om deelnemers se gedrag, denkwyses en gesinsomstandighede te eksploreer (bylae 1c en 1d). Volgens Babbie en Mouton (2001:232) kan ‘n vraelys gebruik word vir eksplorerende en beskrywende doelstellings.
- Semigestruktureerde onderhoudskedule om deelnemers se sandbakke te eksploreer (bylae 2b). Volgens Greef (2005:296) is semigestruktureerde onderhoude ‘n interaksie tussen twee persone met die doel om navorsingsrelevante inligting te bekom. Stemopnames is gemaak van die semigestruktureerde onderhoude, wat as hulpmiddel gebruik is om die inligting akkuraat te kon weergee.
- Foto’s: Volgens De Vos (1998:328) word fotografiese beeld beskou as ‘n akkurate weergawe van wat gesien is. In die studie word foto’s gebruik as ‘n akkurate rekord van die sandbak van die deelnemers en dien dit ook as visuele materiaal om die bespreking van die sandbakke en die gebruik van die miniature deur die deelnemers te illustreer.
- Waarnemings oor die deelnemers se gedrag en nieverbale kommunikasie word voortdurend gemaak (Strydom, 2005:281).

Die data van hierdie studie is by drie deelnemers ingesamel. Elke deelnemer het vier individuele sessies van tussen 45 en 90 minute per sessie met die navorser gehad. Die sessies is vir een maal weekliks per deelnemer geskeduleer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.7.5 DATA-ONTLEDING EN INTERPRETASIE

Die produk van die navorsing is ‘n massa data wat georden moet word (De Vos, 2005:333) op so ‘n manier dat dit ‘n deeglike beskrywing gee van die deelnemer, die navorsingsvraag beantwoord en aandui hoe die resultate aangewend kan word (Yegidis en Weinbach, 1991:208-214).

Data-ontleding en -interpretasie het die volgende behels:

- Na elke sessie is die verloop gedokumenteer. Die resultate wat verkry is met die meetinstrument wat in die sessie gebruik is, is verwerk om ‘n duidelike beeld te kan weergee van wat in die sessie gebeur het en van die inligting wat ingewin is oor die deelnemer en sy/haar leefwêreld.
- Bogenoemde inligting is na aanleiding van die literatuur geïnterpreteer en bevindinge van die deelnemer en sy/haar leefwêreld is opgeskryf.

1.8 ETIESE ASPEKTE

Etiese aspekte in navorsing is reëls en beginsels waarvolgens daar aanvaarbaar opgetree behoort te word teenoor ander navorsers en alle deelnemers en ondersteuners (De Vos, 1998:24). Volgens De Vos (1998:25-33), Yegidis en Weinbach (1991:22-26) en Kumar (1996:192-194) is die etiese aspekte van toepassing op deelnemers die volgende:

- Deelnemers mag nie aan enige emosionele of fisiese skade blootgestel word nie.
- Deelnemers moet ingelig word oor alle aspekte van die navorsing en moet toestem daartoe.
- Deelnemers se privaatheid moet gerespekteer en beskerm word en alle blootstelling moet met respondente se samewerking en onderhandeling geskied.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kumar (1996:192) is van mening dat ingeligte toestemming skriftelik moet wees en impliseer dat die deelnemers duidelik moet weet watter inligting en vir watter doel die navorsers wil hê. Die deelnemers moet ook nog weet hoe hulle moet deelneem en wat direkte- en indirekte deelname aan die studie vir hulle inhou.

Die etiese aspekte wat in die navorsing nagekom is, is die volgende:

- Die deelnemers is aan geen emosionele of fisiese skade blootgestel nie. Die sessies is gehou in ‘n veilige omgewing van die sandspelkamer op die terrein van die welsynskantoor. Die navorser is ‘n opgeleide maatskaplike werker wat werk volgens die etiese kode van maatskaplike werkers.
- Deelnemers en hulle pleegouers is ingelig oor alle aspekte van die navorsing en skriftelike toestemming is van die pleegouers en deelnemers verkry.
- Deelnemers se privaatheid is in die verslaggewing van die navorsing gerespekteer deur alle identifiserende inligting van die deelnemers weg te laat.
- Ontlonting is na elke sessie met deelnemers gedoen.
- Die terapieproses is volgens die deelnemer se behoefte afgehandel, al sou dit die voorgestelde sessies oorskry.
- Die navorser het deurgaans professioneel opgetree en die navorsingsproses volgens etiese standaarde uitgevoer.

1.9 SLEUTELKONSEPTE

Die volgende sleutelkonsepte word gedefinieer:

- *Adolessensie* is volgens Louw (1998:388) ‘n ontwikkelingsfase tussen die kinderjare en volwassenheid. Die ontwikkelingstaak van adolessensie is die bereiking van volwassenheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *Sand* word deur Carey (1999:xi) as ‘n terapeutiese medium beskou en vir die doeleindes van die studie is dit gewaste seesand, wat vrylik deur mens se vingers loop as dit droog is en manipuleerbaar is as dit nat is.
- *Sandspel* bring ‘n persoon in kontak met die totaliteit van sy/haar bestaan (Kalff, 1980:vii). Carey (1999:xvi) wys daarop dat dit ‘n persoon in staat stel om nieverbaal uitdrukking te gee aan ervarings, persepsies en pyn. Vir doeleindes van die studie word sandspel verstaan as dat deelnemers die sand in die sandbak kan vorm en miniatuurobjekte wat deur die navorser verskaf gaan word, daarin kan plaas.
- *Sandbak* is volgens Homeyer en Sweeney (1998:25) ‘n houer met blou bodem en kante van ‘n spesifieke afmeting.
- *Miniature* is volgens Homeyer en Sweeney (1998:31) simbole en metafore van ‘n persoon se nieverbale kommunikasie. Dit bestaan uit voorwerpe en items wat in die lewe bestaan in ‘n klein, tasbare vorm. Die miniature wat in die studie gebruik gaan word, word beperk deur die versameling wat deur die navorser tot dusver opgebou is.
- *Terapie volgens die Gestaltbenadering* word volgens Blom (2004:3-4) beskou as ‘n vorm van psigoterapie wat fokus op die teenwoordige tyd, met die doel om die kliënt se persepsie van sy ervaring in sy lewe te verbeter.
- *Pleegkinders* is kinders wat deur ‘n kinderhof volgens die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 (Republiek van Suid-Afrika, 1983:19) sorgbehoewend bevind word en in die sorg van ‘n pleegouer geplaas word.
- ‘n Persoon se *proses* verwys na die manier waarop ‘n persoon hom/haarself aan die wêreld en aan ander mense voorstel en sy/haar behoeftes bevredig (Blom, 2004:83). Die term *proses* kan afwisselend gebruik word met die term *persoonlikheid* en hou verband met ‘n persoon se temperament (Schoeman, 2006:31).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *Onvoltooidhede* is behoeftes wat nie bevredig is nie, asook gevoelens, besorgdheid en belange wat nie geverbaliseer, erken of aangespreek is nie (Schoeman, 2006:70).

1.10 BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK

Volgens Creswell (1994:110) identifiseer die beperkinge van die ondersoek die potensiële swakheid daarvan. Fouché (2005:118) noem etiese probleme, die vermoë van die navorser om eksterne faktore van omgewing en deelnemers te kontroleer en veralgemening van die bevindinge van die studie as beperkinge.

Die volgende beperkinge is geldig vir hierdie studie

- Die gevallestudies wat in die navorsing gebruik word het elkeen sy eie unieke kenmerke en dit kan nie veralgemeen word na die totale populasie nie.
- Daar was geen kontrole oor die leefwêrelde van die deelnemers buite die sessies nie. Dit het ‘n invloed gehad op bywoning van die sessies en op wat binne die sessies gebeur het.
- Omdat daar toegetree word tot die leefwêreld van die deelnemer, kon die navorsing nie los van ‘n terapeutiese model gedoen word nie.
- Navorsing met sandspel stel spesifieke vereistes aan die navorser, naamlik die versameling van miniatuurobjekte, verkryging van sandbakke en sand, rakke om die versameling miniatuurobjekte op uit te stal en ‘n ruimte om in te rig as ‘n sandspelkamer. Hierdie vereistes maak die voorbereidingstyd vir die navorsing lank, die navorsing duur en daarom moeilik vir ‘n volgende navorser om te herhaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.11 AANBIEDING VAN DIE STUDIE

Die navorsingsverslag sal inhoudelik bestaan uit die volgende:

- In hoofstuk 2 word die adolessent beskryf. Daar sal veral aandag gegee word aan definiëring van adolessensie, ontwikkeling van die adolessent, ontwikkelingstake van die adolessent, kognitiewe ontwikkeling, morele ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en identiteits-ontwikkeling by die adolessent.

- In hoofstuk 3 word aandag gegee aan sandspel, wat as intervensie-medium beskryf word, deur die volgende te bespreek: die definiëring van sandspel, die ontstaan en agtergrond, materiale wat gebruik word, prosedures en werkswyses en ander bydraes, navorsing en bevindings in sandspel.

- Hoofstuk 4 handel oor die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie. Daar word aandag gegee aan teoretiese konsepte van die Gestalt-benadering, die maak van kontak, polariteite, die struktuur van persoonlikheid, die paradoksale teorie van verandering, terapie volgens die Gestaltbenadering as praktykteorie, die *Schoeman-werkmodel* as praktykteorie en eksplorasie as tegniek in maatskaplike werk.

- In hoofstuk 5 word die empiriese metode wat gebruik word vir die eksplorering van die leefwêreld van die adolessent met sandspel volgens die Gestaltbenadering beskryf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Hoofstuk 6 beskryf resultate van die ondersoek, bevindinge en interpretasies. Dit behels die beskrywing van vier sessies met drie deelnemers om die leefwêreld van die adolessent met sandspel te eksploreer. Die *Schoeman-werkmodel* as praktykteorie volgens die Gestaltbenadering word gebruik.

- Hoofstuk 7 sluit die navorsing af met gevolgtrekkings en aanbevelings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

ADOLESSENSIE AS LEWENSFASE

2.1 INLEIDING

Die mens ontwikkel oor sy/haar totale lewensloop (Louw, Van Ede en Louw, 1998:3) vanaf bevrugting tot en met die dood. Die mens se lewensloop is 'n kontinue proses, maar word ter wille van die bestudering daarvan in verskillende stadia of fases verdeel (Louw et al., 1998:13). Louw et al. (1998:16) onderskei die prenatale stadium, die neonatale stadium, die kleuterstadium, die middel-kinderjare, adolessensie, vroeë- en middelvolwassenheid en bejaardheid. Adolessensie is dus die vierde stadium in die lewensloop van die mens en vorm die oorgang vanaf kind na volwassenheid. Die terreine van ontwikkeling word gesien as liggaamlike ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheids-ontwikkeling en sosiale ontwikkeling (Louw et al., 1998:10-12).

Die doelstelling van hierdie navorsing is om volgens die Gestaltbenadering met sandspel te eksploreer en te beskryf wat waargeneem word oor die leefwêreld van die adolessente kliënt om sodoende die maatskaplike werker te lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die adolessente kliënt. In hierdie hoofstuk word daar gekyk na verskillende ontwikkelingsaspekte en kenmerke van die adolessent en hoe dit in sy/haar leefwêreld manifesteer.

2.2 DEFINIËRING VAN ADOLESSENSIE

Die term *adolessensie* beteken om te groei na volwassenheid (Jaffe, 1998:19, Kimmel en Weiner, 1995:2). Volwassenheid impliseer dat 'n persoon die sosiale, kognitiewe en emosionele hulpbronne het van 'n volwasse persoon. Verdere implikasies is dat die persoon onafhanklik en verantwoordelik is en oor goeie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oordeel en vaardighede beskik. Kimmel en Weiner (1995:2) is van mening dat adolessensie ‘n tyd van oorgang is, wat gepaard gaan met spanning en kwesbaarheid, maar ook ‘n tyd van positiewe groei en verandering.

Jaffe (1998:20-25) onderskei verskillende aspekte wat dien as merker vir die begin van adolessensie.

- **Puberteit as merker**. Adolessensie word ingelei deur fisiese groei en die ontwikkeling van sekondêre seksuele kenmerke.
- **Ouderdom of graadstatus**. Adolessensie begin met ingang van die sekondêre skool en eindig met die behaal van ‘n tersiêre kwalifikasie.
- **Inisiasie**. Adolessensie begin met ‘n seremonie wat einde van kindwees en begin van volwassenheid aankondig. Die spesifieke tyd kan gekoppel word aan ouderdom, bereiking van ‘n doelwit of ander kenmerke en is kultuurgebonde (Kimmel en Weiner, 1995:6).
- **Sosiale en emosionele veranderinge** vind plaas, wat gekenmerk word deur die verandering in die verhouding van die jongmens met sy ouers, meer betrokkenheid by die portuurgroep en geslagspesifieke gedrag wat waargeneem word. Ander kenmerke is ‘n toename in buierigheid en geïrriteerdheid.
- **Kognitiewe verandering en morele ontwikkeling** word gekenmerk deur die oorgang van swart en wit denke na meer buigbare redenering en probleemoplossende strategieë. Die adolessent se beskouing van hom/haarself raak meer gedifferensieer, abstrak en geïntegreer. Adolessente vertoon ook ‘n beter begrip en waardering van die lewe.
- **Uitdagings en rolverandering**. Die adolessent word gekonfronteer met spesifieke uitdagings wat hy/sy moet hanteer, soos gesinskonflik, losmaking van gesin, selfbeheersing, eksplorering met gedrag en denke, uitbreiding van die sosiale sirkel, vorming van naby verhoudings, ontwikkeling van onafhanklikheid en selfversorging.
- **Die subjektiewe ervaring** van volwassenheid. ‘n Persoon moet voel en glo dat hy/sy ‘n volwassene is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaffe (1998:26) meen dat dit prakties is om adolessensie op te deel in drie stadiums deur gebruik te maak van die ouderdom- en graadkriteria naamlik:

- Vroeë adolessensie, wat strek vanaf 11 tot 13 jaar en die laat laerskool-fase aandui.
- Middeladolessensie, wat strek van 14 tot 17 jaar en die hoërskoolfase aandui.
- Laat adolessensie, wat strek vanaf 18 jaar tot die vroeë twintigerjare en die skoolverlating en tersiêre onderwysfase aandui.

Kimmel en Weiner (1995:4) definieer adolessensie as die lewenstadium wat begin by puberteit en eindig wanneer die individu ekonomies selfversorgend is en verskeie volwasse rolle beklee.

Uit die definisies blyk dit dat adolessensie gepaard gaan met groot verandering op fisiese, sosiale en kognitiewe gebied, wat uitdagings en rolverandering vir die adolessent in sy/haar ontwikkeling na volwassenheid impliseer. Daar word vervolgens aandag gegee aan teorieë oor ontwikkeling.

2.3 TEORIEË OOR ONTWIKKELING

Teorieë oor ontwikkeling is geformuleer met die doel om gedrag en persoonlikheid in verskillende lewenstadia en uit die oogpunt van ‘n spesifieke beskouing te beskryf, te voorspel en te verklaar (Jaffe, 1998:46; Louw et al., 1998:43). Elke teorie benadruk ‘n ander aspek of terrein van ontwikkeling. Jaffe (1998:62) beskou ontwikkeling in terme van die volgende modelle:

- Biologiese modelle wat die klem op oorerwing en rypwording plaas.
- Evolusionêre modelle wat die klem plaas op aanpassingsgedrag.
- Kognitiewe modelle beskryf die denk- en redeneringsvermoë van adolessente en die kritiese rol wat dit speel in die vorming van selfkonsep, identiteit en verhoudings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Psigodinamiese modelle beskryf hoe seksuele en ander onderbewuste impulse lei tot gesinskonflik, wat weer dien as motivering vir die selfstandigwording van die adolessent.
- Psigososiale modelle beklemtoon die interaksie tussen individuele en sosiale faktore. Hierdie modelle beskou ontwikkeling in terme van take wat bemeester moet word in die groei na volwassenheid.
- Eksistensiële modelle beklemtoon die adolessent se gevoelens en die soeke na betekenis.
- Die leermodel beklemtoon omgewingsinvloede, leer deur waarneming en positiewe en negatiewe ondervindinge.

In die beskrywing van adolessente ontwikkeling word daar veral gebruik gemaak van kognitiewe en psigososiale modelle van ontwikkeling. Kognitiewe modelle plaas die klem op redeneringsvermoë en die kritiese rol wat dit speel in die vorming van selfkonsep, identiteit en verhoudings van adolessente. Psigososiale modelle beklemtoon die interaksie tussen individuele en sosiale faktore.

Toman en Bauer (2005:180) meen die meeste modelle van menslike ontwikkeling behandel adolessente ontwikkeling. Piaget (1972) identifiseer die stadium van kognitiewe ontwikkeling van adolessente as formeel-operasioneel. Erickson (1963) se model beskryf die belangrikste take van die adolessent as die vorming van eie identiteit. Freud (1963) se model beskryf adolessente in terme van hul psigoseksuele funksionering in die genitale stadium en Kohlberg (1975) se model van morele ontwikkeling plaas hulle in die konvensionele of die post-konvensionele stadiums van morele ontwikkeling. Toman en Bauer (2005:181) is egter van mening dat elke model ‘n bydrae maak met ‘n spesifieke area van ontwikkeling, maar niemand gee ‘n holistiese beeld van die adolessent nie. Hierin meen Toman en Bauer (2005:181) kan die holistiese beskouing van die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie ‘n bydrae maak deur na die adolessent te kyk in terme van sy wêreld in die *hier en nou*, sy/haar veld, bewustheid van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy/haar omgewing, organismiese selfregulering en die maak van kontak met die omgewing (sien 4.2).

Volgens Freud (1963) soos aangehaal deur Toman en Bauer (2005:184) kan ontwikkeling van die adolessent langs vier lyne gebeur:

- **Van afhanklikheid na selfstandigheid**: 'n Mens begin die lewe as volkome afhanklik van jou moeder vir al jou behoeftes en beweeg deur al die stadiums tot volkome onafhanklikheid en volwassenheid (Reynolds, 2005: 155).
- **Ontwikkeling na liggaamlike onafhanklikheid**: Die adolessent moet dit bemeester om hom/haarself gebalanseerd te kan voed, klee en so te versorg dat hy/sy nie blootgestel word aan siektes, gevaar of kwaad nie. Daar moet dus geen manifestasies wees van problematiese liggaam-verwante probleme nie (Toman en Bauer, 2005:187).
- **Ontwikkeling van egosentries na kameraadskaplik**: Hierdie ontwikkeling geskied deur bewustheid en sosiale kontak en kan gekenmerk word daardeur dat adolessente gevoelens en houdings wat hulle nog nie in hulself geïdentifiseer het nie op ander projekteer. Volgens Toman en Bauer (2005:188) word die fase ook gekenmerk deur 'n oordrewe, dramatiese en kritiese fokus op die self. In 'n gesonde ontwikkelingsproses beweeg adolessente hier verby en leer om hul eie sterk- en swakpunte te identifiseer. Hulle raak ook bewus van wanneer hulle ondersteuning benodig, kan hulle behoeftes artikuleer, kan ondersteuning mobiliseer en verantwoordelikheid neem.
- **Van speel na werk**: Toman en Bauer (2005:190) meen dit is die adolessent se taak om die genot wat hulle in speel ervaar het oor te dra in akademiese prestasie en werk. Adolessensie is 'n tyd vir eksploreer , maar dit kan net gebeur as die gesin se ingesteldheid oop is na die buite-wêreld. Dit is vir die adolessent nodig om te leer wat sy sterkpunte is, waarin hy/sy belangstel, wat hy/sy geniet en wat hy/sy van hom/haarself verwag, teenoor wat sy/haar ouers van hom/haar verwag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit bogenoemde blyk dit dat daar na adolessente ontwikkeling gekyk kan word vanuit verskeie modelle, wat almal ‘n bydrae maak in die beskrywing, voorspelling en verklaring van adolessente. Die adolessente ontwikkeling-stadium word nou bespreek in terme van die volgende aspekte van ontwikkeling: ontwikkelingstake, kognitiewe ontwikkeling, morele ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en identiteitsontwikkeling van die adolessent.

2.4 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE ADOLESSENT

Erickson (1963) en Havighurst (1972) beskou deur middel van hulle psigososiale ontwikkelingsmodelle die ontwikkeling van die adolessent in terme van kritieke lewensgebeure (Jaffe, 1998:55). Ontwikkeling hang af van die suksesvolle voltooiing van kritiese take op verskillende tydstippe in die lewe. Erickson (1963) beskryf agt psigososiale stadiums van ontwikkeling oor die lewensiklus van die mens. In elke stadium kom individue te staan voor take, konflikte en uitdagings. Die individue se gereedheid om elke spesifieke taak uit te voer, reflekteer sy biologiese volwassenheid en sy motivering in die voltooiing van die uitdaging (Jaffe, 1998:55). ‘n Individu moet hom/haarself in elk van die stadiums oriënteer tussen twee pole van interaksie met die omgewing. Die sukses in elke stadium lê in die sintese tussen die twee pole. Vir ‘n individu om suksesvol voort te gaan na die volgende ontwikkelingstadium, moet daar sintese tussen die pole in die huidige ontwikkelingstadium bereik word. Indien sintese nie bereik word nie, word die vorige stadium se krisis nie opgelos nie en word dit saamgedra na die nuwe stadium, wat dan ‘n groot invloed in die nuwe stadium uitoefen op die hantering van die take, uitdagings en konflikte (Louw et al., 1998:53). Adolessensie word in die vyfde stadium van ontwikkeling, geplaas wat beteken dat die suksesvolle adolessent reeds die krisisse van die vorige vier stadiums bemeester het. Die vier stadiums wat die adolessent volgens die model reeds moes bemeester het, word kortliks bespreek (Louw et al., 1998:53-54):

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Basiese vertroue teenoor wantroue**. In hierdie stadium word ‘n individu se basis vir verhoudings gelê, wat gekoppel is aan die versorging wat in die eerste lewensjaar ontvang is. Indien daar deur die primêre versorger in die individu se behoeftes voorsien is, sal die krisis opgelos wees en die individu met hoop die volgende lewenstadium ingaan.
- **Outonomie teenoor skaamte en twyfel**. In hierdie stadium moet die individu in die basiese funksies onafhanklikheid sowel as reëls en standaarde vir gedrag leer. Indien die individu hier suksesvol is, kan die volgende stadium met wilskrag ingegaan word.
- **Inisiatief teenoor skuld.** Hierdie stadium lê die grondslag van ‘n persoon se identiteit. Met groter bewegingsvryheid en selfstandigheid word hier geëksploreer en binne grense van sosiale en samelewings-reëls met situasies geëksperimenteer. Gebalanseerde ontwikkeling lei tot doelgerigtheid, wat gekenmerk word deur selfvertroue en vasberadenheid.
- **Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid**. Hierdie stadium val normaalweg saam met die laerskooljare. In hierdie stadium moet die individu in staat wees om doelgerig te kan werk om sodoende vaardighede te ontwikkel wat sy/haar selfvertroue verder bou. Gebalanseerde ontwikkeling lei tot bekwaamheid.
- **Identiteit teenoor identiteitsverwarring**. Hierdie is die adolessente ontwikkelingstadium waarin die taak van die adolessent is om identiteit te ontwikkel. Identiteit bestaan uit drie komponente, naamlik:
  - oor watter eienskappe beskik die individu,
  - aan watter sosiale groep behoort die individu,
  - oor watter waardes en ideale beskik die individu.

  Gebalanseerde ontwikkeling lei tot betroubaarheid, wat beteken dat die individu sekerheid het oor sy identiteit en waartoe hy/sy in staat is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit bogenoemde blyk dit dat vir die adolessent om die ontwikkelingstake van adolessensie suksesvol te bereik, die ontwikkelingstake van die vorige vier stadiums suksesvol afgehandel moes wees.

Havighurst (1972) en Erikson (1963) in Jaffe (1998:56) en Kimmel en Weiner (1995:16) meen dat identiteitsvorming die belangrikste taak van die adolessent is. Havighurst (1972) beskryf agt ander take wat die adolessent moet aanspreek, naamlik:

- Vorming van volwasse verhoudings met portuurs.
- Die aanneem van volwasse sosiale rolle.
- Aanvaarding van jou liggaam.
- Verkryging van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes.
- Voorbereiding vir die huwelik en ‘n gesin.
- Voorbereiding vir ‘n loopbaan en om selfonderhoudend te word.
- Verkryging van eie waardestelsel.
- Vertoning van verantwoordelike sosiale gedrag.

Jaffe (1998:56) wys ook daarop dat die spesifieke take en uitdagings vir die adolessent verskil volgens spesifieke kultuur, persoonlike omstandighede, geslag en etniese groep.

Kimmel en Weiner (1995:16-17) is van mening dat die ontwikkelingstake van die adolessent in drie stadiums verloop. Hulle verwys na die eerste stadium as vroeë adolessensie. Kenmerkend van hierdie stadium is vinnige groei, fisies en intellektueel, en die verskyning van volwasse seksuele kenmerke. Die belangrikste ontwikkelingstaak is hier die aanvaarding van hoe jy lyk en die ontwikkeling van die vermoë om die liggaam en brein effektief te gebruik. Die tweede stadium is middeladolessensie. Adolessente moet daarop fokus om hulself te vestig as outonome, interafhanklike individue wat klaarkom met ouers, portuurs en uitgaanmaats. Die belangrikste ontwikkelingstake is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- om fisies selfstandig te word en om sielkundige outonomiteit te bereik,
- om gemaklik te word in portuurverhoudings asook intieme verhoudings,
- om te leer om heteroseksuele verhoudings, seksualiteit en sosiale omgang te hanteer.

Die derde stadium word laat adolessensie genoem, wat aanhou tot die adolessent ‘n redelike, helder en konstante begrip gevorm het van sy/haar persoonlike identiteit in vergelyking met ander. Verder moes hy/sy ‘n definitiewe sosiale rol, waardestelsel en lewensdoel gevorm het.

Uit bogenoemde blyk dit dat vroeë adolessensie fokus op liggaamlike ontwikkeling en selfaanvaarding. Middeladolessensie fokus op outonomie en verhoudings met mense en laat adolessensie fokus op sosiale rolle, waardestelsel en lewensdoel. Vervolgens word kognitiewe ontwikkeling van die adolessent bespreek.

2.5 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Kognisie word deur Kimmel en Weiner (1995:104) gedefinieer as die wyse waarop ons dinge weet en oor dinge dink. Kognitiewe prosesse sluit in om aandag te gee aan spesifieke stimuli, om vorige gebeurtenisse uit die geheue te herroep, om probleme op te los en om jouself en die fisiese en sosiale wêreld te verstaan.

Die adolessent se denk- en redeneringsprosesse begin ongeveer dieselfde tyd as die liggaam verander (Jaffe, 1998:112). In hierdie tyd toon adolessente ‘n dramatiese verbetering in hulle vermoë om rasioneel te dink en om sistematies te redeneer. Die kognitiewe verandering bring mee dat adolessente ‘n ryker en meer reflektiewe begrip van hulleself, hulle sosiale omgewing en hulle toekoms ontwikkel. Na hierdie vermoëns van ‘n adolessent word verwys as intelligensie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Intelligensie word beskou as die vermoë om oor kennis te beskik, kreatief te wees, vinnig nuwe inligting of vaardighede te kan leer, ingewikkelde inligting te kan verstaan, probleme te kan oplos en om vinnig te kan aanpas by nuwe omstandighede (Jaffe, 1998:113). Volgens Gardner (1993) in Jaffe (1998:114) bestaan daar sewe verskillende tipes intelligensie, waarna hy verwys as meervoudige intelligensie. Hy onderskei tussen die volgende tipes intelligensie:

- Taalkundige intelligensie is ‘n sensitiwiteit vir klanke, ritme en betekenis van woorde en die verskillende funksies van taal. Dit is gewoonlik teenwoordig by ‘n digter, skrywer en joernalis.
- Logies-wiskundige intelligensie is ‘n sensitiwiteit vir en die kapasiteit om logiese en numeriese patrone te onderskei en die vermoë om lang redenasies te volg. Hierdie intelligensie kom voor by ‘n wetenskaplike en ingenieur.
- Musikale intelligensie is die vermoë om uitdrukking te gee aan musiek en om dit te verstaan. Dit kom voor by ‘n musikant en komponis.
- Ruimtelike intelligensie is die vermoë om visuele ruimte akkuraat waar te neem en dit te herkonstrueer in die afwesigheid van relevante stimuli. Dit kom gewoonlik voor by ‘n navigator en ‘n beeldhouer.
- Liggaamlik-kinestetiese intelligensie is die vermoë om die liggaam vaardig te gebruik vir uitdrukking. Dit kom voor by dansers en sportmanne en sportvroue.
- Interpersoonlike intelligensie is die vermoë om buie, temperamente, motiverings en intensies van ander waar te neem en toepaslik daarop te reageer. Dit kom gewoonlik voor by ‘n terapeut en ‘n verkoopsman of verkoopsvrou.
- Intra-persoonlike intelligensie is die vermoë om te onderskei tussen komplekse innerlike gevoelens en dit te gebruik om jou te lei in jou gedrag. Dit is ook om jouself te ken, bewus te wees van jou sterk en swak eienskappe en jou wense en begeertes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dus dat adolessente kognitief ontwikkel en dat dit neerkom op die vermoë om oor kennis te beskik, kreatief te wees, te kan leer, ingewikkelde inligting te kan verstaan, probleme te kan oplos en om te kan aanpas by nuwe omstandighede. Daar is verder onderskei tussen verskillende tipes intelligensie. Kognitiewe ontwikkeling word volgende bespreek deur te verwys na die stadiums van kognitiewe ontwikkeling.

2.5.1 STADIUMS VAN KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Kognitiewe ontwikkeling word volgens Piaget (1971) beskou as die resultaat van ‘n individu se interaksie met sy omgewing en word bepaal deur faktore soos liggaamlike rypwording, ondervinding en oefening, sosiale interaksie en oordrag en balans met die omgewing (Louw et al., 1998:73). Piaget (1977) verdeel menslike kognitiewe ontwikkeling in vier periodes (Jaffe, 1998:124; Louw et al., 1998:77-83; Kimmel en Weiner, 1995:115). Die eerste stadium is die sensories-motoriese stadium waarin ‘n mens die wêreld leer ken deur dit te ervaar met jou sintuie en daarop te reageer. Hierdie stadium duur van geboorte tot ongeveer twee jaar. Die tweede stadium is vanaf die tweede tot sesde lewensjaar. Kleuters ervaar die wêreld deur intuïsie en besluite en persepsies is gebaseer op fantasie. Die kleuter raak toenemend vaardig in die gebruik van woorde maar denke is nog nie logies nie. Die derde stadium kom ooreen met die laerskoolfase waarin kinders die vaardigheid bemeester om logies te dink oor die *hier en nou* wêreld en objekte in kategorieë en sub-kategorieë kan organiseer. In hierdie stadium neig kinders tot rigiede (swart en wit) denke en hulle denke word gedomineer deur persepsies, intuïtiewe verstaan en naïewe teorieë oor die lewe en die wêreld. In hierdie stadium kan kinders maklik dit wat hulle sien of hoor misinterpreteer of vinnig afleidings maak wat nie altyd realisties is nie. Die vierde stadium van kognitiewe ontwikkeling kom ooreen met die adolessente ontwikkelingstadium. Vir die meeste adolessente is daar volgens Jaffe (1989:124) tussen die ouderdomme van 11 en 14 jaar ‘n metamorfose in hulle denke en redeneringsvermoë. Hulle denke is meer soos ‘n volwassene as soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

‘n kind. Die adolessent ontwikkel die vermoë om logies te dink oor abstrakte en hipotetiese gebeure en kan redeneer oor die lewe en wêreld. Piaget (1958) noem hierdie stadium *formele operasionele denke* en meen dat hierdie vorm van denke ‘n effek het op al die areas van die adolessent se lewe. Adolessente ervaar ‘n verbeterde vermoë om simbolies te dink. ‘n Simbool is iets wat iets anders verteenwoordig. Adolessente ontwikkel ook ‘n verbeterde taalvermoë, wat hom/haar in staat stel om te dink in metafore, analogieë te maak en om literêre werke te verstaan (Jaffe, 1998:129). Die adolessent se denke is meer buigbaar, maar neig nog volgens Louw et al. (1998:423) na absolute denke. Adolessente neig om te redeneer, om sodoende hulle nuut ontwikkelde vaardigheid te gebruik op gesagsfigure, vriende, familie en die sisteme (Jaffe, 1998:128). Hierdie hoër vlak van denke stel die adolessent in staat om beter te kan dink oor sy toekoms en oor homself, sy eie gedrag en motiewe. Verandering in hoe mens dink lei ook tot veranderinge in wat mens dink (Jaffe, 1998:129). Die adolessent se groter vermoë tot abstrakte denke lei ook tot ‘n meer diepgaande bewustheid van wie hy/sy is en oor sy/haar bestaan in die wêreld. Dit stel hulle in staat om te dink oor die betekenis van die lewe, hulle doel en verantwoordelikheid daarin, asook kwessies soos die dood, lyding, en isolasie.

Uit voorafgaande blyk dit dat die adolessent in sy kognitiewe ontwikkeling die stadium van formeel-operasionele denke bereik het, wat hom in staat stel tot abstrakte denke, wat impliseer dat hy/sy ‘n meer diepgaande bewustheid het van wie hy/sy is en sy/haar bestaan in die wêreld.

2.5.2 EGOSENTRISME

Egosentrisme is die neiging om die lewe slegs te beskou in terme van die self (selfgesentreerd te wees) en om gepreokkupeer te wees met die bevrediging van eie behoeftes en begeertes. Kimmel en Weiner (1995:132) definieer egosentrisme as die onvermoë van ‘n persoon om te onderskei tussen sy eie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opinie en dié van ‘n ander. Egosentrisme plaas adolessente in die middel van ander mense se aandag wat hulle belangrik en uniek laat voel. Dit het ‘n verhoogde selfbewustheid en ongemak tot gevolg. Egosentrisme is verantwoordelik vir die kenmerkende veranderinge in adolessente gedrag, naamlik onsensitiwiteit, idealistiese denke, gevoelens van onkwesbaarheid en ‘n begeerte vir privaatheid.

Volgens Louw et al. (1998:423) en Kimmel en Weiner (1995:142) manifesteer adolessente egosentrisme in ‘n denkbeeldige gehoor en die persoonlike fabel. As gevolg van die adolessent se verhoogde selfbewustheid ervaar hy/sy dat hy/sy die fokus van alle aandag is (Louw et al., 1998:424; Kimmel en Weiner, 1995:134) en dat hy/sy blootgestel is aan ‘n denkbeeldige gehoor. Hoe ander hom/haar sien, word vir die adolessent baie belangrik. Andere ervaar weer in ‘n erge mate die persoonlike fabel, wat maak dat die adolessent uitermate bewus is daarvan dat hy/sy uniek is en in ‘n fantasie leef waarin hy/sy ‘n baie belangrike en unieke rol het. Hierdie fabel kan ook lei daartoe dat die adolessent onrealistiese gedagtes het oor die lewe en die gevolge van sy/haar dade (Jaffe, 1998:137; Louw et al.,1998:424).

Ander verskynsels in adolessente egosentrisme is volgens Kimmel en Weiner (1995:138-139) pseudo-dwaasheid en skynheiligheid. Pseudo-dwaasheid is die geneigdheid om uitermatig aan verskillende moontlike verklarings vir gebeure te dink, om komplekse motiewe vir optredes uit te dink en aanhoudend situasies te intellektualiseer. Skynheiligheid is die geneigdheid om reëls en regulasies vir ander te stel en te verwag dat ander so optree, sonder om self die reëls na te kom of te besef dat dit ook op hom/haarself van toepassing is.

Louw et al. (1998:424) meen dat egosentrisme in vroeë adolessensie toeneem maar teen middeladolessensie afneem. Sommige aspekte van egosentrisme is steeds teenwoordig in laat adolessensie, soos byvoorbeeld die teenwoordigheid van ‘n denkbeeldige gehoor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dus dat in die adolessent se volwassewording egosentrisme eers toeneem om die adolessent in staat te stel om die nuwe blootstellings, sosialisering en identiteitsontwikkeling te hanteer. Tydens middeladolessensie is daar egter ‘n afname in egosentrisme na minder selfgesentreerdheid en meer realisme.

2.5.3 SOSIALE KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Sosiale kognisie is hoe ‘n mens oor jouself dink in verhouding tot ander, hoe jy jouself handhaaf tussen familie en vriende en hoe jy maksimum harmonie bewerk en negatiewe gevoelens en konflik minimaliseer (Jaffe, 1998:134; Kimmel en Weiner, 1995:146).

Meer volwasse adolessente is in staat om verskillende perspektiewe te koördineer. Dit stel hulle in staat om oor verhoudings te dink en dit te evalueer, hulle opinies te verdedig en terselfdertyd in staat te wees om iemand anders se opinie te verstaan, asook hoe albei opinies mekaar beïnvloed. Die adolessent kan hom/haarself in iemand anders se situasie plaas en sodoende ander met meer begrip en waardering hanteer. Adolessente is in staat om situasionele- en motiveringsfaktore in ag te neem in die verstaan van hulle eie en ander se optredes. Abstrakte denke maak dit ook moontlik vir adolessente om in die daaglikse omgang met ander persoonlikheidseienskappe af te lei. Hierdie eienskap help ook die adolessent om hom/haarself te verstaan (Jaffe, 1998:134-135)

Adolessente dink abstrak oor vriendskappe, soos om vir mekaar om te gee, om gevoelens en denke te deel, mekaar te bemoedig en te ondersteun en mekaar te verdra en verskille uit te praat. Die adolessent kan ook beweeg na volwasse vriendskappe, waarin vriende sterk emosionele steun aan mekaar gee sonder om hulle onafhanklikheid prys te gee (Kimmel en Weiner, 1995:153).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling stel hom/haar dus in staat tot sosiaal-vaardige omgang met familie, vriende en ander mense. Die adolessent se morele ontwikkeling word vervolgens bespreek.

2.6 MORELE ONTWIKKELING

Om ‘n persoonlike waardestelsel te ontwikkel is een van die belangrikste ontwikkelingstake van die adolessent (Louw et al., 1998:464). Volgens Piaget (1932) in Louw et al. (1998:378) ontwikkel die kind moreel in drie stadiums. Die eerste stadium van 0 tot 4 jaar noem Piaget (1932) die pre-morele stadium, waarin die kind geen verpligting voel om reëls te gehoorsaam nie. In die volgende stadium (4 tot 8 jaar) gehoorsaam kinders reëls en is onderdanig aan gesagsfigure en beskou reëls as bindend en absoluut. Die derde stadium noem Piaget (1932) morele relativisme (10 jaar en ouer). Kinders in dié stadium neem die gevolge van oortreding van reëls in ag, maar het meer buigbare opinies wanneer die spesifieke situasie dit vereis.

Volgens Kohlberg (1975) in Jaffe (1998:153) hang morele ontwikkeling af van kognitiewe ontwikkeling en die blootstelling aan die onderskeiding tussen reg en verkeerd in die daaglikse lewe van die kind. Kohlberg (1975) is van mening dat ‘n adolessent van veertien jaar reeds op die tweede vlak van sy morele ontwikkeling is, waarin bestaande reëls en groepnorme aanvaar word. Adolessente glo dat mens jou met ander moet bemoei, betroubaar moet wees, reëls moet gehoorsaam en respek moet hê vir die samelewing se wette en reëls. Dit is belangrik om aan mense se verwagtinge te voldoen, hulpvaardig te wees en oor die algemeen goed te wees. Gedrag moet beoordeel word deur die individu se bedoelings en motiewe in ag te neem. Kohlberg (1975) meen dat vlak twee van sy klassifikasie die hoogste vlak van morele ontwikkeling is, wat die meeste volwassenes en adolessente gewoonlik bereik. Hierin word van mense verwag om hulle plig te doen en om sosiale orde te handhaaf en nie uit te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daag nie. Outoriteit moet gerespekteer word en daar word van almal verwag om verantwoordelik op te tree. Die derde vlak van morele ontwikkeling word deur min individue bereik en word postkonvensionele moraliteit genoem, waarin alle reëls onderwerp is aan ‘n hoër orde van etiese gedrag, eie gewete en universele etiese beginsels.

Jaffe (1998:160) is van mening dat kinders morele waardes leer in hulle daaglikse interaksie met ander mense. Die vermoë om moreel te kan oordeel word dus gevorm in sosiale interaksie. Daar bestaan klemverskille tussen die morele waardes van seuns en meisies. Seuns is veral bewus van onafhanklikheid en meisies van empatie en verhoudings.

Morele ontwikkeling hang dus af van kognitiewe ontwikkeling, opvoeding en sosiale interaksie. Sosiale ontwikkeling by die adolessent word vervolgens bespreek.

2.7 SOSIALE ONTWIKKELING

Sosiale ontwikkeling by die adolessent word bestudeer na aanleiding van vriendskappe en die portuurgroep. Daar word ook na die rol van die gesin en die verhoudings met die teenoorgestelde geslag gekyk.

2.7.1 PORTUURGROEPVERHOUDINGS

Die adolessent se ”sosiale ontwikkeling word gekenmerk deur ‘n toenemende belangstelling in en betrokkenheid by die portuurgroep..” (Louw et al., 1998:454). Volgens Jaffe (1998:276) is naby vriendskappe die reël gedurende adolessensie en portuurinvloed gedurende hierdie fase is gewoonlik positief en opbouend. Volgens Sullivan (1953) in Kimmel en Weiner (1995:283) begin adolessente

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met naby vriendskappe in dieselfde tyd wanneer hulle sensitief begin raak vir die behoeftes en gevoelens van ander.

Dunphy (1972) in Jaffe (1998:276) meen dat adolessente deur die portuurgroep nuwe sosiale waardes moet aanleer, aangesien dié waardes wat hulle in hulle gesinne leer, nie relevant is vir die opvoedkundige en beroepswêreld van die adolessent nie. Elke nuwe groep adolessente behoort aan ‘n nuwe generasie met sy eie gebruike, waardes en verwagtinge, volgens Codrington en Grant-Marshall (2004). Om dus aan ‘n groep te behoort, is belangrik vir die adolessent se onafhanklikwording en totstandkoming van ‘n eie identiteit. Volgens Kimmel en Weiner (1995:296) is dit vir die adolessent baie belangrik om aanvaar te word in sy portuurgroep, daarvan deel te wees en daaraan te behoort. Adolessente is baie bewus van populariteit en konformiteit met die wil en wense van die portuurgroep. Hoe die adolessent regkom met sy portuurgroep word bepaal deur dit wat hy/sy geleer het in sy gesin aangaande selfopenbaring, vertroue, lojaliteit, konflik, kompromieë en respek. (Jaffe, 1998:278)

Die adolessent se vriendskappe speel ‘n belangrike rol in sy ontwikkeling. Vriendskappe dien as kognitiewe en sosiale hulpbronne vir die ontwikkeling van morele waardes. Dit is ook hier waar adolessente hulle lewensvaardighede onder die knie kry en met ‘n verskeidenheid volwasse rolle kan eksperimenteer. In hulle gesprekke vertrou adolessente op mekaar vir bystand, terugvoer, praktiese inligting en emosionele ondersteuning (Jaffe, 1998:267). Vriendskappe speel ook ‘n belangrike rol in die vorming van ‘n identiteit en is vir die adolessent ‘n sosiale leerskool, want dis hier waar hy/sy leer van die belangrikheid van wisselwerking in naby verhoudings, selfopenbaring, versorging, vertroue en konflikoplossing.

Adolessente is meer geneig om na hulle vriende te gaan vir kameraadskap, ontspanning en begrip sodat die verhoudinge met die ouers tydelik meer op die agtergrond skuif (Louw et al., 1998:461). Dit is belangrik vir hulle vorming,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangesien dié wat in die portuurgroep aanvaar word ‘n hoër selfwaarde het en gewoonlik beter doen op skool (Jaffe, 1998:267). Kimmel en Weiner (1995:291) meen adolessente verwag van vriendskappe gedeelde aktiwiteite en belange, lojaliteit en verbintenis, samewerking, hulp en ondersteuning, eerlikheid en opregtheid, intimiteit, vertroue en afwesigheid van konflik.

Volgens Jaffe (1998:267) is die teendeel onsekere, kwesbare adolessente wat smag na aanvaarding. Die gevaar bestaan dat hulle dan by die sosiaal-verwerpte groep kan aansluit. Hierdie sosiale wanaanpassing is kommer-wekkend, aangesien dit die moontlikheid vergroot dat hierdie adolessente as volwassenes ook sosiaal wanaangepas sal wees. Adolessente wat aktief verwerp word deur die portuurgroep het dikwels nie sosiale vaardighede nie, of pas nie in nie, of is moeilik om mee klaar te kom. Moeilike huislike omstandighede veroorsaak dikwels sulke probleme. Die bykomstige las van verwerping en isolasie wat adolessente dra, lei tot spanning en weersin in hulle portuurgroep, wat weer lei tot gedragsprobleme by die skool en tuis. Bronfenbrenner (1989) en Erickson (1968) in Jaffe (1998:291) is van mening dat die opbreek van ‘n adolessent se sosiale netwerke kan lei tot beskadiging van sy/haar geestesgesondheid, sosiale gedrag en akademiese prestasie. In volwassenheid is hierdie adolessente in die hoë risikogroep vir huweliks-, seksuele-, sielkundige- en beroepsprobleme. (Parker en Asher, 1987 in Jaffe, 1998:292)

Dit blyk dus dat die portuurgroep ‘n belangrike rol speel in die adolessent se ontwikkeling. Aanvaarding in die portuurgroep dra by tot selfwaarde en identiteitsvorming, terwyl verwerping deur die portuurgroep lei tot wanaanpassing en probleme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7.2 DIE ADOLESSENT EN SY GESIN

Reeds gedurende vroeë adolessensie ondergaan die ouer-adolessent-verhouding betekenisvolle verandering en herorganisasie (Louw et al., 1998:449). Adolessente het minder behoefte aan ouerlike sorg, werk beter saam en is meer volwasse in hulle oordeel en gedrag. Ouers se verwagtings van gehoorsaamheid en respek moet plek maak vir adolessente besluitneming oor aspekte wat vir hulle belangrik is (Jaffe, 1998:217). Volgens Kimmel en Weiner (1995:224) is adolessente op soek na sielkundige vryheid van hulle ouers, vryheid om hulself te wees, om hulle eie vriende en tydverdryf te kies en die vryheid en privaatheid van hulle eie gedagtes, gevoelens en besittings.

Adolessente spandeer minder tyd saam met hulle ouers, voel minder emosioneel gebind aan hulle en neig om ouers meer te kritiseer en minder saam te stem. Hulle word ook toenemend selfhandhawend en onwillig om hulself sonder vrae aan ouerlike gesag te onderwerp (Kimmel en Weiner, 1995:227). Gevoelens tussen ouers en adolessente verander na meer negatiewe ervarings bymekaar as voorheen en die tye wat hulle saam deurbring verminder drasties. Dit reflekteer die adolessent se behoefte om te skei van sy gesin en meer sy eie lewe te leef (Jaffe, 1998:217).

Die ouerhuis vorm die basis van adolessente se kennis en gevoelens oor menslike interaksie, kommunikasie, konflik, onderhandelings, kompromieë en verhoudings. Hulle is ook sensitief vir ouerlike buie, reaksies en optredes. Die ouer-kindverhouding as eerste verhouding dien as wegspringplek vir die sosialiseringsproses van die kind. Sosialisering is die proses waardeur kinders opgevoed en geleer word om sosiale wesens te word deur die aanneem van waardes, norme, rolle en gebruike van hulle gemeenskap. Die hoofdoel van sosialisering is om vaardige, goedgemanierde en goed aangepaste volwassenes vir die samelewing voort te bring. (Alsaker, 1995 in Jaffe, 1998:221).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Codrington en Grant-Marshall (2004:74) is van mening dat die generasiesiklus die duidelikste in ouerskap is. Die wyse waarop jy grootgemaak is, affekteer jou die res van jou lewe en dit bepaal ook hoe ‘n mens op jou beurt ‘n ouer is. Mense probeer hul bes om die tekorte wat hulle ondervind het terwyl hulle grootgeword het, reg te stel. Wanneer hulle ouers word, maak hulle weer ander foute waarmee hulle kinders moet saamleef.

Ouerskapstyle het volgens Jaffe(1998:232), Louw et al. (1998:452) en Kimmel en Weiner (1995:241-242) ‘n belangrike invloed op gesinsverhoudinge en die eienskappe wat die adolessent openbaar. ‘n Goed aangepaste, sosiaal- en akademies-vaardige persoon met ‘n goeie selfkonsep is waarskynlik grootgemaak deur ouers met ‘n demokratiese opvoedingstyl. Die outoritêre ouerskapstyl neig daarna om adolessente minder selfstandig en met minder selfvertroue te laat. Hierdie adolessente gee ook meer toe aan groepsdruk en is meer ongelukkig, onvriendelik, buierig en bang. Hulle neig ook om swak te doen op skool, minder sosiale vaardighede te hê en ‘n lae selfbeeld te openbaar. “n Permissiewe ouerskapstyl het adolessente met min selfdissipline, swak prestasie, emosionele probleme en depressie tot gevolg. Adolessente met permissiewe ouers word dikwels verwaarloos en verwerp en is die groep wat die meeste probleme openbaar. Hierdie adolessente neig tot alkohol- en dwelmafhanklikheid, lae prestasie, lae selfkonsep, jeugmisdaad, afhanklikheid en lae selfbeheersing.

Die adolessent moet binne die gesinsisteem die vryheid gegun word om outonomiteit te bereik. Outonomiteit is die vermoë om onafhanklik op te tree, dinge op jou eie te doen en selfbeskikking te hê oor jou eie gedagtes, gevoelens en optredes (Louw et al., 1998:453; Kimmel en Weiner, 1995:224). Outonomiteit behels ook om nie afhanklik te wees van ander om jou basiese behoeftes te bevredig of jou optredes voor te skryf nie. Die adolessent moet ‘n balans uitwerk tussen outonomie en verbinding aan ander (Jaffe, 1998:242).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Adolessente moet dus die balans uitwerk tussen outonomie en verbinding aan hulle ouers en gesinslede. Hulle moet skei van hulle ouers en hulle eie identiteit aanneem, terwyl hulle ook hulle ouers moet probeer verstaan en akkommodeer en ‘n nuwe werkbare verhouding met hulle sluit.

2.7.3 DIE SOSIALE WÊRELD VAN DIE ADOLESSENT

Die sosiale wêreld van die adolessent word aanvanklik gekenmerk deur heteroseksuele verhoudings binne groepe van gemengde geslag (Louw et al., 1998:462). Hierdie sosiale wêreld gee aan die adolessent die geleentheid om met verhoudings te eksperimenteer, vaardighede te ontwikkel, selfvertroue te kry, onafhanklik te word en om te leer inpas in sy/haar sosiale netwerk. Om uit te gaan met maats van die teenoorgestelde geslag verhoog die adolessent se status in sy portuurgroep en verskaf pret en plesier. Oor tyd leer hierdie sosiale wêreld die adolessent waardevolle lesse oor vertroue, verbinding, selfopenbaring, afhanklikheid en mag (Kimmel en Weiner, 1995:310) en berei die adolessent voor vir volwasse rolle in verhoudings (Jaffe, 1998:366).

Ernstige en vaste verhoudings op te vroeë ouderdomme beperk adolessente se blootstelling aan heteroseksuele verhoudings en verhoog die risiko van seksuele betrokkenheid, onwelkome swangerskappe en ouerskap, familiekonflik, aborsies en seksueeloordraagbare siektes (Louw et al., 1998:462). Daar bestaan ook volgens Jaffe (1998:370) verskillende houdings tussen seuns en meisies teenoor intieme verhoudings. Die adolessente meisies hunker na emosionele verbinding in verhoudings, terwyl dit vir seuns gaan oor informele seks. Adolessente meisies ondervind morele dilemmas daarin om seunsmaats sowel as hulle maagdelikheid en selfrespek te behou, aangesien dit vir die adolessente seuns meer gaan oor trots en die aantal seksuele prestasies.

Twee generasies gelede was die norm dat huwelike bevestig word voor seksuele verhoudings (Codrington en Grant-Marshall, 2004:281). Seksuele indiskresie is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deeglik gestraf en afgekeur. Vandag word daar gemengde boodskappe aangaande seks vir die adolessente gegee. In die media word dit aangemoedig en geadverteer en seksuele aantreklikheid en aktiwiteit word so beklemtoon dat adolessente wat steeds seksueel onaktief is, skaam is daaroor. Seksuele houdings het so verander dat daar gepraat kan word van ‘n seksuele revolusie, waar individuele vryheid en keuse geld (Jaffe,1998:325).

Adolessente se seksuele gedrag word bepaal deur seksuele identiteit, gesinswaardes, etnisiteit en sosio-ekonomiese status, godsdienstigheid, verbinding tot na-skoolse opleiding, kulturele houdings, portuur- en media invloede, seksopvoeding, geleentheid vir seksuele aktiwiteit en die betekenis wat hulle gee aan hulle biologiese ontwikkeling en liggaamsensasies (Jaffe, 1998:321).

Dit blyk dat heteroseksuele verhoudings in groepe die adolessent verder help in sy ontwikkeling. Ernstige verhoudings beperk die adolessent se ontwikkeling en lei tot vroeë seksuele gedrag, wat nadele vir die adolessent kan inhou. Die seksuele revolusie gee die adolessent vryheid van keuse en keuses word bepaal deur onder andere die adolessent se waardes, sosio-ekonomiese status, ideale en toekomsverwagtinge.

2.8 IDENTITEITSONTWIKKELING BY DIE ADOLESSENT

Identiteitsontwikkeling verwys na ‘n persoon se bewustheid van hom/haarself as onafhanklike, unieke persoon met ‘n bepaalde plek in die samelewing (Plug, Louw, Gouws en Meyer, 1997). Die vorming van identiteit blyk ‘n universele vereiste vir adolessensie te wees (Louw et al., 1998:430). Jaffe (1998:172) meen adolessente is meer as enige ander ouderdomsgroep oorsensitief oor hulle voorkoms en gedrag en bestee baie tyd aan denke oor wie hulle is, wie hulle wil wees en hoe ander hulle beoordeel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Erickson (1968) in Jaffe (1998:174) en Louw et al. (1998:55) is identiteitsontwikkeling die belangrikste ontwikkelingstaak van die adolessent. Om hulle eie identiteit te ontwikkel moet adolessente die volgende take bemeester, volgens Erickson (1974) in Louw et al. (1998:431):

- Hulle moet ‘n kontinue, geïntegreerde geheelbeeld van hulleself vorm (ego-identiteit).
- Hulle moet ‘n sosio-kulturele identiteit vorm, wat sosiale rolle, verhoudings en ooreenkomste en verskille met ander behels.
- Hulle moet ’n geslagsrolidentiteit vorm.
- Hulle moet ‘n beroepsrolidentiteit vorm. Dit impliseer dat hulle realisties moet wees oor hul vermoëns, hulle sterk- en swakpunte.
- Hulle moet ‘n eie waardestelsel ontwikkel.

Indien adolessente nie die take bemeester vir identiteitsontwikkeling nie, ontstaan identiteitsverwarring, wat volgens Erickson (1974) in Louw et al. (1998:423) impliseer dat hulle ernstige vrae het oor hulle persoonlike karaktertrekke, selfbeskouing en hoe ander hulle sien. Hulle ervaar ook ‘n verwarring en doelloosheid oor rolle, hulle toekoms en hulle plek in die wêreld.

Dit blyk dus dat om identiteit te bereik die adolessent die ontwikkelingstake van ego-identiteit, sosiale identiteit, geslagsrolidentiteit en beroepsrolidentiteit moet bemeester en sy/haar eie waardestelsel moet vorm.

Volgens Marcia (1966) in Jaffe (1998:178-180) en Kimmel en Weiner (1995:393) en Mallory (1989) in Kimmel en Weiner (1995:402) kan vier identiteitstatusse onderskei word. Daar is twee veranderlikes, naamlik eksplorasie van moontlike volwasse rolle en waardes in verskeie areas van die lewe, teenoor verbinding aan spesifieke rolle en waardes in ‘n area (figuur 2.1). Hierdie veranderlikes vorm vier kwadrante wat die vier statusse voorstel. Die vier statusse openbaar tipiese karaktereienskappe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Identiteitsverwarring** – In hierdie kwadrant is eksplorasie en verbinding laag en stel dit die onderpresteerder voor, wat nie belangstel in skool nie en weinig ander moontlikhede het. Dit stel ook jeugmisdadigers en dwelmafhanklikes voor. Hierdie groep het gespanne verhoudings met ouers en gesagsfigure. Tipiese karaktereienskappe van hierdie groep is dat hulle onvoorspelbaar is, naby verhoudings vermy, kwesbare ego-verdedigingsmeganismes het, huiwerig is om op te tree en ‘n gebrek het aan persoonlike betekenis.
- **Identiteitsverhindering** – Hierdie groep het hulself verbind aan spesifieke doelstellings, waardes, rolle en geloofsoortuigings sonder genoegsame eksplorasie van alternatiewe. Hulle is gewoonlik onderdanig aan sosiale druk of hulle ouers en ander gesagsfigure, met wie hulle ‘n goeie verhouding het. Tipiese karaktereienskappe is dat hulle geslagtoepaslike gedrag vertoon, tevrede is met hulself, konvensioneel is in hulle optrede, moralisties is en konserwatiewe waardes het.
- **Identiteit-uitstellers** – Hierdie groep het genoegsaam geëksploreer, maar het nog nie hulself verbind aan enige iets nie. Hulle ervaar positiewe verhoudings met ouers en gesagsfigure. Vir hierdie mense is onafhanklikheid belangrik. Hulle is introspektief, onseker, angstig, rebels en nie inskiklik nie.
- **Identiteitbehalers** – Na deeglike ondersoek en eksperimentering verbind hierdie groep hulle aan ‘n lewensplan en werk ‘n kompromie uit tussen persoonlike behoeftes en sosiale eise. Hulle onafhanklikheid is belangrik, hulle het ‘n duidelike, bestendige persoonlikheid, konsekwente gedrag, is warm, medelydend en produktief.

Die vier statusse word volgende grafies voorgestel in figuur 2.1 as identiteitstatusse (Mallory 1989; Marcia 1966 in Kimmel en Wiener, 1995:393, 402).

Figuur 2.1: Identiteitstatusse



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dus dat om ‘n identiteitsbehaler te wees die adolessent die geleentheid moet kry om te eksploreer met moontlike volwasse rolle en waardes in verskeie areas van die lewe en in staat moet wees tot verbinding aan spesifieke rolle en waardes.

Die adolessent het ook die taak om sy identiteit en verhoudinge uit te balanseer (Jaffe, 1998:181). Hy/sy moet individualiseer as unieke individu sonder om hom/haarself te isoleer van ander. In die proses ondergaan adolessente ‘n losmaking en individualisasieproses, waarin hulle hulle losmaak van hulle ouers, ‘n eie identiteit vestig en ander verhoudings aanknoop. By individualisasie word ook geslagsverskille aangetref. Archer (1992) in Jaffe (1998:182) meen dat mans hulle identiteit soek in individualisasie en skeiding, terwyl meisies hulle identiteit baseer op verbinding en versorging. Adolessente is besig om identiteit en intimiteit uit te sorteer. Soos hulle nader aan volwassenheid beweeg, bemeester hulle ook die taak om hulle familieverbindinge uit te sorteer na ‘n werkbare verhouding met hulle ouers, waarin hulle emosioneel verbind bly, maar tog geskei is (Jaffe, 1998:183).

Na die bereiking van sy/haar eie identiteit moet die adolessent ook aandag gee aan die uitbalanseer van verhoudinge in sy/haar verskillende volwasse rolle.

2.8.1 IDENTITEITSONTWIKKELING EN KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Formeel-operasionele denke is ‘n voorvereiste vir adolessente identiteits-formulering, veral wanneer persoonlike en beroepsmoontlikhede oorweeg word (Erickson, 1968; Inhelder en Piaget, 1958; Kohlberg en Gilligan, 1971 in Jaffe, 1998:189). Die kry van perspektiewe, sosiale vergelyking en verhoogde selfbewustheid stel adolessente in staat om hulself in ‘n nuwe lig te sien. Self-verstaan is gegrond op die verstaan en waarneem van andere (portuurgroep)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat adolessente meer bewus maak van ‘n verskeidenheid van moontlike identiteite wat hulle kan aanneem. Weens adolessente se vermoë om abstrak te dink, kan hulle hulself en hulle karaktereienskappe akkuraat beskryf.

Volgens Kimmel en Weiner (1995:169) neig adolessente om beter georganiseerde, meer gestruktureerde, samehangende en konsekwente beskrywings van hulself te gee. Hulle fokus gewoonlik meer op geloofsisteme, houdings en waardes en toon groter sosiale bewustheid as jonger kinders. Hulle fokus meer op die wyses waarop ander hulle sien, wat ander van hulle dink en op die effek wat hulle gedrag op ander het. Adolessente is ook meer bewus van die verskil tussen die ware en valse self. Dit is as gevolg van die gebruik van formeel-operasionele denke, wat hulle in staat stel om insig te verkry in hulle identiteit, kontinuïteit en konsekwentheid. Hulle vermoë tot abstrakte denke stel hulle ook in staat om sosiale en politieke idees en stelsels te verstaan en te evalueer.

Dit blyk dus dat formeel-operasionele denke nodig is vir identiteitsontwikkeling, aangesien adolessente die vermoë moet hê om abstrak te kan dink en hulself en andere te kan waarneem. Adolessente moet ook meer bewus wees van ‘n verskeidenheid van moontlike identiteite wat hulle kan aanneem en moet hulself samehangend en konsekwent kan beskryf.

2.8.2 ADOLESSENTE SELFBEELD

Selfbeeld bestaan uit drie aspekte, naamlik wie jy is, wie jy wil wees en wie jy behoort te wees (Louw et al., 1998:68). Volgens Jaffe (1998:194) is selfbeeld wat ‘n mens voel oor wie jy dink jy is. Dit is met ander woorde ‘n maatstaf om ‘n persoon se selfbegrip te meet. Hoe nader ‘n mens is aan hoe jy wil wees, hoe meer hou jy van jouself. Jaffe (1998:186) onderskei ses tipes wat die selfbegrip van die adolessent vorm, naamlik:

- Ware self is hoe ‘n mens glo en ervaar dat jy self is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Valse self is die self wat ‘n mens voorgee om te wees om mense te beïndruk of te laat goed voel of bly wees. Dit is die self wat jy voorgee onder druk.
- Ideale self is die self wat jy graag wil wees, of wat jy voorgee om te wees. Dit bevat gewoonlik eienskappe wat ‘n mens in ander bewonder of waaroor jy fantaseer om graag te wees.
- Openbare self is hoe ander ‘n mens sien en ervaar. Daar is nie noodwendig konsensus tussen verskillende persone wat die persoon ken nie.
- Moontlike self verwys na wat ‘n mens moontlik kan wees
- Gevreesde self is die self wat ‘n mens vrees jy kan word.

Vir optimale funksionering moet die adolessent daarna strewe om al die tipes self te integreer in ‘n verenigde self.

Rogers (1961) in Jaffe (1998:195) meen ‘n persoon met ‘n positiewe selfbeeld word beskou as gebalanseerd en in staat om positief te voel oor ander mense en oor die lewe in die algemeen. Die persoon met ‘n lae selfbeeld is dikwels onseker in sy/haar verhoudings en gespanne oor sy/haar toekoms. Hy/sy word geassosieer met konformiteit, dwelmmisbruik, jeugmisdaad, depressie en selfmoordgedagtes, met gepaardgaande emosies van onwaardigheid en skaamte.

Selfbeeld bly gewoonlik konstant, behalwe vir persone soos adolessente wat sensitief is vir evaluering. Daar is ‘n tipiese fluktuasie in selfbeeld by adolessente. Hulle ervaar ‘n lae selfbeeld in vroeë en middeladolessensie en ‘n positiewe selfbeeld by laat adolessensie en vroeë volwassenheid (Jaffe, 1998:196).

Faktore wat selfbeeld beïnvloed, is volgens Jaffe (1998:199-202) by meisies liggaamsbeeld en voorkoms, tipiese vroulike eienskappe, positiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persoonlikheidseienskappe, sosiale vaardigheid en skoolprestasies. By seuns is dit sport, wiskunde en akademiese prestasies, voorkoms, tipiese manlike eienskappe, onafhanklikheid, aktiwiteite, stokperdjies en intelligensie. Ander aspekte wat ‘n rol speel by seuns en meisies is kommunikasievaardighede, leierskap, sosiale vaardigheid en populariteit. Adolessente wat deel is van ‘n minderheidsgroep wat in die gemeenskap diskriminasie ervaar, of aan wie afbrekende etikette toegedig word, ervaar dikwels probleme met die vestiging van ‘n positiewe selfbeeld.

Verbinding tot ‘n etniese identiteit is ook ‘n belangrike deel van die ontwikkeling van ‘n gesonde volwasse selfbeeld. Adolessente pas beter aan as hulle die geleentheid kry om hulle eie etniese tradisies by ‘n tradisionele familie wat trots en waardigheid vir hulle eie tradisies oordra, te ondersoek. Navorsing wat deur Thom (1988) in Louw et al. (1998:391) gedoen is, toon dat adolessente in Suid-Afrika hulle identiteit moet vind binne ‘n kaleidoskoop van kulture, tale en gewoontes waaraan hulle blootgestel is.

Dit blyk dus dat selfbeeld is wat jy voel oor wie jy dink jy is. ‘n Mens met ‘n positiewe selfbeeld word beskou as gebalanseerd en in staat om positief te voel oor ander mense en oor jou lewe. Die mens met ‘n lae selfbeeld het ‘n probleem met hom/haarself en ander en word waargeneem as ongebalanseerd en nie in staat tot optimale funksionering nie.

2.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na verskillende ontwikkelingsaspekte en kenmerke van die adolessent en hoe dit in sy/haar leefwêreld manifesteer.

Adolessensie beteken om te groei na volwassenheid, wat impliseer dat ‘n persoon die sosiale, kognitiewe en emosionele hulpbronne het van ‘n volwasse persoon, onafhanklik en verantwoordelik is en oor goeie oordeel en vaardighede

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskik. Ontwikkeling gebeur langs vier lyne van afhanklikheid na selfstandigheid, van egosentries na kameraadskap en van speel na werk.

Die belangrikste ontwikkelingstaak van die adolessent is om sy/haar eie identiteit te ontwikkel. Om die ontwikkelingstake van adolessensie suksesvol te bereik, moet die adolessent die ontwikkelingstake van die vorige vier stadiums suksesvol afgehandel het. Vroeë adolessensie fokus op liggaamlike ontwikkeling en selfaanvaarding. Middel-adolessensie fokus op outonomie en verhoudings met mense en laat adolessensie fokus op sosiale rolle, waardestelsel en lewensdoel.

Kognitiewe ontwikkeling by die adolessent behels die vermoë om oor kennis te beskik, kreatief te wees, te kan leer, ingewikkelde inligting te kan verstaan, probleme te kan oplos en om te kan aanpas by nuwe omstandighede. Die adolessent bereik in sy kognitiewe ontwikkeling die stadium van formeel-operasionele denke, wat hom/haar in staat stel tot abstrakte denke, wat impliseer dat hy/sy ‘n meer diepgaande bewustheid het en wonder oor wie hy/sy is en wat sy/haar doel in die lewe is. Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling stel hom/haar ook in staat tot sosiaalvaardige omgang met hom/haarself, die familie, vriende en ander mense.

In die adolessent se volwassewording neem egosentrisme eers toe om hom/haar in staat te stel om die nuwe blootstellings, sosialisering en identiteits-ontwikkeling te hanteer. Tydens middeladolessensie is daar egter ‘n afname in egosentrisme na minder selfgesentreerdheid en meer realisme.

Die portuurgroep speel ‘n belangrike rol in die adolessent se ontwikkeling. Aanvaarding dra by tot selfwaarde en identiteitsvorming, terwyl verwerping lei tot wanaanpassing en probleme. Heteroseksuele verhoudings help die adolessent in sy ontwikkeling. Ernstige verhoudings beperk die adolessent se ontwikkeling en lei tot vroeë seksuele gedrag, wat nadelig is vir die adolessent. Seksuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

revolusie gee die adolessent vryheid van keuse en keuses word bepaal deur onder andere die adolessent se waardes, sosio-ekonomiese status, ideale en toekomsverwagtinge.

Om ‘n identiteitsbehaler te wees, moet die adolessent die geleentheid kry om te eksploreer met moontlike volwasse rolle en waardes in verskeie areas van die lewe. Hy/sy moet in staat wees tot verbinding aan spesifieke rolle en waardes.
Na die bereiking van sy eie identiteit moet die adolessent ook aandag gee aan die uitbalanseer van verhoudinge in sy verskillende volwasse rolle. Adolessente moet die balans uitwerk tussen outonomie en verbinding aan hulle ouers en gesinslede. Hulle moet skei van hulle ouers en hulle eie identiteit aanneem, terwyl hulle ook hulle ouers moet probeer verstaan en akkommodeer in ‘n nuwe, werkbare verhouding.

Formeel-operasionele denke is nodig vir identiteitsontwikkeling aangesien die adolessent die vermoë moet hê om abstrak te kan dink en hom/haarself en andere te kan waarneem. Adolessente moet ook meer bewus wees van ‘n verskeidenheid van moontlike identiteite wat hulle kan aanneem en hulself samehangend en konsekwent kan beskryf.

Vervolgens word sandspel as medium vir eksplorasie bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

SANDSPEL AS MEDIUM VIR EKSPLORASIE

3.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie navorsing is om volgens die Gestaltbenadering met sandspel te eksploreer en te beskryf wat waargeneem word oor die leefwêreld van die adolessente kliënt. In hierdie hoofstuk word sandspel as medium vir eksplorasie bespreek.

Sandspel is ‘n simboliese voorstelling van ‘n persoon se leefwêreld in ’n bak wat gevul is met sand deur gebruik te maak van miniatuurobjekte wat aspekte van die alledaagse lewe en wêreld voorstel. Dit is ‘n sinvolle, niebedreigende, kreatiewe tegniek vir kommunikasie in ‘n terapeutiese situasie. Dit help die kliënt om inligting te gee oor sy/haar leefwêreld of trauma, aan die hand waarvan die terapeut verder kan eksploreer om die kliënt se leefwêreld en trauma te verstaan. Homeyer en Sweeney (1998:3) meen dat trauma sensories gebaseer is en dat dit daarom sin maak om terapie in sulke gevalle sensories gebaseer te maak vir kinders, adolessente en volwassenes. Volgens Enns en Kasai (2002:109) is een van sandspel se beste eienskappe dat dit nieverbale kommunikasie gebruik om selfbewustheid en verandering teweeg te bring. Zinni (1997:657) wys daarop dat nieverbale metodes van uitdrukking essensieel is vir kinders en veral vir getraumatiseerde kinders, aangesien hulle dit moeilik vind om gedagtes en gevoelens rondom trauma te artikuleer. Kinders wat slagoffers is van fisiese en seksuele misbruik word meestal geïntimideer om stil te bly.

Die miniature wat die kliënt gebruik om sy sandbak te bou, kan ook gesien word as metafore van die persoon se leefwêreld, wat gedrag, gevoelens, gedagtes en ervarings van die persoon insluit. Die betekenis van hierdie metafore is dan ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die betekenis wat deur elke persoon self daaraan gegee word om sodoende dit wat hy/sy ervaar het uit te beeld.

Harper (1991:90) meen dat die gebruik van kinderspel in ‘n gestruktureerde situasie ‘n geskikte, realistiese en terapeutiese wyse van assessering bied vir hoe die kind sy/haar wêreld ervaar. Die wêrelde wat kinders skep, word beskou as die uitdrukking van hulle eie eksperimentele wêrelde soos deur hulle, geïnternaliseer met al hulle konflikte, vrese, angste, fantasieë en wense. Van alle soorte nieverbale terapie is kinders die meeste aangetrokke tot sandspel (Zinni, 1997:657).

Sandspel word in hierdie hoofstuk bespreek as ‘n medium waardeur die leefwêreld van die adolessent volgens die Gestaltbenadering geëksploreer gaan word. Die moontlikhede wat sandspel as ‘n medium vir die ondersoek bied, word bespreek na aanleiding van die definiëring van sandspel, die ontstaan en agtergrond daarvan, materiale wat gebruik word, prosedures en werkswyses met sandspel en navorsing en bevindinge.

3.2 DEFINIËRING VAN SANDSPEL

Grubb (1995:429) beskou sandspel as ‘n kreatiewe proses wat verband hou met ‘n mens se aktiewe verbeelding en die speelwêreld van kinders. Grubb (1994:193) definieer sandspel as die uitspeel of die maak van ‘n emosionele voorstelling in ‘n sandbak wat gevul is met nat of droë sand, deur gebruik te maak van miniatuurobjekte, wat mense, diere, items van die natuur, huise, geboue, voertuie en ander objekte, wat uitgestal word op rakke vir die doel, insluit. Sandspel is ‘n natuurlike manier waarmee verskeie probleme in ‘n sandbak voorgestel kan word, soos byvoorbeeld ontwikkelingsprobleme, opgekropte gevoelens oor diep gebergde trauma en ontdekking van ‘n mens se ware self.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Boik en Goodwin (2000:3) beskou sandspel as ‘n ‘n konkrete voorstelling van dit wat in ‘n kliënt se binneste aangaan. In sandspel voorsien die terapeut die kliënt van sand, ‘n sandbak, water en verskeie miniatuurobjekte en materiale waarmee die kliënt ‘n toneel kan skep in die voorgeskrewe ruimte. Die sandbak is ‘n vry en leë ruimte waarin die kliënt die geleentheid het om sy/haar eie wêreld te skep en te verander soos sy/haar insigte hom/haar lei. Die terapeut verskaf ‘n veilige en nieveroordelende ruimte vir die kliënt om sy/haar wêreld en ware self te openbaar. Volgens Landreth (1991) soos aangehaal deur Homeyer en Sweeney (1998:4) is sandspel ‘n manier van nieverbale kommunikasie in ‘n dinamiese interpersoonlike verhouding tussen kliënt en terapeut, waarin die kliënt veilig kan uitdrukking gee aan sy/haar gevoelens, gedagtes, ervarings en gedrag en waarin hy/sy, hom/haarself kan eksploreer. Sandspel kan gebruik word vir kinders, adolessente en volwassenes (Markos, 1999:3).

Vir die doeleindes van hierdie studie word sandspel beskou as ‘n manier van nieverbale kommunikasie in ‘n dinamiese interpersoonlike verhouding tussen kliënt en terapeut waarin die kliënt veilig kan uitdrukking gee aan sy/haar gevoelens, gedagtes, ervarings en gedrag. Sandspel word gebruik as ‘n medium waardeur die leefwêreld van die adolessent volgens die Gestaltbenadering geëksploreer gaan word.

3.3 ONTSTAAN EN AGTERGROND VAN SANDSPEL

Die gebruik van sandspel in ‘n terapeutiese situasie is vir die eerste keer in 1929 deur Margaret Lowenfeld gedoen. Haar metode is bekend as “The World Technique” (Lowenfeld, 1979). Volgens Turner (2005:691) en Mitchell en Friedman (1994:2) het Lowenfeld se idee begin by H.G. Wells se boek “Floor Games”, waarin hy sy spel met sy seuns beskryf het. Lowenfeld het hierin die potensiaal herken om klein speelgoed te gebruik om kinders in staat te stel om hulle preverbale gedagtes te kan kommunikeer. Lowenfeld het ook die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geleentheid gesien om miniature in ‘n gedefinieerde ruimte te gebruik wat die moontlikheid daar stel vir die opskryf en ontleding van die inligting.

Lowenfeld was ‘n kindersielkundige in Londen (Carey 1999:3-4). Mitchell en Friedman (1994:7) beweer dat ervarings in Lowenfeld se lewe haar skepties gemaak het oor taal as primêre instrument van interpersoonlike kommunikasie. Lowenfeld (1979:24) meen dat daar in elke kind twee sisteme teenwoordig is. Primêre sisteme, wat ervaringe, persepsies en gedagtes is wat kinders nie verbaal kan formuleer nie en sekondêre sisteme, wat deur taal in logiese en verstaanbare terme uitgedruk kan word. Die “World Technique” gee toegang tot die primêre sisteme, omdat dit ‘n medium bied waardeur die kind dit wat in sy primêre sisteme is kan kommunikeer.

Lowenfeld (1979:4) se werkswyse was om die kinderkliënt te voorsien van ‘n metaalhouer met sand, water en miniatuurspeelgoed en dan te vra dat die kind ‘n wêreldprentjie maak in die sand. Volgens Harper (1988:14-15) was Lowenfeld van mening dat kinders hulle innerlike belewenis en gevoelens kan kommunikeer deur gebruik te maak van speelgoed, waarmee hulle dan hulle wêrelde skep. Die wêrelde wat hulle skep word beskou as verteenwoordigend van hulle nie-verbale denke, die speelgoed stel woorde voor en speel met die speelgoed stel praat voor. Die “World Technique” verskaf dus ‘n simboliese taal wat maklik verstaan kan word. As terapeut was Lowenfeld se rol dan om waar te neem en om notas te maak van die kind se sandtoneel en om na voltooiing die kind te vra om te vertel van sy/haar sandwêreld. Die terapeut moet ook die betekenis van spesifieke objekte in die sandbak van die kind klarifiseer deur vrae aan die kind te stel. Mitchell en Friedman (1994:19) wys daarop dat Lowenfeld se “World Technique” kliënte toelaat om hulle vroeëre probleme uit te lê in die sand. Die terapeut se rol in die proses is om die kind te help om sy/haar eie sandbak te verstaan (Mitchell en Friedman, 1994:79). Wat die kind in die sandbak tot stand bring, is ‘n direkte konfrontasie met hom/haarself.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lowenfeld (1979:7) deel die sandwêrelde van haar kliënte in die volgende kategorieë:

- Volledig verteenwoordigende wêreld – ‘n reproduksie van ‘n bekende of verbeeldingswêreld, samehangend en geïntegreerd.
- Onvolledig verteenwoordigende wêreld – ‘n poging om iets realisties te skep.
- Veranderlike realiteit, waarin objekte saamgevoeg word op ’n onrealistiese manier wat vir die kind reg is, maar wat hy/sy nie kan verduidelik nie.
- Fantasiewêreld volgens die kind se eie reëls.
- Gemengde wêrelde, wat aspekte van elkeen bevat.

Persone wat Lowenfeld se tegniek verder nagevors het, was volgens Turner (2005:692), Bowyer (1970), Bühler (1951) en Fischer (1940). Hierdie vroeë navorsers het baie tyd bestee aan die identifisering van tendense en patrone en die ontwikkeling van toetsmateriaal. Die vroeë navorsers het gesoek na ‘n verband tussen ontwikkelingstadiums en sandspel. Hulle wou ook vasstel hoe daar onderskei kan word tussen normale sandspel en sandspel wat dui op probleme in die kliënt se lewe (Carey, 1999:9).

Turner (2005:693) beweer dat daar terselfdertyd, maar onafhanklik van Lowenfeld, in 1937 deur Erickson ‘n bydrae gemaak is met sy “Dramatic Production Test”. Erickson (1937) se toets het behels dat miniatuurspeelgoed deur sy deelnemers gebruik is om in ‘n afgebakende ruimte ‘n dramatoneel te bou en te verduidelik. Erickson (1937) het veral gelet op die gebruik van ruimte, vorms en grootte in die toneel. Hy het die toets op twee-en-twintig jong studente-mans gedoen. Waarnemings wat Erickson (1937) gemaak het, was dat sy deelnemers, wanneer hulle met speelgoed gekonfronteer is, traumatiese gebeurtenisse van hulle kindertyd in die tonele voorgestel het.

Volgens Shaia (2002:10) het Jung (1961) in die vroeë twintigerjare sy depressie behandel deur onder andere sandtonele te bou by ‘n meer in Switserland waar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy gebly het. Jung het vir maande die proses volgehou en het later gerapporteer dat hy weer in aanraking gekom het met sy kinderdroom en weer vervul was met nuwe energie. Later het Jung (1961) daaroor berig dat die hande weet hoe om ‘n probleem op te los waarmee die intellek sukkel.

Kalff (1966) was die eerste Jungiaanse terapeut wat sandspel geïnkorporeer het met Jungiaanse teorieë (Turner, 2005:694; Carey, 1999:21; Mitchell en Friedman, 1994:19, 49). Kalff (1966) is in 1952 deur Lowenfeld opgelei en het haar werk “Sandplay” genoem om dit te onderskei van Lowenfeld se werk.
Kalff (1966) het haar werk begin met die Jungiaanse aanname dat daar ‘n natuurlike drywer na heelheid en heling in die mens se psige is, net soos in sy liggaam. Sy gaan van die standpunt uit dat daar ‘n vry en veilige ruimte vir die mens se psige geskep moet word waarin dit kan plaasvind. In hierdie ruimte moet die mens dan met sy eie innerlike hulpbronne sy eie antwoorde vir sy probleme verskaf. Kalff (1966) sien sandspel as ‘n natuurlike terapeutiese modaliteit vir die kind, wat hom/haar toelaat om beide die argetipe wêreld en die intrapersoonlike wêreld uit te druk en terselfdertyd ook kontak te hê met die realiteit. Die vermenging van hierdie dimensies binne die veilige en beskermde area wat die terapeut skep, dien as aanmoediging van rekonsiliasie, heelheid en herstel van die konneksie van die ego en die self, sodat die kind op ‘n meer gebalanseerde en kongruente manier funksioneer (Enns en Kasai, 2002:96). Kalff (1966) meen dat die terapeutiese verhouding tussen die kliënt en die terapeut die proses van heling verder fasiliteer met oordrag en teenoordrag. (Mitchell en Friedman, 1994:50).

Kalff (1991 in Mitchell en Friedman, 1994:53-54) het in haar sessies twee sandbakke van standaardgrootte (28.5dm x 19.5dm x 3dm) gevul; een met droë sand en die ander met nat sand. Kalff (1991) beskou sand as ‘n baie belangrike element van sandspel, aangesien dit uit klein korreltjies bestaan, ‘n oorspronklike natuurlike element is en tassensasie verskaf. Die sandbakke was binne blou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geverf. Honderde miniatuurobjekte wat voorstellings van die eksterne en interne wêreld bevat, word op oop rakke gepak sodat dit toeganklik kan wees vir die kliënt. Kalff (1991) het verkies om eers ‘n verhouding met haar kliënt te bewerkstellig voordat sy sandspel gebruik het. Sandspel is veral gebruik waar verbale terapie nie na wense verloop het nie. Aan volwassenes is verduidelik dat spel toegang gee tot die verbeelding, die mens voorsien van ‘n gevoel van balans en heelheid en dat dit nie net regressie na kindwees is nie. Kalff (1991) het die kliënt aan die sand laat voel en verduidelik dat die blou in die bak ‘n voorstelling is van water en dat die kliënt moet kies tussen die miniature om sy/haar wêreld voor te stel met die items wat hom/haar trek. Kalff (1991) beskou dit as belangrik dat die terapeut sal begryp wat in die sandbak gebeur en dat haar teenwoordigheid sal dien as ‘n stille getuienis van die drama wat ontvou. Die terapeut se rol is ook om wat gebeur in die sandbaksessie vas te lê met notas en sketse, maar om nie in daardie stadium enige verduidelikings of interpretasies vir die kliënt aan te bied nie. Bespreking en interpretasie moet eers gebeur wanneer die terapeut en kliënt besluit die tyd is ryp om die verband te trek tussen die simboliese voorstellings en die sigbare lewe.

Kalff (1966) het sekere ontwikkelingstadiums in kinders se sandspel waargeneem. Sy het gevind dat kinders vinnige vordering maak met hulle probleme in sandspel en dat die proses van heling outonoom plaasvind, met min of geen interpretasie van die terapeut (Carey, 1999:20-21).

In die sewentigerjare het die vroeë pioniers van sandspel begin verdwyn weens ouderdom en siekte en het Kalff se Jungiaans-simboliese benadering in sandspel oorgeneem (Mitchell en Friedman, 1994:73). Haar interpretasies van sandbakke het terapeute gefassineer, wat hulle geïnspireer het om haar metode te volg.

In die vroeë tagtigerjare het De Domenico “Sand tray World play “ ontwikkel (Boik en Goodwin, 2000:8). “Sand tray World play” fasiliteer die totstandkoming van ‘n sandtoneel wat uitdrukking gee aan ‘n gebeurtenis of ‘n belewenis vanuit ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

individuele-, gemeenskaps-, argetipe- of geestelike ervaring. Die mens wat die toneel bou, word gelei deur sy psige en gebruik die spel om die ervaring te herleef of om ‘n lewensbeskouing van sy gesin, groep, gemeenskap, nasie of voorvaders uit te sorteer (De Domenico 2001/2:36). Die mens skep dus ‘n opgedateerde persoonlike betekenismatriks wat sy/haar onmiddellike ervaring van die self en ander in die wêreld bevat. Hierdie spesiale vorm van spel bring mens in kontak met die verskillende vorms van bewustheid en ervaring van die lewe, die dood en die betekenis daarvan (De Domenico 2001/2:36). De Domenico (2001/2:36) plaas die klem op ervaring van sandspel, die sandbakskepping en die interpretasie van die sandbakskepping deur die mens wat dit geskep het. Volgens Boik en Goodwin (2000:9) het De Domenico tegnieke ontwikkel waarmee kliënte hulle sandbakskeppings intens moet ervaar, bewus moet wees van hulself en verantwoordelikheid moet neem vir hulself.

De Domenico (2001/2:1) meen dat sandspel ‘n soliede hoeksteen is vir die suksesvolle integrasie van trauma van ‘n persoonlike, gesins-, gemeenskaps- of internasionale aard, soos geïllustreer deur haar beskrywing van sandspel met slagoffers van 11 September 2001 in die Verenigde State van Amerika (De Domenico, 2001/2:36-53).

3.4 MATERIALE WAT VIR SANDSPEL GEBRUIK WORD

Volgens Homeyer en Sweeney (1998:21) is die materiale ‘n kernaspek van sandspel. Die meeste skrywers (Boik en Goodwin, 2001; Carey, 1999; Homeyer en Sweeney, 1998; Weinrib, 1983; Kalff, 1980) is dit eens dat die benodigdhede vir sandspel neerkom op sand, water, bakke vir die sand en ‘n versameling van miniatuurartikels, wat aspekte van die lewe en wêreld voorstel en wat deur die kliënt gebruik word om sy opdrag in die sand uit te voer. Boik en Goodwin (2000:19) voeg by dat kuns- en konstruksiemateriale benodig word, sowel as rakke of houers vir die uitstal van die miniatuurobjekte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie studie word dieselfde materiale gebruik. Vervolgens word die materiale wat in sandspel gebruik word bespreek en enkele variasies in aanwending deur die verskillende terapeute genoem.

3.4.1 SAND

Homeyer en Sweeney (1998:21) meen dat die keuse van sand as boumedium ‘n natuurlike verskynsel is, aangesien God volgens die Bybel (Gen 2 : 7) die mens uit stof van die aarde gemaak het. Sand het ‘n ryk geskiedenis want elke korrel het deur natuurkragte soos erosie en deformasie ontstaan en is deur wind of water na sy huidige rusplek gedra. Sand kan dus dien as ‘n kragtige metafoor van die mens se ontstaan en lewe deur al die kragte wat inwerk op die mens, soos herkoms, sosio-omgewingsfaktore, krisisse en traumas. Boik en Goodwin (2000:32) wys daarop dat sand en water neig om mense te laat regresseer na ervaringe van hulle kinderjare. Hierdie skrywers is ook van mening dat die graad van grofheid van die sand ‘n emosionele effek op die kliënte het en beveel aan dat terapeute ‘n keuse van grofheid vir die kliënte beskikbaar sal stel, asook ‘n variasie in sandkleure. Schoeman (2008) beveel aan dat kliënte die keuse moet hê tussen sand, mieliemeel of saagsels, aangesien die sand ‘n belangrike rol speel in die sensoriese bewuswording van die kliënt. Boik en Goodwin (2000:34) noem rys of semolina as alternatiewe. Die sand word vir die gebruiker in ‘n houer geplaas. Die houer, wat ‘n *sandbak* genoem word, moet een derde vol sand wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4.2 SANDBAKKE

Homeyer en Sweeney (1998:24) beskou die sandbak as die houer vir die sand en die gebruiker se psige. Kalff (1980:31) meen dat die kliënt sy sandbak-skepping met een blik moet kan sien, daarom is die grootte belangrik. Die standaardgrootte volgens Hofmeyer en Sweeney (1998:24) is 75cm x 50cm x 7.5cm. Kalff (1980:31) se sandbakke is 72cm x 57cm x 7cm. Die sandbak kan van hout of plastiek wees en die bodem en kante moet blou wees om water en lug voor te stel. Boik en Goodwin (2000:20) is van mening dat reghoekige, vierkantige en ronde bakke van min of meer dieselfde grootte, gebruik kan word en dat die kliënt sy/haar eie bak moet kan kies. Volgens hierdie skrywers beeld vierkantige en reghoekige bakke konflik en teenoorgesteldes beter uit en ronde bakke help om angstigheid en onrustigheid by die kliënt te verminder.

Homeyer en Sweeney (1998:24), Joel Ryce-Menuhim (1992:6) en Kalff (1980:31), meen dat die sandbak ‘n spasie vir die kliënt verskaf wat grense het, beskermd is en waarin hy/sy die vryheid het om te maak wat hy/sy wil. Die grootte van die sandbakke is spesifiek daarop gemik om genoeg spasie te gee vir die kliënt se voorstellings in die sand, maar nie te veel nie, omdat dit weer die kliënt kan oorweldig. Hierdie spesifieke grootte dien ook om die kliënt se verbeelding te beperk.

Homeyer en Sweeney (1998:26) beveel aan dat die sandbak op ‘n tafel geplaas word wat effens groter is as die sandbak, sodat die omliggende ruimte ook tot beskikking van die kliënt is. Die tafel moet ‘n gerieflike hoogte wees, sodat die kliënt rondom die bak kan beweeg. Boik en Goodwin (2000:25) is van mening dat sommige kliënte dit verkies om op die grond te werk, daarom moet dit ook as keuse gestel word.

Boik en Goodwin (2000:20), Homeyer en Sweeney (1998:24), Joel Ryce-Menuhin (1992:6) en Kalff (1980:31) is dit eens dat daar twee sandbakke moet

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wees, waarvan die een gevul is met droë sand en die ander met nat sand en dat dit tegelykertyd aan die kliënt beskikbaar gestel moet word, sodat hy/sy kan besluit watter een om te gebruik.

3.4.3 WATER

Homeyer en Sweeney (1998:26), Boik en Goodwin (2000:32) beveel aan dat daar water beskikbaar moet wees vir die kliënt se gebruik, aangesien dit meer moontlikhede oopmaak vir die kliënt se sandskepping.

3.4.4 MINIATUUROBJEKTE

Volgens Homeyer en Sweeney (1998:31) is die miniatuurobjekte die woorde, simbole en metafore vir die kliënt se nieverbale kommunikasie. Die kliënt gebruik die miniatuurobjekte om uitdrukking te gee aan sy/haar gevoelens, gedagtes en dit wat hy/sy glo. Volgens hierdie skrywers is te min miniatuur-objekte beperkend en te veel emosioneel oorweldigend. Boik en Goodwin (2005:35) is van mening dat die miniatuurobjekte die simboliese taal word van die kliënt se bewuste en onbewuste gedagtes, daarom is dit belangrik dat die versameling objekte baie divers moet wees en in staat moet wees om sensoriese stimulasie te bied. Daar is volgens Homeyer en Sweeney (1998:31) sekere kategorieë miniature wat in ‘n versameling ingesluit moet word om dit voldoende te maak. Die versameling moet alles wat die kollektiewe, individuele, rasse, kulturele, historiese, spirituele, sielkundige en emosionele aspekte van die kliënt en die wêreld verteenwoordig, na vore bring.

Carey (1999:10) meen elke terapeut kan besluit wat hy/sy in sy versameling wil gebruik. Volgens hierdie skrywer is Kalff (1971) van mening dat ‘n terapeut se versameling baie persoonlik is, aangesien alles in sy/haar versameling vir haar/hom betekenis moet hê. Turner (2005:356-358), Boik en Goodwin (2000:39-48) en Homeyer en Sweeney (1998:33) is van mening dat die miniature

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verteenwoordigend moet wees van die kliënt se wêreld en onderskei die volgende kategorieë:

Tabel 3.1: Kategorieë van miniature

Hoofkategorie	**Subkategorie**	**Voorbeelde**
Mense	Lewensfases	Volwassenes, adolessente, kinders, babas, oumense
	Gebeurtenisse	Troues, graduerings
	Kulture	Europeërs, Asiate, Swartmense
	Aktiwiteite	Beroepe, stokperdjies, sport
	Rolmodelle	Historiese figure, volkshelde, mitologiese figure, geloofshelde
	Gesagsfigure	Polisie, onderwyser, landdros
	Fantasiefigure	Towenaars, hekse, feetjies
	Krygers	Soldate, boksers, Indiane
Lyding en dood	Lyers	Gevangenes, slawe,
	Dood	Kiste, begrafnisse, geraamtes, skedels
	Siekte/ongeluk	Liggaamsdele, gestremdes, gewondes
Dierelewe	Prehistoriese diere	Dinosourusse
	Wilde diere	Olifante, bokke, ape
	Plaasdiere	Skape, beeste, perde, hoenders, eende
	Fantasiediere	Rendiere, jakkalse, uile, bambi's
	Mitologiese diere	Unicorns, drake
	Seediere	Walvisse, robbe, haaie, seeskilpaaie
	Visse	Dolfyne, snoek
	Reptiele	Slange, krokodille, akkedisse, paddas,
	Ongewerweldes	Skulpe, slakke, wurms,
	Insekte	Spinnekoppe, sprinkane, vlieë, motte, vlinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Siek en dooie diere		Karkasse, kreupeles, gewondes
Geboue	Tuistes	Huise, woonstelle, hutte, informele huise, skuilings, tente, karavane, grotte, boothuise,
	Kommersiële geboue	Kantore, winkels, besighede, industrieë
	Openbare geboue	Skole, kerke, howe, tronke, hospitale
	Vermaaklikheid	Bioskope, dansplekke, kroeë
Infrastruktuur	Kragvoorsiening	Kragstasies, kraglyne, straatligte
	Watervoorsiening	Damme, kanale, krane, pyplyne
	Vervoer	Paaie, brûe, spoorlyne, lughawens, hawens
	Telekommunikasie	Telefone, sentrales, selfoontorings, rekenaars
	Sport	Swembaddens, tennisbane, sportvelde, resiesbane, gimnasiums
Vervoer	Voertuie	Motors, vragmotors, fietse, motorfietse, taxi's, treine, busse, perdekarre, waens
	Vaartuie	Seilbote, roeibote, motorbote, skepe, duikbote
	Vliegtuie	Passasiersvliegtuie, ligte vliegtuie, helikopters, model vliegtuie, sweeftuie, ballonne
	Ruimtetuie	Lanseertuig, landingstuig, ruimte-stasie
Konstruksie	Grondverskuiwing	Laaigrawe, stootskrapers, graafmasjiene
	Mynbou	Boormasjiene,
	Hantering	Hyskrane, vurkhysers,
	Padbou	Teermasjiene, padskrapers, padrollers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Landbou	Akkerbou	Trekkers, ploeë, stropers, gewasse
	Wildboerdery	Heinings, besigtigingsvoertuie
	Veeboerdery	Stalle, krale, spuitgange, krippe
Natuur	Plante	Blomme, struike, gras, heinings
	Bos, Plantasie, Woud	Bome
	Versperrings	Bosse, heinings, hekke
	Vulkane	
	Items	Hout, skulpe, klippe
Artifakte	Kuns	Beelde, prente, skilderye,
	Nutsartikels	Meubels, huishoudelike toestelle,
	Gereedskap	Sae, tange, hamers, bore
	Materiale	Hout, yster, plastiek, teëls, bou-materiale
	Gebruiksartikels	Emmer, besem, potte, eetgerei,
Voedsel	Vars	Groente, vrugte, brood, melk, vleis
	Verwerk	Blikkieskos, pakkieskos, bordkos, kitskos, snoepery
	Drank	Wynbottels, bierbottels, ander bottels
Oorlog, geveg, gereg	Mense	Soldate, polisie, boewe, Indiane, sekuriteitsmense
	Wapentuig	Handwapens, vegvliegtuie, tenks,
Godsdienstig	Simbolies	Kruis, krip, gebedskrale
	Bybelse figure	Moses, Noag
	Ander gelowe	Boeddha
Padtekens		
Ruimte	Aarde	
	Planete, Sterre	
Ander	Interessante objekte	Spieël, metaalballe, ringe, houers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	Verslawings	Drank, sigarette, dwelms, spuite,
	Materiale om self objekte mee te maak	Klei, Lego, papier, penne, draad

Volgens Homeyer en Sweeney (1998:44) is daar baie opsies vir die beskikbaarstelling van die miniature vir die gebruik van die kliënte tydens sandbaksessies. Die volgende is moontlikhede: die rangskikking van miniature in rakke, (Boik en Goodwin, 2000: 27) laaie, bokse of mandjies (Lowenfeld 1979:5). Dit is egter volgens die skrywers belangrik dat die miniature in kategorieë gerangskik word, sodat dit nie die indruk skep van chaos nie. Wanneer kliënte reeds deur chaos in hulle emosionele lewe bedreig word, moet die miniature hulle nie verder verwar nie. Boik en Goodwin (2000:27) beveel aan dat die kategorieë altyd op dieselfde plekke moet wees, aangesien dit die kliënt in staat stel om ‘n volgende keer iets wat hom/haar beïndruk, het te gebruik.

Die materiale wat dus benodig word vir sandspel is miniature wat die lewe en wêreld voorstel in verskillende kategorieë, gerangskik op rakke, asook sandbakke, sand en water.

3.5 PROSEDURES EN WERKSWYSES MET SANDSPEL

Die prosedures en werkswyses van die terapeute wat sandspel gebruik, verskil. Volgens Homeyer en Sweeney (1998:67) bepaal die teorie wat die terapeut volg sy/haar prosedures en werkswyses. Die terapeute wat Jungiaans werk, verkies om persone se eie kreatiewe proses (wat die kliënt se interne heling aktiveer) alleen te laat werk en hulle bespreek nie die kliënt se skepping nie. Boik en Goodwin (2000:52-194) en Homeyer en Sweeney (1998:67) volg die kliënt se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leiding en die betekenis wat die kliënt aan die sandtoneel gee. Boik en Goodwin (2000:52-194) is van mening dat die betekenis wat die kliënt aan die sandtonele gee, simbole van die onderbewuste denke en gevoelens is. Sandspel stel dus die kliënt in staat om materiaal vanuit die onderbewuste te benut en dit te integreer met die bewuste. Die kliënt se skepping en die betekenis wat hy/sy daaraan heg, is belangrik aangesien dit vanuit sy/haar onderbewussyn afkomstig is.

Boik en Goodwin (2000:52-194) onderskei tussen spontane sandbakke en direktiewe sandbakke. Homeyer en Sweeney (1998:62) onderskei tussen niedirektiewe gebruik van sandbakke en direktiewe gebruik. Die metode wat gebruik word hang af van die doel van die terapeut met die gebruik van die sandbakke.

In hierdie studie word Boik en Goodwin (2000) en Homeyer en Sweeney (1998) se prosedures en werkswyses bespreek, aangesien daar gefokus word op die kliënt se leiding en die betekenis wat die kliënt aan die sandtoneel gee. Die sandtonele word beskou as simbole van die onderbewuste denke en gevoelens en sandspel stel die kliënt in staat om materiaal vanuit die onderbewuste te benut en dit te integreer met die bewuste.

3.5.1 SPONTANE SANDBAKKE

Volgens Boik en Goodwin (2000:53) word die sandspelproses altyd ingelei deur die bou van ‘n spontane sandbak, of volgens Homeyer en Sweeney (1998:62) ‘n niedirektiewe sandbak, waarin die kliënt gevra word om sy/haar wêreld in die sandbak voor te stel. Daar bestaan volgens Boik en Goodwin (2000:57) verskeie omstandighede waarin die terapeut die bou van ‘n spontane sandbak kan voorstel. Van die mees algemene omstandighede is wanneer die kliënt:

- geblokkeer is in sy/haar *proses*,
- probleme het om hom/haarself in woorde uit te druk,
- ‘n droom het wat hom/haar pla,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- verward is,
- sukkel met ‘n besluit,
- ‘n moeilike probleem het om op te los,
- trauma het om deur te werk.

Boik en Goodwin (2000) se spontane sandbakke en Homeyer en Sweeney (1998) se niedirektiewe sandbakke kom ooreen. Daar word vervolgens gekyk na die sandbaksessies. Boik en Goodwin (2000:54-55) onderskei ses fases in die sandspelsessies van kliënte en Homeyer en Sweeney (1998:67-75) onderskei ses stappe wat geneem word in die sandbaksessies met kliënte. Daar sal slegs verwys word na Homeyer en Sweeney (1998) se stappe waar dit Boik en Goodwin (2000) se fases aanvul.

3.5.1.1 SKEP VAN DIE SANDWÊRELD

Boik en Goodwin (2000:59) verwys hierna as die eerste fase en Homeyer en Sweeney (1998:62) as die eerste stap. Die kliënt word ingelei in die sandspel-proses en skep sy/haar wêreld gewoonlik in stilte, met die terapeut as stil en respekvolle waarnemer. Die kliënt se skepping word deur De Domenico (1988) soos aangehaal deur Boik en Goodwin (2000:71) gesien as sy/haar simboliese taal. Die terapeut let op na die kliënt se verbale en nieverbale reaksie gedurende die bou van die sandbak. Alles wat die kliënt doen, het betekenis en dien as waardevolle inligting vir die terapeut in die terapiefase. Die terapeut mag egter nie interpretasies maak of eie betekenis aan sandwêrelde heg nie. Boik en Goodwin (2000: 60-64) let op na die volgende met die doel om in die volgende fase daarmee te eksploreer.

- Wat is die volgorde van keuse van objekte?
- Wat is die gevoelsreaksie ten opsigte van objekte?
- Watter objekte word opgetel en weer teruggeplaas?
- Hoe bou die kliënt, vinnig, stadig, huiwerig of doelgerig?
- Watter kleure, vorms, materiale en grootte objekte gebruik hy/sy?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Wat is die volgorde van plasing en hoe hanteer die persoon die objekte?
- Hoe is die gedrag en houding van die kliënt as hy/sy aan die objekte vat of hulle skuif?
- Watter groeperinge gebruik hy/sy?
- In watter rigting kyk die objekte en na wie of wat kyk hulle?
- Wat word begrawe?
- Is daar skeiding en grense tussen objekte?
- Het objekte simboliese-, kulturele- of familiebetekenis vir die kliënt?

Homeyer en Sweeney (1998:65) verwys in hierdie stap na die terapeut se rol tydens die sandbaksessies as:

- Die daarstel van ‘n vry en beskermde ruimte waarin die kliënt fisies, emosioneel, geestelik en psigies veilig voel. Om dit te bewerk, moet die terapeut ten volle teenwoordig wees, sonder om te praat en moet luister, waarneem, empaties en kognitief teenwoordig wees terwyl die kliënt sy sandwêreld skep.
- Die waarneming van die kliënt se *proses* deur aandag te gee aan die nie-verbale kommunikasie van die kliënt en te let op hoe die kliënt sy/haar wêreld in die sand bou, of dit maklik of moeilik is, of hy/sy gedetermineerd of huiwerig is, of hy/sy ten volle betrokke is, of hy/sy doelgerig is, of hy/sy vooruit beplan en of hy/sy bou soos dit gebeur.
- Waarneming oor hoe die kliënt omgaan met die sand.
- Waarneming oor hoe die kliënt miniature kies en waaraan hy besonder aandag gee, wat hy vat en weer bêre en op watter kategorieë hy/sy konsentreer en watter hy/sy uitskakel.

In hierdie fase is dit belangrik vir die terapeut om die kliënt fisies, emosioneel, geestelik en psigies te laat veilig voel in ‘n vry en beskermde ruimte, sodat hy/sy kan fokus op sy/haar bewuste en onderbewuste gedagtes en gevoelens. Die terapeut moet stil wees en luister, waarneem en empaties en kognitief

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teenwoordig wees terwyl die kliënt sy/haar sandwêreld skep. Alles wat die kliënt doen, het betekenis en dien as waardevolle inligting.

3.5.1.2 ERVARING EN HERRANGSKIKKING VAN DIE WÊRELD

In die tweede fase van Boik en Goodwin (2000:65) kry die kliënt die geleentheid om sy wêreld te ervaar. Die rol van die terapeut in dié fase is om die kliënt se verbale reaksie te reflekteer en die kliënt aan te moedig om rondom die sandbak te stap, dit van alle kante te bekyk en om hom/haar te verbeel dat hy/sy in die sandwêreld is en die verskillende dele sien en ervaar. Die kliënt kan reageer teenoor sy/haar wêreld en iets verander waaraan hy/sy die behoefte het.

3.5.1.3 TERAPIEFASE

Boik en Goodwin (2000:68) meen dat die kliënt die terapeut in die derde fase moet vertel wat in sy/haar wêreld gebeur, waarna die terapeut die wêreld kan eksploreer om so die wêreld van die kliënt te begryp. Deur sy sandwêreld te verduidelik, druk die kliënt self sy simboliese wêreld in taal uit. Die terapeut kan eksploreer deur te vra dat die kliënt van elke miniatuur wat gebruik is iets vertel. Daar kan ook gevra word watter ervarings of gevoelens die miniature na vore bring, wat die ouderdom en geslag van die miniature is en watter funksies die miniature het. Die kliënt kan gevra word om te vertel oor die groeperings van die miniature en oor die rigtings waarin miniature kyk of gedraai is.

Volgens Boik en Goodwin (2000:69) vind terapeutiese intervensie in hierdie fase op die simboliese vlak plaas. Die aard van die terapie sal afhang van wat in die eksplorering na vore gekom het. Dit kan byvoorbeeld probleemoplossing wees, of die deurwerk van ‘n ervaring, geskilpunt of trauma. Die terapie word gedoen deur die miniature te gebruik en so in die simboliese wêreld te bly. Boik en Goodwin (2000:70) is van mening dat, aangesien die inhoud van die sandbakke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kliënt se psigiese bevat, dit die inhoud van die sandbakke is wat die kliënte sal konfronteer en lei tot probleemoplossing. Die taak van die terapeut is om die probleemoplossing te fasiliteer deur gebruik te maak van terapeutiese tegnieke. Hierdie fase word afgesluit deur die kliënt kans te gee om veranderinge wat in die terapiefase bespreek is in die sandbak aan te bring.

Homeyer en Sweeney (1998:68-75) beskou hierdie as die vierde stap en noem dit die *na skepping fase.* In hierdie fase eksploreer Homeyer en Sweeney (1998) die sandbak op dieselfde wyse as Boik en Goodwin (2000) maar voeg interpretasies van sandbakke gebaseer op bevindinge oor sandspel en sandspel-navorsing by. Homeyer en Sweeney (1998:68-72) gebruik die klassifikasie van sandbakke volgens Bühler (1951) en Bowyer (1970), wat aandui wat die onderliggende tema of emosionele waarneming of indruk is wat die sandbak op die terapeut maak. Hierdie klassifikasie word verder bespreek in paragraaf 3.8.

3.5.1.4 DOKUMENTASIE

Boik en Goodwin (2000:212) en Homeyer en Sweeney (1998:75) meen dat die dokumentasie van sandbakke dien om die kliënt en die terapeut te herinner wat in die sessie gebeur het. Dokumentasiemetodes is: video-opnames, ‘n foto, notas en diagramme.

3.5.1.5 OORGANG

Boik en Goodwin (2000:83) beskou die doel van hierdie fase om die kliënt te help in sy/haar oorgang van die sandwêreld na die werklikheid en om wat hy/sy geleer het toe te pas. In hierdie fase moet die kliënt besit neem van wat in die sandbak op sy/haar lewe van toepassing is. Toepaslike vrae wat in hierdie fase gevra kan word, is wat die sandbak die kliënt laat onthou het en wat in die sandbak gebeur het wat dieselfde is in die kliënt se lewe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5.1.6 OPBREEK VAN DIE WÊRELD

In hierdie fase kry die kliënt die geleentheid om self sy/haar wêreld op te breek (Boik en Goodwin 2000:85). Indien die kliënt kies om die sandbak self op te breek, moet hy/sy self die eerste item verwyder. Boik en Goodwin (2000:85) beveel aan dat daar gelet word op watter miniatuur eerste verwyder word, aangesien dit ekstra inligting kan verskaf. Toestemming moet daarna van die kliënt verkry word om te help en die kliënt se wense moet respekteer word.

Homeyer en Sweeney (1998:73) en Weinrib (1983:14) beveel aan dat die sandbak nie in die teenwoordigheid van die kliënt opgebreek word nie. Die opbreek van die sandbak moet gebeur nadat die kliënt vertrek het en die terapeut voldoende dokumentasie gedoen het.

3.5.2 DIREKTIEWE SANDBAKKE

Homeyer en Sweeney (1998:63) beskou direktiewe sandbakke as sandbakke wat deur die kliënt gebou word nadat die terapeut ‘n spesifieke opdrag gegee het. Boik en Goodwin (2000: 161) gebruik direktiewe sandbakke wanneer dit die terapeut se professionele mening is dat die kliënt nodig het om te fokus op ‘n spesifieke area wat in so ‘n mate inmeng in sy/haar lewe dat dit groei en funksionering belemmer. In direktiewe sandbakke bepaal die terapeut die metode en onderwerp van die sandbak, maar dit is steeds die kliënt se bewuste en onderbewuste wat die inhoud van die sandbak bepaal.

De Domenico (1988) het volgens Boik en Goodwin (2000:9,160-168) tegnieke ontwikkel om deur sandspel kliënte bewus te maak van wat hulle ervaar en om verantwoordelikheid vir hulself te neem. Sy gebruik direktiewe sandspel om kliënte te help met die verandering van lewenswyse, oplossing van spesifieke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

probleme, versterking van die ego, bou van vaardighede, die integrasie van teenoorgesteldes en die integrasie van trauma.

Direktiewe sandbakke word eers gebruik nadat die kliënt spontane sandbakke gebou het en dus bekend is met die prosedures en werkswyses van sandspel. Omstandighede waarin direktiewe sandbakke gebruik is deur Boik en Goodwin (2000:160 - 203) is:

- Wanneer ‘n lewensituasie deur die kliënt herontwerp moet word as gevolg van probleemgedrag wat hom/haar byvoorbeeld in die moeilikheid bring.
- Opbou van die kliënt se egokragte en aanleer van lewensvaardighede.
- Integrasie van persoonlikheidseienskappe.
- Onderhandeling van teenoorgesteldes.
- Bewusmaking van familie van oorsprong.
- Verduideliking van ‘n spesifieke probleem.
- Trauma by volwassenes en kinders.
- Identiteitsontwikkeling by die adolessent.
- Families met spesifieke probleme.
- Magstryd in families.

Direktiewe sandbakke is sandbakke wat gebou word deur die kliënt na aanleiding van ‘n spesifieke opdrag gegee deur die terapeut. Direktiewe sandbakke word gebruik wanneer die kliënt nodig het om te fokus op ‘n spesifieke area wat sy/haar groei en funksionering belemmer. In direktiewe sandbakke bepaal die terapeut waarop gefokus word, maar dit is steeds die kliënt se bewuste en onderbewuste wat die inhoud van die sandbak bepaal.

Prosedure en werkswyses van Boik en Goodwin en Homeyer en Sweeney is bespreek en daar word nou oorgegaan na aspekte van sandspelnavorsing en bevindinge in sandspel wat die interpretasie van sandbakke beïnvloed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6 NAVORSING EN BEVINDINGE IN SANDSPEL

Navorsing is op sandspel gedoen met die doel om die inligting wat verkry is te orden, te evalueer en te klassifiseer (Harper, 1994; Bowyer, 1970; Bühler, 1951), riglyne vir interpretasie van sandbakke te kry (Zinni, 1997; Grubbs, 1994; Bühler, 1951) en om toetsmateriaal te ontwikkel (Bolgar en Fischer, 1947). Hierdie navorsing en bevindings word vervolgens bespreek.

3.6.1 KLASSIFIKASIE VAN SANDBAKKE

3.6.1.1 SANDBAKKE WAT DUI OP EMOSIONELE PROBLEME

Volgens Carey (1999:7-8) het Lowenfeld (1979) bevind en Bühler (1951) bevestig dat kinders met emosionele probleme se sandbakke dikwels heelwat heinings bevat, dat wilde diere geplaas word waar hulle nie noodwendig hoort nie en ander items op ongewone plekke. Daar is ook opgelet dat dieselfde objek herhaaldelik gebruik word.

Bühler (1951) in Carey (1999:7) en in Mitchell en Friedman (1994:34) onderskei tussen kliniese en normale wêrelde met haar “World Test”. Sy is van mening dat daar drie tipes tekens in sandbakke voorkom en dat meer as een ‘n aanduiding is van die teenwoordigheid van emosionele probleme. Die tekens is:

- A-tekens: Aggressiewe wêreldtekens waarin die volgende tipies voorkom: Soldate wat veg, ongelukke wat gebeur, diere wat byt of enige ander vorms van aggressie.
- E-tekens: Leë wêreldtekens waarin minder as 50 miniature gebruik word (uitgesluit kinders onder 8 jaar) of waarin slegs ‘n paar kategorieë gebruik word, of as ‘n hoofgroep mense uitgesluit word, byvoorbeeld net kinders of volwassenes of soldate word gebruik. Volgens Bühler dui die leë wêreld

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op ‘n innerlike leegheid of ‘n gevoel van eensaamheid of ‘n behoefte om alleen te wees. Leë wêrelde kan ook beteken weerstand, emosionele fiksasie of geblokkeerde kreatiwiteit. Algehele uitsluiting van mense kan beteken ‘n behoefte om van mense weg te kom of om gesag uit te daag.

- CRD- tekens: Geslote, rigiede en deurmekaar wêrelde (uitgesluit kleiner kinders). Hierdie tipe sandbakke is gedeeltelik of totaal begrens met heinings en daar is onrealistiese rye diere, mense of ander objekte op ‘n stywe en rigiede manier gerangskik. Deurmekaar of chaotiese sandbakke kan ook voorkom. Volgens Bühler (1951) kan hierdie bakke dui op emosionele versteurings of ‘n besondere behoefte aan beskerming of sekuriteit. Rigiede wêrelde kan ook dui op ordelikheid, perfeksionisme of vreesagtigheid.

Bühler (1951) se indeling dui aan waarna die terapeut moet oplet in die sandbakke van kliënte waar emosionele probleme vermoed word. Bowyer (1970) het Bühler (1951) se navorsing aangewend en identifiseer sandbakke wat daarop dui dat die kliënt terapie benodig.

3.6.1.2 SANDBAKKE WAT AANDUI DAT TERAPIE BENODIG WORD

Bowyer (1970) het volgens Mitchell en Friedman (1994:66-71) navorsing gedoen met Lowenfeld se “World Technique”. Bowyer (1970) onderskei drie tipes sandbakke wat daarop dui dat die kliënt terapie benodig, naamlik:

- Sandbakke wat nie die toepaslike ontwikkelingstadium van die kliënt reflekteer nie.
- Sandbakke wat bewustelik ‘n probleem kommunikeer.
- Sandbakke wat in een van die volgende kategorieë val (Bühler, 1951):
    - **Leë wêreld:** een derde van die sandbak bevat nie miniature nie of 35 of minder items word gebruik. Dit word deur hierdie skrywers geïnterpreteer as dat die wêreld ‘n ongelukkige en leë plek is, of dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kliënt verwerp voel, ‘n begeerte het om te verdwyn, of depressief is.

- **Wêreld sonder mense**: ‘n wêreld waarin geen mense voorkom nie (soldate word nie gesien as mense nie). Dit word geïnterpreteer as ‘n wens van die kliënt om te ontsnap, of vyandige gevoelens en woede teen mense as gevolg van emosionele, psigologiese, spirituele, fisiese en/of seksuele wonde.
- **Geslote of omheinde wêrelde.** As die meeste van die miniature omhein is, word dit geïnterpreteer as die uitdrukking van ‘n behoefte aan selfbeskerming, kompartementalisering, om jouself af te skerm van ander, om gevare uit te sluit, ‘n vrees vir mens se eie impulse te hê of dat daar ‘n behoefte aan kontrole bestaan.
- **Rigiede wêreld:** die rangskikking van miniature in onrealistiese rigiede rye of geometriese patrone. Dit kan geïnterpreteer word as ‘n groot behoefte aan orde, perfeksionisme of kontrole, of die kliënt kan emosioneel rigied wees of onder druk.
- **Ongeorganiseerde wêreld:** wanneer items en miniature in die sand geplaas is op ‘n chaotiese en impulsiewe manier. Dit word geïnterpreteer dat die kliënt innerlike verwarring ervaar wat die chaos in sy/haar eie wêreld reflekteer, of wys op die kliënt se onvermoë om selfbeheersing uit te oefen.
- **Aggressiewe wêreld** kan die vorm aanneem van ‘n gevegstoneel met soldate of ander vegters. Dit kan ook botsings of ongelukke toon, of aanvalle van diere of insekte, of ander miniature as slagoffers. Interpretasie is die uitbeeld van aggressie.

Bowyer (1970) het met navorsing aangedui wanneer daar in die sandbakke van kliënte gesien kan word dat verdere intervensie benodig word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.1.3 SANDBAKKE WAT DUI OP TRAUMA

Zinni (1997:658) het bevind dat daar verskille bestaan in die sandbaktonele van getraumatiseerde en niegetraumatiseerde kinders met betrekking tot inhoud, tema en hoe die kinders die taak benader het. Met betrekking tot tema is waargeneem dat getraumatiseerde kinders meer dikwels voëls gebruik het, terwyl niegetraumatiseerde kinders meer dikwels stokkies gebruik het. Zinni (1997: 664-667) het die volgende bevindinge gemaak:

- Getraumatiseerde kinders skep meer ongeorganiseerde sandtonele en daar is heelwat meer skynbaar toevallige items in die sand, wat volgens Zinni (1997:666) gekoppel is aan die innerlike verwarring in die emosionele wêreld van die getraumatiseerde kinders.
- Verskille tussen getraumatiseerde kinders en ander kinders se benadering tot die taak was dat getraumatiseerde kinders ‘n chaotiese benadering gehad het en byvoorbeeld die items baie vinnig gegryp en in die sand gegooi het.
- Die sandbak van getraumatiseerde kinders het items bevat wat nie kongruent was met hulle temas nie.
- Van die getraumatiseerde kinders het tonele gebou waar daar areas was met stoptekens, verbode terreine en die gebruik van versperrings, wat volgens Zinni (1997:664) dui op kinders se behoefte om te beskerm of om beskerm te word.
- Getraumatiseerde kinders was meer geneig om tonele te skep wat ongelukke of tragedie bevat, terwyl ander kinders meer huishoudelike of gemeenskapstonele geskep het.
- Getraumatiseerde kinders is minder geneig om binne die grense van die sandbak te bly as die ander kinders.
- Getraumatiseerde kinders het dit baie moeiliker gevind om betekenisvolle kongruente sandtonele te skep volgens tema met ‘n storie. Sommige was oorweldig en nie in staat tot die taak nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Sommige getraumatiseerde kinders was oorgestimuleer deur die groot aantal miniature en het spanning ervaar oor al die keuses wat gemaak moes word met die bou van die sandbakke.

Grubbs (1994:202) het waargeneem dat getraumatiseerde kinders persepsies van hulle gesinne en gesinsituasies in die sandbak projekteer. Die eienskappe van die miniature wat getraumatiseerde kinders vir hul gesinslede gebruik, kan aandui hoe die kind die gesinslede ervaar. Die vader kan byvoorbeeld as ‘n luiperd aangedui word wat aggressief is en mense verskeur. Moedersimbole kan byvoorbeeld kompeterend, onbeskikbaar en ontoereikend wees, gemeenskappe isolerend en onbeskikbaar en vaders wreed en vyandig. Deur hierdie uitdrukking kommunikeer die kind wat nodig is om te verander in sy/haar wêreld. Grubbs (1994:202) onderskei wondsandbakke en beskou dit as sandbakke wat ‘n persoon se psigiese wonde bevat wat veroorsaak is deur trauma. Kenmerkend van hierdie bakke volgens Grubbs (1994;204) is dat die sandbakke nat of oormatig benat is en primitiewe natuurelemente bevat, soos reptiele, rotte, muise, slange, spinnekoppe, geraamtes en duiwels. Hierdie bakke het ‘n donker, vreesaanjaende en pynlike kwaliteit.

Grubbs (1994:208) is van mening dat sandspel ‘n getraumatiseerde kind in staat stel om deur die wonde en innerlike chaos van sy psige te werk sonder hulp en inmenging vanaf die terapeut se kant. Die kind kan deur sandspel in staat gestel word om beter in sy situasie te funksioneer. Grubbs (1994:208) is ook van mening dat sandspel haar in kontak bring met die innerlike leefwêreld en leefwyse van die getraumatiseerde kind.

As daar in ag geneem word dat getraumatiseerde kinders gewoonlik emosionele probleme openbaar, kan gesê word dat Grubbs (1994) Bühler (1951) se navorsing bevestig. Dit word gesien in die gebruik van CRD-tekens, nie-kongruente items op plekke waar dit nie noodwendig pas nie, heinings en A-tekens.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.1.4 SANDBAKKE VAN SEKSUELE EN FISIESE MISBRUIK

Harper (1991: 93-97) het ‘n eksplorerende studie gedoen waarin sy die sandtonele in kategorieë en in temas gerangskik het en die volgende bevind:

- Die temas van niegetraumatiseerde kinders was meestal huishoudelik, fantasie en vervulling van ‘n wens.
- Getraumatiseerde kinders het ook wensvervullingtemas gebruik, maar daar was ook konflik teenwoordig. Die narratiewe het gefokus op behoeftes vir beskerming en versorging.
- Seksueel-misbruikte kinders neig om traag te wees om die narratief van die sandtoneel te vertel en opmerklik is die afwesigheid van fantasie in hierdie groep se sandtonele. Daar is ook opgemerk dat hierdie kinders neig om dieselfde strukture en temas in hulle sandtonele te herhaal.
- Die sandtonele van die fisies-misbruikte kinders was minder georganiseerd en het geëindig in konflik of die uitspeel van een of ander geveg, oorlog of ramp. Konflik en chaos was die mees uitstaande kenmerk van dié groep. Dié groep het ook gesukkel om te kalmeer en hulle taak te voltooi.
- Die fisies- en seksueel-misbruikte kinders se temas het al die kategorieë gedek, behalwe huishoudelik. Dit is verder gekenmerk deur aksie en tonele wat begin met avontuur en eindig in ‘n ramp.
- Oor die algemeen was die sandspelsituasie vir die getraumatiseerde kinders stresvol.
- Die gedrag van veral die fisies-misbruikte kinders tydens die sandspel was ongeorganiseerd, onrustig, reg vir vlug, nie in staat om te konsentreer nie, verbaal uitdagend en hulle het geneig tot die uitlok van negatiewe reaksie. Anders as gewone kinders was hulle onbetrokke by die spel.
- Die seksueel-misbruikte groep se gedrag is gekenmerk daardeur dat hulle baie goed saamwerk, responsief is, die navorser betrek en besig hou en sodoende kontrole in die situasie probeer behou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grubbs (1995: 431) het verskille in die sandbakke van seksueel-misbruikte en nieseksueel-misbruikte kinders onderskei:

- In die gebruik van mense en diere beeld die niegetraumatiseerde kinders gesins- en gemeenskapstonele in ’n positiewe lig uit terwyl seksueel-misbruikte kinders geïsoleerde tonele bou of oorlogtemas waarin gewelddadige aanvalle uitgebeeld word op weerlose slagoffers, of sadistiese tonele van selfvernietiging. Hierdie kinders het ook oorstromings gebou waarin reptiele en slange babas verorber. Daar is ook gevind dat as niegetraumatiseerde kinders aggressie en konfrontasie uitspeel, dit minder gewelddadig is en het dit ‘n uitkoms.
- Strukturering van gesinsverhoudings: Vir die niegetraumatiseerde kinders neig die gesinne om sentraal te wees in hulle spel. Met die seksueel-misbruikte kinders was gesins- en gemeenskapsgroeperinge minder en het die bakke ‘n gevoel van eensaamheid en isolasie oorgedra. Wanneer gesinslede voorgestel is, was dit as vreemde wesens, aggressief teenoor ander, gewelddadig en destruktief.
- In kombinasie van tema en omgewing is waargeneem dat die seksueel-misbruikte kinders se tema en omgewing dood-georiënteerd, satanisties, oorloggeteister of leeg was. Niegetraumatiseerde kinders daarenteen skep aksiebelaaide gesinne, gemeenskappe, die natuur en mistieke plekke.
- Gebruik van sand en water: Die seksueel-misbruikte kinders is geneig om water in oormaat te gebruik, terwyl niegetraumatiseerde kinders nie water uitermatig gebruik nie.
- Grense: Niegetraumatiseerde kinders se grense was oop vir ander figure in die sand en meer gedefinieer, terwyl seksueel-misbruikte kinders se grense gedurig gewelddadig ingeval is deur ander elemente in die bak, of die grense was baie rigied en isolerend.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Beweging en versperrings: Vir niegetraumatiseerde kinders is beweging doelgerig en betekenisvol en nie geblokkeer nie, terwyl dit vir seksueel-misbruikte kinders geblokkeer, of invallend en vernietigend is.
- Bymekaarkom van teenoorgesteldes: Niegetraumatiseerde kinders bring teenoorgesteldes spontaan bymekaar, terwyl dit nie voorkom by seksueel-misbruikte kinders nie.

Uit die navorsing van Harper (1991) en Grubbs (1995) blyk dit dat daar duidelike verskille is in die sandbakke van seksueel- en fisies-misbruikte kinders en kinders wat nie fisies en seksueel misbruik is nie.

3.6.1.5 SANDBAKKE AS NIEVERBALE DIAGNOSTIESE TOETS

Volgens Mitchell en Friedman (1994:39) was Bolgar en Fischer (1947) se doel die ontwikkeling van ‘n nieverbale, kruiskulturele toets wat sou help met die kliniese diagnose van volwassenes. Die toets is “The Little World Test” of “ Bolgar-Fischer World Test” genoem.

Volgens Mitchell en Friedman (1994:43,44) kon Bolgar en Fischer (1947) se toets onderskei tussen normale groepe en kliniese groepe. Dit kon egter nie onderskei tussen verskillende kliniese groepe nie. Interessante tendense is egter waargeneem, naamlik:

- Kliniese groepe wys ‘n tendens om wêrelde te skep wat te leeg, of oorvol is. Hulle wêrelde is ook deurmekaar en hulle bou met min energie.
- In die alkoholiese groep is ‘n ongewone klein hoeveelheid items van verskillende kategorieë gebruik, wat die idee gee van onontwikkelde vermoëns of ongebruikte kapasiteite. Hulle wêrelde neig om onrealisties en sonder mense te wees en hulle samewerking is swak.
- Die serebraal-gestremde groep het nie spontaan begin werk nie, hulle het meer direkte instruksies en aanmoediging benodig. Hulle wêrelde was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer in rye gebou met herhalende patrone. Verder was hulle konstruksies onrealisties en min objekte is gebruik.

Hieruit blyk dit dat verdere navorsing benodig word voor sandbakke aangewend kan word in diagnostiese toetse.

3.6.1.6 AANDUIDING VAN INTELLIGENSIE IN SANDBAKKE

Die hantering van sand is ‘n belangrike element van die totale ondervinding, aangesien dit die kliënt se ervaring verryk en waardevolle ekstra inligting vir die terapeut verskaf. Bowyer (1959) in Mitchell en Friedman (1994:69) het bevind dat die hantering van sand deur dit byvoorbeeld uit te gooi, iets te begrawe, of dit te vorm of slaan, die kliënt help om emosies uit te druk. Die maak van sand-formasies soos berge, valleie, riviere, paaie, slote en golwe gee die sandtoneel ‘n ekstra dimensie en dui op gemiddelde en bo-gemiddelde intelligensie en ‘n ryk verbeelding.

Volgens navorsing stel sandbakke die terapeut in staat om afleidings en interpretasies te maak waarmee hipoteses gevorm kan word om die leefwêreld, ervaringe, omstandighede, denke, gedrag en gevoelens van kliënte te eksploreer en te begryp. Die volgende bevindings is ten opsigte van sandbakke gemaak: Dit kan aandui dat ‘n kliënt terapie benodig. Emosionele probleme kan waargeneem word. Dit kan trauma aandui. Fisiese en seksuele misbruik kan waargeneem word.

3.7 SAMEVATTING

Sandspel is in hierdie hoofstuk bespreek as medium waardeur die leefwêreld van die adolessent geëksploreer gaan word. Sandspel word beskou as ‘n manier van nieverbale kommunikasie in ‘n dinamiese interpersoonlike verhouding tussen kliënt en terapeut, waarin die kliënt veilig uitdrukking kan gee aan sy/haar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevoelens, gedagtes, ervarings en gedrag. Die materiale wat benodig word vir sandspel is miniature wat die lewe en wêreld voorstel, in verskillende kategorieë gerangskik op rakke, asook sandbakke, sand en water.

Sandbaksessies word ingelei met die gebruik van spontane sandbakke waarin die leefwêreld van die kliënt geëksploreer word. Spesifieke probleme kan ook geëksploreer word met direktiewe sandbakke. Die terapeut se rol is die daarstel van ‘n beskermde ruimte waarin die kliënt fisies, emosioneel, geestelik en psigies veilig voel. As waarnemer moet die terapeut oplet na alle verbale en nieverbale handelinge. As eksploreerder moet die terapeut die leefwêreld, ervaringe, omstandighede, denke, gedrag en gevoelens van kliënte eksploreer en begryp, sodat toepaslike intervensies gedoen kan word om die kliënt te lei tot insig, begrip, besitneming en oplossing van die probleem.

Navorsing wat gedoen is op sandbakke stel die terapeut in staat om uit die sandbakke van kliënte afleidings en interpretasies te maak waarmee hipoteses gevorm kan word om die leefwêreld van die kliënt met meer insig te eksploreer.

Daar word nou oorgegaan tot die bespreking van die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie en praktykmodel vir die gebruik met sandspel as medium vir die ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

GESTALTBENADERING AS ORIËNTERINGSTEORIE EN PRAKTYKTEORIE VIR DIE GEBRUIK MET SANDSPEL

4.1 INLEIDING

Enns en Kasai (2002:103) en Boik en Goodwin (2000:5) is van mening dat sandspel gebruik kan word vanuit ‘n wye reeks teorietiese perspektiewe. Enns en Kasai (2002:103) sien sandspel volgens die Gestaltbenadering as ‘n manier om diepte en graad van selfbewustheid te verhoog en om kliënte in terapie bewus te maak van die geïntegreerde polariteit in hulself. Volgens Boik en Goodwin (2000:5); Tennessen en Strand (1998:112), bied die Gestaltbenadering as praktykteorie aktiewe gedrags-modifikasie en transformasie in terapiesessies aan.

Die studie is gebaseer op die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie. Die Gestaltbenadering as ‘n oriënteringsteorie beskryf en verklaar gedrag en hoe en waarom probleme ontwikkel. Die Gestaltbenadering as praktykperspektief dien as ‘n lens waardeur daar na menslike gedrag en sosiale strukture gekyk word en bied leiding vir die keuses van intervensiestrategieë. Die Gestaltbenadering as praktykteorie verduidelik gedrag en situasies en gee riglyne hoe om die gedrag en situasies te verander (Sheafor, Horejsi en Horejsi, 1994:43-44).

Praktykteorie dien as ‘n padkaart vir intervensie, wat sekere veranderinge teweeg bring, maar wat gewortel is in ‘n oriënteringsteorie (Sheafor et al., 1994:44). Die *Schoeman-werkmodel* word in hierdie studie gebruik as riglyn om die intervensie te lei. Volgens Schoeman (2006:7) is haar model gebaseer op die Gestaltbenadering en gee dit ‘n raamwerk waarbinne die terapeut met die kliënt kan werk volgens die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gestaltbenadering (oriënteringsteorie). Die intervensie is om volgens die Gestaltbenadering die leefwêreld van die adolessent met sandspel te eksploreer.

Figuur 4.1: Konseptuele Raamwerk (Sheafor et al., 1994:43)



In hierdie hoofstuk word die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie beskryf. Daar word ook gekyk na die Gestaltbenadering as praktykteorie en die *Schoeman-werkmodel* as praktykteorie om te dien as riglyn vir die intervensie. Die hoofstuk word afgesluit met die bespreking van eksplorasie as tegniek in maatskaplike werk.

4.2 GESTALTBENADERING OOR DIE MENS EN SY FUNKSIONERING (ORIËNTERINGSTEORIE)

Die Gestaltbenadering toon volgens Joyce en Sills (2006:7) aan dat die mens potensieel die vermoë het om sy/haar probleme in oënskou te neem en op te los. Die Gestaltbenadering huldig ook humanistiese en eksistensiële beskouinge wat glo dat die mens gebore is om in kontak met ander mense te lewe en ‘n bevredigende en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kreatiewe lewe te lei, maar soms vasgevang word in gevestigde patrone en geloofsisteme oor sy/haarself en ander (Joyce en Sills, 1006:7). Die Gestaltbenadering het ten doel om hierdie patrone en geloofsisteme se invloed op ‘n mens se lewe in die *hier-en-nou* te ondersoek, sodat jy insig kan ontwikkel en bemagtig kan word om jou probleme op te los (Joyce en Sills, 2006:7).

‘n *Gestalt* word beskou as ‘n entiteit of geheel waarvan die som van sy verskillende dele meer is as die totaal. Die totaal het ‘n mate van struktuur en is uitkenbaar as ‘n geheel, solank daar ‘n verhouding tussen die dele is (Blom, 2004:3).

Die Gestaltbenadering het die volgende eienskappe (Joyce en Sillls, 2006:1; Blom, (2004:3):

- Dit fokus op ‘n kliënt se *hier-en-nou*-ervaring (deur bewustheid, fenomenologie en die paradoksale teorie van verandering).
- Dit is fenomenologies, met die klem op bewustheid wat impliseer dat elke persoon sy wêreld saamstel op sy eie unieke manier. Mense is dus aktief besig om hulle wêreld te organiseer en om betekenis daaraan te gee.
- Dit is gebaseer op eksistensiële dialoog en bied ‘n dialogiese verhouding.
- Die konseptuele basis van die Gestaltbenadering is holisme en die veldteorie. Volgens die veldteorie is dit onmoontlik om na ‘n mens te kyk sonder om die omgewing waaruit jy kom in ag te neem.

Die Gestaltbenadering oor die mens en sy funksionering word vervolgens bespreek na aanleiding van die teoretiese konsepte, van die *Gestaltvorming* en destruksie, die maak van kontak, polariteite, die struktuur van persoonlikheid en die paradoksale teorie van verandering.

4.2.1 TEORETIESE KONSEPTE VAN DIE GESTALTBENADERING

Die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie beskryf en verklaar menslike gedrag en die ontwikkeling van probleme. Die Gestaltbenadering word vervolgens verduidelik aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hand van teoretiese konsepte: holisme, bewustheid, veld, homeostase en organismiese selfregulering, *Gestaltvorming* en destruksie en die *hier-en-nou*-beginsel (Blom, 2004:9-40; Aronstam, 1989:630-634).

4.2.1.1 HOLISME

Alle elemente van die wêreld funksioneer as ‘n geheel en het ‘n invloed op mekaar (Aronstam, 1989:633). Die mens is ook ‘n aktiewe element in hierdie komplekse ekologiese sisteem van die kosmos. Volgens Perls(1951) is die mens ‘n geïntegreerde organisme wat altyd as ‘n eenheid funksioneer en wat nie kan oorleef sonder die omgewing nie, aangesien die omgewing benodig word vir die bevrediging van behoeftes (Blom, 2004:9; Clarkson, 1993:17).

Holisme beklemtoon ook dat die mens as eenheid verskillende dele het, naamlik die fisiese, emosionele, geestelike aspekte, taal, gedagtes, gedrag, linkerbrein en regterbrein, wat alles as geheel funksioneer, mekaar onderling beïnvloed en dus nie geskei kan word nie (Blom, 2004:10). Indien ‘n mens een aspek uitsonder en die ander ignoreer, lei dit tot fragmentasie, wat dan die organisme se funksionering bedreig. Dit is nodig dat die mens bewus is van die dele en hulle invloed op mekaar (Aronstam, 1989:631). Een van die doelstellings van terapie, volgens die Gestaltbenadering, is om hierdie fragmentasie aan te spreek en integrasie te bewerk.

Holisme beklemtoon dus dat die mens ‘n eenheid is wat uit verskillende dele bestaan wat almal mekaar onderling beïnvloed en as ‘n geheel funksioneer.

4.2.1.2 BEWUSTHEID

Volle bewustheid is nodig vir selfregulering. Sonder volle bewustheid sal ‘n persoon nie in staat wees om op ‘n dominante behoefte te kan fokus nie (Aronstam,1989:635). Hierdie skrywer meen dat die bewustheid wat nagestreef word, aan die volgende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vereistes moet voldoen: Eerstens moet die bewustheid altyd gegrond wees op die huidige dominante behoefte van die persoon. Tweedens moet die situasie vir die persoon bekend wees, asook sy reaksie op die situasie en verantwoordelikheid in die situasie. Derdens is die bewustheid in die *hier-en-nou* en ook sensories gekoppel. Aronstam (1989:635) huldig die volgende mening: "Deur volle bewustheid is die organisme dus in staat om sy mees dominante behoefte te identifiseer en toepaslik kontak te maak met sy omgewing ten einde sy behoefte te bevredig". Volgens Joyce en Sills (2006:27) is bewustheid 'n nieverbale gewaarwording, of 'n wete van wat in die *hier-en-nou* gebeur en dit is nodig vir assimilasie, groei, kontak maak, selfkennis, keuses en kreatiwiteit. Hierdie skrywers haal ook Yontef (1993) aan, wat van mening is dat bewustheid 'n persoon se kontak is met sy eie bestaan, met wat is en wat hy/sy doen en hoe hy/sy dit doen.

Joyce en Sills (2006:27) is van mening dat 'n jong kind dikwels lyk asof hy/sy in die wêreld bestaan met 'n ongebonde bewustheid, entoesiasme, lewendigheid en spontaneïteit wat verlore gaan in volwassenheid, te wyte aan vaste *Gestalts,* gedagtes en gebeurtenisse van die verlede en vrese en verwagtings vir die toekoms, wat bewustheid beperk.

Perls (1969) soos aangehaal deur Joyce en Sills (2006:30) onderskei drie sones van bewustheid: die binnesone, buitesone en die middelsone. Die binnesone is visuele sensasie, spanning in die liggaam, hartklop, asemhaling, ander liggaamsensasies en emosies. In die buitesone is die mens se gedrag, sy/haar verbale kommunikasie en sy/haar aksies. Die buitesone bevat dus al die kontakfunksies, naamlik sien, hoor, voel, praat, proe, ruik en beweeg. In die middelsone word onderskei tussen dit wat die mens dink, dit wat hy/sy onthou, verwagtinge wat hy/sy het en fantasieë. Die middelsone se hooffunksie is om ervaringe van die ander twee sones te organiseer, sodat daar kognitiewe en emosionele verstaan van gebeure kan plaasvind. Die sones bevat dus die wyse hoe 'n mens na jou wêreld kyk en dit wat gebeur interpreteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bewustheid bestaan dus uit drie sones, naamlik die binnesone wat liggaam- sensasie en emosies bevat, die middelsone wat ‘n persoon se verwerking van ervaringe, verwagtinge en drome bevat en die buitesone wat gedrag en die verbale kommunikasie bevat. Volle bewustheid is nodig vir ‘n mens om jou behoeftes te kan identifiseer, toepaslik daarop te reageer in die omgewing en om jou behoeftes te bevredig.

4.2.1.3 DIE *HIER-EN-NOU*-KONSEP

Volgens Melnick en Nevis (2005:104) is die Gestaltbenadering se beskouing dat die hede die verlede insluit en die toekoms beïnvloed. Alles wat ons dus in die verlede geleer en ervaar het, word in die hede gedra en dit beïnvloed hoe ‘n persoon sy ervaringe organiseer in die verloop van die siklus van ervaring (sien paragraaf 4.2.1.6). Cocker (2005:75) is van mening dat dit belangrik is vir ‘n persoon om ten volle teenwoordig te wees in die huidige oomblik op die huidige plek en dit sy volle aandag te gee.

4.2.1.4 VELD

Volgens Lobb (2005:26) is veld in die Gestaltbenadering ‘n mens se persoonlike persepsie van jou omgewing, intern en ekstern. Dit sluit die mens se behoeftes en ervaringe en die omgewing se eise en omstandighede in. Joyce en Sills (2006:24) beskryf veld as ‘n mens se interne en eksterne wêreld en die altyd veranderende verhouding tussen hulle. Parlett (2005:44) is van mening dat veld verwys na die omgewingsomstandighede en -invloede wat die mens se bestaan uitmaak en verwys na alle elemente van die volgende: familie, kultuur, geslag, vriende, nasionaliteit, ekonomiese omstandighede, spiritualiteit, geografiese ligging, politieke atmosfeer, beroep en gesondheid. Veld sluit ook persoonlike elemente in, soos hoop, vrese, vaardighede, beperkinge, emosionele toestand, energie, behoeftes, styl, geakkumuleerde ervaringe en geloofsisteme en ‘n mens se belewenis van moontlikhede vir kontak. Die skrywer is verder van mening dat die aspekte van veld ineengeweef is, sodat ‘n mens terselfdertyd deel van verskeie aspekte van die veld is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lewin (1952) in Parlett (2005:47) is van mening dat veld verwys na die intieme verband tussen gebeure, omgewing en die situasie waarin gebeure plaasvind.

Toman en Bauer (2005:182) meen dat die adolessent se veld bestaan uit sy eksterne omgewing en sy interne samestelling. Die adolessent se eksterne omgewing kan meer spesifiek beskryf word as sy gesin en familie, sy sosiale en kulturele wêreld en sy geografiese en politieke omgewing. Sy interne omgewing bestaan uit sy genetiese en psigososiale eienskappe, sy persoonlikheid, sy gedagtepatrone, sy behoeftes en sy fantasieë.

Ontwikkeling impliseer dat die mens en die veld oor tyd verander (Toman en Bauer, 2005:182). Die adolessent ervaar groot veranderinge in sy volwassewording en een van die veranderinge wat plaasvind is dat die invloed van die portuurgroep verander van agtergrond na voorgrond, wat ‘n groot invloed het op die verkryging van eie identiteit en die vorming van hom/haarself afsonderlik van die gesin. Die adolessent skei van die gesin se veld, word dikwels baie krities teenoor sy/haar gesin en vervang hulle met verhoudings buite die gesinsveld. Daarna draai die adolessent inwaarts vir die vind van sy eie stem en identiteit (die nuwe self apart van die gesin).

Veld word dus gesien as ‘n mens se interne samestelling en jou eksterne wêreld soos dit op ‘n gegewe tydstip vir jou is. Die adolessent ervaar groot verandering in sy/haar volwassewording wat impliseer dat daar groot verandering in sy/haar veld sal wees.

4.2.1.5 HOMEOSTASE EN ORGANISMIESE SELFREGULERING

‘n Mens moet in staat wees om te kan identifiseer wat jy aanvoel, voel, waarneem, nodig het, wil hê en waarin jy glo. Jy moet in staat wees om jou behoefte te identifiseer en ook in staat wees om jou behoeftes uit jou omgewing te bevredig om in balans of homeostase te wees (Blom, 2004:11). Die proses waardeur ‘n organisme sy behoeftes bevredig, word organismiese selfregulering genoem (Crocker, 2005:73; Blom, 2004:11; Aronstam, 1989:633). Volgens Crocker (2005:73) sal mense soos alle ander natuurlike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

organismes hulself reguleer in ‘n veranderende omgewing en omstandighede. Gevolglik is die natuurlike neiging om op so ‘n manier aan te pas dat daar balans kan wees binne die organisme en in sy omgewing.

Daar word twee maniere van selfregulasie onderskei, naamlik eksterne en interne selfregulasie (Aronstam:1989:633). Volgens Blom (2004:12) is interne selfregulasie ‘n natuurlike proses, uniek aan die mens, terwyl eksterne self regulasie afgeforseer word van buite af. Selfregulasie wat afgeforseer word, verhoed gewoonlik Gestaltvoltooiing en veroorsaak fragmentasie van die geheel.

Volgens die Gestaltbenadering is daar ‘n gedurige interaksie tussen ‘n mens se voorgrond en jou agtergrond (Blom 2004:12). As ‘n mens ‘n behoefte het, vul dit ‘n groot deel van jou bewustheid, kognisie en gedrag en vorm dit jou voorgrond, terwyl al die ander behoeftes op die agtergrond bly. As die voorgrondbehoefte bevredig word, word die *Gestalt* voltooi, beweeg dit na die agtergrond en die mens is in ‘n toestand van onttrekking, homeostase of balans, totdat ‘n nuwe behoefte verskyn en die siklus herhaal word. ‘n Gesonde mens is ook in staat om te kan onderskei tussen die omgewing se alternatiewe vir die bevrediging van behoeftes. Die behoeftes wat die mens ervaar is in enige gegewe stadium afhanklik van die stadium van ontwikkeling, omgewingsfaktore, morele ontwikkeling en kulturele gebruike (Blom, 2004:13).

Die mens in sy omgewing ervaar gedurig nuwe behoeftes. Dit kan fisiese, emosionele, sosiale, geestelike of intellektuele behoeftes wees. Ongemak word ervaar totdat ‘n behoefte bevredig is, homeostase weer herstel is en die *Gestalt* voltooi is. Hierdie proses waardeur aksie geneem word om homeostase te bewerk, word organismiese selfregulering genoem.

4.2.1.6 GESTALTVORMING EN DESTRUKSIE

Die mens is ‘n selfregulerende organisme wat gedurig bewus is van sy omgewing en in interaksie is met sy omgewing. Sodra die mens ‘n behoefte ontwikkel, word dit beskou

as dat ‘n onvoltooide *Gestalt* bestaan, wat dan vanaf die persoon se agtergrond na sy voorgrond beweeg totdat hy die behoefte bevredig het. Die *Gestalt* is dan voltooi en ‘n ander onvoltooide *Gestalt* of behoefte kry die voorgrond (Aronstam, 1989:631).

Die proses van Gestaltvorming en destruksie bestaan uit ‘n siklus van stadiums (Blom, 2004:14 –16; Selwyn,1994:7-8) of volgens Woldt en Toman (2005:x) die Gestaltsiklus van ervaringe. Joyce en Sills (2006:34-35), Reynolds (2005: 159-164) en Woldt en Toman (2005:x) beskryf hierdie Gestaltsiklus van ervaringe as dat die mens kontak maak met sy omgewing deur kontakfunksies van:

- **Sensasie en persepsie**: Die mens maak kontak met sy/haar omgewing of veld deur die sensoriese prosesse en dit aktiveer die denkprosesse en gevoelens oor die potensiële kontak tussen die mens en sy omgewing. Hierdie sensoriese en perseptuele data dien om interne prosesse te organiseer en om die mens se ervaring van sy veld na die bewuste te bring.
- **Bewustheid**: Dit sluit alle aspekte van ‘n persoon se totale self in. Hier word onderskei tussen fisiese, emosionele, kognitiewe en spirituele bewustheid Hierdie bewustheid gee betekenis aan die sensoriese en perseptuele data en keuses word gemaak ten opsigte van die maak van kontak.
- **Opwekking en mobilisering** van energie vir die maak van kontak.
- **Aksie en ontmoeting**: In hierdie stadium word voorbereidings getref vir kontak en interaksie met die omgewing. Uitdrukking word gegee aan behoeftes, gevoelens, idees en gedrag om die veld te manipuleer vir die bevrediging van behoeftes.
- **Interaksie en kontak** vind plaas en behoefte word bevredig.
- **Assimilasie, integrasie en Gestaltvorming** Die proses van Gestaltvorming en destruksie is voltooi en die persoon se behoefte is bevredig.
- **Differensiasie, sluiting en onttrekking**: Kontak word verbreek en die mens ervaar voltooidheid.

Melnick en Nevis (2005:103) noem hierdie Gestaltvorming en destruksie die **kontinuum van ervaring**. Hierdie skrywers noem die kontinuum van ervaring ‘n skema vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ideale organisasie van ‘n ervaring en beskryf dit soos volg: Die kontinuum begin met ‘n **sensasie** – sien, hoor of voel en die persoon verwerk dit dan sodat ‘n behoefte onderskei kan word. Die behoefte gee dan aanleiding tot verhoging in energie, wat die skrywers **opwinding** noem. Hierdie energie wat opgewek word, word dan gebruik om tot **aksie** oor te gaan en **kontak** te maak met die omgewing op ‘n wyse wat bevrediging van die behoefte tot gevolg het. Die skrywers noem die volgende stap in die kontinuum **refleksie** en beklemtoon dit as ‘n nodige stap, aangesien ‘n mens deur jou ervaring te reflekteer daaruit leer. Hierna **onttrek** mens van die kontinuum, aangesien die behoefte bevredig is en die persoon weer in homeostase is, totdat die kontinuum weer van voor begin wanneer ‘n nuwe behoefte ontstaan. Melnick en Nevis (2005: 103) noem dat elke mens sy eie afwyking in die ideale kontinuum het en hulle noem dit “…creative adjustment between what is available to us in the moment and our skills for marshalling our resources to obtain what we need at that time”. Hierdie skrywers is van mening dat probleme in mense se lewens voorgestel kan word as onderbrekings op die kontinuum, waar die mens geblokkeer word in die pad van behoeftebevrediging. Onderbrekings kan byvoorbeeld ontstaan by beperkte sensoriese data, wanneer ‘n mens nie jou behoeftes kan artikuleer nie, jy nie tot aksie kan oorgaan nie, of te vinnig tot aksie oorgaan, of wanneer jy nie jou ervaring reflekteer nie en dus nie uit jou ervaring kan leer nie.

Volgens Blom (2004:17) is die wyse waarop ontwikkelende kinders se behoeftes in verskillende fases bevredig word en hul belewenis van verskillende traumas bepalend in hulle ervaring van hulself. As gevolg van ‘n gebrek aan emosionele en intellektuele volwassenheid ontwikkel kinders ontoepaslike maniere om hulle behoeftes te bevredig om homeostase te bereik en fragmentering van hulle geheel ontstaan.

Die proses van Gestaltvorming en destruksie bestaan uit ‘n siklus van ervaringe, wat in figuur 4.2 geïllustreer word. Verskillende stadiums word onderskei, naamlik; sensasie en persepsie van veld; bewustheid van behoefte; opwekking en mobilisering van energie; aksie en ontmoeting met omgewing. Interaksie en kontak vind plaas en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behoefte word bevredig deur assimilasie en integrasie en die *Gestalt* is voltooi. Daarna vind onttrekking plaas, kontak word verbreek en die mens ervaar voltooidheid.

4.2.2 DIE MAAK VAN KONTAK

Kontak is tweërlei, dit is interpersoonlike kontak met ander en die omgewing (soos geïllustreer met die siklus van ervaring figuur 4.2) en intrapersoonlike kontak met ‘n mens se self en aspekte van jouself. Volgens Yontef en Jacobs (2000) soos aangehaal deur Blom (2004:19) is kontak ‘n integrale deel van alle ervaringe. Kontak met die omgewing vind plaas wanneer ‘n individu sy behoeftes in sy omgewing bevredig. ‘n Mens wat gesonde kontak maak met jou omgewing gebruik jou sintuie, liggaam, emosies en intellek (uitdrukking en kommunikasie van idees, gedagtes en behoeftes) op toepaslike wyse vir bevrediging van jou behoeftes in die omgewing (Blom, 2004:19). Kontak word verder gedefinieer deur grense (Aronstam, 1989:634). Daar word onderskei tussen dit wat deel van ‘n mens is en dit wat vir jou vreemd is of aan ‘n ander mens behoort. Die kontakgrense het twee funksies, dit bring twee mense in kontak met mekaar, maar terselfdertyd skei dit twee mense van mekaar. ‘n Mens moet dus altyd in kontak wees met jou omgewing, maar die grense moet jou kan laat onderskei waar jy ophou en die ander mense en die omgewing begin. Die funksie van grense is om die individu se identiteit te beskerm (Blom, 2004:20).

Gesonde funksionering is die vermoë van die individu om hom/haarself te kan reguleer deur sy/haar behoeftes te bevredig deur op die voorgrondbehoefte te fokus, te kan onderskei watter aspekte aan hom/haar behoort en watter aspekte vreemd is; om op toepaslike wyse kontak te maak met die omgewing; te onttrek as die Gestalt voltooi is en ‘n nuwe behoefte op die voorgrond kom. Daar word vervolgens gekyk na versteurings in hierdie kontakfunksie, wat ook in **figuur 4.2** geïllustreer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 4.2: Siklus van Ervaring
(Woldt en Toman, 2005:x)



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2.1 KONTAKGRENSVERSTEURINGS

Kontakgrensversteurings vind plaas wanneer ‘n mens nie in staat is om ‘n balans te vorm tussen jou en die wêreld nie. Hierdie mense is nie in staat tot toepaslike bewustheid nie en kan nie reageer op hulle werklike behoeftes nie (Blom, 2004:21-22; Aronstam, 1989:637), wat veroorsaak dat die *Gestalt* nie voltooi kan word nie en organismiese selfregulering nie kan plaasvind nie. Reynolds (2005:162) verwys hierna as ontwrigting van die siklus van ervaring of weerstandstyle. Die grens tussen die self en die omgewing verdwyn, of word te sterk en dit versteur kontak en bewustheid. Kontakgrensversteurings kan lei tot isolasie as dit te rigied is en nie kontak toelaat nie, of dit kan lei tot samevloeiing en die verlies van identiteit. Kontakgrensversteurings veroorsaak dat die geïntegreerde holistiese funksionering van die sintuie, liggaam, emosies en intellek, gefragmenteer word en organismiese selfregulasie nie kan plaasvind nie.

Joyce en Sills (2006:113) meen dat daar eerder gepraat moet word van modifikasie van kontak, aangesien dit in veldteorie afhang van elke mens se unieke omstandighede of die kontak soos gemaak word toepaslik is vir die situasie of nie.

Die volgende kontakgrensversteurings word onderskei (Joyce en Sills, 2006:113; Lobb, 2005:33; Blom, 2004:21-32; Aronstam,1989:637-638):

4.2.2.1.1 Introjeksie

Introjekte is idees, aannames en dit wat ‘n persoon glo oor wat hy/sy is, hoe hy/sy behoort te wees en behoort op te tree (Selwyn, 1994:14). Blom (2004: 22) en Aronstam (1989:638) meen dat introjekte ontstaan wanneer ‘n mens aspekte uit jou omgewing aanvaar sonder bewustheid, oorweging of kritiese ondersoek. Volgens Blom (2004: 22) kan dit ‘n idee, gevoel, houding, geloofsisteem of gedrag insluit. Die mens offer sy/haar eie opinie en dit wat hy/sy glo of ervaar op en aanvaar die standpunt, gevoel, geloof of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ervaring van ‘n ander. ‘n Introjek bly egter vreemd en ongeprosesseer (Blom, 2004:23; Aronstam, 1989:638). Volgens Woldt en Toman (2005:x) ontwrig introjekte bewustheid, meng in met ‘n mens se natuurlike selfregulering en ontwikkel onvoltooidhede. Introjekte wat algemeen voorkom is ontoelaatbare gevoelens, kulturele gebruike en etikettering van kinders tydens opvoeding (Blom, 2004:23).

Die teenoorgestelde van introjeksie is assimilasie, wat impliseer dat ‘n persoon houdings, geloofsisteme, idees en gedrag krities evalueer en besluit wat om deel te maak van sy omgewing of wat hy daarvan nodig het om sy behoeftes te bevredig (Blom, 2004:23; Aronstam, 1989:638). Volgens Joyce en Sills (2006: 126) kan introjekte en verwerping op ‘n kontinuum geplaas word, aangesien sommige introjekte by die mens se omstandighede pas en geassimileer kan word, terwyl ander nie van toepassing is nie en verwerp behoort te word. Volgens Selwyn (1994:17) kan ontoepaslike introjekte wat nie verwerp word nie ‘n mens se self na die agtergrond verskuif, sodat ‘n “under dog” gevorm word. Die “under dog” is die mens se ware behoeftes wat na die agtergrond skuif en padgee vir die introjekte of die “top dog”, wat dan die situasie oorheers.

In terapie word ‘n mens gehelp om introjekte te identifiseer wat inmeng met jou optimale funksionering (Blom, 2004:23).

4.2.2.1..2 Projeksie

Projeksie is die geneigdheid van ‘n mens om jou omgewing verantwoordelik te hou vir wat met jou gebeur (Blom, 2004: 24), wat impliseer dat jy nie verantwoordelikheid aanvaar vir jou eie emosies en gedrag nie maar andere daarvoor verantwoordelik hou (Selwyn, 1994:46). Volgens Selwyn (1994:46) projekteer ‘n mens wanneer jy min selfkennis het en nie in staat is om jou gevoelens te besit nie. Projeksie word gekoppel aan introjekte, wat diep ingegraveer is in ‘n mens en wat vir jou vertel wat en hoe jy dinge moet doen. Die mens se ware self, behoeftes, begeertes en gevoelens word hierdeur op die agtergrond geskuif en manifesteer dan in projeksies. Volgens Blom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(2004:24) ontstaan projeksies as ‘n mens geleer het dat sekere persoonlikheids-eienskappe, emosies en gedrag onaanvaarbaar is. Projeksies ontwrig die kontakfunksie van mobilisasie van energie (Woldt en Toman, 2005:x).

Gedurende terapie en intervensie moet ‘n mens gehelp word om te eien wat jy op ander projekteer om sodoende jou selfbewustheid, eie identiteit en kontak met jou omgewing te bevorder en organismiese selfregulering te herstel (Blom, 2004:25). Aronstam (1989:638) is van mening dat die teenoorgestelde van projeksie besitneming is, waardeur ‘n persoon geprojekteerde eienskappe kan erken en aanvaar.

4.2.2..1.3 Samevloeiing

Samevloeiing is die wyse waarop die mens in verhouding is met die omgewing, wat mense, plekke, objekte of idees kan wees (Selwyn, 1994:144). Aronstam (1989:635) is van mening dat samevloeiing “kontak is sonder die nodige behoud van grense tussen wat eie is aan die persoon en erkenning van andersheid”. Samevloeiing gebeur as ‘n mens nie weet waar jou grense met die omgewing is nie. Hierdie tekort aan grense verhoed positiewe kontak met die omgewing, aangesien ‘n mens se eie identiteit verlore gaan, sowel as die bewustheid van jouself wat jou van die omgewing skei (Blom, 2004:26). Die persoon in samevloeiing neig dus om ‘n “pleaser” te wees en wil altyd alles vir almal doen ten koste van sy/haar eie behoeftes. Persone met samevloeiing vind dit moeilik om te differensieer en te onttrek (Woldt en Toman, 2005:x). Samevloeiing en onttrekking kan ‘n kontinuum vorm. Dit is in ‘n toepaslike konteks noodsaaklik, soos byvoorbeeld tussen ‘n moeder en haar baba en ontoepaslik tussen die adolessent en sy/haar moeder (Joyce en Sills, 2006:121).

Persone met samevloeiing as kontakgrensversteuring kan met terapie gehelp word om weerstand te bied en om bewus te word van hulle eie identiteit en behoeftes (Blom, 2004:26).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2.1.4 Retrofleksie

Retrofleksie is ’n proses waardeur ‘n mens impulse en reaksies wat jy nie in staat is om uit te druk in jou omgewing nie, terugdraai na jouself (Selwyn, 1994:73). Gevoelens word dus onderdruk. Blom (2004:27) en Aronstam (1989:638) meen retrofleksie is as ‘n mens aan jouself doen wat jy aan ‘n ander wou doen. ‘n Mens leer om te reflekteer as daar nooit ag geslaan is op jou gedagtes en emosies nie. Die gedagtes en emosies van so ‘n mens word as onbelangrik of selfs as onaanvaarbaar beskou, veral as hy/sy ook nog daarvoor gestraf was. So ‘n mens leer om sy/haar gedagtes en emosies na hom/haarself te keer en dit manifesteer in psigosomatiese simptome. Retrofleksie het ‘n negatiewe invloed op ‘n persoon se selfbewustheid. Volgens Müller (1996) soos aangehaal deur Melnick en Nevis (2005:109) kan gebeurtenisse in drome retrofleksies wees waaraan ‘n mens in die werklikheid nie kan uitdrukking gee nie. Woldt en Toman (2005:xi) is van mening dat retrofleksie die kontakfunksie van aksie en interaksie ontwrig. Aronstam (1989:639) is van mening dat ‘n mens wat die kontakgrensversteuring van retrofleksie gebruik, gehelp kan word indien jy uiting kan gee aan dit wat jy aan andere wil doen.

4.2.2.1.5 Defleksie

Blom (2004: 28) en Selwyn (1994:130) beskryf defleksie as ‘n manier om direkte kontak met ander mense te vermy (ook sigbaar daarin dat oogkontak vermy word). Dit kan nuttig wees in die openbare lewe en in die sosiale arena, maar veroorsaak probleme as dit gebruik word om gevoelens en kontak te vermy (Selwyn, 1994:130). Deur defleksie verminder ‘n mens jou bewustheid van die omgewing en sodoende die impak en stimuli daarvan. Defleksie ontwrig volle kontak in die siklus van ervaring (figuur 4.2), (Woldt en Toman, 2005:x).

Blom (2004:28) is van mening dat ‘n mens defleksie gebruik as strategie om jouself teen emosionele pyn te beskerm. So ‘n mens is emosioneel kwesbaar en reageer op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy/haar emosies met ontoepaslike gedrag, is nie in staat om dit te kontroleer of te beheer nie en vermy daarom die omgewing wat die emosies kan stimuleer.

4.2.2.1.6 Desensitasie

Desensitasie is wanneer ‘n mens jouself ongevoelig maak ten opsigte van jou liggaamsensasies (Blom, 2004: 29). Die bestaan van pyn en ongemak word buite die mens se bewuste gehou. Die mens sluit hom/haarself dus af van sensoriese en fisiese ervaring van pyn en ongemak. Dikwels word die emosies wat gepaard gaan met die fisiese pyn of ongemak ook uitgeblok en is dan nie deel van die mens se voorgrondbehoefte nie. Woldt en Toman (2005:x) wys daarop dat desensitasie die kontakfunksie van sensasie ontwrig (figuur 4.2).

Blom (2004:30) meen dat desensitasie in terapie behandel moet word deur hierdie mense weer in kontak te bring met hulle liggaamsbehoeftes.

4.2.2.1.7 Egotisme

Egotisme is wanneer ‘n mens ‘n objektiewe rasionale bewustheid van jou ervaring het wat subjektiewe of emosionele ervaring uitsluit (Blom, 2004:31). Die mens is dus nie in kontak met hom/haarself nie. So ‘n mens poog om kontrole te hê oor onkontroleerbare en onvoorspelbare gebeure met gedurige objektiewe gedrag, sonder enige emosionele kontak. Hierdie mens gee die indruk dat hy/sy in beheer van hom/haarself is en hom/haarself nooit toelaat om iets spontaan te beleef, te gee of te ontvang nie. Egotisme blokkeer organiese selfregulering en selfbewustheid en Woldt en Toman (2005:x) meen egotisme blokkeer assimilasie en integrasie wat kontak met andere bemoeilik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2.2 DIE INVLOED VAN KONTAKGRENSVERSTEURINGS OP ADOLESSENTE SE ONTWIKKELING

Volgens die oriënteringsteorie van die Gestaltbenadering is dit die adolessent se taak om hom/haarself los te maak van die gesinsveld en selfstandig te raak. Die adolessent bevind hom/haar dus enige plek langs hierdie ontwikkelingslyn tussen afhanklikheid en selfstandigheid, afhangende van die gesin se toleransie vir die skeiding en herdefiniëring. Gesinne verskil in die hantering van die adolessent se losmaking. Gesonde reaksie is volgens McConville (1995) soos aangehaal deur Toman en Bauer (2005:185) die erkenning van die adolessent se gedagtes en gevoelens en ondersteuning in die proses van losmaking. Tipiese gesinsweerstand teen die losmaking is geleë in die gesin se kontakgrensversteurings van introjekte, samevloeiing, projeksie, retrofleksie, defleksie en desensitering. McConville (1995) in Toman en Bauer (2005:185) meen dat ouers met introjekte neig om van adolessente te verwag om dieselfde wêreldbeskouing as hulle te huldig sonder enige toelating van hulle eie denke en belange. Gesinne met samevloeiing is gefokus op gevoelens en beskou konflik as ‘n mislukking. Daar word dus van almal verwag om saam te stem. Gesinne wat projekteer, verwyt mekaar vir wat verkeerd is in die gesin, of een gesinslid word beskou as die swartskaap. Gesinne wat retroflekteer is gereserveerd en na binne gekeer, wat die geleentheid om uit te reik beperk en konflik word geïnternaliseer. Deflekterende gesinne fokus op kunsmatige sake sonder om erkenning te gee aan gevoelens en dit wat regtig belangrik is. Hierdie gesinne deflekteer kontak met humor, oormatige gepraat of beleefdheid. Gedesensiteerde gesinne vertoon dood, onbetrokke of magteloos. Dikwels wend die adolessent hom hier tot risikogedrag om meer deel van die lewe te voel en om te kan skei van die gesin.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.3 POLARITEITE

Crocker (2005:77) huldig die opinie dat polariteite ‘n natuurlike verskynsel in die natuur en in die menslike bestaan is. Polariteite is egter dikwels verantwoordelik vir innerlike konflikte, wat ‘n verwarrende en soms verlammende invloed op die mens se funksionering het. Thompson en Rudolph (1996:142) meen dat in elke mens se persoonlikheid polariteite is, wat veroorsaak dat ‘n groot deel van die daaglikse lewe daaraan gewy word om konflikte wat ontstaan het as gevolg van hierdie polariteite, op te los. Mense beweeg gedurig tussen natuurlike aspekte van hulself, byvoorbeeld liggaam en gees, die self en die eksterne wêreld, bewuste en onbewuste. Dit veroorsaak polariteite van emosies, soos om lief te hê en om te haat. Daar is ook polariteite in gedrag, soos goeie gedrag teenoor slegte gedrag en polariteite teenoor ander, soos vriendskap teenoor vyandskap (Blom, 2004:32).

Probleme met organismiese selfregulering ontstaan wanneer ‘n persoon net een kant van ‘n polariteit erken en toelaat en die ander kant ontken (Blom, 2004:33). Al die persoon se energie word dan gebruik om die toelaatbare polariteit te onderhou ten koste van die nietoelaatbare deel. Polariteite neig om mense te verwar, wat dit moeilik maak om te aanvaar en in hulleself en in andere te erken. Die ontken en uitblok van een polariteit lei tot fragmentasie in die persoonlikheid.

Terapie word aangewend om mense bewus te maak van polariteite in hulleself, hulle gevoelens en hulle gedrag, asook polariteite in hulle gemeenskap en in hulle kontak met andere en die gemeenskap. Die mense word dan gelei om die polariteite te erken, dit te integreer, dit te hanteer en om daarvoor verantwoordelikheid te neem (Blom, 2004:33).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.4 DIE STRUKTUUR VAN PERSOONLIKHEID

Perls beskryf ‘n mens se persoonlikheid as gelaag (Simkin en Yontef, 1984 in Aronstam, 1989:635) en onderskei vyf lae. Die lae wys hoe ‘n mens jou lewe kan fragmenteer en sodoende vasgevang is en nie sukses behaal of volwassenheid bereik nie. Die vyf lae is: die vals laag, die fobiese laag, die weerstandslaag, die inploffingslaag en die ontploffingslaag. (Perls, 1971 in Thompson en Rudolph, 1996:143)

4.2.4.1 Vals laag

Die vals laag is die buitenste laag van die persoonlikheid. Mense tree in hierdie laag op soos hulle van hulself verwag en soos ander van hulle verwag volgens wat hulle geleer het. Hierin is al die introjekte, kultureel-aanvaarbare optrede en onopgeloste konflikte opgesluit. Hierdie laag word deur die omgewing gevorm en mense is hierin vasgevang om te wees wat hulle nie is nie, maar wat hulle persepsie is van wat die omgewing van hulle verwag. (Blom, 2004: 35; Aronstam, 1989:636).

Hierdie eksterne verwagtinge is geïnternaliseer en verteenwoordig volgens Blom (2004:35) en Aronstam (1989:636) die “top dog” deel van die self. Daar word verder ook die “under dog” onderskei, wat onseker van hom/haarself is, maar wat graag sy/haar behoeftes wil bevredig. Hy/sy is egter ondergeskik aan die “top dog” wat dreigemente gebruik om die “under dog” tot onderdanigheid te dwing. Daar is dus voortdurend konflik tussen die “top dog” en die “under dog” van die persoonlikheid. Hulle funksioneer ook as polariteite in die persoonlikheid.

In terapie is dit nodig om die mens bewus te maak van die ware self, die introjekte, wat die verwagtinge van die gemeenskap werklik is en hoe die “top dog” en die “under dog” geïntegreer kan word (Blom, 2004:36).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.4.2 Fobiese laag

Hierdie laag word deur Blom (2004:36) en Aronstam (1989:636) beskou as die laag van rolle, interaksiepatrone en verhoudingspatrone. Mense funksioneer in hierdie laag deur die rolle te speel wat van hulle verwag word deur die gemeenskap, hulle ouers en hulself. Sommige is bewus van die rolle, interaksiepatrone en verhoudingspatrone, maar is nie in staat om dit te verander nie, aangesien die laag gepaard gaan met angs, wat hulle in die rol, interaksie en verhoudingspatrone hou. Volgens Aronstam (1989:636) is dit die mens se weerstand teen dit wat hy/sy kan wees.

4.2.4.3 Weerstandslaag

Die fobiese laag word opgevolg deur ‘n weerstandslaag (Blom, 2004:37). Dit word beskou as ‘n situasie waar daar nie van buite vir ‘n mens ondersteuning is nie en jy dus nie die situasie kan verlaat nie, aangesien dit noodwendig pyn en swaarkry tot gevolg sal hê. Die persoon het dus weerstand teen verandering, aangesien dit pyn en swaarkry impliseer. Tipiese gevoelens wat gepaard gaan met dié laag is verwardheid, angstigheid, ongemak en vasgekeerdheid. Volgens Aronstam (1989:636) oorheers ‘n gevoel van doodsheid in hierdie laag. Mense is dikwels bewus van die situasie, voel die begeerte om onvoltooidhede in hulle lewens aan te spreek, maar is nie in staat om die situasie te verander nie weens die ongemak en pyn wat dit sal voortbring (Blom, 2004: 37).

4.2.4.4 Imploffingslaag

In hierdie laag begin mense bewus word oor hoe hulle hulself beperk. Daar is egter nie genoeg energie beskikbaar om iets daaraan te doen nie, of die mense word verlam deur vrees vir die gevolge (Blom, 2004:38).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 4.3: Struktuur van Persoonlikheid (Blom, 2004:39)



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.4.5 Ontploffingslaag

‘n Mens in hierdie laag raak bewus van die emosies wat hom/haar onderdruk en begin om te eksperimenteer met nuwe gedrag om sodoende die energie op te wek vir verandering of om onafgehandelde sake aan te spreek. In hierdie laag raak mense ook bewus van hulle ware gevoelens en behoeftes (Blom, 2004:39; Aronstam, 1989:636).

Die doel van terapie vir ‘n kliënt wat vasgevang is in die struktuur van persoonlikheid is om hom/haar te begelei deur die verskillende lae totdat hy/sy weer in kontak is met sy/haar ware gevoelens en behoeftes. Die kliënt wat in die vals laag van sy/haar persoonlikheid funksioneer, moet daarvan bewus gemaak word. Hierdie bewustheid sal angstigheid en ‘n verlies aan sekuriteit tot gevolg hê, aangesien hy/sy nie weet hoe om anders op te tree om sy/haar behoeftes te bevredig nie. Hierdie angstigheid en verlies aan kontrole sal lei tot die weerstandslaag waarin daar ander opsies ondersoek word. Wanneer die kliënt na die inploffingslaag beweeg, word hy/sy bewus van sy/haar behoefte om te verander, alhoewel hy/sy nog nie oor die nodige energie beskik nie. Wanneer die kliënt die ontploffingslaag bereik, begin hy/sy verantwoordelikheid neem vir sy/haar gedrag en emosies en begin eksperimenteer met nuwe gedrag, wat later gedragsverandering tot gevolg het. Op hierdie vlak het terapie sy doel bereik en kan dit getermineer word (Blom, 2004: 40).

4.2.5 DIE PARADOKSALE TEORIE VAN VERANDERING

Yontef (2005:83) beweer dat, volgens die paradoksale teorie van verandering, “..the more one tries to be who one is not, the more one stays the same”. Hierdie skrywer is van mening dat sielkundige gesondheid is om te identifiseer met die mens as geheel en die gebruik van die geheel vir die nodige take in die omgewing. Yontef (2005) verbind die paradoksale teorie van verandering met die fundamentele beginsels van die Gestaltbenadering, naamlik fenomenologie, veldteorie en dialoog.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.5.1 FENOMENOLOGIE

Fenomenologie sluit volgens Crocker (2005:69) ‘n proses wat ondersoek wat die mens glo en verstaan van gebeure en persone in sy/haar lewe in, hoe dit die mens emosioneel en kognitief beïnvloed en wat die invloed daarvan is op sy/haar gedrag. Die doel van die ondersoek is om heling en groei te bewerkstellig deur die betekenis te verstaan wat die mens gee aan gebeurtenisse en mense in sy/haar lewe en om na te gaan wat die impak van hierdie betekenisse binne die konteks van tyd en omstandighede op die mens se lewe is. Dit is dus ‘n proses van ontdekking en openbaring.

4.2.5.2 VELDTEORIE

Volgens Yontef (2005:84) is die paradoksale teorie van verandering gebaseer op die vertroue op die vermoë van die mens om hom/haarself te reguleer en om op so ‘n manier te groei dat dit die beste moontlike aanpassing in sy/haar omgewingsveld sal wees. ‘n Mens se basiese bewustheid van jouself is ‘n verskynsel binne jou eie veld en word gesamentlik gevorm deur mens en omgewing. ‘n Mens se identiteit word gevorm en ín stand gehou, uitgebrei en ingekrimp deur die veld as geheel. Yontef (2005:84) verduidelik dat die begrip “ek” dus gevorm word deur kontak met en differensiasie van die omgewingsveld deur die proses van kontakgrense. ‘n Mens en ander mense skep ‘n grens tussen hulle wat hulle van mekaar onderskei en in kontak met mekaar bring in ‘n verhouding wat die “I - thou” verhouding genoem word. Daar word ook ‘n ander verhouding onderskei met die omgewingsveld naamlik die “I - it” verhouding wat die verhouding met niemense in die omgewingsveld uitmaak.

Beginsels van die veldteorie wat volgens Yontef (2005:85) belangrik is in die teorie van verandering is die volgende:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Verandering behels die hele konteks waarin ‘n mens lewe asook ‘n bewustheid van die hele konteks.
- Verandering op enige plek in die omgewingsveld het ‘n effek op alle subsisteme in die veld.
- Alle waarneming geskied vanaf ‘n spesifieke plek, tyd en perspektief en alle realiteite is geïnterpreteer en dus nie objektief nie.
- Mense reageer teenoor omstandighede in hulle veld, hulle pas aan deur te konformeer, maar kan ook verandering aanbring deur kreatief en skeppend te reageer.
- Om te kan verander en groei moet ‘n mens jouself eers aanvaar soos jy is in jou omstandighede en jou omgewing. Hierdie aanvaarding sluit ook die keuses wat ‘n mens in jou omstandighede gemaak het, in.

4.2.5.3 DIALOOG

Volgens Yontef (2005:83) maak die kliënt kontak met die terapeut deur middel van dialoog. Bewustheid word dus geskep deur middel van dialoog.

Die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie beskryf en verklaar menslike gedrag en behandel aspekte van hoe en waarom probleme ontwikkel. Dit sluit in teoretiese konsepte van die Gestaltbenadering, Gestaltvorming en destruksie, die maak van kontak, polariteite, die struktuur van persoonlikheid en die paradoksale teorie van verandering.

.

Gestaltbenadering as praktykteorie verduidelik gedrag en situasies en gee riglyne hoe om die gedrag en situasies te verander. Gestaltbenadering as praktykteorie word gebruik om gedrag deur terapie te verander wat vervolgens bespreek gaan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 TERAPIE VOLGENS DIE GESTALTBENADERING AS PRAKTYKTEORIE

Volgens Crocker (2005:73) beskou die terapeut binne die praktykteoretiese raamwerk van die Gestaltbenadering die kliënt as dat hy/sy altyd die vermoë besit om gesond te funksioneer. Die kliënt se persoonlike ervaring in sy/haar omgewing en omstandighede het egter tot gevolg dat die kliënt ter wille van oorlewing aanpassings gemaak het wat gesonde funksionering in ‘n mindere of meerdere mate beïnvloed het. Die taak van die terapeut is om die kliënt te begelei om terug te keer na gesonde funksionering. Die terapeutiese taak is eksperimenteel en transformerend ten opsigte van bewustheid en gedragspatrone en dit behels die kliënt in sy totaliteit, wat sy/haar brein, gevoelens, begeertes, liggaam, gewoontes, gedrag en ‘n verskeidenheid van verhoudinge met ander insluit. Blom (2004:4,50) is van mening dat die doel van terapie volgens die Gestaltbenadering is om:

- die kliënt se bewustheid te vergroot ten opsigte van die lewe in die *hier-en-nou* en om organismiese selfregulering te bevorder,
- die kliënt te leer om verantwoordelikheid vir hom/haarself te aanvaar,
- die kliënt te leer dat hy/sy, sy/haar gedrag kan kies en daarby betekenis kan gee aan sy/haar lewe,
- die kliënt se persoonlike integrasie te begelei.

Melnick en Nevis (2005:114) beskou die fokus van terapie volgens die Gestaltbenadering, as die kliënt se *hier-en-nou*, sy/haar bewustheid, ervaring en ontdekking van hom/haarself, ‘n terapeutiese verhouding met die terapeut, dialoog met die terapeut, verantwoordelikheid en keuse ten opsigte van sy lewe en verandering en persepsie. Die fokusaspekte van terapie volgens die Gestaltbenadering word nou bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1 *HIER-EN-NOU*

Terapie fokus volgens die Gestaltbenadering op die kliënt se hede (Melnick en Nevis, 2005:105). Invloede van die verlede en verwagtinge van die toekoms word nie ontken nie, maar daar word gereken dat dit nie ‘n bydrae tot groei in die kliënt maak om die verlede te herskep of die toekoms te voorspel nie. “Gebeurtenisse uit die verlede is óf reeds geassimileer en dus deel van die persoonlikheid óf word saamgedra in die vorm van onvoltooidhede wat huidige behoeftebevrediging dwarsboom” (Aronstam, 1989:639). Volgens Melnick en Nevis (2005:108) word daar dus in terapie gekyk hoe die kliënt sy/haar beskikbare energie gebruik vir behoeftebevrediging en die bereiking van sy/haar doel. Hierin word ook gesien hoe die verlede van die kliënt met sy hede kontak maak.

4.3.2 BEWUSTHEID

“Deur ‘n verlies aan bewustheid verloor die mens kontak met homself, sy behoeftes en ook met die spontane vloei van behoeftebevrediging” (Aronstam, 1989:640). Bewustheid behels gedagtes, gevoelens, gebare, dit wat ‘n mens glo, dit wat jy onthou en disfunksionele maniere (Melnick en Nevis, 2005:106). Terapie fokus daarop om die kliënt bewus te maak van homself, sy behoeftes en sy omgewing. Dit sluit ook daardie dele waarvan hy/sy nie bewus is nie in en wat uitkom in sy/haar nieverbale en onbewuste gedrag.

4.3.3 ERVARING EN ONTDEKKING

Terapie, volgens die Gestaltbenadering, beklemtoon direkte ervaring as die enigste suksesvolle manier van leer (Aronstam, 1989:640). Kliënte word aangemoedig om hul-self te ontdek, asook wat vir hulle belangrik is en werk. Interpretasies en raadgewing deur die terapeut word vermy. Direkte ervaring word vir die kliënt gegee deur tegnieke te gebruik wat spesifieke leerervarings ten doel het. Tegnieke wat deur Melnick en

Nevis (2005;109) bespreek word, is die droomtegniek en die leëstoeltegniek. Hierdie skrywers noem die tegnieke eksperimente met ‘n doel en lig die doel daarvan soos volg uit:

- om die kliënt se repertoire van gedrag te vergroot;
- om geleentheid vir die kliënt te skep waarin hy/sy, sy/haar lewe kan sien as sy/haar eie skepping (verantwoordelikheid neem);
- om vir die kliënt ‘n eksperimentele leerervaring te gee vir die ontstaan van ’n nuwe selfkonsep;
- om onafgehandelde sake te voltooi en om blokkasies te verwyder in die bewustheid en kontaksiklus;
- om verstaan en motoriese aksie te integreer;
- om polariteite te ontdek wat nie in die kliënt se bewuste is nie;
- om die integrasie van konflikterende kragte in die persoonlikheid te bewerkstellig;
- om introjekte uit te sorteer;
- om omstandighede te stimuleer waarin die kliënt sterker kan voel en optree.

Crocker (2005:75) is van mening dat terapie volgens die Gestaltbenadering nie ‘n gespreksbenadering is nie. Alhoewel dit taal gebruik, is dit net ‘n medium van eksperimentering, want die fokus is eintlik aktiewe eksplorering van hoe kliënte hulle lewens uitleef en hoe hulle funksioneer. Crocker (2005) is ook van mening dat dit nie gaan oor illuminering van reflektiewe gedagtegang nie, maar om blokkasies wat funksionering strem in gedrag en denke te verwyder.

4.3.4 VERHOUDING

Die verhouding van die terapeut met die kliënt is ‘n kritiese faktor in terapie, volgens die Gestaltbenadering (Melnick en Nevis, 2005:110). Die skrywers noem dit ‘n “ I – thou relationship” wat die *hier-en-nou* en bewustheid beklemtoon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.5 DIALOOG

Die kliënt maak kontak met die terapeut deur middel van dialoog in terapie volgens die Gestaltbenadering (Yontef, 2005:83). Bewustheid word dus geskep deur middel van dialoog.

4.3.6 VERANTWOORDELIKHEID EN KEUSE

Die kliënt sal tydens terapie volgens die Gestaltbenadering meer bewus raak van sy/haar behoeftes, probleemgedrag, onvoltooidhede en omgewing en in staat wees tot keuses en die neem van verantwoordelikheid (Aronstam, 1989:641).

4.3.6 VERANDERING EN PERSEPSIE

Selwyn (1994:5) is van mening dat persepsies verander wanneer ‘n mens kyk na dinge wat sentraal in jou lewe is. Nuwe persepsies word geskep deur die kliënt se bewustheid te verander.

4.4 SAMEVATTING

Die Gestaltbenadering is ‘n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering met die klem op bewustheid van die *hier-en-nou* en die interafhanklikheid van die mens met sy omgewing.

Hierdie benadering beskou mense as ’n holistiese entiteit. Dit beteken dat die geheel van die mens meer is as die somtotaal van die dele. Die mens se dele word beskou as liggaam, gees, emosies, denke, gedrag en taal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die mens ervaar gedurig behoeftes wat ongemak veroorsaak, totdat aksie geneem word om die behoeftes te bevredig, wat dan tot balans of homeostase lei. ‘n Mens moet voortdurend dit wat tot jou beskikking is gebruik om jou behoeftes te bevredig.

Die gesonde mens is in staat om te onderskei tussen die mees dominante behoefte en ander behoeftes, sodat die mees dominante behoefte op sy/haar voorgrond verskyn en die mens sy/haar omgewing kan gebruik om die dominante behoefte te bevredig, waarna die mens weer in balans verkeer. Hierdie proses word siklus van ervaring genoem en vind plaas volgens ‘n spesifieke proses, naamlik sensasie, bewustheid, aksie en mobilisasie, kontak, refleksie en onttrekking, waarna die proses herhaal. Hierdie proses word organismiese selfregulering genoem en bestaan uit intra- en interpersoonlike kontak (wat kontak met die res van die omgewing insluit) vir die bevrediging van behoeftes.

Indien mense probleme ervaar met organismiese selfregulering as gevolg van kontakgrensversteurings, is hulle nie in staat tot gesonde Gestaltvorming en die bevrediging van hulle behoeftes nie. Hierdie versteurings manifesteer op verskillende wyses: introjeksies, projeksies, samevloeiing, retrofleksie, defleksie, desensitasie en egotisme.

Vir gesonde funksionering is dit ook nodig om bewus te wees van polariteite wat daar bestaan, dit te kan integreer en in staat te wees om dit te hanteer en konflikte op te los en te verstaan. Polariteite wat nie op die wyse hanteer kan word nie, het fragmentasie van die mens tot gevolg, wat op sy beurt weer organismiese selfregulering inhibeer.

In die struktuur van persoonlikheid word daar vyf lae onderskei wat deurgewerk moet word indien die individu probleme ondervind in die organismiese selfregulering.

Die fokusaspekte van terapie volgens die Gestaltbenadering as praktykteorie is bespreek. Daar word nou oorgegaan na die bespreking van die *Schoeman-werk model* wat riglyne gee vir intervensie. Schoeman (2006) se riglyne bevat al die fokusaspekte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van terapie volgens die Gestaltbenadering as praktykteorie. Schoeman (2006) se riglyne vir intervensie is in die studie gebruik vir die eksplorering van die leefwêreld van die adolessent met sandspel .

4.5 *SCHOEMAN-WERKMODEL* AS PRAKTYKTEORIE

Sheafor et al. (1994:44) meen dat ‘n praktykteorie ‘n praktykraamwerk is, wat riglyne vir intervensie sowel as die verklaring vir situasies en gedrag bied. ‘n Praktykteorie dien as ‘n padkaart vir intervensie, wat sekere veranderinge teweeg bring, maar wat gewortel is in ‘n oriënteringsteorie. Volgens Schoeman (2006:7) is die *Schoeman-werkmodel* gebaseer op die Gestaltterapieproses (fokusaspekte van terapie volgens die Gestaltbenadering) en gee dit ‘n raamwerk waarbinne die terapeut met die kliënt kan werk volgens die Gestaltbenadering (oriënteringsteorie). Die *Schoeman-werkmodel* word in hierdie studie gebruik as riglyn om die intervensie te lei. Die intervensie is om die leefwêreld van die adolessent te eksploreer met sandspel volgens die Gestaltbenadering. Die *Schoeman-werkmodel* dien daarom as die raamwerk waarbinne die eksplorering met sandspel met die adolessent gaan plaasvind. Die *Schoeman-werkmodel* bestaan uit verskillende stappe. Elke stap sal vervolgens bespreek word.

Die **eerste stap** in die *Schoeman-werkmodel* is die bou van ‘n verhouding met die kliënt.

4.5.1 BOU VAN VERHOUDING

Volgens Schoeman (2006:10,1996:29) is die doel van ‘n terapeutiese verhouding:

- om te verstaan wat die kliënt se probleem is wat hom/haar laat kom het vir terapie,
- om die kliënt se *proses* te verstaan,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- om die kliënt bewus te maak van sy sensoriese-, emosionele- en kognitiewe behoeftes,
- om selfbewustheid by die kliënt te vergroot, asook sy/haar vermoë tot organismiese selfregulering,
- om die kliënt te help met sy/haar verhoudinge, met sy/haar omgewing en met ander mense,
- om die kliënt te lei om verantwoordelikheid te neem vir sy/haar keuses en lewe.

Volgens Schoeman (2006:8) is die heelwording en essensie van die Gestalt-benadering gebaseer op die verhouding tussen kliënt en terapeut. In hierdie verhouding meen Schoeman (2006:8) en Joyce en Sills (2006:45) dat dit nodig is dat die terapeut ten volle teenwoordig moet wees, sy/haar perspektiewe met die kliënt moet deel en sodoende by die kliënt bewustheid skep van hom/haarself en die patrone van sy/haar lewe. Belangrike aspekte van die kliënt– terapeutverhouding is die volgende (Schoeman, 2006:9-18):

- **Veiligheid in die verhouding**: die kliënt moet veilig genoeg voel in die verhouding, sodat hy/sy die ware self en gevoelens kan openbaar. Joyce en Sills (2006:45) voeg by bekragtiging deur na die persoon te luister, aan hom/haar aandag te gee en te soek om die persoon te verstaan.
- **Dialoog:** die terapeutiese verhouding word geskep deur dialoog (Schoeman, 2006:10). Kirchner (2000) soos aangehaal deur Schoeman (2006:10) meen dialoog is ‘n spesiale vorm van kontak, wat die basis vorm van ‘n dieper vorm van bewustheid en selfkennis. Die kontak tussen die kliënt en die terapeut word die “I-thou” verhouding genoem en volgens Korb, Gorrell en Van de Riet (1989:16) is dit ‘n ontmoeting en interaksie in die *hier-en-nou* tussen twee unieke persone, waarin beide bewus is van mekaar en mekaar respekteer, aanvaar en waardeer.
- **Respek:** die terapeut moet altyd respek toon vir die kliënt en sy sisteme en ervaringe (Schoeman, 2006:11).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Verantwoordelikheid:** dit is belangrik dat die kliënt weet dat hy/sy verantwoordelikheid moet neem vir hom/haarself, ook in die terapeutiese verhouding. (Schoeman, 2006:12).
- **Nieverbale kommunikasie**: bewustheid moet geskep word en dit moet deur die terapeut geklarifiseer word met die kliënt.
- **Vertroulikheid:** Die terapeut respekteer die kliënt se privaatheid.
- **Grense** binne die terapeutiese verhouding moet erken en gerespekteer word. Daar word onderskei tussen liggaamsgrense, gedragsgrense, verbale grense en persoonlike grense.

In die eksplorering met sandspel word die intervensie ingelei met die bou van 'n verhouding met die adolessente deelnemers, waarin die doel en aspekte van die kliënt-terapeutverhouding in ag geneem word. Daar word gebruik gemaak van 'n speletjie om die adolessent meer op sy gemak te stel, die intervensieproses word verduidelik en dialoog word ingelei deur algemene vrae oor die leefwêreld van die adolessent, waardeur veiligheid in die verhouding en respek gevestig word.

Die **tweede stap** in die *Schoeman-werkmodel* is om aandag te gee aan die sensoriese modaliteite van die kliënt.

4.5.2 SENSORIESE MODALITEITE

'n Mens se sintuie beïnvloed die wyse waarop jy, jou wêreld ervaar (Schoeman, 2006:18). Om te sien, hoor, ruik, proe en voel is maniere waarop mense kontak maak met hulle omgewing. Hierdeur raak hulle bewus van hulself en van hulle emosies. Dit is nodig om die kliënt in kontak met sy/haar sensoriese modaliteite te bring om die nodige bewustheid te kweek vir groei en verandering, Sensoriese bewustheid is die praktyk om meer bewus te wees van mens self.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Schoeman (2006:20-24) beskryf verskillende oefeninge om die kliënt se sensoriese modaliteite tydens terapiesessies op te skerp, om bewustheid te verbeter. Daar is oefeninge vir sien, hoor. ruik, proe, voel en intuïsie (verbeelding, fantasie en kreatiwiteit). Die oefeninge fokus op die kliënt se ervaringe rondom sy/haar sintuie, watter gevoelens, ervaringe en ondervindinge daaraan gekoppel is en waarvan hy/sy hou en nie hou nie. Murdock (1987) en Oaklander (1988) soos aangehaal deur Schoeman (2006:25-26) wys ook op die gebruik van ontspanning, liggaambeweging en begeleide verbeeldingsvlugte om bewustheid by kliënte aan te wakker.

In die eksplorering met sandspel word elke sessie met die adolessente ingelei met ‘n sensoriese bewustheidsoefening om die nodige bewustheid te kweek vir groei en verandering. Daar word gebruik gemaak van ‘n ontspanningsoefening, reukspeletjie en bewustheid van voorkeure. Die terapeutiese medium van sand en miniatuurobjekte dien ook om adolessente se sensoriese bewustheid te stimuleer.

Die **derde** stap in die *Schoeman-werkmodel* is om die kliënt se *proses* te verstaan.

4.5.3 *PROSES* VAN DIE KLIËNT

Schoeman (2006:30) beskou dit as nodig vir die terapeut om ‘n kliënt se manier van hoe hy/sy homself/haarself aan die wêreld vertoon (in die *hier-en-nou*) en sy/haar behoeftes in die omgewing bevredig, te verstaan. Schoeman (2006:30) noem dit die kliënt se *proses* en meen ook dat sommige skrywers die woord *proses* alternatiewelik met persoonlikheid gebruik. Schoeman (2006:30-35) meen dat die *proses* van ‘n kliënt verstaan kan word deur te let op die volgende aspekte van die kliënt:

- temperament,
- kontakfunksie,
- self-instandhouding,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- emosionele uitdrukking,
- selfvertroeteling of selfbeloning,
- hantering van innerlike prosesse.

In die eksplorering met sandspel word die adolessent se *proses* bekyk aan die hand van sy/haar temperament. Daar word gebruik gemaak van Mol (1981) se temperamentvraelys, wat hoofsaaklik gebaseer is op twee aspekte wat gedrag, denke en gevoelens bepaal, naamlik hoe emosioneel of onemosioneel die mens is en hoe introverties of ekstroverties hy/sy optree (Mol, 1981:25). Waarnemings oor ander aspekte van die adolessent se *proses* word tydens die sessies gedoen.

Die **vierde stap** in die *Schoeman-werkmodel* is om ‘n projeksie met die kliënt te doen, wat in hierdie studie die sandbak is.

4.5.4 PROJEKSIE

‘n Projeksie is wanneer ‘n mens sy eie ervaring neem en dit toewys aan ‘n ander mens of objek (Schoeman, 2006:36). Projeksies wat in terapie gebruik word, is onder andere tekeninge, kleiwerk, ander kunsvorme en die sandbak (Schoeman, 2006:42). Schoeman (2006:45) beskou projeksies as uitdrukkings van angs, onvoltooidhede, gevoelens, wense, behoeftes, fantasieë, houdings, vrae of dit waaroor mense wonder. Projeksie bied dus die geleentheid om indirek deur gevoelens of ervaringe te werk. Die doel van die projeksie is om bewustheid te skep van die saak wat deur die projeksie verteenwoordig word, om besit te neem daarvan, sodat daar erkenning gegee kan word aan die gevoelens rondom die saak en sodat daar na oplossings gesoek kan word.

Jennings (1993) soos aangehaal deur Schoeman (2006:37) beweer dat kliënte van alle ouderdomme hulle vermoë om te kan projekteer gebruik as ‘n manier om te kyk na hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lewens en lewensbesluite en die moontlikhede van nuwe uitkomste. Projeksies gee ook geleentheid om te kyk na probleme in die *hier-en-nou*. Die verlede bestaan ook in die *hier-en-nou* as herinneringe met invloede, gevolge en onvoltooidhede wat in projeksies na vore kan kom. 'n Projeksie, meen Schoeman (2006:38), is dikwels 'n bewustheid of 'n nuwe manier om na 'n gebeurtenis, situasie of die wêreld te kyk, wat kan lei tot verandering, groei of die oplossing van onvoltooidhede. Schoeman (2006:41) beweer ook dat projeksies gebruik word in aansluiting by dialoog.

Volgens Schoeman (2006:44) kan slegs die mens wat die projeksie gemaak het daaraan betekenis gee en dit interpreteer. Die terapeut kan dus nie enige interpretasies koppel aan die projeksies van die kliënt nie, maar kan ander teorieë se interpretasies gebruik as hipoteses, wat dan aan die kliënt genoem kan word as moontlikhede, maar wat die kliënt kan aanvaar of verwerp (Schoeman, 2008). In hierdie verband kan verwys word na die simboliese betekenis van miniature van Kalff (1980), Bradway en Mcoard (1997:71), McNelly (2001) en ander sandspelterapeute wat Jungiaans opgelei is. Hier kan ook verwys word na "The Herder Dictionary of Symbols" en ander lyste oor die betekenis van die simbole volgens kuns, argeologie, mitologie, literatuur en godsdiens.

Schoeman gebruik Oaklander (1988) se veertien stappe werkmodel (Oaklander, 1988:53-56) om die kliënt te lei om self betekenis aan sy/haar projeksie te gee. Schoeman (2007) het Oaklander (1988) se model georden deur dit te groepeer onder die volgende opskrifte: eksplorasie, identifisering, polariteite en besitneming en beskryf dit as die wyse om projeksies te eksploreer (Schoeman, 2006:46).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.1 Oaklander werkmodel vir die eksplorasie van 'n projeksie (Oaklander 1988:53-56)

Eksplorasie	
Stap 1	Laat die kliënt vertel hoe hy/sy die projeksie ervaar het en beskryf wat binne hom/haar gebeur het met die maak van die projeksie.
Stap 2	Laat die kliënt die projeksie deel deur dit te beskryf.
Stap 3	Delf dieper deur die kliënt te laat uitbrei en klarifiseer oor dele van die projeksie, beskrywing van vorms, voorstellings, objekte en mense.
Stap 9	Gee aandag aan die betekenis van kleur vir die persoon en die betekenis daarvan in sy/haar projeksie
Stap 10	Gee aandag aan die kliënt se nieverbale gedrag en dialoog tydens die projeksie en eksploreer dit.
Identifikasie	
Stap 4	Vra die kliënt om te identifiseer met die projeksie en te praat asof hy/sy die projeksie is.
Stap 5	Vra die kliënt om met ander objekte en mense in die projeksie te identifiseer
Stap 6	Identifiseer verder in die projeksie funksies en verhoudings en gebruike van objekte en mense
Stap 13	Gee aandag aan ontbrekende dele en leë spasies
Polariteite	
Stap 7	Fokus aandag en verskerp bewustheid deur dele van die projeksie te beklemtoon, te vergroot, of te oordryf.
Stap 8	Fokus aandag deur dialoog tussen teenoorgesteldes in die projeksie.
Besitneming	
Stap 11	Help die kliënt om dit wat gesê is in die dialoog rondom sy/haar projeksie te eien as deel van hom/haarself of sy/haar omstandighede.
Stap 12.	Gee aandag aan die kliënt se werklikheid en onafgehandelde sake soos uitgelig deur die projeksie.
Stap 14.	Gee aandag aan die kliënt se voorgrond.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die eksplorering met sandspel baseer die navorser haar semigestruktureerde onderhoudskedule (bylae 2b) waarmee sy die adolessente se sandbakke eksploreer op die veertien stappe van Oaklander(1988) soos georden deur Schoeman (2007) en op die onderhoudmetodes van Boik en Goodwin (2000) soos bespreek in hoofstuk 3.

Die **vyfde stap** in die *Schoeman-werkmodel* is om alternatiewe vir die kliënt se voorgrondprobleem saam met hom/haar te ondersoek.

4.5.5 ALTERNATIEWE VIR DIE VOORGRONDPROBLEEM

Nadat die kliënt besit geneem het van die projeksie en dus die gevoelens en emosies daarvan erken het, kan alternatiewe en moontlike oplossings bespreek word (Schoeman, 2006:45).

Alternatiewe moet die persoon se *proses* in ag neem (Schoeman, 2006:45) en moet bespreek word ten opsigte van verlede, hede en die toekoms. Die kliënt moet self keuses maak en besluite neem. Die terapeut moet slegs die kliënt lei.

Schoeman (2006:46) is van mening dat as die kliënt besluit het op ‘n alternatief, dit goed sal wees as die kliënt die alternatief kan ervaar deur byvoorbeeld ander Gestalttegnieke soos rollespel of die leëstoeltegniek.

In die eksplorering met sandspel word die alternatiewe vir die adolessente se voorgrondprobleme met elke sessie bespreek.

Die **sesde stap** in die *Schoeman-werkmodel* is om die kliënt in die sessie te bemagtig. Dit word vervolgens bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5.6 BEMAGTIGING

Schoeman (2006:46) beskou dit as nodig om die kliënt in die sessie te bemagtig deur ‘n sterkpunt te beklemtoon of uit te lig. Die maak van keuses in die proses dien ook om die kliënt te bemagtig.

In die eksplorering met sandspel word die adolessente na elke sessie bemagtig deur ‘n sterkpunt uit te lig of te beklemtoon.

Die **sewende stap** in die *Schoeman-werkmodel* is evaluasie van die sessie, wat vervolgens bespreek word.

4.5.7 EVALUASIE

Schoeman (2006:47) meen evaluasie is nodig om die kliënt te laat besef wat die sessie vir hom/haar beteken het en kan aan die hand van die volgende vrae gedoen word.

- Hoe was die ervaring?
- Wat het jy vandag oor jou lewe geleer?
- Hoe kan dit jou help?
- Hoe voel jy nou?

In die eksplorering met sandspel word elke sessie deur die adolessent geëvalueer.

Die **agste stap** in die *Schoeman-werkmodel* is om bewustheid by die kliënt te skep om hom/haarself te vertroetel of te beloon. Dit word vervolgens bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5.8 SELFVERTROETELING OF SELF BELONING

Schoeman (2007) beskou dit as van belang dat die terapeut die sessie op ‘n positiewe manier vir die kliënt moet beëindig deur hom/haar toestemming te gee om iets wat lekker is vir hom/haarself te doen. Die doel daarvan is dat die persoon bewus moet wees daarvan om aan hom/haarself erkenning te gee vir die bereiking van mylpale of afhandeling van take en om hom/haarself te versorg. Selfversorging gee ‘n persoon ‘n gevoel van kontrole en bevorder selfliefde (Schoeman, 2006:47).

In die eksplorering met sandspel word elke sessie met die adolessent beëindig deur hom/haar toestemming te gee om iets vir hom/haarself te doen wat vir hom/haar lekker is.

4.5.9 SAMEVATTING

Die *Schoeman-werkmodel* as praktykteorie wat gebruik is as die raamwerk waarbinne die eksplorering met sandspel met die adolessent gaan plaasvind, is bespreek en kan soos volg saamgevat word:

Die *Schoeman-werkmodel* begin by die bou van ‘n terapeutiese verhouding met die kliënt. Hierna word daar eers aandag gegee aan die sensoriese bewustheid van die kliënt deur die doen van verskillende sensories-gebaseerde oefeninge. Die volgende stap is om die kliënt se *proses* te identifiseer. ‘n Projeksie word dan gedoen waarbinne eksplorasie, identifikasie, identifisering van polariteite en besitneming plaasvind. Hierna word alternatiewe bespreek vir die kliënt se voorgrondprobleem ten opsigte van verlede, hede en toekoms. Die kliënt maak self keuses en neem besluite. Die kliënt word bemagtig, ‘n evaluasie word gedoen en selfvertroeteling word bespreek, waarna die sessie beëindig word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie studie gebruik die navorser sandspel om die leefwêreld van die adolessent te **eksploreer** volgens die Gestaltbenadering in maatskaplike werk. Eksplorasie as tegniek in maatskaplike werk sal nou bespreek word.

4.6 EKSPLORASIE AS TEGNIEK IN MAATSKAPLIKE WERK

Potgieter (1998:124) beskou eksplorasie van die kliëntsisteem as die begin van die hulpverleningproses in maatskaplike werk. Probleme en sake wat die maatskaplike funksionering van die kliëntsisteem affekteer en die uitdagings inherent aan die situasie, moet met eksplorasie geïdentifiseer word. Dit is ook terselfdertyd nodig om die sterkpunte en potensialiteite van die kliëntsisteem te soek. Die proses waarin al die relevante data versamel word deur al die relevante rolspelers te betrek, word eksplorasie genoem. Eksplorasie impliseer dus aktiewe betrokkenheid van die helper en die kliëntsisteem in die proses van dataversameling.

Potgieter (1998:124) is van mening dat eksplorasie op die volgende maniere gedoen kan word:

- Kommunikasie met verskillende bronne.
- Maak van waarnemings.
- Ondersoek van geskrewe materiaal.
- Gebruik van basiese kommunikasievaardighede van luister, reageer, klarifiseer, parafraseer, gee van inligting, fokus, parsialiseer, leiding en ondersteuning om beste moontlike prent te kry van die situasie.
- Waarneming van die nieverbale kommunikasie, buie en houdings.
- Waarneming van gevoelens.

Die data wat tydens eksplorasie benodig word, word deur Potgieter (1998:125) in drie groepe gerangskik, naamlik:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Die probleem**

  In die eksplorasie van die probleem word daar veral aandag gegee aan die verstaan van die ontstaan, omvang, huidige ervaring, duurte en erns daarvan. Verder word bepaal wie daardeur geraak word, hoe dit ín stand gehou word, wanneer dit voorkom, hoe dikwels dit voorkom, hoe lank dit duur, hoe dit hanteer word en wat aan die oplossing daarvan gedoen is (Potgieter, 1998:125).

- **Die individu of sisteem wat deur die probleem geraak word**.

  Volgens Crompton en Callaway (1994) soos aangehaal deur Potgieter (1998:127) is dit belangrik om in die eksplorasie van die individu of sisteme aandag te skenk aan die motivering, geleentheid en kapasiteite van die individu of sisteem om die probleem aan te spreek of funksionering te verbeter.

  In die eksplorering van die individu meen Potgieter (1998:136-138) daar moet gekyk word na persoonlike eienskappe, gesinsbande, verhoudinge, omgewingsfaktore, fisiese faktore, geestelike faktore, emosionele faktore, wetlike faktore, intellektuele faktore, ontwikkelingsfaktore, sielkundige faktore, sosiale faktore, sterk- en swakpunte en ekonomiese hulpbronne wat beskikbaar is vir die individu om die probleem op te los.

  In die eksplorering van die gesinsisteem word volgens Potgieter (1998:134-136) gekyk na gesinstruktuur, subsisteem en grense, gesins- klimaat en samehorigheid, reëls en rolle, mites en patrone, familie- waardes, kultuur en aspirasies, mag en besluitneming, aanpassing en verandering, kommunikasiepatrone, ontwikkelingstadium, gesins- behoeftes en bekommernisse en die gesin se sterk- en swakpunte.

- **Die situasie of omgewing**.

  In die eksplorasie van die omgewing kan die volgende as riglyn gebruik word, volgens Potgieter (1998:129-132): ligging, samestelling van populasie, historiese ontwikkeling, behuising, onderrigvlak, onderrigfasiliteite, ekonomiese stelsels,

politieke stelsels, wetlike stelsels, sosiokulturele stelsels, godsdienstige instellings en aktiwiteite, media en kommunikasie, menslike hulpbronstelsels, probleme en bekommernisse van die gemeenskap en sterk- en swakpunte van die gemeenskap.

4.6.1 SAMEVATTING

Eksplorasie as tegniek word aangewend met sandspel volgens die Gestaltbenadering in maatskaplike werk. Uit voorafgaande is vasgestel watter inligting uit eksplorasie verkry kan word oor die leefwêreld van die adolessente op wie die studie gedoen gaan word. Die opsomming van inligting wat uit eksplorasie verkry kan word, word nou in tabelvorm voorgestel.

Tabel 4.2: Opsomming van Eksplorasie inligting

Individu en gesinsisteem											Omgewing-sisteem							Probleemdimensies									
Persoonlikheids-eienskappe	Gesinsbande	Verhoudinge	Fisiese faktore bv. Voorkoms	Emosionele faktore	Ontwikkelingsfaktore	Sosiale faktore	Gesinstruktuur	Gesinsklimaat	Rolle	Dissiplinestruktuur	Behuising	Omgewing	Aktiwiteite	Skool	Werk	Godsdienstige instellings	Hulpbronne	Oorsake/ontstaan	Omvang	Aard	Impak	Frekwensie	Instandhouding	Duur	Manifestering	Hantering	Behandeling

Die navorser is van mening dat eksplorasie suksesvol is as daar by al die aspekte wat in tabel 4.2 opgesom is, inligting vanaf die kliënt verkry is. Dit is ook belangrik dat die kliënt se probleem onmiddellik sigbaar is in die eksplorasie. Nadat die maatskaplike werker suksesvol geëksploreer het, kan intervensie beplan word vir die kliënt om insig te ontwikkel oor die probleem, besit te neem daarvan en om dan alternatiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oplossings vir die probleem te kry. Intervensies geskied binne die veilige ruimte van die terapeutiese verhouding tussen die kliënt en die maatskaplike werker.

Daar word nou oorgegaan na hoofstuk vyf waarin die benutting van sandspel in die eksplorering van die leefwêreld van die adolessent beskryf gaan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

DIE BENUTTING VAN SANDSPEL IN DIE EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DIE ADOLESSENT

5.1 INLEIDING

Maatskaplike werk is gemoeid met die gesonde maatskaplike funksionering van die individu in die gemeenskap. Alvorens die maatskaplike werker hulp kan verleen, moet die kliëntsisteem geëksploreer word om sake wat die kliëntsisteem affekteer te identifiseer.

Sandspel is volgens die literatuur (Enns en Kasai, 2002:109; Homeyer en Sweeney, 1998:3; Bradway en McCoard, 1997:37; Zinni, 1997:657)'n nie-bedreigende, kreatiewe, sensories gebaseerde, nieverbale metode van uitdrukking in 'n terapeutiese situasie. Sandspel help die kliënt om inligting te gee oor sy leefwêreld.

In hierdie hoofstuk word die empiriese metode wat gebruik is vir die eksplorering van die leefwêreld van die adolessent met sandspel volgens die Gestaltbenadering beskryf.

5.2 EMPIRIESE STUDIE

Die empiriese ondersoek is op 'n literatuurstudie gebaseer en het ten doel om volgens die Gestaltbenadering met sandspel te eksploreer en te beskryf wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waargeneem word om sodoende die maatskaplike werker te lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die adolessente kliënt.

5.2.1 NAVORSINGSMETODOLOGIE

5.2.1.1 NAVORSINGSBENADERING

Die aard van die studie bepaal die navorsingsbenadering wat gevolg gaan word (De Vos, 1989:80). Die navorsingsbenadering wat in hierdie studie gevolg is, is kwalitatiewe navorsing, aangesien dit gebruik maak van ‘n natuurlike opset. Die fokus is op die proses en die kliënt se perspektief is van primêre belang in die beskrywing en verstaan van wat daar gebeur (Babbie en Mouton, 2001:270). In hierdie studie is volgens die Gestaltbenadering met sandspel geëksploreer en beskryf wat waargeneem is in die sandbak om sodoende die maatskaplike werker te lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die adolessente kliënt. Die studie is in ‘n natuurlike omgewing van ‘n sandspelkamer op die terrein van ‘n kantoor van die Christelike Maatskaplike Raad gedoen.

5.2.1.2 NAVORSINGSONTWERP

In hierdie studie, soos bespreek in hoofstuk 1, dien gevallestudie as navorsingsontwerp. Eksplorasie en beskrywing van die gevalle vind plaas deur gedetailleerde en in diepte dataversamelingsmetodes, wat ses bronne van inligting insluit. Dit behels onderhoude, vraelyste, foto’s en waarnemings. Die navorser eksploreer met sandspel volgens die Gestaltbenadering en beskryf wat waargeneem word oor die leefwêreld van die adolessente kliënt. Die gevalle word in diepte beskryf met die oogmerk om die kliënt se leefwêreld te verstaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3 NAVORSINGSPROSEDURE

5.3.1 LITERATUURSTUDIE

Volgens Creswell (1994:23) word literatuur in ‘n kwalitatiewe studie gebruik om die studie af te baken, die onderwerp toe te lig met bestaande en relevante kennis en om die navorsingsbevindinge te vergelyk. In hierdie studie dien die literatuur om die navorsing in konteks te plaas.

5.3.2 UNIVERSUM EN STEEKPROEFNEMING

Die populasie word beskou as die omvattende aantal individue wat voldoen aan spesifieke kriteria vir die ondersoek waaruit waarnemings gedoen gaan word. (Bless en Higson-Smith, 1995:85). Die populasie van hierdie studie is die adolessente pleegkinders in Tshwane wie se plasings onder die toesig is van die Christelike Maatskaplike Raad.

Pleegkinders is kinders wat deur ‘n hof sorgbehoewend bevind word volgens die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 (Republiek van Suid-Afrika, 1983:19) en in die sorg geplaas word van ‘n pleegouer. Die hof bepaal dat ‘n maatskaplike werker by ‘n welsynsorganisasie toesig moet hou oor die plasing.

Die navorser het ‘n niewaarskynlike, doelbewuste steekproeftrekking gebruik om drie deelnemers te selekteer, met die volgende kriteria vir insluiting:

- Adolessente pleegkinders moet tussen ouderdomme 13 en 16 jaar wees.
- Die adolessente moet dogters en seuns insluit.
- Die adolessente word geselekteer op grond daarvan dat hulle weens hul omstandighede kan baat by intervensie, of weens gedragsprobleme, of emosionele probleme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die pleegouers van die adolessente moet toestemming vir deelname aan die navorsing gee.
- Die geselekteerde deelnemers moet gewillig wees om deel te neem aan die navorsing.

5.3.2.1 PROFIELE VAN DEELNEMERS

Deelnemer 1 is vroulik en Afrikaanssprekend. Sy is 14 jaar en 3 maande oud tydens die ondersoek. Sy is in pleegsorg vir vier jaar en is tans in graad 7. Die aanmeldingsprobleem was dat daar wangedrag by die skool is en dat sy nie na wense presteer en haar huiswerk doen nie. Die deelnemer en haar pleegouers het ingestem dat sy deelneem.

Deelnemer 2 is manlik en Afrikaanssprekend. Hy is 16 jaar en 7 maande oud tydens die ondersoek. Hy is in pleegsorg vir agt jaar en is tans in graad 8. Die aanmeldingsprobleem was dat hy vloek en aggressiewe gedrag openbaar by die skool en tuis. Die deelnemer en sy pleegouers het ingestem dat hy deelneem.

Deelnemer 3 is vroulik en Afrikaanssprekend. Sy is 15 jaar en 2 maande oud tydens die ondersoek. Sy is in pleegsorg vir twee jaar en is tans in graad 8. Daar was nie ‘n aanmeldingsprobleem nie, maar die deelnemer is waargeneem as stil en skaam. Die deelnemer en haar pleegouers het ingestem dat sy deelneem.

5.3.3 DATA-INSAMELING

5.3.3.1 VOORBEREIDING VIR DATA-INSAMELING

Die navorser het kontak gemaak met ‘n spesifieke kantoor van die Christelike Maatskaplike Raad in Tshwane en toestemming vir die navorsing verkry van die bestuurder van die betrokke kantoor (bylae 1a). Die deelnemers is geselekteer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur die maatskaplike werker wat vir die betrokke kantoor verantwoordelik is vir pleeggesinne. Die deelnemers is geselekteer, die pleegouers is genader, die navorsing is aan hulle verduidelik en toestemming is verkry (bylae 1b).

5.3.3.2 MEETINSTRUMENTE

Die navorser gebruik in hierdie studie gedetailleerde en in diepte data-versamelingsmetodes wat ses meetinstrumente insluit, wat vervolgens bespreek gaan word.

As meetinstrument vir die deelnemer se temperament is ‘n gestandaardiseerde vraelys van Mol (1988:20-30) gebruik. Die doel van die temperamentvraelys is om ‘n aanduiding te kry oor die persoonlikheidseienskappe van die deelnemers. Mol (1988:20-30) se vraelys oor temperamentverskille is gekies, aangesien dit eenvoudig en vinnig is om te gebruik. Die vraelys neem twee aspekte van ‘n persoon in ag, naamlik emosioneel teenoor onemosioneel en introvert teenoor ekstrovert en onderskei vier temperamente, naamlik flegmaties, choleries, melankolies en sanguinies. Elke temperament het tipiese persoonlikheidseien-skappe wat kenmerkend is van daardie temperament. Die vraelys bepaal na watter temperament die deelnemer die meeste neig (bylae 1e). Hierdie inligting is belangrik, aangesien dit een van die aspekte is wat benodig word om die deelnemer se *proses* te verstaan, met die aanvang van ‘n intervensie soos bespreek in paragraaf 4.5.3.

As meetinstrument om deelnemers se gedrag en denkwyses in die eerste sessie te eksploreer, word ‘n vraelys met oop vrae van Blom (2004:7) gebruik. Hierdie vrae is gekies aangesien dit informeel en algemene gespreksvrae is, met die doel om dialoog tussen die navorser en die deelnemer te bevorder. ‘n Verdere doel van die vrae is die bou van die verhouding tussen die navorser en die deelnemer (bylae 1c).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

‘n Tweede vraelys met oop vrae word gebruik om die deelnemer se gesinsomstandighede te eksploreer (bylae 1d). Dié tegniek is deur Venter (1988:1-5) ontwikkel. Die deelnemer word gevra om sy gesin voor te stel as sirkels op ‘n papier, waarna die gesinsituasie met vrae geëksploreer word.

Die vierde meetinstrument is die semigestruktureerde onderhoudskedule (bylae 2b) wat gebruik word om die deelnemers se sandbakke te eksploreer om meer inligting te kry oor die miniature wat die deelnemers gebruik. Daar word in die onderhoudskedule geëksploreer oor die polariteite in die sandbak en die betekenis wat die deelnemers aan die miniature heg. Daar word vasgestel hoe hy/sy, besit neem van wat in die sandbakke is, en in sy/haar lewe identifiseer. Daar word geëksploreer rondom die deelnemer se alternatiewe van sy/haar voorgrondprobleem, wat die sessies se ontlonting inlei. Daar word tydens hierdie onderhoude gebruik gemaak van opvolgvrae en ondersoekvrae (Greef, 2005:293). Ander kommunikasietegnieke wat deur die onderhoudvoerder gebruik word, is parafrasering, klarifikasie, refleksie en aanmoediging (Greef, 2005:289). Hierdie tegnieke word deur die navorser gebruik vir verdere eksplorering van deelnemers se antwoorde om inligting oor hulle leefwêrelde te bekom. Stemopnames is gemaak, wat as hulpmiddel gebruik is om die inligting van die semigestruktureerde onderhoude akkuraat te kon weergee.

Foto’s word as meetinstrumente gebruik, as akkurate rekords van die sandbakke van die deelnemers en dien ook as visuele materiaal om die bespreking van die sandbakke en die gebruik van die miniature deur die deelnemers te illustreer.

Waarnemings word voortdurend gemaak oor die deelnemers se gedrag, wat dien as nieverbale kommunikasie gedurende die sessies en met die bou van die sandbakke. Die doel van die waarnemings is om die verbale kommunikasie te bevestig of te ontken en om hipoteses te kan vorm oor dit wat nie gesê word in die sessies nie. Aspekte waaroor waarnemings gedoen is:

- Hoe werk die deelnemer saam met die navorser?

- Hoe kies die deelnemer miniature en hoe word gebou?
- Hoe word die taak voltooi?
- Wat weerspieël die deelnemer se liggaamstaal/houding?
- Hoe is die deelnemer se energievlak?
- Hoe is die sandbak se organisasie?
- Watter emosies word gesien by die deelnemer (Boik en Goodwin, 2000:61; Homeyer en Sweeney, 1998:65)?

Die data van hierdie studie is by drie deelnemers ingesamel. Elke deelnemer het vier individuele sessies met die navorser gehad, wat gewissel het tussen vyf en veertig minute en negentig minute per sessie. Die sessies is vir een maal weekliks vir elke deelnemer geskeduleer. Die sessies is op die perseel van die welsynsorganisasie gehou, in die sandspelkamer wat ingerig was vir die doel. Elke sessie is vooraf beplan, asook die data insamelingsinstrumente wat in die sessies gebruik is.

Tabel 5.1: Deelnemer kontakskedule

DEELNEMERS	**Sessie 1**	**Sessie 2**	**Sessie 3**	**Sessie 4**
Deelnemer 1	60min	90min	60min	45min
Deelnemer 2	60min	75min	60min	Onttrek
Deelnemer 3	50min	90min	60min	60min

5.3.4 DATA-ONTLEDING EN -INTERPRETASIE

Die data wat in die navorsing ingewin is, is georden en geïnterpreteer, sodat ‘n deeglike beskrywing van die leefwêreld van die deelnemers verkry kon word, die navorsingsvraag beantwoord kon word en ‘n aanduiding gegee kan word van hoe die resultate aangewend kan word (De Vos, 2005:333; Yegidis en Weinbach, 1991:208-214)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Data-ontleding en -interpretasie het die volgende behels:

- Na elke sessie is die verloop daarvan beskryf en die meetinstrument wat in die sessie gebruik is, is verwerk in ‘n interpretasie om ‘n duidelike beeld te kan weergee van wat in die sessie gebeur het en watter inligting ingewin is oor die deelnemer en sy/haar leefwêreld.
- Die literatuur is na elke sessie gebruik om die inligting wat in die sessie verkry is, te interpreteer en bevindinge van die deelnemer en sy/haar leefwêreld op te skryf.

5.4 DIE VERLOOP VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek behels drie gevallestudies wat gedoen is op die terrein van ‘n kantoor van die Christelike Maatskaplike Raad in ‘n sandspelkamer wat vir die doel ingerig is. Elke gevallestudie word verdeel in vier sessies. Die sessies is geskeduleer vir een maal weekliks vir vier opeenvolgende weke. Die *Schoeman-werkmodel* (Schoeman, 2006:8-49) word gebruik as model vir die ondersoek, soos volledig bespreek en beskryf in 4.2.

Die eerste sessie se doel is die bou van ‘n verhouding met die deelnemer en waarneming van die deelnemer se *proses*. Dit word gedoen deur die sessie te begin met ‘n speletjie om die ys te breek en die verhouding in te lei met ‘n aktiwiteit wat vermaak verskaf. ‘n Vraelys met oop vrae word dan gebruik om die deelnemer se gedrag en denkwyse te eksploreer (bylae 1c). Die deelnemer se gesinsomstandighede word daarna geëksploreer met ‘n grafiese gesinskets en ‘n tweede vraelys oop vrae (bylae 1d). Daarna word daar na die deelnemer se temperament gekyk deur die voltooiing van ‘n temperamentvraelys (bylae 1e).

Die tweede sessie se doel is om die deelnemer se leefwêreld met die sandbak te eksploreer. In hierdie sessie word ‘n spontane sandbak gebruik, soos beskryf deur Boik en Goodwin (2000). Hierdie sessie word ingelei deur ‘n sensoriese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stimulasie-oefening wat dien om bewustheid van die self en die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). Die sandbak word geëksploreer met die semigestruktureerde onderhoudskedule (Bylae 2b) wat saamgestel is uit riglyne van Boik en Goodwin (2000) en die Oaklander werkmodel vir die eksplorasie van ‘n projeksie (Oaklander, 1988:53-56) soos bespreek in Tabel 4.1.

Die sandbaksessies is gehou in ‘n sandspelkamer waarin ‘n tafel met een sandbak van 75cm x 50cm x 7.5cm staan (Homeyer en Sweeney, 1998:24). Die bodem en kante van die sandbak is blou geverf en die bak is driekwart vol sand. Miniatuurartikels wat alledaagse mense en objekte in die lewe voorstel, is in kategorieë op rakke teen die mure gerangskik. Die volgende kategorieë word onderskei: mense, diere, plante, ander natuurartikels, geboue, strukture, vervoermiddels, omheinings, tekens, infrastruktuur, fantasie, godsdiens, kos en verbruikersitems, boumateriale en ander items wat nie in bogenoemde kategorieë val nie. (Turner, 2005:356-35; Boik en Goodwin, 2000:39-48; Homeyer en Sweeney, 1998:33). Vir ’n meer volledige beskrywing van kategorieë verwys terug na tabel 3.1.

Die derde sessie se doel is om die deelnemer se leefwêreld verder te eksploreer met die sandbak. Die inligting oor die leefwêreld van die deelnemer wat uit die tweede sessie verkry word, bepaal wat verder geëksploreer moet word oor die leefwêreld van die deelnemer. Hierdie sessie word ook ingelei deur ‘n sensoriese stimulasieoefening, aangesien dit dien om bewustheid van die self en die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). In hierdie sessie word ‘n direktiewe sandbak gebruik, soos beskryf deur Boik en Goodwin (2000) en word geëksploreer met die semigestruktureerde onderhoudskedule in bylae 2b.

Die vierde sessie se doel is om die deelnemer se leefwêreld verder te eksploreer met die sandbak. Hierdie sessie word weer ingelei deur ‘n sensoriese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stimulasie-oefening. Die inligting oor die leefwêreld van die deelnemer wat uit die derde sessie verkry word, bepaal wat verder geëksploreer moet word oor die leefwêreld van die deelnemer. In hierdie sessie kan ‘n spontane of direktiewe sandbak gebruik word. Hierdie sandbak word weer geëksploreer met die semi-gestruktureerde onderhoudskedule in bylae 2b.

Na elke sessie word ‘n interpretasie van die sessie gedoen, waarin beskryf word wat waargeneem is oor die leefwêreld van die deelnemer. Die waarneming word geformuleer deur inligting verkry uit die vraelyste, die sandbak, die semi-gestruktureerde onderhoude, ander waarnemings en die foto’s van die sandbakke. Hierdie inligting word dan geïnterpreteer met die literatuur en die oriënteringsteorie van die Gestaltbenadering om so ‘n beeld van die leefwêreld van die deelnemer te vorm.

5.5 SAMEVATTING

‘n Kwalitatiewe navorsingsbenadering op drie deelnemers is as gevallestudie aangebied. Die drie deelnemers is deur ‘n doelbewuste steekproeftrekking volgens spesifieke kriteria by die navorsing betrek. Ses meetinstrumente is in die gevallestudies aangewend wat vraelyste, semigestruktureerde onderhoude, foto’s en waarnemings insluit. Die data wat in die navorsing ingewin is, is georden en geïnterpreteer sodat deeglike beskrywing van die leefwêrelde van die deelnemers verkry kan word.

Die verloop van die empiriese ondersoek is in vier sessies beskryf maar om duplisering uit te skakel, word die toepassings van die ondersoekproses saam met die resultate en interpretasies in die volgende hoofstuk beskryf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

RESULTATE, BEVINDINGE EN INTERPRETASIES

6.1 INLEIDING

Die empiriese ondersoek behels drie gevallestudies wat gedoen is op die terrein van ‘n kantoor van die Christelike Maatskaplike Raad in ‘n sandspelkamer wat vir die doel ingerig is. Elke gevallestudie word verdeel in vier sessies. Die sessies is geskeduleer vir een maal weekliks vir vier opeenvolgende weke. Die *Schoeman-werkmodel* (Schoeman, 2006:8-49) word gebruik as model vir die ondersoek, soos volledig bespreek en beskryf in 4.2.

Die toepassing van die ondersoekproses word in hierdie hoofstuk beskryf saam met die resultate en interpretasies. Dieselfde ondersoekproses word met al drie deelnemers gedoen. Om duplisering uit te skakel, word slegs deelnemer 1 se ondersoekproses volledig beskryf .

6.2 DEELNEMER 1

Deelnemer 1 is vroulik en Afrikaanssprekend. Sy is 14 jaar en 3 maande oud tydens die ondersoek. Sy is in pleegsorg vir vier jaar en is tans in graad 7. Die aanmeldingsprobleem was dat daar wangedrag by die skool is en dat sy nie na wense presteer en haar huiswerk doen nie. Die deelnemer en haar pleegouers het ingestem dat sy deelneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.1 SESSIE 1: INLEIDING VAN NAVORSINGSESSIES

In hierdie sessie is daar toegetree tot die bou van ‘n verhouding met deelnemer 1. Die wyse van toetrede was deur middel van ‘n speletjie wat vermaak verskaf en vrae wat dialoog bevorder en die navorser meer inligting oor die deelnemer se leefwêreld gee. Die deelnemer kon kies tussen ‘n kaartspel of slangetjies en leertjies. Die vrae wat gebruik is, word gelys in bylae 1c (Blom, 2004:74-75).

Tabel 6.1 Vrae en antwoorde oor deelnemer 1 se leefwêreld.

VRAE	**ANTWOORDE DEELNEMER 1**
As jy drie wense kon wens, wat sou dit wees?	Dat ek ‘n selfoon kan kry, dat ek na ‘n ander skool kan gaan en dat ek maats kan hê.
Vertel van die stoutste ding wat jy al ooit gedoen het.	Ek het skool “ geslip”.
As jy kon ophou met skool, sou jy?	Nee, want ek wil klaarmaak.
Wat is die slegste ding by die skool?	Dat ek nie maats het nie.
Wat is die lekkerste ding by die skool?	Die werk en as ons in die klas is.
Wie is jou beste vriend/vriendin?	Ek het nie vriende nie.
As jou ouers jou sou verbied om verder met jou beste vriend/in te speel omdat hy/sy ‘n slegte in-vloed op jou het, hoe sou jy voel?	Ek sal baie hartseer wees, maar ek sal nie met haar speel nie.
As jy baie geld gehad het en dit kon spandeer net soos jy wil, wat sou jy daarmee gemaak het?	Ek sal ‘n selfoon koop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vertel my wat maak jou regtig kwaad.	As iemand vir my jok.
Wat sou jy verkies, om geen reëls in jou lewe te hê nie, of om eerder met dié saam te leef wat jy het?	Ek sal liewers dié hou wat ek het.
Wat dink jy waarvan hou jou vriende die meeste van jou?	Hulle hou daarvan dat ek iets vir hulle doen.
As jy vir een dag onsigbaar kon wees, wat sou jy gedoen het?	Ek sal op die dak klim.
As jy iets kon verander aan jouself, wat sou jy verander?	Niks nie.

Die volgende aktiwiteit wat gedoen is, was ‘n grafiese gesinskets om die adolessent se gesinsomstandighede en die atmosfeer in die gesin beter te leer ken (Venter, 1988:1-5).

Tabel 6.2 Vrae en antwoorde oor deelnemer 1 se gesinsomstandighede.

VRAE	**ANTWOORDE DEELNEMER 1**
Stel elke lid van jou gesin voor as ‘n leë sirkel op die papier en skryf by wie elkeen is.	Sy het sewe persone en haarself aangedui. Die persone was pleegsussie, eie sussie, tweede pleegsussie, pleegma, pleegpa, en twee pleegbroers.
Na wie kyk elke gesinslid die meeste van die tyd?	Sy kyk na haar eie sussie en haar een pleegsussie en die drie groter pleegkinders kyk na die drie jonger kinders, die pleegma en die pleegpa kyk na hulle almal.
Wat doen elke gesinslid die meeste van die tyd?	Die pleegpa werk baie hard en aanmekaar vir geld vir hulle almal, die pleegma is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	huisvrou en sorg vir almal, die twee broers en een pleegsussie werk meestal en sy, haar eie sussie en die klein pleegsussie speel meestal saam.
Hoe voel elke gesinslid die meeste van die tyd?	Almal is gelukkig en vriendelik, die pleegma en pleegsussie is grapperig en haar eie sussie is soms wipperig.

Om meer van die deelnemer se *proses* te leer ken, is daar met haar in gesprek getree rondom haar temperament. Die gesprek is gebaseer op die temperamentverskille soos beskryf deur Mol (1981:21-28). Die temperament-vraelys is eers met die adolessent gedoen, wat aangedui het watter van die vier temperamente haar die beste beskryf (Bylae 1e). Die temperament se persoonlikheidseienskappe is daarna met die deelnemer bespreek sodat sy kon aandui watter van die eienskappe haar algemene gedrag die beste beskryf. Volgens die vraelys word deelnemer 1 waargeneem as melankolies, wat die beste beskryf word deur die volgende eienskappe: introvert, sensitief, arbeidsaam, talentvol, lojaal en idealisties (Mol, 1981:29-30)

(a) AFSLUITING

Sessie 1 word afgesluit met evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur waardering uit te spreek vir haar mooi samewerking en deelname. Die deelnemer sê dat dit vir haar lekker was en dat sy nou beter voel. Ons bespreek hoe sy haarself nou kan beloon vir die werk. Sy antwoord dat sy iets vir iemand sal gaan doen, want dit is vir haar lekker as mense vir haar dankie sê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) WAARNEMING DEUR DIE NAVORSER GEDURENDE DIE SESSIE

Die deelnemer was in die begin van die sessie senuweeagtig en onseker, maar het tydens die speletjie reeds meer op haar gemak geraak en goed deelgeneem. Sy het gesukkel met die temperamentvraelys en die navorser moes van die vrae aan haar verduidelik.

6.2.1.1 INTERPRETASIE VAN SESSIE 1

(a) LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 SOOS GEÏDENTIFISEER

Oor haar leefwêreld is waargeneem dat sy positief is teenoor al die lede van die pleeggesin en verantwoordelik voel vir haar eie sussie. Sy het ook aangedui dat sy haar onderwerp aan ouerlike gesag. Sy ondervind probleme by die skool en met haar portuurgroep. As persoon is sy stil, skaam en sensitief, sy hou daarvan om vir iemand iets te doen en doen haar bes vir goedkeuring en aanvaarding. Sy beskik oor ideale en hou van struktuur.

(b) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die maak van kontak is vir die deelnemer ‘n probleem, aangesien sy nie haar behoefte aan maats kan bevredig nie (Blom, 2004:19). Die kontakgrens-versteuring wat geïdentifiseer word, is samevloeiing (Blom, 2004:26) aangesien die deelnemer neig om enige grense te oortree ter wille van aanvaarding by die portuurgroep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Volgens ouderdom word die deelnemer geplaas in die middeladolessensie (Jaffe,1998:26) alhoewel sy nog in die laerskool is en dus nog ook eienskappe van die vroeë adolessent het. Fisies is sy reeds in puberteit. Die portuurgroep is vir 'n adolessent baie belangrik in sy/haar ontwikkeling van eie identiteit en onafhanklikheid (Toman en Bauer, 2005:182). Die deelnemer het egter nie maats nie en beleef dit as 'n groot behoefte.

6.2.2 SESSIE 2: EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 MET SANDBAK 1

Die sessie is begin met 'n sensoriese bewustheidsoefening om selfbewustheid en bewustheid van die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). Die deelnemer word hierdeur in kontak met haar sensoriese modaliteite gebring om die nodige bewustheid te bewerk vir groei en verandering. Die deelnemer word gevra om visueel in kontak te kom met die sandbakkamer deur rond te kyk, 'n paar minute te neem, deur die rakke te loop en die miniature in te neem. Daarna is sy bekend gestel aan die sandbak, het sy by die sandbak gaan sit en met haar hande die grense van die bak en die tekstuur van die sand gevoel. Daarna is 'n ontspanningsoefening met die deelnemer gedoen, soos opgeteken in bylae 2a (Schoeman, 2006:29).

Deelnemer 1 word nou gevra om haar wêreld soos volg in die sandbak te bou:

- Kyk na die miniature op die rakke en neem dit wat jou interesseer, of trek, of vir jou betekenis het, of jou herinner aan iets en bou daarmee jou wêreld in die sand.
- Neem jou tyd en sê vir my as jy klaar is. Ek gaan hier by jou sit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer die deelnemer aandui dat sy klaar gebou het, word daar vir haar geleentheid gegee om haar wêreld te oordink en te ervaar (Boik en Goodwin, 2000:87). Die onderhoud word met die deelnemer gevoer volgens die semi-gestruktureerde onderhoudskedule in bylae 2b. ‘n Foto van die sandbak word hierna getoon en ‘n lys met miniature, die betekenis wat die deelnemer daaraan gee en die simboliese betekenis volgens die literatuur is in bylae 2c.

FIGUUR 6.1: FOTO VAN DEELNEMER 1 SE SANDBAK 1

6.2.1.1 TERUGVOER TYDENS DIE ONDERHOUD

Daar word sover moontlik gebruik gemaak van die deelnemer se eie woorde in verslaggewing van die onderhoud. Tydens die onderhoud het die deelnemer na die miniatuurfigure in haar sandbak gewys wat die navorser toelig met beskrywing in hakies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) EKSPLORERING

Deelnemer 1 sê dat sy beter voel en vertel die volgende oor haar sandwêreld: Daar is mense se huis en die mense kom van die werk af (man en vrou net buite die heining van die huis) en die kinders speel in die jaart (twee tennisspelers). Die man en die vrou en die kinders bly in die huis. Die leeus (vier) is in die hok en mense kan vir hulle kom kyk en dan kan hulle daar naby op die stoepie sit en teedrink. Die leeus is nou babaleeus, hulle kom nou na die mense toe. As hulle grootword, sal hulle die mense opeet. Daardie twee diere loop op die jaart rond (twee kalkoene). Hierdie is net vir die mooi en niemand kan op dit loop nie (die brug). Hier is die mense se werk (die groen huisie) en hier is (drie) feetjies net vir die mooi en hulle kan nie beweeg nie en is bly as hulle skoongemaak word. Daar is die dam met twee eende, twee seeskilpaaie, ‘n dogtertjie wat met ‘n vissie speel en ‘n seuntjie wat swem. Daar is ook ‘n meisie wat in ‘n stoel sit en visvang, sy is dertien jaar oud. Almal by die dam is gelukkig. Die vlinders vlieg en sit op goed en die feetjies is vir versiering. Die werk is daar en dit is ook die skool. In die jaart is twee bome, een is deur die weerlig geslaan en is nou dood, maar word gehou vir versiering. Die ander boom is mooi en die kinders sit daaronder as dit warm is. Die hond hou die skelms uit, is bly om die mense te sien en is ‘n wyfie. Die kat is skaam en is ook ‘n wyfie. Om die huis is ‘n heining wat die hond inhou en die leeus uit. Die heining om die dam hou die diere binne. Die besem en die hark is daar vir die man en vrou wat moet skoonmaak.

(b) EKSPLORERING MET POLARITEITE

Deelnemer 1 het gesê die probleem in die bak is by die werk en by die skool. Daar is nie ‘n probleem by die huis en by die dam nie. As die kinders saamspeel, is dit goed en as die leeus baklei, is dit kwaad. Sleg is as daar skoongemaak moet word en lekker is om te swem in die dam. Die sterkste is die ma en die pa en die swakste is die leeus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) IDENTIFISERING EN BESITNEMING

Die deelnemer het gesê dat die sandbak dieselfde is as haar lewe, dit stel die huis voor waar sy by haar tannie en oom bly (pleegouers), die kinders is die tannie se twee groter kinders en die kleintjie wat by die dam speel. Sy sê naby hulle huis is daar ‘n dam waarby hulle almal lekker speel. Sy sê dat sy gelukkig is by die huis, maar nie by die skool nie. Sy sê dat sy die meisie by die dam is wat die kleintjies oppas en visvang. Dit is vir haar lekker. Haar probleme is ook by die skool, sy is in graad 7. Sy “slip” klasse saam met haar maats en kom dan in die moeilikheid. Sy voel hartseer en kwaad vir haarself dat sy dit gedoen het. Sy sal graag wil soet wees by die skool en ordentlike maats hê. As sy nie saam stout is nie sê die maats en haar sussie dat sy ‘n “nerd” is en hulle terg haar en baklei met haar. Dit is vir haar baie sleg.

Uit die onderhoud tot dusver neem die navorser die deelnemer se voorgrondprobleem waar as probleme by die skool en die behoefte om te behoort aan ‘n portuurgroep waarby sy gemaklik kan voel.

(d) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

Sy sal graag wil soet wees by die skool. Sy wil nie meer met die maats speel wat haar in die moeilikheid laat beland nie. Sy is nou in ‘n ander klas as die stout maats. Sy werk ook deesdae eerder pouse in die kantoor. Sy sê die verandering is beter, want nou kom sy nie meer in die moeilikheid nie. Sy mis dit egter om maats te hê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(e) AFSLUITING

Sessie 2 word afgesluit deur evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur haar te komplimenteer oor die keuse wat sy gemaak het om nie meer met die kinders te speel wat haar in die moeilikheid bring nie. Die sessie word geëvalueer. Die deelnemer sê dat die sessie vir haar lekker was en dat sy nou beter voel. Om haarself te vertroetel, sê sy sy gaan speel.

(f) WAARNEMINGS DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Die volgende waarnemings is gedurende die sessie gemaak: Deelnemer 1 maak geen melding van haar ma, pa en sussie nie en stel hulle ook nie voor in haar sandbak nie. Sy gee haar volle samewerking (sy is gewillig om te doen wat die navorser vra) en doen haar bes om die navorser se goedkeuring te kry (sy vra die navorser by drie geleenthede of dit reg is hoe sy die opdrag uitvoer). Met die bou van die sandbak was sy aanvanklik onseker (vra of dit reg is wat sy doen), maar sy bou later doelgerig. Haar organisasie in die sandbak is sinvol (sien foto figuur 6.1), haar energievlak is deurgaans goed (sy loop vinnig heen en weer tussen die sandbak en die rakke vol miniatuurobjekte) en haar emosies kom neutraal voor (haar gesigsuitdrukking is neutraal).

6.2.2.2 INTERPRETASIE VAN SESSIE 2

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 SOOS SY DIT IDENTIFISEER IN DIE SANDBAK

Die deelnemer identifiseer in die sandbak die huis en huismense van haar pleeggesin. Sy skep ‘n positiewe en huislike atmosfeer met bome, blomme en huisdiere. Sy sê sy is die dertienjarige meisie wat die klein kindertjies by die dam oppas en haarself vermaak met visvang en speel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sy dui ook haar skool en haar pleegpa se werk aan. By die skool ervaar sy portuurgroepprobleme en dissiplineprobleme. Sy hanteer die probleme deur nie meer met die kinders te speel wat haar in die moeilikheid bring nie en deur gedurende pouse vir die personeel werkies te doen.

(b) ITEMS VAN DEELNEMER 1 SE SANDBAK WAT SY NIE GEÏDENTIFISEER HET NIE

Items in die deelnemer se sandbak wat sy nie in haar lewe kan identifiseer nie:

- Vier leeus, twee eende, twee skilpaaie, twee kalkoene, drie vlinders.
- ‘n Brug.
- Heinings.
- Drie feetjies.

(c) HIPOTESES GEMAAK UIT SIMBOLIESE BETEKENISSE VAN MINIATURE EN SANDSPELNAVORSING

Hipoteses wat hier gemaak kan word (Schoeman, 2008; Boik en Goodwin, 2000:83) oor die items wat die deelnemer nie geïdentifiseer het of waaroor nie bevredigende antwoorde in die onderhoud verskaf is nie, is:

- Die leeus in hokke kan dui op woede wat toegehou word of kan in die konteks ‘n bedreiging voorstel (Herder, 1993:121).
- Die brug se simboliese betekenis volgens Herder (1993:28) is iets wat nog oorkom moet word.
- Die skilpaaie se simboliese betekenis is dat hulle beskerm is teen indringing van buite deur hulle dop, maar kwesbaar is as hulle omgedop word (McNelly, 2001:188).
- Die vlinder se simboliese betekenis is dat dit geassosieer word met vernuwing (McNelly, 2001:131).
- Die feetjie se simboliese betekenis is helpertjie (McNelly, 2001:145).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sandspelnavorsing soos in hoofstuk 3 van die literatuur bespreek word wat betrekking het op hierdie sessie, is:

- Bühler (1951) in Homeyer en Sweeney (1998:75) onderskei omheinde wêrelde as ‘n behoefte aan beskerming, vrees vir eie impulse of ‘n geneigdheid van ‘n persoon om hom/haarself af te skerm van ander.
- Harper (1988:14) het in navorsing bevind dat seksueel misbruikte kinders wilde diere plaas op plekke waar hulle nie noodwendig hoort nie, soos die deelnemer leeus in hokke geplaas het in haar wêreld en gesê het dat hulle aggressief sal wees as hulle uitkom.
- Zinni (1997:658) noem dat voëls en/of items wat nie by die tema pas nie in sandtonele van getraumatiseerde kinders voorkom. In die deelnemer se sandbak was daar vier voëls en items wat nie by die opdrag of temas pas nie, naamlik die leeus in hokke. Hierdie hipotese word in gedagte gehou.
- Daar is ook deur Bowyer (1970 in Mitchell en Friedman, 1994:66-71) bevind dat sandbakke ouderdom en ontwikkelingstadium reflekteer. Deelnemer 1 se sandbak reflekteer nie die tipiese eienskappe van ‘n adolessent in die bak nie aangesien maats en die portuurgroep heeltemal afwesig is. Hiervan kan afgelei word dat die deelnemer se sandbak nie die toepaslike ontwikkelingstadium reflekteer nie en dat sy volgens Bowyer (1970) terapie benodig.

(d) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die deelnemer se veld word geïdentifiseer as haar skool, maats, die pleegouers se huis, die pleeggesin, haar speelplek en die pleegpa se werk.

Haar voorgrondbehoefte is waargeneem as probleme by die skool en die behoefte om aan ‘n portuurgroep waarby sy gemaklik kan voel, te behoort.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onafgehandelde sake is waargeneem as die verhouding met haar jonger sussie, haar biologiese gesin en die bedreiging of woede (wat moontlik deur die leeus voorgestel word, Herder, 1993:121) wat nog oorkom moet word (wat moontlik deur die brug voorgestel word, Herder, 1993:28).

(e) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Die kognitiewe ontwikkeling van die deelnemer wat tot dusver waargeneem is, is dat sy meer liggaamlik-kinesteties en interpersoonlik georiënteerd is (Gardner, 1993 in Jaffe, 1998:114). Dit word gesien in die aktiwiteite waarin sy haarself voorstel, soos visvang en kinders oppas. Daar is ook waargeneem dat daar reeds ‘n afname in egosentrisme is, want sy begin bewus raak van ander se behoeftes en begin verantwoordelikheid vir haarself aanvaar (Toman en Bauer, 2005:190). Sy kan haar egter nog nie handhaaf tussen familie en vriende nie en beskik nog nie oor die vermoë om haarself te beskryf nie (Kimmel en Weiner, 1995:153,196).

Morele ontwikkeling is waargeneem by die deelnemer in haar houding teenoor reëls in haar pleeggesin (Jaffe, 1998:153). Verandering het begin plaasvind ten opsigte van skoolrëels, aangesien sy gekies het om eerder sonder vriende te wees as om in die moeilikheid te kom.

Sosiale ontwikkeling wat waargeneem is, is dat die deelnemer probleme ondervind met maats en dus met die portuurgroep. In haar sandbak is daar ‘n totale gebrek aan voorstelling van maats of die portuurgroep. Vir normale ontwikkeling het adolessente nodig om sosiale kontak met die portuurgroep te hê om sodoende hulself te kan losmaak van die gesin en hulle eie identiteit te vorm (Codrington en Grant-Marshall, 2004; Kimmel en Weiner, 1995:283; Jaffe, 1998:276). Die deelnemer se gebrek aan skoolprestasie dra waarskynlik ook by tot haar sosiale probleem (Weiner en Kimmel, 1995:291).

Identiteitontwikkeling. Daar is waargeneem dat die deelnemer nog nie begin dink het aan wie sy is nie. Inligting daaroor was vir haar vreemd en moeilik om te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verstaan. Daar is ook waargeneem dat die deelnemer oor ‘n lae selfbeeld beskik (stel haar voor as jonger), wat waarskynlik vererger word deur die afwesigheid van maats en die swak skoolprestasie.

(f) TEMAS WAT WAARGENEEM IS EN VRAE WAT IN DIE SESSIE ONTSTAAN HET

Uit die inligting word die hipotese gemaak dat deelnemer 1 getraumatiseerd is en die vraag ontstaan wat die deelnemer se trauma is. Daar is ook geen verwysing of voorstelling van die deelnemer se biologiese gesin nie, wat die vraag laat ontstaan wat dit met die deelnemer se trauma te doen het.

6.2.3 SESSIE 3: EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 MET SANDBAK 2

In die derde sessie word daar gebruik gemaak van ‘n direktiewe sandbak (Boik en Goodwin, 2000:199) om duidelikheid te kry oor vrae wat ontstaan het in die eerste sessie en om areas wat geïdentifiseer is as onafgehandelde sake, verder te eksploreer. Die sandbak word weer geëksploreer volgens die semigestruktureerde onderhoudskedule (Bylae 2b). ‘n Foto van die sandbak word hieronder in figuur 6.2 gewys en ‘n lys met miniature, die betekenis wat die deelnemer daaraan gee en die simboliese betekenis volgens die literatuur, is in bylae 3a.

Die sessie word begin met ‘n sensoriese bewustheidsoefening om selfbewustheid en bewustheid van die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). Die deelnemer word hierdeur in kontak met haar sensoriese modaliteite gebring om die nodige bewustheid te bewerk vir groei en verandering. Die deelnemer word gevra om houertjies met verskillende items in te ruik, te identifiseer en te vertel waaraan dit haar herinner. (Blom, 2004:107). Hierna word daar oorgegaan tot die bou van ‘n direktiewe sandbak (Boik en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Goodwin, 2000:199). Dieselfde prosedure word gebruik vir die bou van die sandbak soos beskryf in sessie 2, behalwe dat die opdrag verskil. Die deelnemer word gevra om ‘n sandbak te bou van haar gesin voordat sy by haar tannie en oom (pleeggesin) gaan bly het.

Wanneer deelnemer 1 aandui dat sy klaar gebou het, word daar vir haar geleentheid gegee om haar wêreld te oordink en te ervaar (Boik en Goodwin, 2000:87), waarna die navorser met die deelnemer ‘n onderhoud voer volgens die onderhoudskedule in bylae 2b.

6.2.3.1 TERUGVOER TYDENS DIE ONDERHOUD

Daar word sover moontlik gebruik gemaak van die deelnemer se eie woorde in verslaggewing van die onderhoud. Die deelnemer het in hierdie sessie direk met die voorstelling in die sandbak geïdentifiseer. Die volgorde van die onderhoud-skedule is daardeur beïnvloed, aangesien die navorser haar laat lei deur dit wat die deelnemer sê (Schoeman, 2006:7). Daar is ook gebruik gemaak van opvolgvrae en ondersoekvrae (Greef, 2005:293) en ander kommunikasie-tegnieke, soos parafrasering, klarifikasie, refleksie en aanmoediging (Greef, 2005:289).

(a) EKSPLOREER, EKSPLOREER MET POLARITEITE, IDENTIFISERING EN BESITNEMING

Deelnemer 1 het gesê dat sy nou beter voel. Van haar sandwêreld het sy vertel dat dit die see is en dit is vir die mense om te kom sit en rus as hulle moeg is. (Die seetonele is twee-derdes van die sandbak en stel die see, duine, skulpe, sambrele, strandstoele, palmboom, struike, blomme, stopteken, eende, seeslak, seeskilpaaie en ‘n seekat voor). Sy identifiseer dit as die lekker vakansie waarop sy en haar sussie laasjaar saam met die pleeggesin was. Die see was nie naby

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

haar oupa en ouma se huis nie, maar sy wens dat die see toe naby was, want hulle het toe nooit iets lekkers gehad om te doen nie.

FIGUUR 6.2: FOTO'S VAN DEELNEMER 1 SE SANDBAK 2

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ander derde van die sandbak bestaan uit n huis, ‘n sirkel van mense, ‘n afdak, drie motors, ‘n boom, ‘n struik, blomme en ’n heining wat dit skei van die seetonele. Hieroor vertel sy dat dit haar oupa en ouma se huis is en dat al die mense daar gebly het. Die mense is oupa en ouma, sy en haar sussie (die babatjies), haar ma, haar ma se sussie en haar ma se twee boeties. Haar oupa het gewerk en altyd met sy motor werk toe gery. Die ander motors was ook syne. Haar ouma het nie gewerk nie en het na haar en haar sussie gekyk. Haar ma en haar ma se twee boeties het ook gewerk. Haar ma se sussie het nie gewerk nie en was ook heeldag by die huis. Sy en haar sussie het hulle eie kamer gehad, maar haar ma het partykeer by hulle geslaap, want hulle wou nie alleen slaap nie. Haar ma het ook haar eie kamer gehad waar sy en haar “ou” geslaap het.

Die deelnemer het vertel dat dit lekker was by haar ma. As sy van die werk af gekom het, het sy hulle gebad, saam met hulle televisie gekyk en saam met hulle geëet. Hulle was ook saam met hulle ma stad toe, parkie toe en werk toe.

Dit was sleg by haar ma se sussie, want sy het hulle gemolesteer. Dit het in die bad gebeur, sy het hulle baie seergemaak. As hulle nie wou gaan bad het as sy hulle wou bad nie, het haar oupa kom raas en gesê hulle moet dat sy hulle bad, want hulle ma kom laat van die werk af. Hulle was te skaam om vir oupa en ouma daarvan te sê. Dit het haar baie hartseer en kwaad gemaak.

Een van die boeties het haar ook seergemaak. Dit het in die huis gebeur as oupa en ouma gery het en gesê het hy moet na hulle kyk. Haar ma was dan agter in die “jaart” by haar “ou”. As sy vir haar ma vertel het, het sy gesê dat sy moet ophou met haar stories en gaan speel. Dit het baie kere gebeur. Haar sussie het nog doek gedra toe dit begin het.

Die deelnemer het vertel hoe hulle situasie verander het toe hulle vir hulle tannie (wat partykeer na hulle gekyk het) vertel het van die molesterings en toe by haar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gaan bly het (pleegplasing). Die molestering het toe opgehou. Haar ma is nie meer deel van haar lewe nie en sy sien haar nie meer nie. Dit pla haar egter nog wanneer sy aan haar ma of aan ouma se huis dink.

Uit die onderhoud tot dusver neem die navorser die deelnemer se voorgrondprobleem waar as die gedagtes aan die molestering wat haar pla

(b) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

Sy sê sy wens die gedagtes oor die molestering, haar ma, oupa en ouma se huis moet wegvlieg en nooit weer terugkom nie. Sy sal die gedagtes hanteer deur vinnig aan iets anders te dink of iets anders te gaan doen. Dit sal vir haar beter voel as sy nooit weer daaraan dink nie.

(c) AFSLUITING

Sessie 3 word afgesluit deur evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur haar daarop te wys dat sy uniek en waardevol is. Sy sê dat die sessie vir haar lekker was en dat sy nou “oraait” voel. Sy sê dat sy vandag geleer het om oor die slegte goed te praat want dit laat haar beter voel. Die navorser beloon haar deur aan haar ‘n lekkerny te gee.

(d) WAARNEMINGS DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Op twee-derdes van die sandbak is ‘n seetoneel met geen mense in nie gebou en op die ander derde is oupa en ouma se huis met al die mense wat daar gebly het in ‘n sirkel aan die een kant van die bak (sien foto figuur 6.2). Die twee temas in die bak is geskei met heinings. Daar word waargeneem dat haar energievlak laag is (haar bewegings is stadig en haar skouers hang). Haar gesig is uitdrukkingloos. Haar blik en aandag bly by die seetoneel en sy bou dit met baie sorg en aandag. Sy vermy dit om eerste oor oupa en ouma se huis te praat en praat eerste oor die seetoneel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.3.2 INTERPRETASIE VAN SESSIE 3

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 SOOS SY DIT IDENTIFISEER IN DIE SANDBAK

Deelnemer 1 het in haar sandbak haar biologiese gesin en haar onlangse seevakansie saam met haar pleeggesin voorgestel. Haar leefwêreld bestaan uit:

- Die huis en tuin van haar oupa en ouma waar sy gebly het
- Die mense wat deel van haar lewe was: haar oupa en ouma, haar ma, haar sussie, haar ma se suster en twee broers.
- Die verskillende verhoudings en gebeurtenisse wat sy met die mense gehad het.
- Die molesterings wat sy beleef het.
- Die seetoneel waar duine, die see, seediere en skulpe voorgestel is. Op die sand is sambrele, palmbome, blomme, skulpe en strandstoele.

(b) ITEMS VAN DEELNEMER 1 SE SANDBAK WAT SY NIE GEÏDENTIFISEER HET NIE

- ‘n Stopteken.
- In die see is twee seeskilpaaie, ‘n seekat, ‘n seeslak, skulpe en twee eende.

(c) HIPOTESES GEMAAK UIT SIMBOLIESE BETEKENISSE VAN MINIATURE EN SANDSPELNAVORSING

Hipoteses wat hier gemaak kan word (Schoeman, 2008; Boik en Goodwin, 2000:83) oor die items wat die deelnemer nie geïdentifiseer het of waaroor nie bevredigende antwoorde in die onderhoud verskaf is nie, is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die seekat waarvan die simboliese betekenis volgens McNelly (2001:167) dié van ‘n oorheersende of verskriklike moeder, is.
- Die simboliese betekenis van die slak is dat dit geassosieer word met die vroulike genitalieë, bevrugting en geboorte (Herder, 1993:176).
- Die simboliese betekenis van die stopteken volgens McNelly (2001:182) is eksterne gevaar of toegewing aan iemand met meer mag.

Die teenwoordigheid van hierdie objekte in die sandbak en hulle simboliese betekenisse het die vertellings van die deelnemer bevestig. Sy het vertel van die molestering en gesê dat haar ma nie na haar wou luister toe sy daarvan vertel het nie.

Sandspelnavorsing soos in hoofstuk 3 van die literatuur bespreek is, wat betrekking het op hierdie sessie, is:

- Bühler(1951) en Bowyer (1970) in Homeyer en Sweeney (1998: 75) het met navorsing ‘n klassifikasie vir sandbakke ontwikkel. Bühler en Bowyer se klassifikasie van leë wêrelde is van toepassing op die sandbak van die deelnemer in hierdie sessie. Die skrywers dui aan dat ‘n leë wêreld daarop dui dat die kliënt se wêreld ervaar word as ‘n ongelukkige en leë plek, dat sy ‘n begeerte het om te verdwyn, of depressief is. Twee-derdes van die deelnemer se sandbak bevat geen mense nie en sy het gedurende die eksplorasie gesê dat sy gemolesteer was en hartseer en kwaad voel.
- Harper (1988:14) se navorsing wat betrekking het op die deelnemer se sandbak is dat seksueel misbruikte kinders neig om traag te wees om te vertel wat in die sandtoneel gebeur het en dat hulle dit stresvol ervaar, soos ook waargeneem is in hierdie sessie met die deelnemer.
- In hierdie sandbak gebruik die deelnemer baie heinings om die seetoneel te skei van die gesin waar die molestering plaasgevind het. Dit sluit aan by Bühler in Carey (1999:7) se bevinding dat sandbakke van kinders met emosionele probleme baie heinings bevat.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Zinni (1997:658) se navorsing wat betrekking het, noem dat stoptekens en/of items wat nie by die tema pas nie in sandtonele van getraumatiseerde kinders voorkom. By dié deelnemer was daar in hierdie sessie ‘n stopteken en die bak was twee-derdes vol van ‘n seetoneel wat nie by die tema pas nie.

(d) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die deelnemer se veld word in hierdie sessie geïdentifiseer as die trauma-gebeure toe sy by haar oupa en ouma gebly het en die onlangse seevakansie.
Die deelnemer se voorgrondbehoefte word geïdentifiseer as die behoefte dat die herinneringe aan die trauma moet verdwyn.
Kontakgrensversteurings wat in die sessie by die deelnemer waargeneem is, is introjekte (Blom, 2004:23) wat waarskynlik gevorm het in die periode toe haar ma die molestering ontken het. Sy kom strak en emosieloos voor gedurende die sessie en hanteer die slegte gebeurtenisse deur haarself aan iets anders te laat dink (kombineer traumatoneel met seetoneel). Dit wys ook na die kontakgrensversteuring van defleksie (Selwyn, 1994:130). In hierdie bak is daar ook baie verwysings na haar sussie. Die verantwoordelikheid wat sy het ten opsigte van haar sussie is ook deel van haar introjekte.
Struktuur van persoonlikheid: Die deelnemer funksioneer in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid aangesien sy optree soos sy dink ander van haar verwag en soos sy geleer is (Blom, 2004:35).
Polariteit: Daar word ook ‘n polariteit waargeneem in die sandbak (Blom, 2004:33). Die deelnemer rapporteer dat dit lekker is by haar ma en terselfdertyd vertel sy hoe hartseer en kwaad sy was dat haar ma nie wou luister as sy vertel het van die molestering nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(e) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Ontwikkelingstake: As die adolessent se ontwikkelingstake volgens Erickson (1963) in ag geneem word soos beskryf in Louw et al. (1998:53-54) het die deelnemer waarskynlik weens die omstandighede van haar geboorte en vroeër lewe by haar ma en ouma alreeds probleme ondervind in die eerste vier stadiums van Erickson se ontwikkelingsmodel. In hierdie stadium het sy probleme met vriendskappe, wat verwys na die eerste stadium waarin die kind se grondslag vir verhoudings gelê moes word. In die derde stadium word die grondslag gelê vir die vorming van identiteit. In hierdie stadium het daar waarskynlik skuld by haar gevorm weens die molestering wat die ontwikkeling van selfvertroue sou verhoed. In die vierde stadium het haar gebrek aan skoolprestasie haar verhoed om bekwaamheid te ontwikkel vir haar lewenstake. Aangesien die deelnemer nog nie die take van die vorige stadiums bereik het nie, is die kans vir bereiking van identiteit ook gering sonder hulp.

6.2.4 SESSIE 4: EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 MET SANDBAK 3

In die vierde sessie word daar weer gebruik gemaak van ‘n spontane sandbak (Boik en Goodwin, 2000:183). Die sandbak word weer geëksploreer volgens die semigestruktureerde onderhoudskedule (bylae 2b). ‘n Foto van die sandbak word hieronder getoon in figuur 6.3. ‘n Lys met miniature, die betekenis wat die deelnemer daaraan gee en die simboliese betekenis volgens die literatuur is in bylae 4a.

Die sessie word begin met ‘n sensoriese bewustheidoefening om selfbewustheid en bewustheid van die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). Sensoriese bewustheid rondom die self word versterk deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

adolessent bewus te maak van haar persoonlike voorkeure (Schoeman en Van der Merwe, 1996:53).

Hierna word daar oorgegaan tot die bou van ‘n spontane sandbak (Boik en Goodwin, 2000:199). Dieselfde prosedure as in sessie twee word gebruik vir die bou van die sandbak Die doel van die sandbak is om die leefwêreld van die deelnemer in die sandbak te eksploreer.

Wanneer die deelnemer aandui dat sy klaar gebou het, word daar vir haar geleentheid gegee om haar wêreld te oordink en te ervaar (Boik en Goodwin, 2000:87) waarna daar geëksploreer word volgens die semigestruktureerde onderhoudskedule in bylae 2b.

FIGUUR 6.3: FOTO VAN DEELNEMER 1 SE SANDBAK 3

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.4.1 TERUGVOER TYDENS DIE ONDERHOUD

Daar word sover moontlik gebruik gemaak van die deelnemer se eie woorde in verslaggewing van die onderhoud. Die deelnemer het in hierdie sessie weer direk met die voorstelling in die sandbak geïdentifiseer. Die volgorde van die onderhoudskedule is daardeur beïnvloed, aangesien die navorser haar laat lei deur dit wat die deelnemer sê (Schoeman, 2006:7). Daar is ook gebruik gemaak van opvolgvrae en ondersoekvrae (Greef, 2005:293) en ander kommunikasietegnieke soos parafrasering, klarifikasie, refleksie en aanmoediging (Greef, 2005:289).

(a) EKSPLOREER, EKSPLOREER MET POLARITEITE, IDENTIFISERING EN BESITNEMING

Die deelnemer sê dat sy bly voel. Sy sê dat sy die huis waarin sy nou bly by haar oom en tannie (pleegouers) gebou het. Sy identifiseer die kombuis en eetkamer waar hulle kosmaak en eet. Sy en haar sussie maak nie kos nie maar moet altyd die kombuis opruim. Verder is daar die sitkamer waar hulle sit en met hulle pleegma gesels, teken, huiswerk doen, televisie kyk of krale inryg. Dit is vir haar lekker. Daar is ook die rekenaarkamer waar sy en haar sussie ‘games’ speel as haar pleegma wasgoed was. Die badkamer waar hulle elkeen alleen kan bad, is naby haar kamer. As hulle klaar gebad het, moet hulle die bad skoonmaak. Dit is nie altyd so lekker nie. Sy het haar eie kamer met pienk gordyne, ‘n bed, stoel en ‘n kas. Die drie feetjies van bak een (sessie 2) is ook in haar kamer vir versiering. Haar kaste moet altyd netjies wees en sy is trots op haar kamer. Dit is vir haar die lekkerste om in haar kamer te wees. Sy is gelukkig in die huis en wil eendag ook in so ‘n huis bly. Dit is ook lekker in die rekenaarkamer waar sy en haar sussie “games” speel. Dit is vir haar die slegste in die badkamer, want dit moet altyd skoongemaak word as sy klaar gebad het. Dit is ook sleg om die kombuis skoon te maak. Sy sê daar is nie ‘n probleem in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die huis nie. Sy identifiseer ook die ligging van die ander kamers wat in die huis is, naamlik haar sussie se kamer, haar klein pleegsussie se kamer, haar pleegma en pleegpa se kamer met hulle badkamer en haar pleegbroer se kamer.

(b) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

Die deelnemer het gesê dat daar nie hier probleme in haar sandbak is nie.

(c) AFSLUITING

Sessie 4 word afgesluit deur evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur haar te komplimenteer met die wyse waarop sy saamwerk in die pleeggesin om haar kamer netjies te hou en die ander takies uit te voer al is dit nie vir haar lekker nie. Sy sê dat die sessie vir haar lekker was en dat sy nou beter voel. Om haarself te beloon, sal sy eers gaan speel voor sy huiswerk doen.

(d) WAARNEMINGS DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Daar is opgelet dat die deelnemer energiek en doelgerig gebou en opmerkings gemaak het terwyl sy gebou het. Dit is waargeneem dat sy die sessie geniet het. Die deelnemer identifiseer net haarself in die bak, daar word geen ander mense in die sandbak ingebring nie.

6.2.4.2 INTERPRETASIE VAN SESSIE 4

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 SOOS SY DIT IDENTIFISEER IN DIE SANDBAK

Deelnemer 1 het in haar sandbak haar pleegouers se huis voorgestel. Sy identifiseer die verskillende kamers van die huis en die meubels in elke kamer. Sy vertel van die aktiwiteite wat saam met die pleegma en die ander gesinslede

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die verskillende kamers gedoen word. Sy sê dat sy lekker daar bly en ook so sal wil bly as sy groot is. Sy stel ook haar eie kamer voor. Dit is vir haar die lekkerste om in haar eie kamer te wees.

(b) ITEMS VAN DEELNEMER 1 SE SANDBAK WAT SY NIE GEÏDENTIFISEER HET NIE

- Drie feetjies.

(c) HIPOTESES GEMAAK UIT SIMBOLIESE BETEKENISSE VAN MINIATURE EN SANDSPELNAVORSING

Hipoteses wat hier gemaak kan word (Schoeman, 2008; Boik en Goodwin, 2000:83) oor die items wat die deelnemer nie geïdentifiseer het of waarvan nie bevredigende antwoorde in die onderhoud verskaf is nie, is:

- Die drie feetjies se simboliese betekenis is helpertjie (McNelly, 2001:145)

Sandspelnavorsing soos in hoofstuk 3 van die literatuur bespreek word wat betrekking het op hierdie sessie is:

- Bühler (1951) in Homeyer en Sweeney (1998:75) se navorsing het hier betrekking. Die sandbak van die deelnemer bevat net haarself en geen ander mense nie. Sy identifiseer dit as ‘n wêreld sonder mense, wat dui op moontlike gevoelens teen mense weens emosionele, seksuele of fisiese wonde. Dit het betrekking op die deelnemer, veral weens die vorige sessie se onthulling van haar molestering.

(d) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die deelnemer se veld word hier geïdentifiseer as die huis waar sy tans bly.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op **die deelnemer se voorgrond** is dat sy in haar pleeggesin wil bly en dat haar huis ook eendag soos haar pleegouers se huis moet lyk.

(e) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Sosiale ontwikkeling. In die deelnemer se sosiale ontwikkeling word waargeneem dat die privaatheid van haar kamer vir haar belangrik is. Die rol van die gesin is ook vir haar belangrik (Kimmel en Weiner, 1995:224). Die verandering van ouer-kind-verhouding het nog nie plaasgevind nie (Kimmel en Weiner, 1995:227) want dit is nog vir haar belangrik om tyd saam met haar pleegma deur te bring. Dit is waargeneem dat die deelnemer haar pleegouer huis as basis beskou vir hoe 'n gesin moet wees. (Alsaker, 1995 in Jaffe, 198:221)

Die bevindinge oor deelnemer 1 word nou by wyse van samevattende **tabel 6.3** aangebied wat die inligting toon wat in die vier sessies ingesamel is deur te eksploreer met sandspel volgens die Gestaltbenadering in maatskaplike werk.

6.2.5 SAMEVATTENDE BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 MET SANDSPEL VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 1 met sandspel volgens die Gestaltbenadering word by wyse van 'n samevattende tabel aangebied (**tabel 6.3**). Die volgende afkorting word in die tabel gebruik:

- D1 – word gebruik vir deelnemer 1

TABEL 6.3: SAMEVATTENDE BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 1 MET SANDSPEL VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

ONDERHOUD, TABELLE EN VRAELYSTE	SANDSPELNAVORSING EN HIPOTESES	GESTALTBENADERING	ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM
D1 bly by'n pleeggesin in 'n huis. Haar pleeggesin bestaan uit pleegouers (tannie en oom), 2 pleegsussies, 2 pleegbroers en eie sussie. Pleegpa werk en pleegma is by die huis.	Die items wat D1 in haar sandbakke gebruik het, het die gebeurtenisse en van die emosies van die trauma gereflekteer en bevestig. D1 se sandbak korreleer nie met die verwagtinge vir haar adolessente ontwikkelingstadium nie. Die sandbakke reflekteer 'n behoefte aan beskerming, vrees vir haar eie impulse en neiging om haarself af te skerm van ander. Sandbakke toon dat D1 trauma beleef, dat die trauma nog nie oorkom is nie en dat sy hulp nodig het. D1 se sandbak oor die seksuele misbruik het haar emosies daaroor gereflekteer. D1 was traag om in haar sandwêreld oor seksuele misbruik te praat. Sandbakke toon dat D1 weens haar trauma spanning ervaar in teenwoordigheid van ander mense.	**Voorgrondbehoeftes:** D1 ervaar behoefte om te behoort aan 'n portuurgroep, om probleme by die skool op te los, om te vergeet van die trauma en om by haar pleeggesin te bly. **Kontakgrensversteurings:** Kontakgrensversteurings is by D1 waargeneem, nl: • Samevloeiing • Introjeksie • Defleksie **Veld:** Die veld van D1 bestaan uit: • Pleegouerhuis en pleeggesin • Trauma gebeure • Seevakansie • Haar speelplek • Die skool • Maats **Struktuur van persoonlikheid:** D1 is in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid **Polariteite:** D1 ervaar polariteite ten opsigte van haar verhouding met haar ma. **Onafgehandelde sake:** Haar trauma Verhouding met haar sussie	D1 is tussen vroeë- en middel-adolessensie. **Identiteitsontwikkeling:** D1 het nie maats nie, word nie in haar portuurgroep aanvaar nie en kan haarself nog nie beskryf nie. Sy het 'n laeselfbeeld. Sy het behoefte aan meer kontak met haar portuurgroep. **Kognitiewe ontwikkeling:** D1 toon hier afname aan ego-sentrisme en begin verantwoorde-likheid vir haarself aanvaar. Sy is liggaamlik-kinesteties en interper-soonlik georiënteerd. **Morele ontwikkeling:** D1 respekteer reels in haar pleeggesin en begin reëls by die skool gehoorsaam. **Sosiale ontwikkeling:** D1 se sosiale ontwikkeling word gestrem deur haar gebrek aan skool prestasie en aanvaarding in haar portuurgroep. Die rol van die gesin en ouer-kind verhouding is nog vir haar van primêre belang. Sy het wel reeds 'n behoefte aan privaatheid. **Ontwikkelingstake:** Trauma in die biologiese gesin het D1 se ontwikkel-ing gestrem. Die ontwikkelingstake van die eerste vier ontwikkelingsta-diums is nie bereik nie en dit strem ook haar adolessente ontwikkelingstake.
D1 voel tuis by pleeggesin en hou van almal. Sy het haar eie kamer en hou daarvan om alleen in haar kamer te wees en om tyd saam met pleegma deur te bring.			
Voor pleegplasing het D1 by haar ma, oupa en ouma gebly. Ander inwoners was ma se 2 broers en suster en ma se vriend.			
D1 pas dikwels die klein pleegsussie op, hou haarself besig en voel verantwoordelik vir haar eie sussie.			
D1 introvert, stil, skaam en sensitief. Sy gehoorsaam pleegouers en doen gunsies vir erkenning.			
D1 het nie maats nie en word nie aanvaar deur haar portuurgroep nie. Sy het ook probleme met skoolwerk en prestasie.			
D1 se trauma was seksuele misbruik deur ma se suster en broer by oupa en ouma se huis. Haar ma het misbruik ontken en haar nie daarteen beskerm nie.			
D1 se toekomsvisie (fisies) is om klaar te maak met skool en te gaan studeer.			
'n Seevakansie saam met die pleeggesin staan uit as die lekkerste ervaring wat D1 nog beleef het. Sy gebruik die ervaring om haar gedagtes af te lei en om haar emosies te stabiliseer.			

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.3 DEELNEMER 2

Deelnemer 2 is manlik en Afrikaanssprekend. Hy is 16 jaar en 7 maande oud tydens die ondersoek. Hy is in pleegsorg vir agt jaar en is tans in graad 8. Die aanmeldingsprobleem was dat hy vloek en aggressiewe gedrag openbaar by die skool en tuis. Die deelnemer en sy pleegouers het ingestem dat hy deelneem.

6.3.1 SESSIE 1: INLEIDING VAN NAVORSINGSESSIES

In hierdie sessie is daar toegetree tot die bou van ‘n verhouding met deelnemer 2 soos met deelnemer 1 deur middel van ‘n speletjie wat vermaak verskaf en die vrae in tabel 6.4 wat dialoog bevorder.

Tabel 6.4 Vrae en antwoorde oor deelnemer 2 se leefwêreld.

VRAE	**ANTWOORDE DEELNEMER 2**
As jy drie wense kon wens, wat sou dit wees?	Dat ek my oorlede broer kon ken, dat ek weer by my ouers kan bly, dat ek kontak kan hê met my familie.
Vertel van die stoutste ding wat jy al ooit gedoen het.	Ek het ‘n oom se huis se venster uitgegooi.
As jy kon ophou met skool, sou jy?	Nee.
Wat is die slegste ding by die skool?	Moeilikheid met ander groepe, ons baklei.
Wat is die lekkerste ding by die skool?	Om te gesels met my vriende en die skoolwerk.
Wie is jou beste vriend/vriendin?	Ek het baie vriende en ek kan nie tussen hulle kies nie.
As jou ouers jou sou verbied om verder met jou beste vriend/in te	Ek sal sleg voel, maar ophou om met hulle te speel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

speel omdat hy/sy slegte invloed op jou het, hoe sou jy voel?	
Vertel my van dit wat jou regtig kwaad maak.	As iemand my broer afknou.
Wat sou jy verkies, om geen reëls in jou lewe te hê nie, of om eerder met dié saam te leef wat jy nou het?	Ek sal liewers saamleef met dié wat ek het.
As jy baie geld gehad het en dit kon spandeer net soos jy wil, wat sou jy daarmee gemaak het?	Ek sal arm mense ‘n beter lewe wil gee.
Wat dink jy, waarvan hou jou vriende die meeste van jou?	Van my grappies.
As jy vir een dag onsigbaar kon wees, wat sou jy gedoen het?	Ek sal stil wees.
As jy iets kon verander aan jouself, wat sou jy verander?	Ek wil nie aggressief wees nie.

Die volgende aktiwiteit wat gedoen is, was ‘n grafiese gesinskets om die deelnemer se gesinsomstandighede en die atmosfeer in die gesin beter te leer ken.

Figuur 6.5 Vrae en antwoorde oor deelnemer 2 se gesinsomstandighede

VRAE	**ANTWOORDE DEELNEMER 2**
Stel elke lid van jou gesin voor as ‘n leë sirkel op die papier en skryf by wie elkeen is.	Hy het ses persone en homself aangedui. Die persone was twee pleegbroers, sy eie broer, pleegma, pleegpa en ‘n ouma.
Na wie kyk elke gesinslid die meeste van die tyd?	Hy en sy eie broer kyk na mekaar, sy pleegma na sy pleegpa, sy pleegpa na sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	kleinkind (wat nie by hulle woon nie), die ouma en die ander pleegbroer na die pleegma, die ander pleegbroer na die ouma.
Wat doen elke gesinslid die meeste van die tyd?	Sy pleegpa help meestal sy skoonseun, sy pleegma maak huis skoon en maak kos, sy een pleegbroer werk en die ander een maak fietse reg en hy en sy broer is meestal besig met skoolwerk.
Hoe voel elke gesinslid die meeste van die tyd?	Die pleegpa is party dae gelukkig, maar ander dae bakleierig, hy is gelukkig en vriendelik (soms kwaad) en help graag sy vriende, sy broer is gelukkig en gee om vir ander, sy pleegma is meestal vriendelik, die een pleegbroer is grapperig en die ander pleegbroer is meestal gelukkig, maar soms moeilik.

Om meer van die deelnemer se *proses* te leer ken, is daar met hom in gesprek getree rondom sy temperament, gebaseer op die temperamentverskille soos beskryf deur Mol (1981:21-28). Volgens die vraelys en gesprek word deelnemer 2 waargeneem as dat hy ‘n flegmatiese temperament het (bylae 1e) wat die beste beskryf word deur die volgende eienskappe: introvert, prakties, diplomaties, vredemaker, versigtig en getrou aan familie en vriende. Hy is ook hardkoppig, traag en uitstellerig. Daar is waargeneem dat hy redelik hoog op die onemosionele skaal vertoon (Mol, 1981:29-30).

(a) AFSLUITING

Sessie 1 word afgesluit met evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur waardering uit te spreek vir sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

samewerking en deelname. Die deelnemer sê dat dit vir hom lekker was. Ons bespreek hoe hy homself gewoonlik beloon as hy klaar gewerk het. Hy antwoord dat hy ‘n bietjie gaan rus.

(b) WAARNEMING DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Die deelnemer het ongeveer ‘n uur laat opgedaag vir die sessie, maar het goed saamgewerk.

6.3.1.1 INTERPRETASIE VAN SESSIE 1

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 SOOS GEÏDENTIFISEER

Oor deelnemer 2 se leefwêreld is waargeneem dat hy sy biologiese familie mis, dat hy verantwoordelik voel vir sy jonger boetie en dat hy versigtig is vir sy pleegpa. Hy aanvaar sy pleegouers se gesag. Hy hou van skool en is deel van die portuurgroep. As persoon is hy stil, diplomaties, versigtig en getrou aan vriende en familie. Hy kan egter ook hardkoppig, traag, en uitstellerig wees.

(b) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

In hierdie sessie word die deelnemer se voorgrondbehoefte (Aronstam, 1989:631) waargeneem as die wens om weer by sy biologiese gesin te bly. Die kontakgrensversteuring wat waargeneem word by die deelnemer is introjekte (Selwyn, 1994:14). Die deelnemer se ware behoeftes moet op die agtergrond skuif terwille van die pleegpa se humeur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Die deelnemer se ouderdom plaas hom in die middeladolessensie (Jaffe, 1998:26). Fisies is hy reeds liggaamlik ryp.

Sosiale ontwikkeling Volgens Toman en Bauer (2005:182) raak die portuurgroep vir 'n adolessent baie belangrik in sy ontwikkeling van eie identiteit en onafhanklikheid. Die deelnemer word goed aanvaar in sy portuurgroep en het heelwat maats.

Morele ontwikkeling is waargeneem by die deelnemer in sy gehoorsaamheid aan die gesag in sy pleeggesin (Jaffe, 1998:153).

Identiteitontwikkeling. Daar is waargeneem dat die deelnemer baie belangstel om sy persoonlikheidseienskappe te identifiseer. (Jaffe, 1998:172).

6.3.2 SESSIE 2: EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 MET SANDBAK 1

Die sessie is soos met deelnemer 1 begin met 'n sensoriese bewustheids-oefening om selfbewustheid en bewustheid van die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). Die deelnemer word gevra om visueel in kontak te kom met die sandspelkamer en word sensories bekend gestel aan die sandbak en die sand. Daarna word 'n ontspanningsoefening met die deelnemer gedoen, soos opgeteken in bylae 2a (Schoeman,2006:28).

Deelnemer 2 word gevra om sy wêreld soos volg in die sandbak te bou:

- Kyk na die miniature op die rakke en neem dit wat jou interesseer of trek of vir jou betekenis het, of jou herinner aan iets en bou daarmee jou wêreld in die sand.
- Neem jou tyd en sê vir my as jy klaar is. Ek gaan hier by jou sit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer die deelnemer aandui dat hy klaar gebou het, word daar vir hom geleentheid gegee om sy wêreld te oordink en te ervaar, waarna die onderhoud met hom gevoer word volgens die semigestruktureerde onderhoudskedule in bylae 2b. ‘n Foto van die sandbak word in figuur 6.4 hieronder getoon en ‘n lys met miniature, die betekenis wat die deelnemer daaraan gee en die simboliese betekenis volgens die literatuur is in bylae 2d.

FIGUUR 6.4: FOTO VAN DEELNEMER 2 SE SANDBAK 1

6.3.2.1 TERUGVOER TYDENS DIE ONDERHOUD

Daar word sover moontlik gebruik gemaak van die deelnemer se eie woorde in verslaggewing van die onderhoud. Tydens die onderhoud het die deelnemer gewys na die miniatuurobjekte in sy sandbak Die navorser lig dit wat die deelnemer sê toe met beskrywings in hakies waar nodig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) EKSPLORERING

Die deelnemer sê dat hy goed voel. Sy sandwêreld is opgedeel in drie kampe met heinings en hy vertel die volgende daaroor: Dit is waar hy bly (hy dui aan die linkerkant van die sandbak) en wys sy huis en sy motors. Buite die huis is die kuierplek (twee sambrele) waar die gesin en kuiergaste saam kuier en tee drink. Daar is ook twee honde in die kamp en ‘n plek waar hulle kan “games” speel. Daar is ook twee “security” manne wat die kamp oppas. Die tweede kamp bevat wilde diere en die derde kamp bevat mak diere. Die heinings moet die wilde diere weghou van die mense en die mak diere af. As hulle uitkom, sal hulle die mense en mak diere aanval. Die wilde diere is leeus, tiere en ‘n gorilla. Hulle jag. Hulle voel kwaai. Die kwaaiste is die leeus. Die mak diere bly in die huisie en hulle voel bly, want hulle word mooi versorg. Die perd is die sterkste. Die mak diere is skape wat wol gee vir klere, volstruise wat vere gee en perde waarop mens kan ry. In die huis bly hy en drie vriende.

(b) EKSPLORERING MET POLARITEITE

Die probleem in die sandbak is dat daar nie genoeg heinings is nie. Daar moes nog ‘n heining gewees het tussen die mense se huis en die speelplek, want die honde sal die mense wat “games” speel pla, want hulle spring teen hulle op en baklei. Daar is nie ‘n probleem by die diere nie. Goed in die bak is dat iemand vir die diere sorg en kosgee. Kwaad is as die wilde diere baklei en mense diere mishandel. Lekker in die bak is die twee wat ‘n “game” speel. Die een met die meeste mag is die gorilla. Hy sal iets doen om homself te beskerm, hy sal die diere wat teen hom is, aanval.

(c) IDENTIFISERING EN BESITNEMING

Hy sê hy is een van die tennisspelers. Die sandbak wys hoe sy lewe eendag gaan wees. Hy gaan met sy drie vriende in ‘n huis bly. Die karre is hulle karre.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy gaan sy eie plot met baie diere hê. Hy hou baie van diere, wilde en mak diere. Hy het sy eie hondjie by die huis om te versorg en hy sorg vir sy boetie. Hy hou ook van gorillas, hulle het snaakse gewoontes en kan hulleself beskerm. Die "security" manne sê van sy lewe dat hy baie van "thriller movies" hou. Hy hou ook baie van sport en neem deel aan landloop, krieket en rugby.

Sy pleegpa is soos 'n leeu in sy lewe as hy kwaad word en skreeu op hom. Hy word dan soos 'n gorilla en probeer homself verdedig en dan baklei hulle. Sy pleegpa word gou kwaad en gee mens nie kans om te verduidelik nie. Mens moet maar altyd net maak soos hy sê. Hy haat dit as mense nie ordentlik met hom praat nie. By sy vriend se huis is dit anders. Sy pa waarsku eers en sal dan eers kwaad word en die kind uittrap.

By die skool word hy ook kwaad as die ander kinders iets oor sy ma sê, as hy nie kans kry om sy saak te stel nie en as hulle sy boetie seermaak. Hulle het groot-geword sonder iemand wat hulle beskerm en hy het na sy boetie gekyk.

Uit die onderhoud tot dusver neem die navorser die deelnemer se voorgrondprobleem waar as dat hy gou kwaad word en baklei. Vervolgens word alternatiewe vir die voorgrondprobleem geëksploreer.

(d) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

Die deelnemer sê dat hy graag minder gou sal wil kwaad word en baklei. By die huis sal hy net doen wat die oom sê sonder om terug te praat. By die skool sal hy die ander kinders eers waarsku voor hy kwaad word en ordentlik met hulle praat. Hy sê hy voel goed oor die verandering as hy dit net kan doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(e) AFSLUITING

Sessie 2 word afgesluit deur evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur hom te wys op die sinvolle besluit om die ander kinders eers te waarsku voor hy kwaad word. Die sessie word geëvalueer en die deelnemer sê dat die sessie vir hom lekker was en dat hy geleer het dat hy soms soos ‘n gorilla maak. Om homself te beloon, sal hy nou ‘n bietjie gaan rus.

(f) WAARNEMINGS DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Die volgende waarnemings is gedurende die sessie gemaak: Deelnemer 2 maak geen melding van sy biologiese familie nie. Hy werk mooi saam, maar sukkel om homself goed uit te druk. Hy bou sy sandbak doelgerig en sy organisasie is sinvol (sien foto figuur 6.4).

6.3.2.2 INTERPRETASIE VAN SESSIE 2

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 SOOS HY DIT IDENTIFISEER IN DIE SANDBAK

Die deelnemer identifiseer in die sandbak dat hy van sport hou en deelneem aan krieket, landloop en voetbal (voorgestel deur tennis en tennisspelers). Hy sê hy hou van diere en dit word voorgestel deur die wilde diere, mak diere en huisdiere. Hy dui ook aan dat hy van riller- en spanningsrolprente en DVD’s hou (voorgestel deur die sekuriteitbeamptes). Hy dui aan dat hy eendag saam met sy vriende op ‘n plot wil bly, waar hy diere kan aanhou, sport beoefen en kan kuier.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die deelnemer sê dat sy pleegpa soos ‘n leeu is omdat hy hom nie kans gee om iets te sê of te verduidelik nie, gou kwaad word en lelik met hom praat. Hy sê hy is self soos ‘n gorilla omdat hy homself verdedig teen sy pleegpa wat hom soos ‘n leeu aanval. Hy identifiseer ook aanvalle op hom by die skool deur onderwysers en kinders waarteen hy homself moet verdedig (voorgestel deur ander twee leeus).

(b) ITEMS VAN DEELNEMER 2 SE SANDBAK WAT HY NIE GEÏDENTIFISEER HET NIE

Items in deelnemer se sandbak wat hy nie in sy lewe kan identifiseer nie is:

- Die skape
- Die perde
- Die boerbok
- Die wildsbokke
- Die luiperd

(c) HIPOTESES GEMAAK UIT SIMBOLIESE BETEKENISSE VAN MINIATURE EN SANDSPELNAVORSING

Hipoteses wat hier gemaak kan word uit die simboliese betekenis van miniature wat die deelnemer nie geïdentifiseer het of waaroor nie bevredigende antwoorde in die onderhoud verskaf is nie (Schoeman, 2008; Boik en Goodwin, 2000:83) is: Die deelnemer se gebruik van die verskillende diere (mak diere en wilde diere) kan aandui dat hy nie sy vorige ervarings of trauma voldoende geïntegreer of deurgewerk het nie en dat daar steeds emosionele wonde (depressie, swak selfbeeld) en instinktiewe drange (aggressie) teenwoordig is (McNelly, 2001:121).

Sandspelnavorsing soos in die literatuur bespreek is, wat betrekking het op hierdie sessie, is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Bühler (1951) in Homeyer en Sweeney (1998:75) onderskei omheinde wêrelde as behoefte aan beskerming, vrees vir jou eie impulse of om jouself af te skerm van ander mense. Deelnemer 2 se bak bevat heelwat heinings.
- Harper (1991:93-97) het bevind dat getraumatiseerde kinders wens-vervullingtemas gebruik en fokus op beskerming en versorging. Deelnemer 2 se bak fokus op 'n wens vir die toekoms, versorging van die mak diere en beskerming deur die sekuriteitmanne.
- Grubbs (1994: 431) het bevind dat vir getraumatiseerde kinders gesinslede voorgestel word as ander wesens en die bak 'n gevoel van eensaamheid en isolasie oordra. In deelnemer 2 se sandbak was die voorstelling van gesinsverhoudinge by die wilde diere.
- Bowyer (1970) in Homeyer en Sweeney (1989:68-75) het bevind dat sandwêrelde met geen mense daarin nie dui dat die persoon moontlik 'n wens het om uit die situasie te ontsnap, bedreig word deur mense, of vyandig voel, of woede koester teen mense. Deelnemer 2 se sandbak bevat net homself en een vriend en bestaan verder uit diere, wat moontlik daarop kan dui dat hy ongemak het ten opsigte van verhoudinge met volwassenes.

(d) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die deelnemer se veld word geïdentifiseer as sy moeilike verhouding met sy pleegpa, sy sport, sy liefde vir diere en die rolprente wat hy kyk.

Sy voorgrondbehoefte is waargeneem as sy wens om minder gou kwaad te word en om saam met sy vriende te bly (te ontsnap uit sy huidige situasie).

Onafgehandelde sake is waargeneem as sy ongemak met gesinsituasies en volwassenes, wat moontlik deur trauma uit sy verlede veroorsaak is, sowel as die ongemak in sy huidige verhouding met sy pleegpa en onderwysers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Organismiese selfregulering. Daar is waargeneem dat deelnemer 2 nie in staat is om sy behoeftes in sy omgewing te bevredig nie, aangesien hy graag daaruit wil ontsnap (aangedui deur sy sandbak waarin hy sy wens vervul om saam met sy vriende te bly en omring te wees deur diere).

(e) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Die kognitiewe ontwikkeling van deelnemer 2 wat tot dusver waargeneem is, is dat hy meer liggaamlik-kinestetiese (Gardner,1993 in Jaffe, 1998:114) eienskappe vertoon deurdat hy goed is in sport en dat deelname vir hom belangrik is. ‘ n Afname in egosentrisme is by die deelnemer waargeneem aangesien hy verantwoordelik voel vir sy biologiese ouers. Hy aanvaar ook verantwoordelikheid vir homself (Toman en Bauer, 2005:190).
Sosiale ontwikkeling wat waargeneem is, is dat die deelnemer se vriende vir hom belangrik is en dat hy meer gemaklik is in hulle teenwoordigheid as by sy biologiese- of pleeggesin (Kimmel en Weiner, 1995:153).

(f) TEMAS WAT WAARGENEEM WORD EN VRAE WAT IN DIE SESSIE ONTSTAAN HET

Temas van aggressie, ongemak met volwassenes en die behoefte aan beskerming en versorging word waargeneem. Uit die inligting word die afleiding gemaak dat die deelnemer getraumatiseer was. Die vraag ontstaan wat die deelnemer se trauma en sy verhouding met sy biologiese gesin is.

6.3.3 SESSIE 3: EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 MET SANDBAK 2

In die derde sessie word daar ook by hierdie deelnemer gebruik gemaak van ‘n direktiewe sandbak (Boik en Goodwin, 2000:199) om duidelikheid te kry oor vrae

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat ontstaan het in die eerste sessie en om areas wat geïdentifiseer is as onafgehandelde sake verder te eksploreer. Die sandbak word weer geëksploreer volgens die semigestruktureerde onderhoudskedule (bylae 2b). ‘n Foto van die sandbak word hieronder in figuur 6.5 getoon. In bylae 3b word ‘n lys met miniature, die betekenis wat die deelnemer daaraan gee en die simboliese betekenis volgens die literatuur getoon.

Die sessie word ook begin met ‘n sensoriese bewustheidoefening om selfbewustheid en bewustheid van die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). Hierna word daar oorgegaan tot die bou van ‘n direktiewe sandbak (Boik en Goodwin, 2000:199). Dieselfde prosedure word weer gebruik en deelnemer 2 word gevra om ‘n sandbak te bou van sy leefwêreld voordat hy by sy pleeggesin gaan woon het.

Wanneer deelnemer 2 aandui dat hy klaar gebou het, word daar vir hom geleentheid gegee om sy wêreld te oordink en te ervaar (Boik en Goodwin, 2000:87) waarna die navorser met die deelnemer ‘n onderhoud voer volgens die onderhoudskedule in bylae 2b.

6.3.3.1 TERUGVOER TYDENS DIE ONDERHOUD

Daar word sover moontlik gebruik gemaak van die deelnemer se eie woorde in verslaggewing van die onderhoud. Die deelnemer het in hierdie sessie direk met die voorstelling in die sandbak geïdentifiseer. Die volgorde van die onderhoud-skedule is daardeur beïnvloed, aangesien die navorser haar laat lei deur dit wat die deelnemer sê (Schoeman, 2006:7). Daar is ook gebruik gemaak van opvolg-vrae en ondersoekvrae (Greef, 2005: 293) en ander kommunikasie- tegnieke soos parafrasering, klarifikasie, refleksie en aanmoediging (Greef, 2005:289).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

FIGUUR 6.5: FOTO'S VAN DEELNEMER 2 SE SANDBAK 2

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) EKSPLOREER, EKSPLOREER MET POLARITEITE, IDENTIFISERING EN BESITNEMING

Deelnemer 2 sê dat hy sleg voel, want dit is vir hom sleg om oor daardie tyd van sy lewe te praat. Van sy sandwêreld vertel hy dat dit mense voorstel wat in ‘n parkie sit en drink en baie erg is oor hulle bier en ook baklei as hulle dronk is. Hy identifiseer dat dit sy ma is wat met haar vriend in die parkie sit en drink. Hulle is bakleierig en baklei oor simpel goed. Hulle is ook baie erg oor hulle drank. Hy is nie daar nie, want hy het gewoonlik by sy “tjommies” gekuier as sy ma gedrink het. Sy pa is ook nie by sy ma nie, want hy is by die huis. Sy pa het by die huis gedrink en het nie baklei as hy gedrink het nie, maar met sy vriende gekuier en grappies vertel.

Sy pa het baie vir hom kom kuier by sy pleegouers. Hy was verlede naweek vir die eerste keer in agt jaar terug na sy pa-hulle se huis. Dit was baie lekker om weer daar te kom. Hy is gebore in daardie huis waar sy ma-hulle nog bly. Dit was ook lekker om weer die mense te sien wat hy onthou. Hy is bly hy is daar weg, want hy sou net soos hulle gewees het as hy daar gebly het. Dit gaan nou beter met sy ma-hulle. Sy ma drink nog, maar sy het ook ‘n werk. Sy pa werk ook en hulle is “oraait”.

Uit die onderhoud tot dusver neem die navorser die deelnemer se voorgrondprobleem waar as dat hy graag weer by sy ouers wil bly en wil hê dat hulle moet ophou drink. Hy wil ook graag sien dat hul omstandighede verbeter.

(b) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

Deelnemer 2 wil graag dat sy ouers ophou drink, sodat hy weer by hulle kan gaan bly. Hy het hulle die vorige naweek weggehou van die drank en hy wil nou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer by hulle gaan kuier, want hy weet nou hoe om hulle weg van die drank te hou. Hy wil ook hard werk sodat hy ‘n regte werk kan kry om vir almal te kan sorg.

(c) AFSLUITING

Sessie 3 word afgesluit deur evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur uit te wys dat sy ouers gelukkig is om so ‘n seun soos hy te hê. Die deelnemer evalueer die sessie deur te sê dat dit nie lekker was om weer die drinkery te onthou nie. Hy weet nie hoe om homself nou te beloon nie. Die navorser beloon hom met ‘n lekkerny.

(d) WAARNEMINGS DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Deelnemer 2 het weerstand getoon teen die uitvoering van die opdrag om sy sandwêreld te bou soos dit was voor hy in pleegsorg geplaas was. Hy antwoord eers dat hy nie kan nie en nadat die navorser hom aangemoedig het, handel hy die opdrag in vyf minute af. Slegs die linkerkantste onderste hoek van die sandbak is gebruik in die voorstelling en die res van die sandbak is leeg gelaat (sien foto figuur 6.5).

6.3.3.2 INTERPRETASIE VAN SESSIE 3

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 SOOS HY DIT IDENTIFISEER IN DIE SANDBAK

Deelnemer 2 het in sy sandbak sy ma wat saam met haar vriend drink en baklei in ‘n parkie voorgestel. Hy het ook gesê dat sy baie lief was vir haar drank. Sy pa het by die huis gedrink en die deelnemer was die meeste van die tyd by sy vriende.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) ITEMS VAN DEELNEMER 2 SE SANDBAK WAT HY NIE GEÏDENTIFISEER HET NIE

Deelnemer 2 het al die items geïdentifiseer

(c) HIPOTESES GEMAAK UIT SIMBOLIESE BETEKENISSE VAN MINIATURE EN SANDSPELNAVORSING

Simboliese betekenisse is nie hier van toepassing nie, aangesien die deelnemer al die items bevredigend geïdentifiseer het wat hy gebruik het.

Uit sandspelnavorsing soos in die literatuur bespreek word wat betrekking het op hierdie sessie is die klassifikasie van ‘n leë wêreld (Bühler, 1951 en Bowyer, 1970 in Homeyer en Sweeney,1998: 69) wat daarop dui dat die deelnemer sy wêreld ervaar as ‘n ongelukkige en leë plek en dat hy depressief is of ‘n begeerte het om te verdwyn.

(d) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die deelnemer se veld word in hierdie sessie geïdentifiseer as sy ma wat drink en baklei in die parkie saam met haar vriend, sy pa wat by die huis drink en hy wat na sy vriende toe vlug.

Die deelnemer se voorgrondbehoefte word geïdentifiseer as sy behoefte om by sy biologiese gesin te wees en om hulle te help.

Kontakgrensversteurings wat in die sessie by die deelnemer waargeneem is, is introjekte (Blom, 2004:23) aangesien hy verantwoordelik voel vir sy ouers. Hy neig ook om te deflekteer en homself te desensiteer. Aangesien dit vir hom moeilik is om aan die gebeure van die verlede terug te dink, verkies hy om dit te vermy (Blom, 2004:29; Selwyn, 1994:130). Die deelnemer poog ook om kontrole

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te neem oor sy ouers se drinkpatroon (wat in die werklikheid onkontroleerbaar is) deur homself die taak op te lê om hulle te verander. Hierin word die kontakgrensversteuring van egotisme waargeneem (Blom, 2004:31).

Struktuur van persoonlikheid: Die deelnemer funksioneer in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid, aangesien hy optree soos hy dink die mense in sy kultuur van hom verwag (Blom, 2004:35).

Polariteit: Daar word ook 'n polariteit waargeneem in die sandbak (Blom, 2004:33). Die deelnemer vertel dat hy swaargekry het in sy ouerhuis in die verlede, maar dat hy dit nou as lekker ervaar om daar te wees.

(e) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Ontwikkelingstake: As die deelnemer se ontwikkelingstake volgens Erickson (1963) in ag geneem word soos beskryf in Louw et al. (1998:53-54) het hy waarskynlik weens die omstandighede in sy ouerhuis vanaf geboorte tot die ouderdom van ongeveer agt jaar probleme ondervind in die eerste vier stadiums van Erickson (1963) se ontwikkelingsmodel. Hierdie model dui daarop dat die deelnemer waarskynlik probleme sal ondervind met vertroue in verhoudings. Die deelnemer het in die eerste sandbak reeds gesinsverhoudings uit sy sandbak weggelaat.

6.3.4 SESSIE 4

Die vierde sessie met deelnemer 2 het nie plaasgevind nie. Die deelnemer wou nie verder aan die navorsing deelneem nie. Hy het gesê hy wil graag vergeet van die tyd toe hy klein was en sy ouers so gedrink het. Die sandbak het hom dit alles weer laat onthou wat hy wil vergeet. Die navorser respekteer die deelnemer se gevoelens en is verbind aan die etiese kode om die deelnemer nie emosioneel bloot te stel as dit vir hom ongemaklik is nie. Die navorser gebruik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die sessie om die deelnemer se emosies te ontlont deur oor sy gevoelens te praat, die redes waaroor hy so voel en hom daarna te bemagtig met positiewe terugvoer. Daar is ook aandag gegee aan wyses om sy gevoelens te hanteer. Die deelnemer verseker die navorser daarna dat hy beter voel.

Die bevindinge oor deelnemer 2 word nou by wyse van 'n samevattende **tabel 6.6** aangebied wat die inligting toon wat in die sessies ingesamel is deur te eksploreer met sandspel volgens die Gestaltbenadering in maatskaplike werk.

6.3.5 SAMEVATTENDE BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 MET SANDSPEL VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 2 met sandspel volgens die Gestaltbenadering word by wyse van 'n samevattende tabel aangebied (**tabel 6.6**). Die volgende afkorting word in die tabel gebruik:

- D2 – word gebruik vir deelnemer 2

TABEL 6.6: SAMEVATTENDE BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 2 MET SANDSPEL VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

ONDERHOUD, TABELLE EN VRAELYSTE	SANDSPELNAVORSING EN HIPOTESES	GESTALTBENADERING	ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM
D2 bly by'n pleeggesin in 'n huis. Sy pleeggesin bestaan uit pleegouers 2 pleegbroers, sy eie boetie en 'n ouma. Pleegpa werk soms en pleegma is by die huis.	D2 se sandbak korreleer nie met die verwagtinge vir sy adolessente ontwikkelingstadium nie. Sandbakke toon dat D2 trauma beleef het en dat daar steeds 'n swak selfbeeld en aggressie teenwoordig is. D2 se sandbak toon dat hy behoefte het aan beskerming en sy eie impulse vrees. D2 se sandbak toon dat hy gesinsverhoudings beleef as eensaam en geïsoleerd en daaruit wil ontsnap. D2 beleef sandspel as stresvol. Die sandbak toon dat D2 sy wêreld ervaar as 'n ongelukkige en leë plek.	**Voorgrondbehoeftes:** D2 het 'n groot behoefte om uit sy huidige situasie te ontsnap, om by sy biologiese gesin te wees en hulle te help. **Kontakgrensversteurings:** Kontakgrensversteurings is by D2 waargeneem, nl: Introjeksie, defleksie, desensitasie, egotisme **Veld:** Die veld van D2 bestaan uit: • Biologiese ouerhuis – ouers wat drink • Pleegouerhuis • Toekomsvisie • Liefde vir diere • Sport • Televisie • Vriende **Struktuur van persoonlikheid:** D2 is in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid **Onafgehandelde sake:** Ongemak met gesinsituasies en ongemak met volwassenes. **Organismiese selfregulering:** D2 is nie in staat om sy behoeftes in sy omgewing te bevredig nie. **Polariteite:** Swaarkry in sy ouerhuis teenoor die lekker om nou daar te kuier.	D2 is in middeladolessensie. **Identiteitsontwikkeling:** D2 toon belangstelling in sy persoonlikheidseienskappe. **Kognitiewe ontwikkeling:** D2 is waargeneem as liggaamlik-kinesteties. Hy aanvaar verantwoordelikheid vir homself en 'n afname in egosentrisme is waargeneem. **Morele ontwikkeling:** D2 respekteer gesag van sy pleeggesin en die skool. **Sosiale ontwikkeling:** D2 word goed aanvaar in sy portuurgroep en hy het heelwat maats. Sy vriende is vir hom belangrik en hy is meer gemaklik in hulle teenwoordigheid as in pleeg- of biologiese gesinne. **Ontwikkelingstake:** Trauma in eerste vier stadiums van ontwikkeling het bereiking van ontwikkelingstake vir D2 gestrem.
Hy het 'n behoefte om weer by sy biologiese gesin te gaan bly. Hy voel verantwoordelik vir sy jonger boetie en vir sy ouers.			
D2 ondervind furstrasie en probleme in sy pleeggesin wat manifesteer in aggressie.			
D2 introvert, hy is stil, diplomaties, versigtig en getrou aan vriende en familie. Hy neig ook om hardkoppig en traag te wees. Hy is versigtig vir sy pleegpa se humeur en aanvaar sy pleegouers se gesag.			
D2 hou van skool en het baie vriende. Hy is deel van sy portuurgroep. Hy neem graag deel aan sport.			
D2 het trauma ervaar in sy biologiese gesin. Hy was verwaar-loos, op straat en blootgestel aan geweld as gevolg van alkohol-misbruik deur sy ouers.			
D2 se toekomsvisie (fisies) is: om te werk, in sy eie huis te bly saam met sy vriende en diere aan te hou.			

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.4 DEELNEMER 3

Deelnemer 3 is vroulik en Afrikaanssprekend. Sy is 15 jaar en 2 maande oud tydens die ondersoek. Sy is in pleegsorg vir twee jaar en is tans in graad 8. Daar was nie ‘n aanmeldingsprobleem nie maar die deelnemer is waargeneem as stil en skaam. Die deelnemer en haar pleegouers het ingestem dat sy deelneem.

6.4.1 SESSIE 1: INLEIDING VAN NAVORSINGSESSIES

In hierdie sessie is daar toegetree tot die bou van ‘n verhouding met deelnemer 3 soos met deelnemer 1 deur middel van ‘n speletjie wat vermaak verskaf en die vrae in tabel 6.7 wat dialoog bevorder.

Tabel 6.7 Vrae en antwoorde oor deelnemer 3 se leefwêreld.

VRAE	ANTWOORDE DEELNEMER 3
As jy drie wense kon wens, wat sou dit wees?	Dat ek kan klaarmaak met skool, dat ek kan gaan studeer en dat ek kan gaan werk.
Vertel van die stoutste ding wat jy al ooit gedoen het.	Ek het gelieg.
As jy kon ophou met skool, sou jy?	Ja.
Wat is die slegste ding by die skool?	Niks is sleg nie.
Wat is die lekkerste ding by die skool?	Die werk en die onderwysers.
Wie is jou beste vriend/vriendin?	Sy gee die naam van ‘n meisie.
As jou ouers jou sou verbied om verder met jou beste vriend/in te speel omdat hy/sy slegte invloed	Dit sal sleg wees, maar ek sal luister.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op jou het, hoe sou jy voel?	
Vertel my van dit wat jou regtig kwaad maak.	As iemand van my skinder.
Wat sou jy verkies, om geen reëls in jou lewe te hê nie of om eerder met dié saam te leef wat jy nou het?	Reëls is maar deel van die lewe.
As jy baie geld gehad het en dit kon spandeer net soos jy wil, wat sou jy daarmee gemaak het?	Ek sal klere koop.
Wat dink jy waarvan hou jou vriende die meeste van jou?	Hulle hou van hoe ek optree.
As jy vir een dag onsigbaar kon wees, wat sou jy gedoen het?	Niks.
As jy iets kon verander aan jouself, wat sou jy verander?	My verhouding met mense, ek sal meer met hulle wil praat.

Die volgende aktiwiteit wat gedoen is, was ‘n grafiese gesinskets om die deelnemer se gesinsomstandighede en die atmosfeer in die gesin beter te leer ken.

Tabel 6.8 Vrae en antwoorde oor deelnemer 3 se gesinsomstandighede

VRAE	**ANTWOORDE DEELNEMER 3**
Stel elke lid van jou gesin voor as ‘n leë sirkel op die papier en skryf by wie elkeen is.	Sy het vier persone en haarself aangedui. Die persone was haar eie sussie, pleegma, pleegpa, en ‘n tannie.
Na wie kyk elke gesinslid die meeste van die tyd?	Sy en haar eie sussie kyk na mekaar, haar pleegpa en pleegma na almal en die tannie na die pleegpa en pleegma.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat doen elke gesinslid die meeste van die tyd?	Sy is die meeste van die tyd in haar kamer, sy sit en lees of leer, haar sussie kyk meestal televisie, die pleegpa werk, die pleegma maak kos en die tannie gee die honde kos.
Hoe voel elke gesinslid die meeste van die tyd?	Almal is gelukkig.

Om meer van die deelnemer *proses* te leer ken, is daar met haar in gesprek getree rondom haar temperament, gebaseer op die temperamentverskille soos beskryf deur Mol (1981:21-28). Volgens die vraelys en gesprek word deelnemer 3 waargeneem as dat sy ‘n flegmatiese temperament het (bylae 1e) wat die beste beskryf word deur die volgende eienskappe: introvert, ordelik, betroubaar, harde werker, lojaal, selfgedissiplineerd, sensitief, pessimisties, hardkoppig, terughoudend en selfbeskermend (Mol, 1981:29-30). Daar is ook waargeneem dat sy redelik hoog vertoon op die introvertskaal (sien bylae 1e).

(a) AFSLUITING

Sessie 1 word afgesluit met evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur waardering uit te spreek vir haar mooi samewerking en deelname. Deelnemer 3 sê dat dit vir haar baie lekker was. Ons bespreek hoe sy haarself nou kan beloon vir die werk. Sy antwoord dat sy nie weet nie, die navorser beloon haar met ‘n lekkerny.

(b) WAARNEMING DEUR DIE NAVORSER GEDURENDE DIE SESSIE

Deelnemer 3 was baie gespanne met die begin van die sessie, maar sy het goed saamgewerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.4.1.1 INTERPRETASIE VAN SESSIE 1

(a) LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 SOOS GEÏDENTIFISEER

Oor haar leefwêreld is waargeneem dat haar pleeggesin bestaan uit haar oupa, ouma, haar tannie en haar eie sussie. Sy gehoorsaam reëls en is hardwerkend. Sy is meestal op haar eie en lees baie. Sy wil graag klaarmaak met skool en gaan studeer. Sy het ‘n vriendin en dui aan dat sy ‘n behoefte het aan meer vriende en beter verhoudings met mense. As persoon is sy ‘n introvert, self-gedissiplineerd, sensitief en terughoudend.

(b) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die kontakgrensversteuring wat by deelnemer 3 waargeneem is in sessie 1 is introjekte (Selwyn, 1994:14). Die deelnemer is baie bewus van wat haar pleegouers van haar verwag.

(c) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Volgens ouderdom word deelnemer 3 geplaas in die middeladolessensie (Jaffe, 1998:26).

Identiteitontwikkeling: Die deelnemer was baie geïnteresseerd in die gesprek oor haar persoonlikheidseienskappe soos aangedui deur die oefening oor temperamentverskille deur Mol (1988). Volgens Toman en Bauer (2005:182) raak die portuurgroep vir ‘n adolessent baie belangrik in sy ontwikkeling van eie identiteit en onafhanklikheid. Die deelnemer het gesê dat sy net een vriendin het en ‘n behoefte het aan meer kontak met haar portuurgroep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.4.2 SESSIE 2: EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 MET SANDBAK 1

Die sessie is soos met deelnemer 1 begin met ‘n sensoriese bewustheids-oefening om selfbewustheid en bewustheid van die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). Die deelnemer word gevra om visueel in kontak te kom met die sandspelkamer en word sensories bekend gestel aan die sandbak en die sand. Daarna word ‘n ontspanningsoefening met die deelnemer gedoen, soos opgeteken in bylae 2a (Schoeman, 2006:29).

Deelnemer 3 word gevra om haar wêreld soos volg in die sandbak te bou:

- Kyk na die miniature op die rakke en neem dit wat jou interesseer of trek of vir jou betekenis het, of jou herinner aan iets en bou daarmee jou wêreld in die sand.
- Neem jou tyd en sê vir my as jy klaar is. Ek gaan hier by jou sit.

Wanneer die deelnemer aandui dat sy klaar gebou het, word daar vir haar geleentheid gegee om haar wêreld te oordink en te ervaar, waarna die onderhoud met haar gevoer word volgens die semigestruktureerde onderhoud-skedule in bylae 2b. ‘n Foto van die sandbak word hieronder in figuur 6.6 getoon en ‘n lys met miniature, die betekenis wat die deelnemer daaraan gee en die simboliese betekenis volgens die literatuur is in bylae 2e.

6.4.2.1 TERUGVOER TYDENS DIE ONDERHOUD

Daar word sover moontlik gebruik gemaak van die deelnemer se eie woorde in verslaggewing van die onderhoud. Tydens die onderhoud het die deelnemer gewys na die miniatuurobjekte in haar sandbak. Die navorser lig dit wat die deelnemer sê toe met beskrywings in hakies waar nodig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

FIGUUR 6.6: FOTO VAN DEELNEMER 3 SE SANDBAK 1

(a) EKSPLORERING

Deelnemer 3 sê dat dit lekker was om die sandwêreld te bou, maar dat sy ‘n bietjie “nervous” voel en vertel die volgende oor haar sandwêreld. Dis amper net diere en sy weet nie eintlik wat dit is nie. Dit lyk soos ‘n dieretuin. Daar is slange, akkedisse, kameelperde, katte, honde, ‘n skoenlapper, perde, voëls en ‘n luiperd. Die slang is ‘n mannetjie, hy is ongelukkig want hy is alleen. Die akkedis is gelukkig en is ‘n wyfie. Die kameelperd eet die boom se blare, is ongelukkig, want sy is alleen. Die kat is gelukkig en is by die meisie. Die meisie kyk vir die kat. Die hond is ongelukkig, want hy moet die een huis oppas. Die skoenlapper vlieg rond en is gelukkig. Die perd loop rond en hy is gelukkig. Die voël vlieg, is ‘n mannetjie en is gelukkig. Die luiperd is vroulik en in ‘n hok en is gelukkig. Die vrou lees vir die baba en albei is gelukkig. Die engeltjie en feetjie pas die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tweede huis op en is gelukkig. Die seuntjie lê op die “mushroom” en kyk en hy is gelukkig.

(b) EKSPLORERING MET POLARITEITE

Deelnemer 3 sê daar is nie ‘n probleem in die bak nie. Die sterkste is die luiperd, sy is vinnig en rats en sal die perd, die kameelperd en die mense aanval. Die skoenlappertjie is die swakste, as iemand haar seermaak, sal sy sommer doodgaan. Die lekkerste is by die engeltjies omdat hulle interessant is. Die slegste is by die slang, want hy kan mens seermaak.

(c) IDENTIFISERING EN BESITNEMING

Die deelnemer sê in haar lewe is daar ook twee huise, haar ouma (pleegouer) se huis en haar ma en stiefpa se huis. Sy het haar eie kamer en eie goed by elke huis. Gewoonlik is sy naweke en vakansies by haar ma en stiefpa en in die week is sy by haar ouma. Die engeltjie en feetjie stel haar voor. Die mannetjie op die “mushroom” sê sy het baie vrye tyd. Haar oupa, ouma, ma en stiefpa werk en sy en haar sussie is meestal alleen by die huis. In haar alleentyd pak sy haar kamer reg, lees boeke en stryk die wasgoed. Sy sê sy hoef dit nie te doen nie, maar dit is vir haar lekker om dit vir hulle te doen. Dit is ook vir haar lekker om te lees. Sy vertel vir niemand wat sy lees nie, want niemand stel belang nie. In die vakansie kyk hulle ook baie “DVD”. Sy het nie vriende wat by haar kan kom kuier nie.

Die luiperd sê van haar lewe dat sy vinnig kwaad word. As sy kwaad is, huil sy. Sy voel soms alleen soos die kameelperd en sal graag meer met mense wil praat, met vriende en met haar ma-hulle. Sy doen ook ekstra gunste vir haar ma en ouma dat hulle tevrede moet wees met haar. Die slang stel die stoute dinge wat mens kan doen voor. Sy doen nie stoute dinge nie. Die skoenlapper sê oor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

haar dat sy ook maklik seerkry soos ‘n skoenlapper, sy voel maklik hartseer en is sensitief.

Uit die onderhoud tot dusver neem die navorser die deelnemer se voorgrondprobleem waar as eensaamheid. Vervolgens word alternatiewe vir die voorgrondprobleem geëksploreer.

(d) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

Sy sal graag met meer mense wil praat. Sy kan nie met haar ma praat nie, want sy is baie besig en is moeg as sy by die huis kom. Hulle praat net as sy iets moet kry. Sy het ook nie nog maats met wie sy kan praat nie. Haar een vriendin bly ver en is meestal weg met vakansies. Sy kan nie iets doen om meer met mense te praat nie.

(e) AFSLUITING

Sessie 2 word afgesluit deur evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur haar besondere vermoë om haarself besig te hou, alleen by die huis te bly en dat sy die stoute dinge vermy, uit te lig. Die sessie word geëvalueer en die deelnemer sê dat die sessie vir haar lekker was. Sy sê sy weet nie hoe om haarself te beloon nie en die navorser beloon haar weer met ‘n lekkerny.

(f) WAARNEMINGS DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Die volgende waarnemings is gedurende die sessie gemaak: Deelnemer 3 bou versigtig en is onseker. Sy is gedurende die sessie gespanne. Sy loop op haar tone tussen die sandbak en die rakke en dit lyk asof sy probeer om so min as moontlik te raas. Sy maak geen melding van haar eie pa en sussie nie en stel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle ook nie voor in haar sandbak nie. Haar energievlak is laag tydens die onderhoud (gaap). Sy gee haar volle samewerking (sy is gewillig om te doen wat die navorser vra). Die deelnemer se sandbak is ongeorganiseerd (sien foto figuur 6.6) en sy is nie in staat om spontaan te vertel wat in haar sandbak gebeur nie.

6.4.2.2 INTERPRETASIE VAN SESSIE 2

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 SOOS SY DIT IDENTIFISEER IN DIE SANDBAK

Die leefwêreld van deelnemer 3 bestaan uit die huis van haar oupa en ouma (pleegouers) waar sy in die week bly en die huis van haar ma en stiefpa, waar sy naweke en vakansies deurbring. Haar pleegouers en ouers werk almal en sy word dikwels alleen tuis gelaat. Sy dui aan dat sy baie vrye tyd (alleentyd) het, wat sy vul met kamer regpak, leer, lees en stryk. Sy dui ook aan dat sy eensaam is en ‘n behoefte het om meer met mense te praat. Sy werk hard by die skool, is gehoorsaam by die huis en bly weg van verkeerde dinge.

(b) ITEMS VAN DEELNEMER 3 SE SANDBAK WAT SY NIE GEÏDENTIFISEER HET NIE

Items in deelnemer 3 se sandbak wat sy nie in haar lewe kan identifiseer nie, is:

- Die perd
- Die voël

(c) HIPOTESES GEMAAK UIT SIMBOLIESE BETEKENISSE VAN MINIATURE EN SANDSPELNAVORSING

Hipoteses wat hier gemaak kan word uit die simboliese betekenis van die objekte waaroor die deelnemer nie bevredigende antwoorde in die onderhoud verskaf het nie (Schoeman, 2008; Boik en Goodwin, 2000:83), is die gebruik van:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- die perd wat moontlik kan wys op haar diensbaarheid in haar ma en ouma se huise (McNelly, 2001:157).
- die voël wat vir haar kleintjies sorg as moontlik haar behoefte aan aandag van die volwassenes in haar lewe (McNelly, 2001:122).
- die slang wat moontlik dui op negatiewe magte van die ouer wat die kind bedreig (McNelly, 2001: 179).
- ‘n Engeltjie en ‘n feetjie, wat daarop kan dui dat sy mense help of dat sy hulp benodig (McNelly, 2001:145,121).

Sandspelnavorsing soos in die literatuur bespreek wat betrekking het op hierdie sessie is:

- Zinni (1997:664) het bevind dat getraumatiseerde kinders meer ongeorganiseerde sandtonele skep en dat daar meer toevallige items is wat nie by die tema pas nie. In dié deelnemer se sandbak was daar ‘n perd, ‘n slang, ‘n luiperd en ‘n kameelperd wat items is wat nie by die tema pas nie.
- Zinni (1997:667) wys ook daarop dat getraumatiseerde kinders dit baie moeiliker vind om betekenisvolle kongruente sandtonele met ‘n storie te skep. Deelnemer 3 was nie in staat daartoe om spontaan te vertel wat in haar sandwêreld gebeur nie.
- Daar is ook bevind dat Bowyer (1970) in Mitchell en Friedman (1994:66-71) se drie tipes sandbakke wat sy in haar navorsing onderskei, betrekking het op die deelnemer se sandbak. Die sandbak reflekteer nie die tipiese eienskappe van ‘n adolessent nie, aangesien maats en die portuurgroep heeltemal afwesig is. Hiervan kan afgelei word dat die deelnemer se sandbak nie die toepaslike ontwikkelingstadium reflekteer nie en dat sy volgens Bowyer (1970) terapie benodig.
- Daar is ook deur Bühler (1951) in Carey (1999:7) bevind dat leë wêrelde dui op innerlike leegheid of ‘n gevoel van eensaamheid. Die deelnemer se sandbak was relatief leeg en items was wyd verspreid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Haper (1991:93-97) wys daarop dat die sandspelsituasie vir getraumatiseerde kinders stresvol is. Deelnemer 3 het gesê dat sy senuweeagtig is en sy is as gespanne waargeneem.

(d) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die deelnemer se veld word geïdentifiseer as die huis van haar ma en stiefpa, die huis van haar oupa en ouma (pleegouers) en haar baie alleentyd wat sy vol-maak met lees, stryk en DVD's kyk.
Haar voorgrondbehoefte is waargeneem as dat sy eensaam is en graag meer met mense wil praat.

(e) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Die kognitiewe ontwikkeling: 'n Afname in egosentrisme is by die deelnemer waargeneem, aangesien sy haar ma help met die strykwerk en haar nie pla as sy van die werk af kom nie. Sy aanvaar verantwoordelikheid vir haarself want sy hou haarself besig en doen haar skoolwerk. Dit is vir haar belangrik om haar skoolgraad te slaag (Toman en Bauer, 2005:190).
Morele ontwikkeling is waargeneem by die deelnemer. Sy respekteer die reëls by haar ma en by haar pleegouers se huis (Jaffe, 1998:153).
Sosiale ontwikkeling: In die deelnemer se sandbak ontbreek die voorstelling van maats en sy sê ook dat sy eensaam is en graag met meer mense wil praat. Vir normale ontwikkeling het adolessente nodig om sosiale kontak met die portuurgroep te hê om sodoende hulself te kan losmaak van die gesin om hulle eie identiteit te vorm (Codrington en Grant-Marshall, 2004; Jaffe, 1998:276; Kimmel en Weiner 1995:283).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(f) TEMAS WAT WAARGENEEM IS EN VRAE WAT IN DIE SESSIE ONTSTAAN HET

Temas van eensaamheid en min kommunikasie tussen gesinslede word waargeneem. Uit die inligting word die afleiding gemaak dat deelnemer 3 getraumatiseer is en die vraag ontstaan wat die deelnemer se trauma is.

6.4.3 SESSIE 3: EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 MET SANDBAK 2

In die derde sessie word daar ook by hierdie deelnemer gebruik gemaak van ‘n direktiewe sandbak (Boik en Goodwin, 2000:199) om duidelikheid te kry oor vrae wat ontstaan het in die eerste sessie en om temas wat geïdentifiseer is, verder te eksploreer. Die sandbak word weer geëksploreer volgens die semi-gestruktureerde onderhoudskedule (bylae 2b). ‘n Foto van die sandbak word hieronder getoon in figuur 6.8. In bylae 3c word ‘n lys met miniature, die betekenis wat die deelnemer daaraan gee en die simboliese betekenis volgens die literatuur getoon.

Die sessie word ook begin met ‘n sensoriese bewustheidsoefening om selfbewustheid en bewustheid van die omgewing te verskerp (Schoeman en Van der Merwe, 1996:42,53). Hierna word daar oorgegaan tot die bou van ‘n direktiewe sandbak (Boik en Goodwin, 2000:199). Dieselfde prosedure word weer gebruik en deelnemer 3 word gevra om ‘n sandbak te bou van haar leefwêreld voordat sy by haar pleeggesin gaan woon het.

Wanneer deelnemer 3 aandui dat sy klaar gebou het, word daar vir haar geleentheid gegee om haar wêreld te oordink en te ervaar (Boik en Goodwin, 2000:87) waarna die navorser met die deelnemer ‘n onderhoud voer volgens die onderhoudskedule in bylae 2b.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.4.3.1 TERUGVOER TYDENS DIE ONDERHOUD

Daar word sover moontlik gebruik gemaak van die deelnemer se eie woorde in verslaggewing van die onderhoud. Die deelnemer het in hierdie sessie ook soos die vorige deelnemers direk met die voorstelling in die sandbak geïdentifiseer, wat die volgorde van die onderhoudskedule beïnvloed, aangesien die navorser haar laat lei deur dit wat die deelnemer sê (Schoeman, 2006:7).

FIGUUR 6.7: FOTO VAN DEELNEMER 3 SE SANDBAK 2

(a) EKSPLOREER, EKSPLOREER MET POLARITEITE, IDENTIFISERING EN BESITNEMING

Deelnemer 3 sê dat sy gespanne voel, maar nie weet waarom nie en vertel die volgende oor haar sandwêreld: Sy sê daar gebeur niks nie en dit stel haar lewe voor toe sy by haar pa gebly het. Sy en haar sussie het daar gebly by haar pa

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en haar stiefma en haar stiefma se kind. Sy het niks van haar stiefma of haar kind gehou nie. Hulle het in ‘n huis gebly met ‘n erf met baie bome. Haar pa het ‘n eend gehad by ‘n dammetjie by sy ma-hulle se huis. Haar pa het van slange gehou en slange aangehou in ‘n vistenk. Hy het hulle soms uitgehaal en dan met hulle gespeel. Sy was bang en het gegril vir die slange, in haar kamer gaan wegkruip en die deur toegemaak. Haar sussie het saam met die slange gespeel. Sy het van skoenlappers gehou en hulle gevang en in haar kamer aangehou. Haar pa was ‘n polisieman, maar het homself so drie jaar gelede by ‘n begraafplaas geskiet. Sy sê sy voel baie sleg daaroor, maar dink sy sal een of ander tyd daaroor kom. Sy en haar pa het mekaar verstaan. Hy het haar gehelp met leer. Voor sy dood was hulle saam met hom op vakansie en dit was baie lekker. Sy mis haar pa baie. Haar pa het ook ‘n hond gehad en ‘n vier-by-vier bakkie. Sy het nog foto’s van haar pa. Sy praat nie oor haar pa by haar ouma se huis nie omdat sy nie weet of sy mag nie. Sy praat dikwels as sy by die skool is met haar vriendin oor haar pa.

Na haar pa se dood het sy vir ‘n rukkie by haar ma gaan bly en toe by haar ouma. Sy bly by haar ouma omdat haar ma finansiële probleme het. Haar ouma het drie kinders gehad. Die een was haar pa. Die ander kind bly nog by haar en werk. Die ander dogter is getroud, bly naby en het twee dogtertjies van sewe en drie jaar. Die oudste een is soos sy en die jonger een is soos haar sussie. Sy weet nie of haar ouma bly is dat sy daar bly nie. Sy speel nie met haar niggies nie, want hulle is lastig.

Uit die onderhoud tot dusver neem die navorser die deelnemer se voorgrondprobleem waar as dat sy haar oorlede pa baie mis. Vervolgens word alternatiewe vir haar voorgrondprobleem geëksploreer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

Die deelnemer mis haar pa baie. Sy sal graag meer in die huis oor haar pa wil praat, maar sy weet nie of sy mag nie. Haar oupa, ouma en ma praat nooit oor haar pa nie. Die navorser stel voor dat sy haar ouma vra om iets van haar pa te vertel van toe hy nog jonk of klein was. Die deelnemer dui aan dat sy nie daarvoor kans sien nie.

(c) AFSLUITING

Sessie 3 word afgesluit deur evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur te verwys na haar mooi samewerking ten spyte van haar spanning. Die deelnemer sê dat die sessie vir haar lekker was en dat sy nie weet hoe om haarself te beloon nie. Die navorser vra haar hoe sy ander mense beloon. Sy vertel wat sy vir ander doen. Die navorser vra die deelnemer om voor die volgende sessie te dink wat sy graag wil hê iemand vir haar moet doen en beloon haar weer met ‘n lekkerny.

(d) WAARNEMINGS DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Die deelnemer gebruik net ‘n klein gedeelte van die bak vir haar voorstelling. Die res van die bak word leeg gelaat. Sy kom gespanne voor en gesels nie spontaan nie. Sy gee weer haar volle samewerking. Die deelnemer se sandbak is ongeorganiseerd (sien figuur 6.7) en sy is nie in staat om spontaan te vertel wat in haar sandbak gebeur nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.4.3.2 INTERPRETASIE VAN SESSIE 3

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 SOOS SY DIT IDENTIFISEER IN DIE SANDBAK

Uit die sandbak en die onderhoud word die leefwêreld van die deelnemer geïdentifiseer as haar pa se huis, haar pa, haar pa se hond, sy slang, sy eend, sy motor. Die deelnemer en haar sussie het by haar pa gebly totdat hy dood is.

(b) ITEMS VAN DEELNEMER 3 SE SANDBAK WAT SY NIE GEÏDENTIFISEER HET NIE

Die deelnemer het al die items geïdentifiseer

(c) HIPOTESES GEMAAK UIT SIMBOLIESE BETEKENISSE VAN MINIATURE EN SANDSPELNAVORSING

Hipoteses wat hier gemaak kan word (Schoeman, 2008; Boik en Goodwin, 2000:83) oor die items waaroor die deelnemer nie bevredigende antwoorde verskaf het in die onderhoud nie, is:

- die slang kan moontlik dui op negatiewe magte van die ouer wat die kind bedreig (McNelly, 2001:179). Vir die deelnemer kan dit moontlik die stiefma wees van wie sy niks gehou het nie, of haar pa, wat moontlik verband hou met die selfmoord.
- Die vlinder kan moontlik dui op die siel wat nie deur die dood vernietig kan word nie (Herder, 1993:30). Vir die deelnemer kan dit daarop dui dat haar pa nog vir haar deel van haar lewe is en dat sy nog oor hom wil praat.

Sandspelnavorsing soos in die literatuur bespreek wat betrekking het op hierdie sessie is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Daar is deur Bühler (1951) in Carey (1999:7) bevind dat leë wêrelde dui op innerlike leegheid of 'n gevoel van eensaamheid. Die deelnemer se sandbak was leeg en items was wyd verspreid.
- Zinni (1997:667) se navorsing wys ook daarop dat getraumatiseerde kinders dit baie moeiliker vind om betekenisvolle kongruente sandtonele met 'n storie te skep. Deelnemer 3 was nie in staat om spontaan te vertel wat in haar sandwêreld gebeur nie.

(d) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die deelnemer se veld word in hierdie sessie geïdentifiseer as haar pa se huis.
Die deelnemer se voorgrondbehoefte word geïdentifiseer as die begeerte om oor haar pa te praat.
Kontakgrensversteurings wat in die sessie by die deelnemer waargeneem is, is introjekte (Blom, 2004:23). Sy vermy dit om oor haar pa te praat, omdat sy nie weet of sy mag nie. Desensitasie kan ook geïdentifiseer word, aangesien sy aanvanklik sê sy sal wel daaroor kom en daarmee haar pyn buite haar bewuste hou (Blom, 2004:29)
Struktuur van persoonlikheid: Die deelnemer funksioneer in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid, aangesien sy optree soos sy dink ander van haar verwag en soos sy geleer is (Blom, 2004:35).

(e) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Ontwikkelingstake: Erickson (1963) in Louw et al. (1998:53-54) beskryf die vierde stadium van ontwikkeling as die stadium waarin mens bekwaamheid ontwikkel. Om dit te bereik, het die individu nodig om doelgerig te werk om sodoende vaardighede te ontwikkel wat selfvertroue verder bou. Die deelnemer het in hierdie stadium haar ouers se egskeiding beleef, die verlies van haar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moeder deur die egskeiding, die aanpassing by ‘n nuwe gesin, die dood van haar pa en die aanpassing by haar pleegouer. Hierdie gebeure het haar bereiking van bekwaamheid verhoed, wat ‘n verdere impak kan hê op die volgende ontwikkelingstadium.

Sosiale ontwikkeling wat waargeneem is by die deelnemer is dat sy baie oor haar pa deel met haar vriendin, maar nie oor haar pa by die huis praat nie. Dit sluit aan by Kimmel en Weiner (1995:153) wat sê dat adolessente emosionele steun aan mekaar gee.

(f) TEMAS WAT WAARGENEEM WORD EN VRAE WAT IN DIE SESSIE ONTSTAAN HET

Temas van eensaamheid en min kommunikasie tussen gesinslede word in die sandbak waargeneem. Die vraag ontstaan wat die deelnemer volgende in ‘n spontane sandbak sal voorstel en watter inligting dit nog oor haar leefwêreld sal gee.

6.4.4 SESSIE 4: EKSPLORERING VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 MET SANDBAK 3

In die vierde sessie word daar weer gebruik gemaak van ‘n spontane sandbak (Boik en Goodwin, 2000:183), soos met die vierde sessie van deelnemer 1. Die sensoriese bewustheidsoefening in dié sessie is om bewustheid rondom die self te versterk deur die adolessent bewus te maak van haar persoonlike voorkeure (Schoeman en Van der Merwe,1996:53). Die sandbak word weer geëksploreer volgens die semigestruktureerde onderhoudskedule (bylae 2b). ‘n Foto van die sandbak word hieronder getoon in figuur 6.8. ‘n Lys met miniature, die betekenis wat die deelnemer daaraan gee en die simboliese betekenis volgens die literatuur is in bylae 4b.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dieselfde prosedure as in sessie twee is gebruik vir die bou van die sandbak. Die doel van die sandbak is om die leefwêreld van die deelnemer verder te eksploreer. Wanneer die deelnemer aandui dat sy klaar gebou het, word daar vir haar geleentheid gegee om haar wêreld te oordink en te ervaar (Boik en Goodwin, 2000:87) waarna daar geëksploreer word.

FIGUUR 6.8: FOTO VAN DEELNEMER 3 SE SANDBAK 3

6.4.4.1 TERUGVOER TYDENS ONDERHOUD

Daar word sover moontlik gebruik gemaak van die deelnemer se eie woorde in verslaggewing van die onderhoud. Waar nodig word ‘n verduideliking in hakies aangebring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) EKSPLOREER

Deelnemer 3 sê dat sy gelukkig voel. Daar staan ‘n huisie en langs hom staan ‘n kar. Die hondjie en die meisie bly in die huis. Die meisie is groot, sy is dertig jaar oud en dit is haar huis. Die meisie en die hond ry met die kar winkels toe en gaan doen inkopies. Die feetjies pas die huis op teen skelms en die seuntjie lê op die paddastoel. Die goggatjie loop rond om kos te soek en klim in die boom. Almal voel gelukkig.

(b) EKSPLOREER MET POLARITEITE

Die deelnemer sê daar is nie ‘n probleem in die bak nie. Die sterkste in die bak is die huis, want hy kan nie breek of seerkry nie. Die swakste is die goggatjie, want iemand kan maklik op hom trap en dan gaan hy dood. Die meisie kan dalk per ongeluk op hom trap. Sy weet nie waar dit in die bak lekker is nie, maar dit is nêrens sleg nie.

(c) IDENTIFISERING EN BESITNEMING

Sy sê sy is die meisie, sy is groot en bly saam met haar hondjie in die huis. Sy het ‘n kar en hoef nie te loop nie. Die feetjies sê sy het vrede en liefde in haar lewe. Sy is lief vir al haar familie en hulle is lief vir haar. Die seuntjie op die paddastoel is haar vriend. Die goggatjie sê dat sy sensitief is en maklik seerkry. Die boom sê sy is sterk soos ‘n boom en sy staan daar en groei.

Uit die onderhoud en sandbak word die deelnemer se voorgrondprobleem weer waargeneem as eensaamheid. Vervolgens word daar met alternatiewe van haar voorgrondprobleem geëksploreer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(d) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

Die deelnemer sê die verandering wat sy wil aanbring, is dat sy meer mense in die bak wil hê. Om meer mense in haar bak te kry, sal sy mense nooi om te kom kuier. Sy sê sy sal haar sussie en haar ouma nooi. Dit voel beter dat daar nou meer mense in die bak is. Sy sê sy sal nie vriende nooi nie, net familie. Haar ouma en oupa en ma-hulle nooi nie vriende nie, net familie.

(e) AFSLUITING

Sessie 4 word afgesluit deur evaluering, bemagtiging en selfvertroeteling. Die navorser bemagtig die deelnemer deur haar te komplimenteer oor die oplossing vir haar eensaamheid deur meer mense in haar bak in te bring. Sy sê dat die sessie vir haar lekker was. Om haarself te vertroetel, sal sy vir haar ‘n roomys gaan koop.

(f) WAARNEMINGS DEUR DIE NAVORSER TYDENS DIE SESSIE

Daar is opgelet dat die deelnemer meer seker van haarself en meer spraaksaam is. Die sandbak bevat slegs nege miniature, wat hoofsaaklik aan die een kant van die sandbak geplaas is. Soos met die vorige bakke is die deelnemer se sandbak ongeorganiseerd (sien figuur 6.8) en is sy nie in staat om spontaan te vertel wat in haar sandbak gebeur nie.

6.4.4.2 INTERPRETASIE VAN SESSIE 4

(a) DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 SOOS SY DIT IDENTIFISEER IN DIE SANDBAK

Deelnemer 3 identifiseer in haar sandbak haarself en haar hondjie wanneer sy dertig jaar oud is. Sy sê sy wil in ‘n huis bly saam met haar hondjie en sy wil ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

motor hê waarmee sy kan ry. Sy identifiseer vriende en sê dat daar liefde en vrede in haar lewe is. Sy sê dat sy sensitief en sterk is.

(b) ITEMS VAN DEELNEMER 3 SE SANDBAK WAT SY NIE GEÏDENTIFISEER HET NIE

Die deelnemer het al die miniature identifiseer.

(c) HIPOTESES GEMAAK UIT SIMBOLIESE BETEKENISSE VAN MINIATURE EN SANDSPELNAVORSING

Hipoteses wat hier gemaak kan word (Schoeman, 2008; Boik en Goodwin, 2000:83) oor die items wat die deelnemer nie geïdentifiseer het of waaroor nie bevredigende antwoorde in die onderhoud verskaf is nie, is:

- Die twee feetjies se simboliese betekenis is helpertjies (McNelly, 2001:145). Vir die deelnemer dui dit moontlik daarop dat sy steeds hulp nodig het om groot te word en moontlik om haar pa se dood te verwerk.

Sandspelnavorsing soos in die literatuur bespreek wat betrekking het op hierdie sessie is:

- Bühler in Homeyer en Sweeney (1998:75) se navorsing het hier betrekking. Die sandbak van die deelnemer bevat net haarself en geen ander mense nie. Sy identifiseer dit as ‘n wêreld sonder mense wat dui op moontlike gevoelens teenoor mense weens emosionele, seksuele of fisiese wonde.
- Daar is ook deur Bühler (1951) in Carey (1999:7) bevind dat leë wêrelde dui op innerlike leegheid of ‘n gevoel van eensaamheid. Die deelnemer se sandbak was relatief leeg en items was wyd verspreid.

Hierdie hipoteses en sandspelnavorsing bevestig dat die deelnemer steeds ongemaklik is rondom mense, moontlik weens die trauma van egskeiding en die dood van haar pa en dat sy eensaam is. Die feetjies dui ook aan dat sy hulp benodig vir die oplossing van bogenoemde.

(d) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die deelnemer se veld bestaan uit haar huis, haar hond, haar motor en haar vriende.

(e) BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 VOLGENS DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM

Sosiale ontwikkeling. In die deelnemer se sosiale ontwikkeling word waargeneem dat sy haar in haar toekoms sien as los van die gesin en dat sy op haar eie bly en vriende het (Jaffe, 1998:134).

Die bevindinge oor deelnemer 3 word by wyse van samevattende **tabel 6.9** aangebied, wat die inligting toon wat in die vier sessies ingesamel is deur te eksploreer met sandspel volgens die Gestaltbenadering in maatskaplike werk.

6.4.5 SAMEVATTENDE BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 MET SANDSPEL VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Die bevindinge oor die leefwêreld van deelnemer 3 met sandspel volgens die Gestaltbenadering word by wyse van ‘n samevattende tabel aangebied (**tabel 6.9**). Die volgende afkorting word in die tabel gebruik:

- D3 – word gebruik vir deelnemer 3

TABEL 6.9: SAMEVATTENDE BEVINDINGE OOR DIE LEEFWÊRELD VAN DEELNEMER 3 MET SANDSPEL VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

ONDERHOUD, TABELLE EN VRAELYSTE	SANDSPELNAVORSING EN HIPOTESES	GESTALTBENADERING	ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSTADIUM
D3 bly in die week by haar pleeggesin in ‘n huis. Haar pleeggesin bestaan uit: pleegouers (oupa, ouma), tannie en haar sussie. Beide pleegouers werk	D3 het ‘n behoefte aan aandag en betrokkenheid van volwassenes in haar lewe. D3 probeer erkenning en goedkeuring verdien deur werkies en gunsies te doen (diensbaarheid). D3 se sandbak korreleer nie met die verwagtinge vir haar adolessente ontwikkelingstadium nie. Die sandbakke reflekteer ‘n innerlike leegheid en eensaamheid by D3. Sandbakke toon dat D3 trauma beleef. Bedreig deur negatiewe magte van ouer(s) manifesteer in D3 se sandbak. D3 se sandbakke toon ‘n soeke na hulp. D3 beleef sandspel as stresvol. Sandbakke toon dat D3 weens haar trauma spanning ervaar in teenwoordigheid van ander mense.	**Voorgrondbehoeftes:** D3 ervaar eensaamheid, het ‘n behoefte aan meer sosiale interaksie met mense en sal graag haar pa se dood wil verwerk. **Kontakgrensversteurings:** Kontakgrensversteurings is by D3 waargeneem nl: • Introjeksie • Desensitasie **Veld:** Die veld van D3 bestaan uit: • Biologiese ouerhuis • Pleegouerhuis • Toekomsvisie • Herinneringe aan haar eie pa • Eensaamheid • Vriende **Struktuur van persoonlikheid:** D3 is in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid. **Onafgehandelde sake:** Dood van D3 se pa.	D3 is in middeladolessensie. **Identiteitsontwikkeling:** D3 toon belangstelling in haar eie persoonlikheidseienskappe. Sy het ook ‘n behoefte aan meer kontak met haar portuurgroep. **Kognitiewe ontwikkeling:** D3 toon hier afname aan ego-sentrisme en aanvaar reeds verantwoordelikheid vir haarself. **Morele ontwikkeling:** D3 respekteer reels en is gehoorsaam. **Sosiale ontwikkeling:** D3 ontvang reeds emosionele steun van ’n vriendin. Sy benodig egter meer kontak met haar portuurgroep vir sosiale ontwikkeling. Sy het ‘n behoefte aan vriende van haar eie en het ‘n soeke na selfstandigheid. **Ontwikkelingstake:** Trauma strem die ontwikkeling van D3 se vertroue in haar eie bekwaamheid en het ‘n negatiewe invloed op die bereiking van ‘n eie identiteit.
Oor naweke en vakansies bly D3 by haar biologiese gesin (haar eie ma en stiefpa) in hulle huis. Albei ouers werk			
Voor D3 by haar ouma en oupa in pleegsorg geplaas is, het sy eers by haar eie pa en stiefma gebly			
D3 is meestal alleen tuis. Sy hou haar dan besig met skoolwerk, lees , DVD’s kyk, kamer regpak en stryk.			
D3 introvert, self dissipline, sensitief en terug-houdendheid. Sy gehoorsaam reëls, is hardwerkend en vermy verkeerde dinge. Sy beskou haarself as sensitief en sterk.			
D3 is eensaam. Sy het een vriendin by die skool en het ‘n die behoefte aan meer kontak en kommunikasie met mense in haar lewe.			
D3 het trauma as gevolg van haar ouers se egskeiding en haar pa se dood.			
D3 se toekomsvisie (fisies) is: om te studeer, werk, in haar eie huis te bly en ‘n hondjie as troeteldier te hê.			
Sosiaal/emosioneel is D3 se visie om vriende te hê en in liefde en vrede te lewe.			

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Hierdie navorsing het gefokus op eksplorering met sandspel volgens die Gestaltbenadering. Daar is beskryf wat waargeneem word oor die leefwêreld van die adolessente kliënt om die maatskaplike werker te lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die adolessente kliënt. Die studie het die ontwikkelings-aspekte en kenmerke van die adolessent bepaal, die moontlikhede wat sandspel bied as medium vir eksplorasie geïdentifiseer, die geskiktheid van die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie en as ‘n teorie vir die praktyk met sandspel bepaal en die gebruik van sandspel as medium vir eksplorasie met die adolessente ondersoek.

Die navorsingsvraag was of eksplorering met sandspel volgens die Gestalt-benadering genoeg inligting gee oor die leefwêreld van die adolessente kliënt om die maatskaplike werker te lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die adolessente kliënt.

Daar word eers ‘n opsomming van die bevindinge oor die eksplorering met sandspel volgens die Gestaltbenadering gegee, waarna gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek sal word.

7.2 BEVINDINGE OOR DIE EKSPLORERING MET SANDSPEL VOLGENS DIE GESTALTBENADERING

Eksplorasie as tegniek is aangewend met sandspel volgens die Gestalt-benadering in maatskaplike werk. Vanuit die literatuur is vasgestel watter

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inligting uit eksplorasie verkry moet word oor die leefwêreld van die adolessente waarop die studie gedoen word. Dit is in tabelvorm (tabel 4.2) opgesom as aspekte van eksplorasie. Om aan te toon dat eksplorering met sandspel volgens die Gestaltbenadering voldoende inligting oor die leefwêreld van die adolessent gee, word die inligting verkry uit sandspel gekorreleer met die aspekte van eksplorasie soos opgesom in tabel 4.2 en aangedui deur middel van tabel 7.1. Die tabel dui aan oor watter aspekte van eksplorasie inligting van die deelnemer verkry is soos geëksploreer met sandspel volgens die Gestaltbenadering. Die toepaslike blokkie word gemerk en kortliks gemotiveer.

In tabel 7.1 word gesien dat die meeste aspekte van eksplorasie deur sandspel volgens die Gestaltbenadering gedek is. Daar is ook bevind dat bo en behalwe eksplorasieresultate daar addisionele bevindinge gemaak is wat veel ryker is as bloot die eksplorasie. Hierdie bevindinge is opgesom in die samevatting oor die leefwêreld van die deelnemers met sandspel volgens die Gestaltbenadering (tabelle 6.3, 6.6, 6.9). Hierdie bevindinge oor elke deelnemer het praktiese toepassingswaarde, wat die navorser in staat stel om oor elke deelnemer gevolgtrekkings en aanbevelings te maak.

7.2.1 GEVOLGTREKKING OOR DEELNEMER 1

Die eksplorering van die deelnemer se sandbakke volgens die Gestalt-benadering het verskeie aspekte van haar leefwêreld gewys. Dit wat bekend geword het oor die deelnemer se leefwêreld is vergelyk met die adolessente ontwikkelingstadium en die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie en die volgende probleemareas is geïdentifiseer. Deelnemer 1 word nie aanvaar in haar portuurgroep nie, sy het probleme met haar skoolwerk en prestasie en die gedagtes aan haar trauma pla haar steeds en speel waarskynlik ook ‘n rol in die probleme met haar portuurgroep en skoolprestasie. Die kontakgrensversteuring

Tabel 7.1 Eksplorasieresultate verkry uit sandspel

	Aspek	DEELNEMER 1		DEELNEMER 2		DEELNEMER 3	
Individu en gesinsisteem	Persoonlikheidseienskappe	√	Introvert, stil, skaam en sensitief. Gehoorsaam en doen gunsies vir erkenning	√	Introvert, stil, diplomaties, versigtig, getrou, hardkoppig en traag onemosioneel.	√	Introvert, self gedissiplineerd, sensitief en terughoudend is gehoorsaam en hardwerkend
	Gesinsbande	√	Sterk bande met pleeggesin, geen kontak met biologiese gesin	√	Pleeggesin en biologiese gesin	√	Pleeggesin (oupa en ouma) en ma en stiefpa sterk familiebande
	Verhoudinge	√	Goeie verhoudinge met pleeggesin en veral met pleegma. Probleem met verhoudinge in portuurgroep	√	Probleemverhoudinge in albei gesinne	√	Swak kommunikasie in verhoudinge
	Fisiese faktore bv. Voorkoms	√	Tussen vroee- en middeladolessensie. Tekens van puberteit	√	In middeladolessensie, fisies ontwikkel	√	In middeladolessensie, fisies ontwikkel
	Emosionele faktore	√	Swak selfbeeld, presteer swak op skool, nie aanvaar in portuurgroep nie, gepla deur traumagedagtes.	√	Ongelukkig, behoefte aan beskerming en frustrasie met omstandighede	√	Eensaam, geïsoleer, min kontak met mense
	Ontwikkelingsfaktore	√	Ontwikkeling gestrem deur trauma, agterstand in kognitiewe sosiale- en identiteitsontwikkeling	√	Ontwikkelingstake gestrem deur trauma, probleme met vertroue, selfvertroue en bekwaamheid	√	Ontwikkeling gestrem deur trauma, vertrou nie eie bekwaam-heid nie wat negatiewe invloed het op bereiking van identiteit
	Sosiale faktore	√	Het nie maats nie en word nie aanvaar in portuurgroep nie	√	Goed aanvaar in portuurgroep, meer gemaklik in portuurgroep as in gesinsverhoudinge	√	Gestrem deur gesin se isolasie
	Gesinstruktuur	√	Bly in pleeggesin Geen kontak met eie ma nie.	√	Bly in pleeggesin, biologiese pa besoek. Het begin met tuis-besoeke aan biologiese gesin	√	Wissel tussen ouma en ma. Naweke by ma en in die week by ouma.
	Gesins klimaat	√	Sy is gelukkig in pleeggesin en het goeie verhouding met pleegma.	√	Ongemaklik in albei gesinne	√	Eensaam in albei gesinne, behoefte aan aandag en erkenning
	Dissiplinestruktuur	√	Word gestraf indien reels oortree. Dikwels tuis gestraf vir probleme by die skool	√	Nieformele dissiplinestruktuur, reg en verkeerd en straf hang af van pleegpa se gemoedstoestand	√	Is gehoorsaam, bly weg van verkeerde dinge en werk hard
Omgewingsisteem	Behuising	√	Pleeggesin bly in eie huis met 5 slaapkamers	√	Bly in pleeggesin se huis	√	Albei gesinne bly in 'n huis
	Omgewing	√	Gemiddeld tot lae-inkomste omgewing	√	Gemiddeld tot lae- inkomste omgewing	√	Gemiddelde tot lae-inkomste omgewing
	Aktiwiteite	√	Sport gedurende skoolure, verder geen.	√	Neem deel aan sport	√	Neem deel aan stap by skool
	Skool	√	Laerskool in omgewing, tans in gr 7	√	Spesiale Hoerskool waar leerders ambagte leer, tans gr 8	√	Hoerskool in omgewing, tans gr 8
	Werk	√	Pleegpa werk, pleegma by die huis	√	Pleegpa werk soms, biologiese ouers werk albei op plaas	√	Oupa, ouma, stiefpa en ma werk.
	Godsdienstige instellings	√	Woon kerk en jeug aktiwiteite gereeld by.		Geen inligting		Geen inligting
	Hulpbronne	√	Welsynorganisasie	√	Welsynorganisasie	√	Welsynsorganisasie
Probleemdimensies	Oorsake/ontstaan	√	Trauma in kleuter en middelkinderjare - seksuele misbruik , nie beskerm deur ma en verwaarlosing	√	Trauma in kleuter en middelkinderjare - alkohol misbruik en verwaarlosing. Het hoofsaaklik op straat geleef	√	Trauma in middelkinderjare. Ouers se egskeiding en pa se dood
	Omvang	√	Kom veral voor by die skool, ook voorvalle by die huis	√	Kom voor by skool en by die huis	√	Kom voor by die huis
	Aard	√	Lae selfbeeld, gedagtes aan seksuele misbruik	√	Ongelukkigheid, frustrasie en aggressie	√	Alleen tuis of alleen in kamer
	Impak	√	Strem ontwikkeling, kognitief, sosiaal en identiteit en algemene funksionering	√	Behoeftes word nie bevredig, vertrou nie volwassenes strem ontwikkelingstake en funksionering en lok aggressie uit	√	Isoleer haar verder en strem sosiale ontwikkeling en identiteits ontwikkeling
	Frekwensie	√	Daagliks	√	Frekwensie wissel van 1x daagliks tot 1x weekliks	√	Daagliks
	Instandhouding	√	Word in stand gehou deur swak selfbeeld en herinneringe aan die trauma	√	In stand gehou deur onvoorspelbaarheid van verhoudings met volwassenes	√	Deur haar te isoleer
	Duur	√	2 jaar	√	4 jaar	√	3 jaar
	Manifestering	√	Wangedrag by skool, swak skool prestasie en nie aanvaarding in portuurgroep	√	Aggressie, vloek en ongelukkigheid	√	Eensaamheid
	Hantering	√	Straf deur pleegouers, dissiplinere optrede in skool en skuif na ander klas	√	Straf by die huis en by die skool.	√	Hou haarself besig, doen skoolwerk of werkies vir erkenning
	Behandeling	√	Trauma intervensie en terapie.	√	Trauma-intervensie, aanleer van hanteringsmeganisme vir frustrasie en woede, verander omstandighede	√	Terapie vir verwerking van pa se dood en aanleer van lewensvaardighede

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat deelnemer 1 se funksionering beïnvloed, is samevloeiing, introjeksie en defleksie. Sy funksioneer in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid. Polariteit bestaan by deelnemer 1 ten opsigte van haar gevoelens teenoor haar ma. Onafgehandelde sake wat onderskei is, is haar trauma en verhouding met haar sussie. Gevolgtrekkings ten opsigte van die deelnemer se ontwikkeling is dat sy nie die ontwikkelingstake van die eerste vier ontwikkelingstadiums bereik het nie, wat ook haar ontwikkelingstake van adolessente ontwikkelingstadium strem. Dit kan gesien word in die gebrek aan identiteitsontwikkeling asook gestremde sosiale ontwikkeling as gevolg van probleme met aanvaarding in die portuurgroep.

7.2.1.1 AANBEVELINGS OOR DEELNEMER 1

Uit bogenoemde gevolgtrekkings word die volgende aanbeveel ten opsigte van deelnemer 1:

- Sy benodig trauma-intervensie om die trauma te verlig, te herdefinieer en te integreer.
- Die kontakgrensversteurings van samevloeiing, introjeksie en defleksie moet hanteer word.
- Polariteite moet aangespreek word
- Al drie sones van bewustheid moet ontwikkel word deur te begin by sensoriese bewustheid.
- Selfbewustheid en ontwikkeling van eie identiteit moet gestimuleer word.
- Aandag moet gegee word aan portuurgroepaanvaarding en maats.
- Die verantwoordelikheidsgevoel vir haar sussie moet in perspektief geplaas word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.2.2 GEVOLGTREKKING OOR DEELNEMER 2

Probleemareas vir deelnemer 2 is dat hy sy wêreld ervaar as ‘n ongelukkige en leë plek, dat hy ‘n behoefte aan beskerming het en ongemak beleef in sy gesins-verhoudinge. Probleme in sy pleeggesin veroorsaak frustrasie, wat manifesteer in aggressie. Probleme in sy biologiese gesin veroorsaak druk en ‘n gevoel van magteloosheid om iets te doen om hulle te help. Die kontakgrensversteurings wat deelnemer 2 se funksionering beïnvloed, is introjeksie, defleksie, desensitasie en egotisme. Die kontakgrensversteuring van defleksie het ook daartoe bygedra dat die deelnemer moes onttrek uit die navorsing, aangesien die sandspelsessies die gebeure waaroor hy gewoonlik deflekteer na die voorgrond gebring het. Hy funksioneer in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid. Polariteite by deelnemer 2 is ten opsigte van sy biologiese ouerhuis. Onafgehandelde sake wat onderskei word, is deelnemer 2 se trauma en sy ongemak met gesinsverhoudinge. Gevolgtrekkings ten opsigte van die deelnemer se ontwikkeling is dat hy nie die ontwikkelingstake van die eerste vier ontwikkelingstadiums bereik het nie, wat ook sy ontwikkelingstake van die adolessente ontwikkelingstadium kan strem.

7.2.2.1 AANBEVELINGS OOR DEELNEMER 2

Uit bogenoemde gevolgtrekkings word die volgende aanbeveel ten opsigte van deelnemer 2:

- Deelnemer 2 benodig trauma-intervensie om die trauma te verlig, te herdefinieer en te integreer.
- Die kontakgrensversteurings van introjeksie, defleksie, desensitasie en egotisme moet hanteer word.
- Polariteit moet aangespreek word.
- Al drie sones van bewustheid moet ontwikkel word deur te begin by sensoriese bewustheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Sy verantwoordelikheidsgevoel om vir sy biologiese ouers te sorg, moet in perspektief geplaas word.
- Deelnemer 2 moet gehelp word om die bronne van sy aggressie te identifiseer.
- Die deelnemer moet gehelp word om sy aggressie produktief te kanaliseer.
- Die deelnemer se plasing moet moontlik heroorweeg word.

7.2.3 GEVOLGTREKKING OOR DEELNEMER 3

Probleemareas vir deelnemer 3 is dat sy geïsoleerd en eensaam is, ‘n behoefte het aan aandag en erkenning van volwassenes en meer betrokkenheid by haar portuurgroep. Die kontakgrensversteurings wat deelnemer 3 se funksionering beïnvloed, is introjeksie en desensitasie. Sy funksioneer in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid. Onafgehandelde sake wat onderskei word, is haar trauma rondom haar ouers se egskeiding en die dood van haar pa. Gevolgtrekkings ten opsigte van die deelnemer se ontwikkeling is dat trauma die ontwikkeling van vertroue in haar eie bekwaamheid strem, wat ook ‘n negatiewe invloed het op die ontwikkeling van haar eie identiteit.

7.2.3.1 AANBEVELINGS OOR DEELNEMER 3

Uit bogenoemde gevolgtrekkings word die volgende aanbeveel ten opsigte van deelnemer 3:

- Deelnemer 3 benodig trauma-intervensie om die dood van haar pa en haar ouers se egskeiding te verwerk en dit in perspektief te plaas.
- Die kontakgrensversteurings van defleksie en desensitasie moet hanteer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Deelnemer 3 sal baat by die aanleer van lewensvaardighede en kommunikasievaardighede.

7.3 ALGEMENE BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN SANDSPEL

Daar is in die studie bevind dat al drie deelnemers se eerste sandbakke ryk is aan inligting oor hulle leefwêreld en ook hulle trauma insluit. Die deelnemers was egter nie gereed om dit in die eerste sandbaksessie te verbaliseer en daarvan besit te neem nie. Die trauma was versteek in die simboliese betekenis van die miniature, die gebruik van die miniature en die uitleg van die sandbakke. Die latere sandbakke het in al drie gevalle die interpretasies van die eerste sandbakke bevestig. Bogenoemde word kortliks gemotiveer deur te verwys na die deelnemers se sandbakke:

- Deelnemer 1 (figuur 6.1) het ‘n groot gedeelte van haar sandbak gebruik om leeus in hokke voor te stel. Sy het gesê dit is daar vir die mense om na te kyk, dat die leeus nou klein is en na die mense toe kom, maar as hulle groot is, sal hulle die mense opeet. Daar was ook die brug wat die area van die leeus in hokke verbind het met die voorstelling van haar huidige pleeggesin en leefwêreld. Daarvan het sy gesê dat mens nie die brug kan gebruik nie, omdat dit net daar is vir versiering. Die hipotese is gestel dat die leeus in hokke gedui het op die trauma en die brug tussen die huidige leefwêreld en die trauma gedui het daarop dat die trauma nog nie voldoende geïntegreer is nie. Die tweede bak en dit wat die deelnemer vertel het, het die trauma bevestig en ook daarop gedui dat die hipoteses korrek was.
- Deelnemer 2 (figuur 6.4) het diere gebruik om volwassenes en kinders met wie hy nie gemaklik is in sy lewe nie, voor te stel. Hy het ook baie heinings gebruik, sy bak het min mense bevat en hy het gefokus op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskerming en versorging. Die hipotese is gestel dat trauma teenwoordig is en dat hy nie sy trauma voldoende verwerk en geïntegreer het nie sodat hy bang is vir sy eie impulse (aggressie). Die tweede bak en dit wat die deelnemer vertel het van sy trauma en huidige belewing van sy pleegplasing, het die hipoteses bevestig. Sy emosionele belewing van die trauma in die sandbaksessies het gelei tot sy onttrekking van die navorsing, aangesien hy gekonfronteer was met gevoelens wat hy normaalweg deflekteer.

- Deelnemer 3 (figuur 6.6) se sandbak was ongeorganiseerd en het verskeie items bevat wat nie verband hou met die tema nie. Die hipotese is gestel dat die ongeorganiseerdheid van die sandbak en die items wat nie verband hou met die tema nie, gedui het op haar trauma. Die bak was ook leeg, wat die hipotese van eensaamheid voorgestel het. Die tweede bak en dit wat die deelnemer vertel het, het die hipotese bevestig, haar trauma is bevestig en haar eensaamheid en behoeftes is begryp.

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die eerste sandbak baie belangrik is, aangesien dit ryk is aan inligting oor die leefwêreld van die adolessent. Dit moet noukeurig geëksploreer word, sodat inligting nie verlore gaan nie. Die gevolgtrekking kan ook gemaak word dat kennis van simboliese betekenis van miniature en sandspelnavorsing die navorser in staat stel om hipoteses te vorm wat belangrik is vir die eksplorasie en begrip vir die leefwêreld van die adolessent.

Daar is ook bevind dat as die eerste sandbak bekyk word vanuit die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie, dit die deelnemers se *hier-en-nou* voorstel, wat die huidige voorstel, die verlede insluit en ook ‘n invloed het op die toekoms (Melnick en Nevis, 2005:104). Holisme word ook gesien in die verskillende aspekte van hulle self wat die deelnemers in die sandbakke voorgestel het. Die voorgrondbehoeftes, sowel as die deelnemers se onderskeie velde was ook in die eerste sandbakke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Temperamentverskille is deur die navorser gebruik om die deelnemer beter te leer ken, sodat interpretasies kan rekening hou met die deelnemer se persoonlikheid. Daar is bevind dat temperament ‘n belangrike rol speel in hoe die deelnemer die sandspelsessies ervaar. Deelnemer 2 was omgekrap deur die sessies, aangesien hy normaalweg nie emosioneel na omstandighede en gebeure in sy lewe kyk nie (soos geïllustreer deur die posisie van deelnemer 2 op die temperamentdiagram in bylae 1e). Die sandspel het hom egter in aanraking gebring met emosies wat hy normaalweg gedeflekteer het en dit het hom sodanig omgekrap dat hy onttrek het aan die navorsing.

7.4 ALGEMENE AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN SANDSPEL

Die navorser beveel aan dat sandspel gebruik word vir eksplorasie van die leefwêreld van die adolessent volgens die Gestaltbenadering deur eerstens die vestiging van ‘n terapeutiese verhouding met die adolessent waarna sandbakke gebou en deeglik geëksploreer kan word. Daar word ook aanbeveel dat die eerste sandbak niedirektief sal wees, waarna direktiewe sandbakke gebruik kan word om die adolessent se kwessies en/of traumas te eksploreer en te hanteer. Daar word ook aanbeveel dat die maatskaplike werker gebruik maak van hipoteses wat gevorm kan word vanuit simboliese betekenisse van miniature en interpretasies vanuit sandspelnavorsing in sy/haar eksplorasie van die sandbakke.

7.4.1 TEORETIESE AANBEVELINGS

Sandspel volgens die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie en praktykteorie stel die maatskaplike werker in staat om veel meer inligting oor die adolessent se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

funksionering in sy leefwêreld te verkry, wat die beplanning van verdere terapeutiese intervensies moontlik meer effektief maak.

Hierdie studie is op drie Afrikaanse adolessente pleegkinders gedoen en kan dus nie veralgemeen word nie. Verdere navorsing is nodig met ander adolessente sowel as adolessente van ander kulture en taalgroepe.

7.4.2 PRAKTIESE AANBEVELINGS

Sandspel volgens die Gestaltbenadering met adolessente moet voorafgegaan word met die vestiging van ‘n terapeutiese verhouding en die bestudering van die adolessent se *proses* vir die maksimale benutting van die sandspelsessies.

Die sandspelsessies moet met omsigtigheid gedoen word met adolessente wat waargeneem word as hoog op die onemosionele skaal van die temperament-verskille van Mol (1988) en die kontakgrensversteuring van defleksie openbaar. Konfrontasie met inligting uit hulle leefwêreld wat emosies opwek, kan moontlik vir hierdie adolessente emosionele spanning veroorsaak, wat die terapeutiese proses en intervensie kan benadeel. Daar moet moontlik meer aandag gegee word aan voorbereiding vir die sessies met hierdie adolessente en meer tyd moet gebruik word vir ontlonting na die sessies.

Die maatskaplike werker wat sandspel gebruik om die leefwêreld van die adolessent te eksploreer volgens die Gestaltbenadering, moet ‘n deeglike kennis hê van sandspel, simboliese betekenisse van miniature, sandspelnavorsing en die Gestaltbenadering as oriënteringsteorie en as praktykteorie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.5 WAARDE VAN SANDSPEL VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Sandspel volgens die Gestaltbenadering bied ‘n intervensiemetode wat die maatskaplike werker vinnig voorsien van waardevolle inligting oor die adolessent as individu en sy/haar gesinsisteem, die omgewingsisteem, die probleem-dimensie, die verlede van die adolessent en sy/haar toekomsbeeld. Hierdie inligting maak ‘n waardevolle bydrae vir die beplanning van verdere intervensie vir die adolessent.

Eksplorasie met sandspel hou die terapeut betrokke en geïnteresseerd en is ryk aan inligting op die nieverbale vlak, wat deur die terapeut waargeneem en geïnterpreteer moet word.

7.5.1 IMPLIKASIES VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Die maatskaplike werker sal opleiding moet ontvang vir die gebruik van sandspel volgens die Gestaltbenadering. Hy/sy sal ook ‘n deeglike studie moet maak van simboliese betekenisse en sandspelnavorsing.

Aangesien sandspel volgens die Gestaltbenadering die kliënt konfronteer met inligting wat hy/sy nie noodwendig van plan was om te gee nie en nie noodwendig gereed is om te verbaliseer nie, het die maatskaplike werker na die sandspelsessies die addisionele verantwoordelikheid om die kliënt se emosies deeglik te ontlont.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.5.2 IMPLIKASIES VIR DIE KLIËNT

Die gebruik van sandspel bring inligting van die leefwêreld van die kliënt na vore wat hy nie beplan het om te gee nie en nie noodwendig gereed is om te verbaliseer nie. Die bewustheid van die inligting konfronteer die kliënt se verdedigingsmeganisme, wat hom/haar emosioneel kan omkrap. Die bewustheid van die inligting skep ook die geleentheid vir die kliënt om inligting wat uit sy onderbewuste na vore kom te verwerk.

Eksplorasie met sandspel is vir die kliënt ‘n aktiewe wyse om betrokke te wees en bied terselfdertyd aan hom/haar insig in sy/haar omstandighede (Homeyer en Sweeney,1998:15). Omdat sandspel sensoriese bewustheid stimuleer, bevorder dit ook bewustheid vir groei en verandering, wat impliseer dat daar vroeër met die kliënt oorgegaan kan word tot probleemoplossing.

7.6 SLOTOPMERKING

Met hierdie studie het die navorser bevind dat eksplorasie met sandspel volgens die Gestaltbenadering ‘n effektiewe metode is om die leefwêreld van die adolessent te eksploreer. Dit gee voldoende inligting aan die maatskaplike werker om die leefwêreld van die adolessente kliënt te begryp. Die waarde wat sandspel volgens die Gestaltbenadering vir die maatskaplike werkpraktyk het, is dat dit eksplorasie en intervensies meer effektief kan maak, aangesien sandspel meer inligting oor die adolessent gee en die adolessent se kernprobleem gou uitwys. Sandspel betrek ook die adolessent sensories, kognitief en emosioneel, wat daartoe bydra dat meer inligting na vore kom waarmee doeltreffende intervensies vir die adolessent beplan kan word. Die metode is ook vir die adolessent en die maatskaplike werker nuut, interessant en ‘n uitdaging.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

Aronstam, M. 1989. *Gestalt therapy.* In Louw, D.A. (Ed). Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag. Johannesburg: Southern.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research.* Cape Town: Oxford University Press.

Bailey, K.D. 1994. *Methods of Social Research*. 4de uitgawe. New York: Free Press.

Blaine, S. 2008. Unruly peoples from violent homes: study. Research into class dissipline. *Business Day*, 17 June: 4.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Social research methods: an African perspective.* 2nd edition. London: Juta.

Blom, R. 2004. *Handbook of gestalt playtherapy. Practical guidelines for child therapists*. Bloemfontein: R. Blom.

Boik, B.L. & Goodwin, E.A., 2000. *Sandplay therapy: A step by step manual for psychotherapists of diverse orientations*. New York: W.W. Norton & Company.

Bradway, K. & McCoard, B. 1997. *Sandplay – silent workshop of the psyche.* London: Routledge.

Bybel in Afrikaans, 1983. 1ste uitgawe. Kaapstad: Britse & Buitelandse Bybel-genootskap.

Carey, L.J. 1999. *Sandplay Therapy with Children and Families*. London: Jason Aronson Inc.

Clarkson, P., 1993. *Gestalt counseling in action*. London: Sage Publications.

Codrington, G. & Grant-Marshall, S. 2004. *Mind the gap*. Johannesburg: Penguin books.

Creswell, J.W. 1994. *Research design, qualitative and quantitative approaches.* London: Sage Publications.

Crocker, S.F., 2005. Phenomenology, existentialism, and Eastern thought in gestalt therapy. In Woldt, A.L. & Toman, S.M. (eds.). *Gestalt therapy: History, theory and practice*. Thousand Oaks: Sage Publications: 65-80.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Domenico, G.S. 2001/2. Introducing the winter 2001/spring 2002 fifth anniversary edition of the sand tray network journal. *Sandtray Network Journal,* 6(1) part 3.

De Villiers, D. 2006. 'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir 'n deelnemer wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar. Ongepubliseerde MA verhandeling. Departement Opvoedkunde. Universiteit van Pretoria.

De Vos, A.S. 1998. *Research at grassroots*. Pretoria: Van Schaiks.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at grassroots.* Third edition. Pretoria: Van Schaiks. 333-348.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grassroots*. Third edition. Pretoria: Van Schaiks.

Die gesinseenheid is SA se beste wapen teen misdaad. 2008. *Finweek*, 12 Junie: 63.

Enns, C.Z., & Kasai, M. 2003. Hokoniwa: Japanese sandplay therapy. *The Counselling Psychologist*. Vol 31 no 1. January: 93-112.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research design, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at grassroots*. Third edition. Pretoria: Van Schaiks. 267-272.

Fouché, C.B. 2005. Writing the research proposal, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at grassroots*. Third edition. Pretoria: Van Schaiks. 111-120.

Frank, S., Esterhuizen, T., Jinabhai, C.C., Sullivan, K. & Taylor, M. 2008. Risky sexual behaviours of high-school pupils in an era of HIV and AIDS. *SA Medical Journal*, 1 May: 394-398.

Greef, M. 2005. Information collection: Interviewing, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at grassroots*. Third edition. Pretoria: Van Schaiks. 286-313.

Grubbs, G.A. 1994. An abused child's use of sand tray in the healing process. *Clinical Social Work Journal*, 22(2):193-209.

Grubbs, G.A. 1995. A comparative analysis of the sand play proses of sexually abused and nonclinical children. *The Arts in Psychotherapy,* 22(5):429-446.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Harper, J. 1991. Children's play: The differential effects of intrafamilial physical and sexual abuse. *Child Abuse and Neglect,*15:89-98.

Harper, J. 1988.The inner world of children separated from their parents. *Adoption and Fostering,* 12(1):14-18.

Hayward, B. 2008. Child binge-drinking is starting at home. *Weekend Post*, 7 July. 4.

Homeyer, L.E. & Sweeney, D.S. 1998. *Sand tray: a practical manual.* Canyon Lake: Lindan Press.

Herder dictionary of symbols. 1993. Illinois: Chiron Publications.

Jaffe, L.J. 1998. *Adolescence*. New York: John Wiley & Sons.

Joyce, P. & Sills, C., 2006. *Skills in gestalt counselling & psychotherapy.* London: Sage Publications.

Kalff, D. 1980. *Sandplay: A Psychotherapeutic approach to the psyche.* Second edition, Santa Monica: Sigo Press.

Kimmel, D.C. & Weiner, I.B. 1995. *Adolescence: A developmental transition.* 2nd ed. New York: John Wiley & Sons.

Korb, P., Gorrell, J. & Van de Riet, V. 1989. *Gestalt therapy. Practice and theory*. 2de Uitgawe. New York: Pergamon.

Kumar, R. 1996. *Research methodology: A step-by-step guide for beginners.* London: Sage Publications.

Lobb, M.S., 2005. Classical Gestalt Therapy Theory, in Woldt, A.L. & Toman, S.M. (eds.). *Gestalt therapy: History, theory and practice.* Thousand Oaks: Sage Publications. 21-39.

Lotz, M.M. 2003. Benutting van sandspel tydens spelterapie met kleuter slagoffers van gesinsgeweld. Ongepubliseerde MA-skripsie vir MA in maatskaplike werk. Universiteit van Pretoria.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E., 1998. *Menslike ontwikkeling*. Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso.

Lowenfeld, M. 1979. *The World technique*. London: George Allen & Unwin.

Markos, P.A., & Hyatt, C.J. 1999. Play or supervision? Using sandtray with beginning practicum students. *Guidance and Counselling*: 14(4):3-8.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

McNelly, S.P. 2001. *Sandplay: a source book for sandplay therapists*. Lincoln, Writers Club Press.

Melnick, J., & Nevis, S.M. 2005. Gestalt Therapy Methodology, in Woldt, A.L. & Toman, S.M. (eds.). *Gestalt therapy: History, theory and practice*. Thousand Oaks: Sage Publications: 115.

Mitchell, R.R. & Friedman, H.S. 1994. *Sandplay: Past, present and Future.* London: Routledge.

Mol, A. 1981. *Kom ons wen saam.* Pretoria: Femina.

Mouton, J. 2000. *Understanding social research*. Pretoria: J.L. Van Schaik, Academic Press.

Neuman, W.L. 2003. *Social research methods.* Boston: Allyn & Bacon.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children.* New York: The Gestalt Journal Press.

O'Leary, E. & Nieuwstraten, I.M. 1999. Unfinished business in gestalt reminiscence therapy. *Counselling Psychology*, 12(4): 395-412.

Potgieter, M.C. 1998. *The social work process*. South Africa: Prentice Hall.

Rademeyer, A. 2008. Jong Afrikaners trots en keelvol-peiling. *Beeld*, 19 Junie: 6.

Republiek van Suid Afrika. 1983. Wet op Kindersorg. Wet 74 van 1983. *Staatskoerant*, 216 (8765). Kaapstad: 22 Junie 1983.

Republiek van Suid Afrika. 1997. Witskrif vir Maatskaplike Welsyn. Kennisgewing 1108 van 1997. *Staatskoerant*, 386 (18166). Pretoria: 8 Augustus 1997.

Reynolds, C., 2005. Gestalt Therapy With Children, in Woldt, A.L. & Toman, S.M. (eds.). *Gestalt therapy: History, theory and practice*. Thousand Oaks: Sage Publications. 153-177.

Ryce-Menuhim, J. 1992. *Jungian sandplay: The wonderful therapy.* London: Routledge.

Shaia, A. 2002. Sandplay and the spirit. *The Journal of Spiritual Directors International*. June 2002. Vol 8 no. 2:7-19.

Schoeman, J.P. 2006. Advanced course in playtherapy. Sentrum vir Spelterapie, Gansbaai.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Schoeman, J.P. 2007. Lesing. Beginners en gevorderde kursusse in spelterapie. 30 November – 4 Desember, Sentrum vir Spelterapie, Gansbaai.

Schoeman, J.P. 2008. Lesing. Klei en sandspel werkswinkel. 7- 10 April. Sentrum vir Spelterapie. Gansbaai.

Schoeman, J.P. en van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world*. Pretoria: Kagiso.

Selwyn, M. 1994. *The awakening year*. London: Tudor Business Publishing Ltd.

Sheafor, B.W., Horejsi, C.R. & Horejsi, G.A. 1994. *Techniques and guidelines for social work practice.* Third edition. Boston: Allyn & Bacon.

Smit, G.J. 1985. *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe.* 2de Uitgawe. Pretoria: HAUM.

Strydom, H. 2005. Information collection: Participant observation, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at grassroots.* Third edition. Pretoria: Van Schaiks. 274-285.

Tennessen, J. & Strand, D. 1998. A comparative analysis of directed sandplay therapy and principles of Ericksonian psychology. *The Arts in Psychology*, 25(2):109-114.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. *Counseling children.* California: Brooks & Cole.

Toman, S.M. & Bauer, A. 2005. Adolescence: Development and practice from a gestalt orientation, in A.L. Woldt & S.M.Toman (eds.). *Gestalt therapy: History, theory and practice*. Thousand Oaks: Sage Publications. 179-199.

Turner, B. A. 2005. *The handbook of sandplay therapy.* California: Tenenos Press.

Venter, C.A. 1988. Grafiese gesinsbeelding. Vierde nasionale kongres van Suid-Afrikaanse instituut vir huwelik en gesinsterapie. 6-9 April, Kaapstad.

Wagner, W.G. 2003. *Counselling, psychology and children.* Ohio: Merrill Prentice Hall.

Weinrib, E.L. 1983. *Images of the self.* New York: Sigo Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Woldt, A.L. & Toman, S.M. 2005. Prologue-Foreword, in A.L. Woldt & S.M.Toman (eds.). *Gestalt therapy: History, theory and practice*. Thousand Oaks: Sage Publications. ix-xiv.

Yegidis, B.L. & Weinbach, R.W. 1991. *Research methods for social workers.* New York: Longman.

Yontef, G.M. 2005. Gestalt therapy theory of change, in A.L. Woldt & S.M.Toman (eds.). *Gestalt therapy: History, theory and practice*. Thousand Oaks: Sage Publications. 81-100.

Zinni, V.R. 1997. Differential aspects of sandplay with 10 and 11 year old children. *Child Abuse and Neglect*, 21(7):657-668.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1a

Die Bestuurder 24 Julie 2008
CMR
Faks:

……

Meestersgraad navorsing

Ek is tans besig met 'n meestersgraad by die Departement Maatskaplike Werk by die Universiteit van Stellenbosch en ek sal dit waardeer as u kan toestem dat die geselekteerde kinders kan deelneem aan die navorsingsprogram. In hierdie brief gee ek graag kortliks agtergrondinligting aangaande die navorsing.

Navorser: Mev. M. Rottier BA(MW), SACSSP registrasienommer 10-20945.

Studieleier : Prof. S. Green. Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch.

Titel van Tesis: Die benutting van sandspel in die eksplorering van die leefwêreld van adolessente volgens die Gestaltbenadering in maatskaplike werk.

Doel van Studie: Die doel van die studie is om te bepaal of die eksplorering met sandspel volgens die Gestaltbenadering genoeg inligting oor die leefwêreld van adolessente kliënt verskaf om die maatskaplike werker te kan lei tot insig en begrip van die leefwêreld van die kliënt.

Kinders se betrokkenheid by die studie: Daar sal met elke kind minstens vier sessies gedoen word volgens die *Schoeman-werkmodel* as praktykteorie. Die eerste sessie sal gewy word aan bekendstelling, verduideliking van die navorsing, die bou van 'n verhouding met die deelnemer en die assessering van sy/haar proses deur gebruik te maak van spelterapietegnieke. In die verdere sessie word die deelnemer se leefwêreld geëksploreer met sandspel wat die fokus van die navorsing sal vorm. Die uitkomste van die sessies sal met die deelnemers se maatskaplike werker bespreek word. Indien nodig kan verdere sessies met die deelnemers beplan word, wat dan buite die bestek van die navorsing sal val.

Die volgende etiese aspekte sal in ag geneem word tydens die navorsing:

- Die kinders sal aan geen emosionele of fisiese skade blootgestel word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die sessies sal plaasvind op die terrein van die CMR.
- Die kinders en hulle wettige voogde sal ingelig word oor alle aspekte van die navorsing en skriftelike toestemming sal van hulle verkry word.
- Die kinders se privaatheid sal gerespekteer word in die verslaggewing van die navorsing.
- Ontlonting sal gedoen word na die sessies.
- Die proses sal volgens die deelnemers se behoefte afgehandel word al sou dit die voorgestelde sessies oorskry.
- Die navorser sal deurgaans professioneel optree en die navorsingsproses volgens etiese standaarde uitvoer.

By voorbaat dankie.

Mev. M. Rottier.
Maatskaplike Werker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1b

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Geagte Ouer/Voog

Hiermee wil ons u meedeel dat u kind gekies is om deel te neem aan 'n navorsingsprojek deur die Universiteit van Stellenbosch. Die doel van die navorsing is om sandspel as medium vir eksplorasie met adolessente te gebruik en te beskryf. In hierdie brief gee ek graag kortliks agtergrondinligting aangaande die navorsing.

Navorser: Mev. M. Rottier BA (MW).

Studieleier: Prof. S. Green. Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch.

Kinders se betrokkenheid by die studie: Daar sal met elke kind minstens vier sessies gedoen word. Die eerste sessie sal gewy word aan bekendstelling, verduideliking van die navorsing, die bou van verhouding en die assessering van die kind se proses deur gebruik te maak van spelterapietegnieke. In die verdere sessie word die kind se leefwêreld geëksploreer met sandspel wat die fokus van die navorsing sal vorm. Die gebeure tydens die sessies sal op kasset opgeneem en dan aangeteken word vir navorsingsdoeleindes. U kind se identiteit sal deurgaans beskerm word deurdat geen persoonlike of identifiserende inligting genoem of gebruik sal word nie. Die uitkomste van die sessies sal met die kinders se maatskaplike werker bespreek word. Indien nodig kan verdere sessies met die kinders beplan word, wat dan buite die bestek van die navorsing sal val.

Etiese aspekte wat in ag geneem sal word tydens die navorsing:

- Die kinders sal aan geen emosionele of fisiese skade blootgestel word nie.
- Die sessies sal plaasvind op die terrein van die CMR.
- Die kinders se privaatheid sal gerespekteer word in die verslaggewing van die navorsing.
- Ontlonting sal gedoen word na die sessies.
- Die proses sal volgens die kinders se behoefte afgehandel word al sou dit die voorgestelde sessies oorskry.

Vriendelike groete,

Mev. M.F. Rottier (BA MW)
NAVORSER

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hiermee gee ek toestemming dat my kind/pleegkind

…… ……

mag deelneem aan die navorsing.

……	……	……..
Handtekening ouer/voog	Naam in drukskrif	Datum

……
Handtekening deelnemer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1c

VRAELYS 1 SESSIE 1

Vrae en antwoorde oor deelnemer se leefwêreld (Blom, 2004:74-75).

VRAE	**ANTWOORDE DEELNEMER 1**
As jy 3 wense kon wens, wat sou dit wees?	
Vertel van die stoutste ding wat jy al ooit gedoen het.	
As jy kon ophou met skool, sou jy?	
Wat is die slegste ding by die skool?	
Wat is die lekkerste ding by die skool?	
Wie is jou beste vriend/vriendin?	
As jou ouers jou sou verbied om verder met jou beste vriend/in te speel omdat hy/sy slegte invloed op jou het, hoe sou jy voel?	
As jy baie geld gehad het en dit kon spandeer net soos jy wil, wat sou jy daarmee gemaak het?	
Vertel my wat maak jou regtig kwaad.	
Wat sou jy verkies, om geen reëls in jou lewe te hê nie, of om eerder met dié saam te leef wat jy het?	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat dink jy waarvan hou jou vriende die meeste van jou?	
As jy vir een dag onsigbaar kon wees, wat sou jy gedoen het?	
As jy iets kon verander aan jouself, wat sou jy verander?	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1d

VRAELYS 2 SESSIE 1

Vrae en antwoorde oor die deelnemer se gesinsomstandighede (Venter, 1988:1-5).

VRAE	ANTWOORDE DEELNEMER 1
Stel elke lid van jou gesin voor as 'n leë sirkel op die papier en skryf by wie elkeen is.	
Na wie kyk elke gesinslid die meeste van die tyd?	
Wat doen elke gesinslid die meeste van die tyd?	
Hoe voel elke gesinslid die meeste van die tyd?	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1e

TEMPERAMENTSVRAELYS (Mol 1981:21-28)

Hierdie vraelys het geen regte of verkeerde antwoord nie. Beantwoord asseblief elke item so versigtig en eerlik as wat u kan. Gebruik slegs die "? " indien u regtig nie "ja" of "nee" kan antwoord nie. Werk asseblief vinnig sonder om te veel tyd aan een vraag te bestee - eerste reaksie is die belangrikste!

Begin asseblief.

1	Eet jy *normaalweg* vinniger as ander mense, al is daar geen rede tot haas nie?	JA	?	NEE
2	Glo jy mense *gewoonlik* wanneer hulle jou komplimenteer?	JA	?	NEE
3	Sal jy *oor die algemeen* verkies om by die huis te bly en jou met jou eie dinge besig te hou eerder as om by vriende te gaan kuier?	JA	?	NEE
4	Voel jy *soms* dat jy nie kan omgee wat met jou gebeur nie?	JA	?	NEE
5	Arriveer jy *dikwels* op die laaste nippertjie wanneer jy 'n bus of trein moet haal?	JA	?	NEE
6	Het jy *oor die algemeen* 'n maklike geaardheid en raak jy dus nie maklik ontsteld nie?	JA	?	NEE
7	Dink jy *gewoonlik* sorgvuldig voordat jy enige besluit neem?	JA	?	NEE
8	Vererg jy jou *gou* wanneer 'n ding nie op sy regte plek is nie?	JA	?	NEE
9	Beduie jy *dikwels* met jou hande terwyl jy praat?	JA	?	NEE
10	Vind jy dit *betreklik maklik* om jou emosies onder beheer te hou?	JA	?	NEE
11	Wantrou jy *dikwels* ander mense se motiewe?	JA	?	NEE
12	Voel jy *dikwels* dat mense die dinge wat jy sê en doen afkeur?	JA	?	NEE
13	Raak jy *dikwels* gefrustreer wanneer jy 'n motor in stadige verkeer bestuur?	JA	?	NEE
14	Is jy *oor die algemeen* tevrede met jou fisiese voorkoms?	JA	?	NEE

15	Vind jy dit *normaal*weg by 'n sosiale byeenkoms moeilik om jouself aan vreemdelinge bekend te stel?	JA	?	NEE
16	Voel jy *dikwels* rusteloos - asof jy iets soek maar nie seker is wat nie?	JA	?	NEE
17	Is mense wat baie versigtig bestuur *gewoonlik* vir jou 'n bron van irritasie?	JA	?	NEE
18	Kom jy *normaalweg* self tot 'n besluit, ongeag van wat mense mag dink?	JA	?	NEE
19	Kan jy *oor die algemeen* geduldig opspaar vir 'n duur artikel wat jy wil koop?	JA	?	NEE
20	Het jy ‘n paar slegte gewoontes wat jy *soms* voel jy lankal van ontslae moes geraak het?	JA	?	NEE
21	Weet ander mense *gewoonlik* wat in jou gedagtes en gemoed omgaan?	JA	?	NEE
22	Sou jy sê dat jy *oor die algemeen* tevrede is met jou lewe tot dusver?	JA	?	NEE
23	Beplan jy die *meeste* van jou aktiwiteite lank vooruit?	JA	?	NEE
24	Bekommer jy jou *dikwels* oor finansiëie sake?	JA	?	NEE
25	Toon jy *gewoonlik* jou ongeduld wanneer iemand jou laat wag ?	JA	?	NEE
26	Probeer jy *normaalweg* iemand vind om jou op te vrolik wanneer jy terneergedruk voel?	JA	?	NEE
27	Verkies jy *oor die algemeen* om 'n dokumentêre stuk op televisie te sien eerder as 'n blyspel?	JA	?	NEE
28	Word jy dikwels deur 'n skuldige gewete gehinder?	JA	?	NEE
29	Vind jy *dikwels* dat jy reeds 'n besige straat oorgesteek het terwyl jou meer versigtige metgeselle nog aan die anderkant staan?	JA	?	NEE
30	Kan jy *normaalweg* 'n sosiale blaps wat jy gemaak het maklik vergeet?	JA	?	NEE
31	Hou jy *meestal* jou mening vir jouself indien jy dink dit sou iemand teenwoordig ontstel?	JA	?	NEE
32	Wanneer jy 'n muurprent skeef sien hang, vind jy dit *gewoonlik* moeilik om te konsentreer voordat dit reggeskuif is?	JA	?	NEE
33	Vind jy dit sinneloos om jou eie gedagtes en gevoelens *gereeld* te ontleed?	JA	?	NEE
34	Het jy *normaalweg* spesifieke doelwitte en en besliste sin van rigting in jou lewe?	JA	?	NEE

35	Indien iemand in 'n sosiale groep 'n mening uitspreek en jy beslis daarmee verskil sou jy *normaalweg* stilbly eerder as om te sê dat jy nie saamstem nie?	JA	?	NEE
36	Voel jy *dikwels* dat daar nie veel in jou lewe is waarop jy trots kan wees nie?	JA	?	NEE
37	Is jy *gewoonlik* baie spraaksaam wanneer hy saam met bekende persone verkeer?	JA	?	NEE
38	Voel jy *meestal* dat jou lewe nuttig en 'n bydrae tot die gemeenskap is ?	JA	?	NEE
39	Lees jy *gewoonlik* die waarborg voordat jy 'n elektriese toestel koop?	JA	?	NEE
40	Verkies jy *meestal* om 'n taak self af te handel eerder as om dit te delegeer, uit vrees dat niemand anders die taak so goed soos jy sou doen nie?	JA	?	NEE
41	Doen en sê jy dinge *dikwels* op die ingewing van die oomblik?	JA	?	NEE
42	Wanneer jy iets verkeerd gedoen het, kan jy *normaalweg* gou daarvan vergeet en op die toekoms konsentreer?	JA	?	NEE
43	Is jy oor die *algemeen* besadig en tydsaam in jou optrede?	JA	?	NEE
44	Bly jy *soms* stil uit vrees dat mense sal lag of jou kritiseer vir jou standpunt?	JA	?	NEE
45	Vertel jy dikwels grappe en snaakse stories aan jou vriende?	JA	?	NEE
46	Lyk jou toekoms oor die *algemeen* belowend en rooskleurig	JA	?	NEE
47	Dink jy *dikwels* oor jou verlede en die koers wat jy tans inslaan?	JA	?	NEE
48	Nadat jy 'n belangrike taak uitgevoer het, voel jy *dikwels* dat jy dit beter moes gedoen het?	JA	?	NEE

BEREKENING VAN JOU TELLING

E - A Gee twee (2) punte vir 'n "ja" en een (1) punt vir 'n "?" antwoord op elk van die volgende vrae:
1, 5, 9, 13, 17, 21, 25, 29, 33, 37, 41, 45

E - B Gee twee (2) punte vir 'n "nee" en een (1) punt vir 'n "7" antwoord op elk van die volgende vrae:
3, 7, 11, 15, 19, 23, 27, 31, 35, 39, 43, 47

Tel die E-A en E-B tellings bymekaar vir die Ekstrovert telling

O - A Gee twee (2) punte vir 'n "ja" en een (1) punt vir 'n "?" antwoord op elk van die volgende vrae:
2, 6, 10, 14, 18, 22, 26, 30, 34, 38, 42, 46

O - B Gee twee (2) punte vir 'n "nee" en een (1) punt vir 'n "7" antwoord op elk van die volgende vrae:
4, 8, 12, 16, 20, 24, 28, 32, 36, 40, 44, 48

Tel die O-A en O-B tellings bymekaar vir die On-emosionele telling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Temperamentdiagram



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2a

ONTSPANNINGS OEFENING (Schoeman 2006:29)

Maak toe jou oë en fokus op jou asemhaling. In en uit en met elke asemteug wat jy neem ontspan jou liggaam ‘n bietjie meer.

Verbeel jouself nou dat ‘n lieflike waterval van wit lig saggies op jou kop val en deur jou lyf spoel. Dit is ‘n sagte genesende energie en spoel eers deur jou kop en dan oor jou gesig, jou ken en jou nek. Die waterval gaan voort en beweeg nou saggies en strelend oor jou bors, skouers en rug. Dit gaan verder na jou arms, hande en vingerpunte en neem saam al die spanning en ongemak. Die wit lig gaan verder en loop deur jou abdomen, solar plexus, pelvis en boude. Dit beweeg verder deur jou bobene knieë en kuite. Dit gaan nou in jou enkels, voete en tone en beweeg na buite. Elke deel van jou liggaam is nou gevul met die lieflike wit lig en jy voel rustig, kalm en ontspanne en het volkome vrede.

Begin nou terugkom uit die kalmte en voel hoe jy wakker word – raak bewus van wat jy hoor en ek sal tot 10 tel en maak dan jou oë oop voel ontspanne maar wakker..

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2b

SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE (Schoeman, 2007; Boik en Goodwin, 2000:59-83; Oaklander, 1988:53-66)

(a) EKSPLOREER

- Hoe voel jy nou?
- Vertel my van jou sandwêreld
- Wat is die funksies van die objekte/mense of wat doen hulle?
- Wat is die grootste in die bak?
- Is kleur betekenisvol?
- Wat is die ouderdom en geslag van objekte/mense?
- Wat sê, dink of voel die objekte/mense?
- Eksploreer nabyheid van objekte/mense teenoor afstand tussen objekte/mense.

(b) POLARITEITE

- Waar is die probleem in die bak?
- Waar is nie ‘n probleem nie?
- Waar is goed ?
- Waar is kwaad?
- Waar is sleg?
- Waar is lekker?
- Waar is die mag/sterkste?
- Waar is die swakste?
- Dialoog tussen toepaslike polariteite.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) IDENTIFISERING EN BESITNEMING

- Watter objek/mens stel jou voor?
- Wat vertel die sandbak van jou eie lewe?
- Wat ontbreek?
- Watter gevoelens/gebeure in die sandbak is dieselfde as in jou lewe?
- Wat is die betekenis van die objekte?

(d) EKSPLOREER ALTERNATIEWE VIR DIE DEELNEMER SE VOORGRONDPROBLEEM

- Is daar enige iets wat jy wil verander in jou lewe?
- Hoe sal jy dit verander?
- Wanneer sal jy begin?
- Wat sal dan gebeur?
- Hoe voel jy oor die verandering?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2c
LYS VAN MINIATURE

DEELNEMER 1: SESSIE 2

MINIATURE	BETEKENIS VAN MINIATURE VOLGENS DEELNEMER
Erf Huis	Haar tannie en oom se huis en erf
Droë boom in erf	Boom is deur die weerlig geslaan, is dood en staan nou net daar vir versiering
Groen boom	As dit baie warm is gaan sit die kinders onder die boom
Hond en kat	Pas die huis op teen skelms en is bly as die mense huis toe kom. Kat is skaam maar kom later na die mense toe
Sambreel Blomme	Gee skaduwee as mense buite kuier en blomme vir die mooi
Heining om huis	Hou leeus uit en hou die diere binne
Man en vrou	Hulle kom van die werk af en dit is my tannie en oom
2 kinders wat tennis speel	Dit is my tannie se 2 ouer kinders
Hok en 4 leeus	Die hok hou die leeus binne. Die leeus is klein en kom nog na die mense toe. As hulle groot is sl hulle die mense opeet.
Skulp met terras	Mense sit op die terras en drink tee terwyl hulle vir die leeus kyk.
3 Vlinders	Op hok, op brug en op groen boom, net daar vir die mooi.
Pad na hok	Sodat die mense maklik tot by die leeus kan kom
Brug	Mense kan nie daarop loop nie. Net vir die mooi. Mense moet onder die brug deurloop om na die leeus te gaan kyk.
Groen gebou	Dit is die werk en dit is die skool
3 feetjies	Hulle is net daar vir die mooi. Kan nie beweeg nie en is bly as hulle skoongemaak word
Blomme by die werk	Net vir die mooi
Dam, eende en seeskilpaaie	Hulle speel by die dam
Meisie wat sit	Dit is ek en sy vang vis en pas die kinders op
Kinders	Dit is my klein niggie wat met die vissie speel en my klein boetie wat swem
Heining om dam	Dit is om die diere in te hou.
Klippe met gesiggies op	Net vir versiering
MINIATUUR	**SIMBOLIESE BETEKENIS**
Vlinders	Simbool van vrou, 2 simbool van gelukkige huwelik, simbool van siel wat nie deur dood vernietig kan word nie,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	Eros – liefde, Christelik – opwekking, gaan nie dood nie, leë ydelheid en kort bestaan (Herder 1993:30)
Brug	Dien om 2 dele te koppel, dit dien om iets te oorkom. (Herder 1993:28)
Leeus	Koning, mag en regverdig, kan beskerm, bedreiging as verskeur of eet. (Herder 1993:121)
Voëls	Sorg vir hulle kleintjies. (McNelly 2001:122)
Skilpad	Word beskerm teen indringing van buite deur sy dop maar is kwesbaar as hy omgedop word (McNelly 2001:188)
Feetjies	Helpertjies in fantasieë (McNelly 2001:145)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2d
LYS VAN MINIATURE

DEELNEMER 2: SESSIE 2

MINIATURE	BETEKENISSE VAN MINIATURE
Palmboom	Boom by mak diere vir koelte
Blik huisie	Mak diere se huis
Heinings	Tussen mak diere en wilde diere en tussen diere en huis
2 Honde	My en my vriende se honde
2 Skape	Diere op my plot
3 Perde	Diere op my plot
Mak bok	Diere op my plot
Gorilla	Hy is snaaks maar kan homself verdedig. Ek is soos 'n gorilla as ek kwaad word en kan myself verdedig
3 Leeus	Pleegpa is soos 'n leeu
2 bokke	Bly saam met die wilde diere in die kamp
luiperd	Wilde dier wat jag
2 sekuriteits wagte	Ek hou van riller en spannings rolprente en DVD's
2 tennisspelers en net	Ek en my vriend wat tennis speel
Huis	Ek en my vriende se huis
3 motors	Ek en my vriende se motors
MINIATUUR	**SIMBOLIESE BETEKENIS**
Perd	Simbool van energie, vrye gees, getroue dienskneg (McNelly, 2001:157)
Luiperd	Simbool van wildheid, trots en aggressie. (Herder (1993:118)
Wilde bokke	Simbool van spoed en grasie. Hulle is edel en weerloos en word verwoes deur brutaliteit. (Herder 1993:84)
Wit perd	Manlike simbool. Geassosieer met onskuld en reinheid van gedagte en lig (McNelly 2001:157)
Diere	Kan aandui dat persoon nie sy vorige ervarings of trauma voldoende geïntegreer of deurgewerk het nie en dat daar steeds emosionele wonde (depressie, swak selfbeeld) en instinktiewe drange (aggressie) teenwoordig is (McNelly 2001:121).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2e
LYS VAN MINIATURE

DEELNEMER 3: SESSIE 2

MINIATURE	**BETEKENISSE VAN MINIATURE**
Luiperd	Sterkste. Sy is vinnig, val diere en mense aan. As ek kwaad word is ek 'n luiperd. As ek kwaad word dan huil ek
Heinings	Hou die luiperd weg van die mense
Boom	Is vir die Kameelperd om te eet
Kameelperd	Sy is ongelukkig want sy is alleen . Ek ook ongelukkig oor ek alleen is
Dogtertjie en kat	Dogtertjie kyk vir kat, ek het 'n kat
Huisie 1 en hond	Ouma en oupa se huis, albei werk en die hond pas huis op
Motor	Ek hou van so 'n motor
Huisie 2	My ma en stiefpa se huis, albei werk, ek bly daar naweke en vakansies
Engeltjie en feetjie	Hulle pas ma se huis op. Ek is die engeltjie en feetjie. Hulle is interessant
Vrou wat lees vir baba	Ek hou van lees
Slang	Hy is sleg, kan mens seermaak. Hy is ongelukkig en alleen . Dit is al die stoute dinge wat mens kan doen.
Akkedis	Sy is gelukkig en loop daar rond
Mannetjie op sampioen	Hy stel vrye tyd voor, ek het baie vrye tyd. Ek pak my kamer reg, leer, doen huiswerk, lees en stryk.
Perd	Loop rond
Skoenlapper	Vlieg rond, sy is die swakste kry maklik seer. Ek kry ook maklik seer.
Voël	Vlieg rond.
MINIATUUR	**SIMBOLIESE BETEKENIS**
Voëls	Sorg vir hulle kleintjies. (McNelly 2001:122)
Feetjies	Helpertjies in fantasieë (McNelly 2001:145)
Perd	Simbool van energie, vrye gees, getroue dienskneg (McNelly, 2001:157)
Slang	Veroorsaak vrees, kan ook negatiewe magte van ouer wees wat kind bedreig (McNelly 2001:179)
Engeltjie	Goed, onskuldig en mooi. Hulle is boodskappers, beskermers en vegters van God. Hulle help. (McNelly 2001:121)
Luiperd	Simbool van wildheid, trots en aggressie. (Herder (1993:118)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 3a
LYS MINIATURE

DEELNEMER 1: SESSIE 3:

MINIATURE	BETEKENIS VAN MINIATURE VOLGENS DEELNEMER
Huisie	Oupa en ouma se huis
Motors	Oupa se motors
Afdak	Oupa bêre sy motors daar
2 babatjies	Ek en my sussie
Man en vrou	Oupa en ouma
Vrou in wit oorjas	Ma
Meisie in kort rokkie	Ma se suster
2 sokker spelers	Ma se 2 boeties
Hond	Ouma se hond
Droë boom Groen boom Blomme	Oupa en ouma se tuin
Heining	Skei ons huis van die see
Blou bodem van bak	Die see
Seekat Waterskilpad Slakkie eende	Swem in die see
2 leë stoele	Dit is vir die mense om te sit en rus
Sambrele	Vir die mense om onder te sit
Skulpe	Vir die mooi en vir die mense om op te tel
Bome en blomme	Vir die mooi
Duin	Dit lyk so by die see
Stopteken	Mense moet stop voor hulle kom rus
MINIATURE	**SIMBOLIESE BETEKENIS VAN MINIATURE**
Voëls	Sorg vir hulle kleintjies. (McNelly 2001:122)
Skilpad	Word beskerm teen indringing van buite deur sy dop maar is kwesbaar as hy omgedop word (McNelly 2001:188)
Stop teken	Blokkasie, eksterne gevaar, gee toe aan iemand met meer mag (McNelly 2001:182)
Seekat	Overpowering mother, terrible mother (McNelly 2001:167)
Seeslak	Vroulike genitalia, bevrugting en geboorte (Herder 1993:176)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 3b
LYS VAN MINIATURE

DEELNEMER 2: SESSIE 3

MINIATURE	BETEKENISSE VAN MINIATURE
Mannetjie wat bottel omhels	Stel my ma en haar vriende voor wat baie lief is vir hulle drank en wat sal baklei daarvoor
Vrou wat sit	My ma wat in die parkie sit en drink by haar vriende
Kan	Dit is my ma se kan wyn
2 glase	Dit is my ma se glase waarmee sy haar drank drink
Mannetjie	Dit is my ma se vriend wat saam met haar drink
Man met pik Man wat keer	Die man baklei en wil die ander een met die pik slaan. ‘n man wat keer as die ander een hom slaan. Dit is die mense wat saam met my ma drink wat baklei

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 3c
LYS VAN MINIATURE

DEELNEMER 3: SESSIE 3

MINIATURE	**BETEKENISSE VAN MINIATURE**
Huisie	Haar pa se huis
Hond	Haar pa se hond
Polisieman	Haar pa
Slang	Haar pa het slange aangehou
Eend	Haar pa het eende gehad
Vierwiel bakkie	Haar pa se motor
Skoenlapper	Sy het skoenlappers gevang en in haar kamer gehou
Boom	Daar was baie bome op die erf
MINIATUUR	**SIMBOLIESE BETEKENIS**
Slang	Veroorsaak vrees, kan ook negatiewe magte van ouer wees wat kind bedreig (McNelly 2001:179)
Skoenlapper	Simbool van siel wat nie deur dood vernietig kan word nie, Eros – liefde, Christelik – opwekking, gaan nie dood nie, leë ydelheid en kort bestaan (Herder 1993:30)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 4a
LYS VAN MINIATURE

DEELNEMER 1: SESSIE 4:

MINIATURE	BETEKENISSE VAN MINIATURE
Tafel met 4 stoele	Tafel wat in die kombuis staan waarby ons eet. Tannie, oom. Ek, sussie, niggie en neef.
Borde koppies en koffieketel	Waarmee ons eet en koffie drink
Stoof met potte en kas	Ons kombuis waar ons kosmaak.
Stokkies	Deel die bak in 5 vertrekke
Sitkamer met kas, TV, banke, tafel vistenk en blomme	Ons sitkamer waar ons saam met my tannie TV kyk, gesels en partykeer kraletjies ryg en huiswerk doen
Badkamer met toilet, bad en wasbak	Ons badkamer waar almal in bad en moet skoonmaak as hulle klaar is
Rekenaar kamer met lessenaar en stoel en rekenaar	Ons speel 'games' op die rekenaar terwyl my tannie wasgoed was
Wasmasjien	Tannie was die wasgoed
Bankie en kitaar	Net vir die mooi
Rekenaar mannetjie	Net vir die mooi
Kamer met bed, kas, spieëltafel, bedkassie, gemakstoel	Dit is my kamer
2 honde	Die hande is in my kamer, kyk vir my
3 feetjies	Hulle is net vir die mooi
Sambreel	Vir die reën
Meisie	Dit is ek in my kamer
MINIATUUR	**SIMBOLIESE BETEKENIS**
Feetjies	Helpertjies in fantasieë (McNelly 2001:145)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 4b
LYS VAN MINIATURE

DEELNEMER 3: SESSIE 4

MINIATURE	**BETEKENISSE VAN MINIATURE**
Huisie	Haar huis
Hond	Haar hond
Meisie wat sit	Haarself, sy is dertig jaar oud
Akkedis	Dit wys dat sy sensitief is
Seuntjie wat lê op paddastoel	Dit is haar vriende
Motor	Haar motor
Twee feetjies	Dit stel voor vrede en liefde in haar lewe
Boom	Dit stel voor dat sy sterk is
MINIATUUR	**SIMBOLIESE BETEKENIS**
Feetjies	Helpertjies in fantasieë (McNelly 2001:145)